# *DIE BEMAGTIGING VAN DIE AMP VAN DIE GELOWIGE IN MISSIONêRE KONTEKS*

DEUR

ROELOF JOHANNES PIENAAR

PROEFSKRIF VOORGELÊ OM TE VOLDOEN AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD DOCTOR THEOLOGIAE IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE, DEPARTEMENT SENDINGWETENSKAP, AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

PROMOTOR: PROF P VERSTER

NOVEMBER 2006

***Verklaring***

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad Doctor Theologiae aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir ’n graad aan ’n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

Handtekening ………………………………. Datum ……………………

# *Opsomming*

In hoofstuk een word daar uitgegaan van die standpunt dat die kerk, om sy identiteit as ’n missionêre geloofsgemeenskap te kan behou, in ’n tyd van groot verandering en paradigma-skuiwe indringend moet kyk na die rol wat gelowiges speel wat nie in die besondere amp dien nie. Die kerk moet die gelowige in staat stel om op elke terrein van die lewe missionêr te kan leef. Hiervoor is meer nodig as net die toerusting van gelowiges. ’n Meer omvattende benadering is nodig om dit vir die plaaslike gemeente moontlik te maak om uit te reik na die gemeenskap en gebroke wêreld waarvan dit deel is. Hierdie meer omvattende benadering word beskryf deur die term “bemagtiging”.

In hoofstuk twee word die missionêre konteks waarin die kerk homself bevind beskryf as die kerk se betrokkenheid by die *Missio Dei*. Sending gebeur daar waar die kerk die grense, sigbaar en onsigbaar, tussen die evangelie en die verloregaande wêreld oorsteek sodat die wêreld kan deel in die hoop wat daar in Christus is. Die derde hoofstuk word gewy aan wat die bydrae is van ’n gereformeerde siening tot die definisie van wat sending is. Sending is *Missio Trinitatis* en is gerig op die aktiwiteit van die hele kerk. Die taak van die besondere amp is die fokus van die vierde hoofstuk. Hierdie amp werk veral binne die gemeente se grense en het ’n missionêre taak of funksie in die wyse waarop dit gelowiges toerus vir hulle missionêre roeping. “Amp van die gelowige” word as term nie in die drie Formuliere van Eenheid gevind nie en tog word die amptelike taak wat op elke gelowige rus deur die formuliere verbind aan die ampswerk van Jesus Christus. ’n Bybelse inhoud van die roeping wat elke gelowige het ten opsigte van die *Missio Trinitatis* word in die vyfde hoofstuk ondersoek, asook die wisselwerking tussen die besondere en algemene ampte. Laasgenoemde werk veral buite die grense van die gemeente.

Voordat die algemene wetenskappe benut word in hoofstuk sewe om tot ’n definisie te kan kom van wat die betekenis en inhoud van die term “bemagtiging” is, word daar eers in hoofstuk ses stilgestaan by die vraag of die missiologie wel aansluiting kan vind by die algemene wetenskappe en wat laasgenoemde se bydrae is in die vorming van teologie. Vanuit ’n studie van die benutting van die term “bemagtiging” in verskillende velde binne en buite die kerk, word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die mees basiese betekenis van bemagtiging is om aan iemand wat deur die een of ander struktuur of stelsel uitgesluit is ’n nuwe belewenis van behoort (“sense of belonging”) te gee. Die kerk moet gelowiges op so ’n wyse bemagtig dat gelowiges vanuit ’n belewenis van behoort aangemoedig word om in die wêreld uit te gaan en te midde van die uitdagings van die veranderende wêreld die boodskap van hoop te bring.

# *Summary*

In chapter one the thesis is that the church, in a time of change and paradigm shift, can maintain its identity as a missionary faith community if it focus on the role that believers who do not serve in a special office of the church, play. The church must enable believers to live in a missionary way in every sphere of life. To be able to do this more is needed than just the equipping of believers. A more comprehensive approach is needed to enable the local congregation to reach out to the community and fallen world of which it is part. This more comprehensive approach is described by the term "empowerment".

In chapter two the missionary context in which the church finds itself is formulated as the church's involvement in the *Missio Dei*. Missions happens where the church crosses boundaries, visible and invisible, between the gospel and the lost world in such a way that the world may share in the hope that is in Jesus Christ. The third chapter is devoted to the contribution that reformed theology makes to the definition of what missions is. Mission is *Missio Trinitatis* and must be a dimension of all the activities of the church. The fourth chapter focus on the role of the special offices in the church. These offices works mostly within the borders of the congregation and has a missionary function in the way that it equips believers for their missionary call. The term "office of the believer" is not used in the three Creeds of Unity and yet the call that rests on every believer is connected by these creeds to the official work of Jesus Christ. The Biblical content of the vocation of every believer in the *Missio Trinitatis* is the field of study of chapter five, as well as the interaction between the special and general offices of the church. The focus of the latter is mainly outside the borders of the congregation.

Before general science is utilized in chapter seven to obtain a definition of the term "empowerment", chapter six asks the question whether Missiology may use these general sciences and what they may contribute to the formation of theology. From a study of the use of the term "empowerment" in different fields, within and outside of the church, the conclusion is reached that the most basic meaning of empowerment is to give a new sense of belonging to anybody who was excluded by one or another structure or system. The church must empower believers in such a way through a new sense of belonging that they may be encouraged to enter the world with all its challenges and make a difference through their participation in the message of hope on all terrains of life.

# *INHOUDSOPGAWE*

## *Inleiding*


1. Agtergrond 1
2. Probleemstelling 1
3. Navorsingstrategie 2
4. Toepassing en belang van die studie 4
5. Verwysingsisteem 4


## *Hoofstuk 1: Die Kerk se Roeping in tye van Verandering*


1.1 Inleiding 5
1.2 Nuwe filosofiese onderbou in die wêreld as "Global Village" 7
1.3 Modernisme 12
1.3.1 Die invloed van modernisme op die samelewing 12
1.3.2 Die invloed van modernisme op die kerk en die sendingtaak van die kerk 14
1.4 Post-modernisme 16
1.4.1 Sentrale aspekte van post-modernisme 19
1.4.2 Die invloed van post-modernisme op die sendingtaak van die kerk 21
1.5 Simptome van 'n belewenis van verandering 27
1.6 'n Evangeliese antwoord op 'n komplekse uitdaging 30
1.6.1 Moontlike winspunte in die herwaardering van die amp van die gelowige:
Die fokus op die amp van gelowige … 32
a laat die kerk klem lê op sy missionêre roeping; 32
b laat die kerk nadink oor die lokaliteit van die "sendingveld"; 33
c bring hoop ten spyte die wêreld se wantroue in formele kerkstrukture; 34
d verhoed onnodige hiërargie in die kerk; 35
e rus lidmate toe vir beslissings in etiese vraagstukke; 35
f versterk lidmate se identiteit in Christus; 36
g bied 'n antwoord vir die soeke na koinonia; 37
h maak 'n bediening met veelvuldige fasette moontlik; 38
i bring vernuwing in die uitvoering van die sendingtaak van die kerk. 39
1.6.2 Die bemagtiging van die amp van gelowige 40
1.7 Slot: 42


## *Hoofstuk 2: 'n Eerste Verkenning van die "Missionêre Konteks"*


2.1 Inleiding: 43

2.2 Die paasgebeure en pinkster as dryfkrag van die getuienis 44

- Die sentrale plek van Matteus 28:18 – 20 en Handelinge 1:8 in die Vroeë Kerk se verstaan van sy getuienistaak 45

2.3 Die Vroeë Kerk se nadenke oor "sending" 49
2.4 Evaluasie van die Kerk se sendingpraktyke 52
2.5 Die term "sending" 56
2.6 Die dimensies van "sending" 58
2.7 "Sending" is die oorsteek van grense 62
2.8 Konklusie 64
2.9 'n Aanvanklike omskrywing van "sending" 65
2.10 Samevatting 65

## *Hoofstuk 3: 'n Gereformeerde Raamwerk vir 'n definisie van "Sending"*

3.1 Inleiding 67
3.2 Belydenisskrifte 68
3.2.1 Die Nederlandse Geloofsbelydenis 71
3.2.2 Die Heidelbergse Kategismus 75
3.2.3 Die Dortse Leerreëls 79
3.2.4 "Sending" in die Drie Formuliere van Eenheid 84
3.2.5 Die Belydenis van Belhar 84
3.2.6 Gevolgtrekking oor "sending" in die belydenisskrifte van die Nederduits Gereformeerde Kerk 88
3.3 "Sendingtemas" in die belydenisskrifte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 89
3.3.1 Inleiding 89
3.3.2 "Sending" is *Missio Trinitatis* 89
3.3.3 Christus staan in God se sending sentraal 90
3.3.4 Die rol van die Heilige Gees in die *Missio Dei* 91
3.3.5 Die *Missio Dei* word bedreig maar nie vernietig nie deur die sonde van mense 92
3.3.6 Die persone of instansies op wie "sending" gerig is 93
3.3.7 Daar is geen ander verlossing moontlik nie 93
3.3.8 Die inhoud van die verlossingsboodskap 95
3.3.9 Verlossing kom nie deur verdienste nie maar slegs deur die genade van God 95
3.3.10 Verlossing deur die geloof 96

3.3.11 Die rol wat die verkondigde Woord speel in die verlossing van die mens 96

3.3.12 Die rol wat die ampte speel in die verspreiding van die verlossingsboodskap 98

3.3.13 Die rol wat die gelowige wat nie in ’n besondere amp staan nie, speel in die verspreiding van die verlossingsboodskap 98

3.3.14 Die doel vir die uitdra van die evangelie 99

3.3.15 Samevatting 100

3.4 ’n Gereformeerde definisie vir “sending” 101

3.5 ’n Tweede verkenning van ’n definisie vir “sending” 101

## *Hoofstuk 4: Die Kerklike Amp in Missionêre Konteks*

4.1 Inleiding 103

4.2 Die betekenis van die term “amp” 108

4.3 Die amp as toerusting van die Gees 109

4.4 “Diens” as inhoud van die amp 110

4.5 Eenheid en verskeidenheid van die amp 111

4.6 Die doel of funksies van die amp 112

4.7 Die missionêre taak of funksie van die amp 114

4.8 Die amp gesien in die lig van die doel en funksie van die plaaslike gemeente 116

4.9 Amp in die belydenisskrifte en kerkorde 121

4.10 Samevatting 127

## *Hoofstuk 5: ’n Gereformeerde Beskouing van die “Amp van die Gelowige” en die Missionêre Waarde daarvan*

5.1 Inleiding 130

5.2 Is daar sprake van ’n “amp” van die gelowige? 133

5.2.1 “Amp van die gelowige” in die Gereformeerde Belydenisskrifte 133

5.2.2 Die bruikbaarheid van die term “amp van die gelowige” 135

5.3 Bybelse fundering vir die amp van die gelowige 138

- Eks 19:5-6 139
- 1 Joh 2:20 en 27 141
- 1 Pet 2:9 145
- 1 Pet 3:15 147
- 1 Pet 4:10 150
- Rom 12:6 – 8 en 1 Kor 12: 7 en 25 152

- Ef 4:12 158

5.4 Verhouding tussen die besondere en algemene amp 162

5.5 Die inhoud en taak van die amp van die gelowige 167

- Kol 4:17 168

5.6 Die missionêre waarde van die amp van die gelowige 170

5.7 ’n Toevoeging tot die definisie van “sending” 175

5.8 Samevatting 175

## *Hoofstuk 6: Die Benutting van Algemene Wetenskappe in Missiologie*

6.1 Inleiding 177

6.2 Die betekenis van die term “bemagtiging” 179

6.3 Die moontlike wisselwerking tussen die teologie en algemene wetenskappe 180

6.4 Wat “wetenskap” is 182

6.5 Die metodes van teologie 188

6.6 Die wisselwerking tussen teologie en algemene wetenskappe 193

6.7 Die plek en rol van sendingwetenskap in die teologie 199

6.7.1 “Sending” as onmisbare deel van teologie 199

6.7.2 Missiologie in wisselwerking met algemene wetenskappe 202

6.8 Samevatting 203

## *Hoofstuk 7: ’n Definisie vir die term “bemagtiging”*

7.1 Inleiding 206

7.2 ’n Voorlopige formulering van die betekenis van “bemagtiging” 208

7.3 Bemagtiging in genderspesifieke konteks 211

7.4 Bemagtiging as eksternalisering van hindernisse in strukture 212

7.5 Bemagtiging in die konteks van minderheidsgroepe 214

7.6 Bemagtiging in die konteks van opvoeding en geletterdheid 216

7.7 Bemagtiging in die konteks van maatskaplike- en gemeenskapsdiens 218

7.8 Bemagtiging in ’n politieke konteks 222

7.9 Bemagtiging in die konteks van bestuurswetenskappe 223

7.10 Breëbasis swart ekonomiese bemagtiging (BBBEE) 225

7.11 Bemagtiging soos dit alreeds in ’n kerklike konteks benut word 228

7.11.1 Agenda en Handelinge van die Algemene Sinode – 2002 228

7.11.2 Agenda en Handelinge van die Algemene Sinode – 2004 232

7.11.3 Agenda en Handelinge van die OVS Sinode – 2003 234

7.11.4 Agenda en Handelinge van die OVS Sinode – 2005 237
7.11.5 Lidmaatbemagtiging – Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling 240
7.11.6 ’n Breë begrip van hoe “bemagtiging” in kerklike konteks begryp word 243
7.12 Samevatting 244

## *Hoofstuk 8: “Bemagtiging” as ’n missionêre praktyk in die kerk*

8.1 Inleiding 247
8.2 Die gevaar van die benutting van die term “bemagtiging” in kerklike konteks 250
8.3 Riglyne vir die moontlike benutting van die term “bemagtiging” in die kerklike konteks 253
8.3.1 Alle mag en gesag behoort aan God 253
8.3.2 God deel gesag mee aan dienaars van die *Missio Dei* 254
8.3.3 Die gevaar van die misbruik van gesag wat deur God meegedeel is 257
8.4 Bemagtiging as aktiwiteit van die kerk 258
8.5 Bemagtiging as ’n meetbare handeling en proses in die kerk 262
8.5.1 Bemagtiging en die gehalte van dissipelskap 263
8.5.2 Toerusting as ’n bemagtigende handeling 264
8.5.3 Die rol van spiritualiteit in bemagtiging 265
8.5.4 Eredienste en die bemagtigende waarde daarvan 266
8.5.5 Bemagtiging deur middel van die verandering van persepsies 267
8.6 Samevatting 269

***Hoofstuk 9: Oorsig en Gevolgtrekkings*** 271

***Sleutelterme/ Keywords*** 277

***Bibliografie*** 278

# *Inleiding*

## 1. Agtergrond:

Die kerk is geroep om in elke tyd en omstandigheid en op alle terreine van die lewe die boodskap van hoop en bevryding in Jesus Christus uit te dra. Ingrypende veranderinge in die wêreld het noodwendig 'n uitwerking op die wyse waarop die kerk 'n getuie van God se liefde is. Met die aanvang van die derde millenium na Christus word daar as gevolg van veranderings in die wêreld se patrone van denke en uitgangspunte, nuwe eise gestel aan die kerk in sy sendingtaak. Navorsing oor die wyse waarop die evangelieboodskap in so 'n veranderde konteks gebring word bly noodsaaklik. In die strewe na 'n waardige wyse waarop die kerk in die een en twintigste eeu die evangelie kan oordra word van die standpunt uitgegaan dat hierdie taak nie net aan die ampte van die kerk opgedra is nie maar dat die hele kerk hierby betrokke is. Die wisselwerking tussen diegene wat 'n amp beklee en gelowiges wat nie in 'n besondere amp dien nie, speel in die suksesvolle hantering van veranderings in die samelewing en in die kerk, 'n belangrike rol. Hierdie wisselwerking moet nader ondersoek word.

## 2. Probleemstelling:

Daar is reeds baie nagevors en geskryf oor die amp van gelowige en die benutting van die gawes van alle gelowiges in die uitdra van die evangelieboodskap. In die beskrywing van die taak van gelowiges word daar in die kerk al hoe meer na die term "bemagtiging" verwys. Deur die benutting van hierdie term word daar moontlik aanvaar dat die beginsels van "bemagtiging" 'n bydrae kan lewer in die verbetering van lidmate se betrokkenheid by die kerk se evangelisasietaak. Die term "bemagtiging" is egter nie 'n Bybelse term nie en die vraag ontstaan of dit wel vir die kerk bruikbaar is. Wat beteken "bemagtiging" en hoe raak dit lidmate wat nie in 'n besondere amp staan nie? Watter implikasies hou die "bemagtiging" van die algemene amp in vir die besondere ampte? Sou "bemagtiging" nie die Bybelse gesag van die amp bedreig nie en watter uitwerking het die beginsels van bemagtiging op die strukture van die kerk? Die vraag na die wisselwerking tussen die besondere en algemene amp, die kerk se begrip van wat sending is, hoe lidmate hierby betrek word en die rol van gedagtes vanuit byvoorbeeld die bestuurswetenskap, staan sentraal aan hierdie studie. 'n Omvattende veld word deur die probleemstelling gedek en daarom word ander vakdissiplines soos kerkreg, die bestuurswetenskap en ander algemene wetenskappe by 'n studie van die missiologie betrek.

**Hipotese:** Die benutting van die nie-teologiese term "bemagtiging" kan vir die kerk tot nut wees en bydra daartoe om gelowiges, elkeen met sy of haar unieke gawes, te kan insluit in die uitvoer van die sendingtaak van die kerk.

### 3. Navorsingstrategie:

Die studie word gedoen aan die hand van die metodologie van basiese navorsing met die oog op die verwerwing van nuwe kennis en sluit nie enige empiriese of ander vorme van navorsing in nie.

**Metodologie:** Die fokus lê in die bekom van bronne en die ontsluiting daarvan deur 'n vergelykende literatuurstudie. Die onderskeie hoofstukke van die studie word as eenhede hanteer.

In 'n **eerste fase** van ondersoek lê die klem op die veranderde situasie waarin die kerk as geloofsgemeenskap geroep is om getuie te wees van die *Missio Dei*. Die wêreld, binne die konteks van globalisasie, beleef 'n skuif van 'n sogenaamde moderne na 'n post-moderne of voltooide moderne stadium. In hierdie paradigmaskuif kan die krag van die getuienis van die gelowige wat nie in die besondere amp staan nie, nie genoeg beklemtoon word nie. Die omvattende taak waarvoor gelowiges te staan kom en die toerusting vir hierdie taak kan moontlik deur die benutting van die prosesse van bemagtiging aangespreek word.

Die **tweede fase** van ondersoek handel oor die "missionêre konteks" waarvoor die gelowige bemagtig moet word. In hierdie fase van ondersoek word weer eens gevra na die Subjek of subjekte van die sendingwerk van die kerk aangesien dit bepalend is vir wie die objek van "bemagtiging" is. Die definisie van die missionêre konteks mag verder bepalend wees vir die vraag waartoe of waarvoor gelowiges bemagtig moet word. Die hoop en bevryding wat daar is in Jesus Christus wat na die wêreld gekom het in die *Missio Trinitatis* moet egter altyd die inhoud bly van die boodskap van bemagtigde lidmate. 'n **Derde fase** van ondersoek fokus op die bydrae wat gereformeerdes maak op die definisie van die missionêre konteks van die kerk. In hierdie fase word veral gefokus op die voorkoms van tipiese "sendingtemas" in die Drie Formuliere van Eenheid en die Belydenis van Belhar. Laasgenoemde word by die studie ingesluit aangesien dit deur die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suid Afrika as

belydenisskrif erken word en ’n al hoe groter wordende rol in die Nederduitse Gereformeerde Kerk speel, al is dit nie deur laasgenoemde as belydenisskrif aanvaar nie.

Die **vierde** en **vyfde hoofstukke** van die studie poog om in breë trekke die kerkregtelike posisie van die besondere amp en die amp van gelowige uit te spel. Die interaksie tussen die besondere en algemene amp word ondersoek en die waarde van die amp van gelowige word veral in die lig van die missionêre roeping van die kerk ondersoek. Die veronderstelling is dat die algemene amp van besondere waarde vir die kerk na binne en na buite is. Die belang van hierdie twee hoofstukke lê in ’n uiteindelike vraag na wie die moontlike objek en wie die subjek van “bemagtiging” is en wat die inhoud van die bemagtigende handelinge behoort te wees.

Aangesien die term “bemagtiging” nie ’n Bybelse term is nie en dit aanvanlik uitsluitlik buite die kerk en teologiese konteks benut is, maak die benutting van die term in die algemene wetenskappe ’n belangrike deel uit van die soeke na ’n inhoud en betekenis van die term. Alvorens daar dus gevra word na’n definisie vir die term “bemagtiging” word daar in ’n **sesde fase** van studie eers stilgestaan by die vraag na die moontlikheid van die benutting van die algemene wetenskappe deur die teologie en die moontlike missionêre waarde daarvan. Die hipotese is dat die teologie nie net by die algemene wetenskappe kan leer nie maar dat dit ’n verpligting het om met die algemene wetenskap in gesprek te wees met die oog op die bring van hoop en bevryding ook op hierdie lewensterrein. Wanneer daar in die ondersoek van die algemene wetenskap se benutting van die term “bemagtiging” gekyk word, word daar veral gefokus op daardie velde waar die term vir langer tye al benut word. Die spesifieke kontekste wat ondersoek word is bemagtiging in genderspesifieke konteks, in die konteks van minderheidsgroepe, die konteks van opvoeding en geletterdheid, maatskaplike en gemeenskapsdiens, die politieke konteks, die konteks van die bestuurswetenskappe en in die konteks van die Suid Afrikaanse regering se breëbasis swart ekonomiese bemagtingstrategie of BBBEE. In hierdie afdeling word die benutting van die term “bemagtiging”, soos reeds in die kerk aangetref, opgeweeg teen die benutting daarvan deur die algemene dissiplines buite die kerk. ’n Vergelykende ondersoek wat die benutting van die term deur alle sinodes sou insluit sou vir die omvang van hierdie studie heeltemal te ruim wees. Daar word dus gekies om ondersoek in te stel na die benutting van “bemagtiging” sedert die milleniumwisseling deur twee Algemene Sinodes, te wete 2002 en 2004, asook twee streeksinodes, naamlik die Oranje Vrystaatse sinodes van 2003 en 2005. Daar is besluit om op die Vrystaatse sinodes te konsenteer aangesien die ondersoeker self deel uitmaak van hierdie sinode en die studie in hierdie sinodale

streek gedoen is. ’n Uitvloeisel van die Algemene Sinode van 2004, die kommissie vir Lidmaatbemagtiging van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling, word by hierdie studie ingesluit.

## 4. Toepassing en belang van die studie

Enige bydrae wat kan help met die verwesenliking van die strewe om elke gelowige met sy of haar unieke gawes te kan benut in die sendingtaak van die kerk is vir die kerk en teologie van waarde. Die unieke bydrae van hierdie studie mag daarom wees:

- Om vanuit interdissiplines te soek na ’n holistiese benadering vir die benutting van die algemene amp;
- Om ’n resente ondersoek te wees na die bydraes van die belydenisskrifte van die kerk gekoppel aan insigte van die algemene wetenskappe met die oog daarop om impetus gee aan ’n begrip van wat “sending” in die derde millenium inhou;
- Om aan te dui dat die onoordeelkundige benutting van terme vanuit die algemene wetenskap in die kerk ’n vervlakking of selfs ’n skeeftrekking van waarhede mag veroorsaak;
- Om moontlike winspunte te vind wat wel opgesluit lê in die benutting van die term “bemagtiging” ten opsigte van die sendingtaak van elke gelowige.

## 5. Verwysingsisteem

Die Harvard-metode van verwysing word benut waarvolgens die outeur, datum en bladsynommer van ’n aangehaalde werk in die teks verskyn. Volledige inligting oor alle werke wat aangehaal word, word opgeneem in ’n bibliografie wat aan die einde van die proefskrif verskyn.

# *Hoofstuk 1*

## *Die Kerk se Roeping in tye van Verandering*

**Abstract:  The Mission of the Church in times of Change**

In the changes that South Africa experience after the democratic election in 1994 it is of great necessity that the church present the gospel of hope through every member in every sphere of life.  The world, which is experiencing a paradigm-shift, is in need of the Christian message because post-modernism cannot fill the void which was left by modernism.  Post-modernism's rejection of the normative message of the Bible challenge the church to better equip its members to be able to serve in a new era.  Studies on the place and role of members who does not serve in a church office is therefore essential in a time of change to assist the church in obeying its call and vocation in bringing the message of hope in the world.  The idea of "empowering" members refers to the comprehensive activity of the church to enable members, as a group or as individuals, to be involved in the world in a missionary way.  In establishing what empowerment of church members is, it is necessary first to examine the missionary context within which the church finds itself and also to examine the reformed framework of the call to missions of the church.  It is then necessary to examine the significant role that church offices play in the mission work of the church, as well as the missionary importance of the general "office" of every believer – if such an office exists.  "Empowerment" can be defined through the use of the term in non-theological contexts and in the context that it is currently used in the church where after a definition can be found of how it should be used in terms of "empowerment" of the general office of believers.

### 1.1 Inleiding

Op 27 April 1994 vind die eerste demokratiese verkiesing, waaraan alle inwoners van die land kon deelneem, in Suid Afrika plaas.  Politieke omwentelinge in hierdie tyd is gemik daarop om van Suid Afrika 'n nie-rassige, nie-seksistiese staat te maak, geskoei op 'n grondwet wat alle mense se gelyke regte in 'n liberale demokrasie beskerm.  Alle instellings sou onder die vergrootglas kom om vas te stel hoe daar meegewerk word aan hierdie nasionale ideaal.  Die '94 verkiesing is 'n gebeurtenis wat geen organisasie, sosiale struktuur of indiwidu in hierdie land aan die suidpunt van Afrika onaangeraak sou laat nie.

Vir baie inwoners van Suid Afrika was die verkiesing van 1994 gelyktydig 'n "ervaring van bevryding" én die aanbreek van 'n tyd van groot onsekerheid.  Onsekerheid sou selfs sekerhede wat onaantasbaar gelyk het, raak.  Die nuwe demokrasie lei die ontstaan in van 'n samelewing wat "ingrypende konsekwensies inhou vir die NG Kerk en sy lidmate"  (De Villiers 1995:  558). In die tyd wat die eerste demokratiese verkiesing in Suid Afrika voorafgaan, kon Christene en

veral diegene met ’n gereformeerde geloof, reken op staatsondersteuning om hulle geloof en moraliteit te help beskerm. Voor die aanbreek van die liberale demokrasie was dit, as gevolg van streng wetgewing en sensuur, nie vir lidmate van die onderskeie Afrikaanse gereformeerde kerke nodig om morele standpunte in te neem teen onaanvaarbare gedrag of optrede nie, aangesien dobbelary, aborsie, pornografie en soortgelyke sake deur wetgewing verbied was (De Villiers 1995: 558). By die werkplek was daar in die verlede nie noodwendig verteenwoordigers van ander gelowe of standpunte wat met die lidmaat se waardes gebots het nie. Die nuwe samelewing stel egter skielik baie groter eise aan die kerk en sy lidmate op alle terreine van die lewe.

Vanweë die opheffing van beskermende wetgewing het invloede wat gelowiges in ander wêrelddele met die verloop van tyd lankal trotseer, meteens oor Suid Afrika en sy mense gespoel. Die kerk se invloed in die besluite wat lidmate van dag tot dag neem het al hoe minder geword. ’n Proses van sekularisasie het momentum gekry met die ontvangs van nuwe vryhede. “Sekularisasie” het ’n gonswoord geword om die skeiding tussen die kerk, morele waardes en die algemene samelewing mee te beskryf. Sekularisasie behels “’n beslissing teen die mistifisering van hierdie wêreld as die speelterrein van bo-natuurlike magte en die strydperk van onderwêreldse kragte” (Van der Merwe, W 1989: 324). Sekularisme is “the modern process of the radical divorcement of social, economic, and political life along with scientific, aesthetic, and educational pursuits from the influence of religion” (Kromminga 1964: 11). Goddelike voorsienigheid word herlei na natuurwette en wetenskapskonsepte waarmee die werking van die werklikheid verklaar kan word. Dit staan in skrille kontras met voorafgaande eras van die westerse beskawing wat alreeds vanaf die tyd van Konstantyn meegewerk het aan ’n afgeronde en geïntegreerde Christelike waardestelsel wat geïnstitusionaliseer is in ’n eenvormige patroon van orde vir die samelewing. Een van hierdie era, die *Corpus Christianum* (Van der Merwe, W 1989: 325), se karaktertrekke is dat die kerk sy werk gedoen het in die aanname dat diegene met wie daar kontak gemaak word die een of ander verbintenis met die kerk het en die boodskap van die kerk in ’n mindere of meerdere mate reeds ken (Gibbs en Coffey 2001: 181). Sekularisasie lei tot die afbreek van hierdie aanname en behels’n “proses waardeur die lewensterreine wat gedurende die *Corpus Christianum* onder die voogdyskap van die kerk gestaan het, stelselmatig ontvoog is en verselfstandig is as outonome lewensfere buite en teenoor die invloedsfeer van die kerk” (Van der Merwe, W 1989: 326). Daar ontstaan ’n dualisme of versplintering wat herinner aan ’n twee terreine of selfs multi terreine leer waar kerk en wêreld, of dan die

leefruimte van Sondag en die leefruimtes van die week, van mekaar geskei word deur gelowiges wat ’n verhouding met die Here bely.

Die gevolg van die skielike en ingrypende verandering in Suid Afrika na die 1994 verkiesing is dat die weeklikse leefwêreld van gelowiges nog meer verander het van ’n kerlike na ’n “onkerklike (sekulêre) gemeenskap” (Hendriks 1998: 134). Hierdie verandering het die Sondag-leefruimte van gelowiges ingrypend geraak. Die gevolg is dat lidmate nie meer uit tradisionele lojaliteit aan ’n kerk verbonde bly nie en dat mense wat dalk nog ’n goeie verhouding met God het, hulle selfs teen die kerk verset. Die kerk het in die groeiende sekularisasie van die wêreld nie meer ’n “uniforme korps van lidmate met dieselfde waardes, lewenstyle en smake” nie. Lede van ’n gemeente is eerder ’n groep mense met elkeen “uiteenlopende opvattings oor morele en leerstellige kwessies” wat verder daartoe lei dat die wat wel nog aan die kerk verbonde is “uiteenlopende bedieningsbehoeftes” het (De Villiers 1995: 559). Die kerk het nie meer die groot invloed op die gemeenskap wat dit in die verlede gehad het nie. In plaas daarvan dat die kerk die samelewing beïnvloed is die omgekeerde nou eerder waar naamlik dat groter invloede van die samelewing te bespeur is in die kerk. Een van die redes vir hierdie toedrag van sake kan terug gevoer word na die feit dat die filosofiese onderbou van die samelewing wat gevolg het op die Konstantynse Era self aan die verbrokkel is en ’n nuwe wyse van denke op die voorgrond begin tree.

### 1.2 Nuwe filosofiese onderbou in die wêreld as “Global Village”

Politiek en die demokratiese verkiesing van 1994 kan nie alleen aanspreeklik wees vir die veranderings wat daar in die kerk en samelewing van Suid Afrika plaasvind nie. Dit mag selfs wees dat die verandering in die politieke bestel van die land ’n reaksie was op ander veranderings wat wêreldwyd hierdie tyd kenmerk. Vryemarkekonomie, politieke liberalisme en grootskaalse verstedeliking het regdeur die wêreld in die kerk en samelewing ’n baie groot impak op die tradisionele en beskermde wyses van kerkwees (De Villiers 1995: 559) en op samelewings in die breë. Die wêreld het deur moderne kommunikasiemedia en verbeterde wyses van reis, so klein geword dat ’n ononderbroke wisselwerking moontlik is tussen verskillende wêrelddele, kontinente en kulture. Filosofiese denke is skielik nie meer afgesonder, ongestoord en beskerm teen botsende denkrigtings nie. Die wêreld het deur vooruitgang ’n “global village” geword waarin geen kultuur of organisasie los van die wêreldwye sisteem gesien kan word nie. “… five centuries of exploration, migration, settlement, international trade,

commerce, and travel around the globe has created an environment of intense interaction between people in different parts of the world, leading them to an awareness of being a global family of communities" (Wilson 2003: 173).

Hierdie waarheid is vroeg reeds in die nadenke oor die kerk se werk in die wêreld uitgewys. Hendrik Kraemer sê in sy klasieke werk "*The Christian Message in a Non-Christian World*" (1938: 2): "Knowingly or unkowingly, everybody is forced to think and live in terms of the world, and not only in terms of his own country or community. There is no sphere in life in which the different peoples all over the world are not interrelated to each other". Die globale aard van mense se werksaamhede is van toepassing nie net op 'n paar hoogs geïndustrialiseerde lande of 'n aantal lokaal-beperkte gebiede nie. Dit is 'n wêreldwye (globale) gebeure en daarom word die woord "globalisasie" gebruik vir die neiging om die wêreld na 'n verkleinde "village" saam te pers en die gelyktydige poging om die wêreld te sensiteer vir 'n werklikheidsbeskouing waar die bewussyn van die wêreld in sy geheel sentraal is (Yang 2005: 38). "… people are more open to sharing and receiving values from one another than ever before. This sense of openess indicates a new consciousness of being a global community" (Wilson 2003: 173). Globalisasie beklemtoon die verband wat daar bestaan tussen alle mense regoor die wêreld. "Globalization addresses the interconectedness of humanity…" (Wilson 2003: 177). Die effek van globalisasie of die siening van die wêreld as "Global Village" het 'n impak op ekonomiese, politieke, sosiale, kulturele en ekologiese aspekte van mense se lewens. Die teologiese is hierby nie uitgesluit nie (Yang 2005: 38). "If contextualization was a catchword in theological circles of the 1970s, globalization became the new emphasis in the 1980s" (Wilson 2003: 177). Globalisasie is 'n nuwe dimensie van die vroeëre klem op kontekstualisasie of die verinheemsing van die evangelieboodskap.

Alhoewel aspekte van die evangelie deur globalisasie bevorder word hou die gedagte van 'n "Global Village" nie net positiewe gevolge vir die kerk en die wêreld in nie. Waardes van globalisasie soos "the concentrated effort to overcome racial, ethnic, class, caste, gender, and generational prejudices and their stereotypes" (Wilson 2003: 174) maak deel uit van die kerk se sendingtaak in die wêreld, maar "… in spite of the hope of uniting the world into one global village, the impact of globalization is not unitary" (Yang 2005: 38). Die effek wat globalisasie het op kommunikasie, die ekonomie en die sosiale waardes van gemeenskappe raak die wyse waarop die kerk die boodskap van Christus se verlossing aan die wêreld oordra direk. Die fokus

op die negatiewe effek van globalisasie in die lewens van indiwidue word al hoe dringender namate meer en meer mense deur die wêreld na die rand geskuif word (Yang 2005: 45).

"Sekularisasie en die modernisme het die konteks totaal verander. Die kerk speel nie meer 'n invloedryke rol in die Westerse gemeenskap nie. Die stad het die mens se lewe in 'n klomp segmente gefragmenteer. Elke segment … het sy eie etiek. Die kerk se invloed strek nie meer noodwendig verder as Sondag in die erediens nie" (Hendriks 1997: 28). Ten spyte van die invloed van verstedeliking en die gefragmenteerdheid van die mens leef die mens in die tydperk na modernisme nie in afsondering van mekaar nie. "Postmodernists do not live in isolation. On the contrary, they are computer-savvy people connected by the World Wide Web of the electronic global village. This virtual community provides a marketplace of ideas" (Gibbs en Coffey 2001: 30). In die kuber-ruimte, wat lei tot groter inligting-deling en daarmee meehelp tot globalisasie (Yang 2005: 40), kan die mens tegelykertyd annoniem bly terwyl hy of sy baie groter en intiemer kontak kan hê met die hele wêreld. "… the development of this horizontal communication challenges traditional, hierarchical communication patterns and social relationships" (Yang 2005: 41). In die post-moderne wêreld leef lidmate van die kerk in die paradoks van 'n gelyktydige bevryding en onsekerheid.

Die belewenis van die fragmentasie van die samelewing word gedefinieër as 'n nuwe tydvak of "paradigma" waarin die wêreld tans beweeg. Die term "paradigma" is 'n "slippery concept" (Bosch 1991: 185) maar word veral na die werk van Thomas S Kuhn baie wyd gebruik as 'n tegniese term om al die faktore van gedeelde denke, waardes, tegniek en gedrag in 'n gemeenskap of samelewing mee te beskryf. In die inleiding van sy werk "*The Structure of Scientific Revolutions*" definiëer Kuhn paradigmas as "universaly recognized scientific achievements that for a time provide model problems and solutions to a community of practitioners" (1996: x). Die uitkoms hiervan is dat "the paradigm with which one works determines how one's world-view will operate and how one's knowledge about the world and life will be structured" (Janse van Rensburg 2000: 1 & 2). Die uitgangspunt van die paradigma-teorie is dat kennis en wetenskap nie akkumulatief groei nie maar dat dit groei deur "revolusies" van wisselende grote binne 'n sekere wyse van denke en optrede. "Perhaps science does not develop by the accumulation of individual discoveries and inventions" (Kuhn 1996: 2). Deur navorsing binne 'n sekere paradigma is daar soms in die uitkomste van wetenskaplike werk sekere anomalieë wat nie te verduidelik is deur die reëls van die bestaande paradigma nie. "… then begin the extraordinary investigations that lead the profession at last to a new set of

commitments, a new basis for the practise of science. The extra ordinary episodes in which that shift of professional commitments occurs are the ones known … as scientific revolutions. They are the tradition-shattering complements to the tradition-bound activity of normal science" (Kuhn 1996: 6). Elkeen van hierdie revolusies eis die verwerping van een tradisioneel eerbiedigde wetenskapsteorie in die guns van ’n ander, wat onversoenbaar met eersgenoemde is. Hierdie rewolusie lei tot nuwe standpunte oor die wetenskaplike aanvaarbaarheid in probleemstelling en –oplossing. ’n Nuwe paradigma ontstaan wanneer indiwidue kwalitatief anders begin nadink as wat hulle voorgangers of tydgenote dink oor waargeneemde realiteite rondom hulle. Die wyse van denke van ’n sekere tyd sou, vir die nuut-denkendes, vol anomalieë wees wat van die aanvaarde waardes en reëls afwyk. Hierdie afwykings bly vanuit die aanvaarde denkwyse se definisies en teorieë onverklaarbaar. Nuut-denkendes begin dan soek vir nuwe wyses van verklaring vir hierdie afwykings. Met stryd en worsteling word ’n nuwe denkraamwerk ontwikkel waarmee die samelewing homself, sy wetenskap en algemene handelinge definieër. Hierdie nuwe teorie "is seldom or never just an increment to what is already known. Its assimilation requires the reconstruction of prior fact, an intrinsically revolutionary process that is seldom completed by a single man and never overnight" (Kuhn 1996: 7). Om as ’n nuwe paradigma aanvaar te word moet ’n nuwe teorie wat aangebied word beter verklarings bied vir die afwykings wat daar in die vorige teorie is, as wat die vorige teorie, antwoorde gebied het. Daar word nie van die nuwe teorie verwag om alle denkbare antwoorde te kan gee nie. Geen teorie kan in elk geval altyd alle probleme oplos nie. "Paradigms gain their status because they are more succesful than their competitors in solving a few problems that the group of practitioners has come to recognize as acute. To be more successful is not, however, to be either completely successful with a single problem or notably successful with any large number" (Kuhn 1996: 23). ’n "Paradigmaskuif" of "-ontwikkeling" gebeur nie koud en klinies binne ’n kort tydjie nie en is nie die werk van net ’n paar individue nie. Omdat die wetenskaplike wêreld baie konserwatief is, word nuwe teorieë nie binne ’n ommesientjie aanvaar nie.

’n Volgende rede vir die stadige ewolusie van ’n nuwe paradigma is die feit dat daar in ’n oorgangstyd tussen paradigmas altyd aanhangers is van die vorige wyse van denke wat nie die nuwe manier van dink en doen heeltemal begryp of wil aanvaar nie. "Protagonists of the old paradigm, in particular, tend to immunize themselves against the arguments of the new. They resist its challenges with deep emotional reactions, since those challenges threaten to destroy their very perception and experience of reality, indeed their entire world" (Bosch 1991: 185).

Ten tye van ’n paradigmaskuif is daar by mense groot ongemak en onsekerheid. Wat in die wêreld van filosofie, wetenskap en kuns gebeur raak dus die nadenke en gedrag van die kerk en sy lidmate direk. Die kerk en teologie is nooit los te maak van die konteks waarin dit in die samelewing bestaan nie. Veranderings in wetenskap, denke, handelinge, waardes en norme het ’n uitwerking op die kerk en sy arbeid. Hierdie stelling is in die besonder waar van die kerk se aksies waarin hy uitreik na die wêreld en dus op die grens staan tussen kerk en wêreld. Die kerk se sendingwerk sal moontlik van die eerste terreine wees waar “paragdigmaskuiwe” in die wêreld deur die kerk self ervaar word. Dit is op hierdie terrein waar die kerk opgeroep word om homself te verantwoord oor sy geloof te midde van die sosiale en filosofiese atmosfeer in die wêreld. Veranderings in die sekulêre wêreld se nadenke en wisselings in waardes en norme na die politieke verandering in Suid Afrika stel nuwe eise aan die kerk in sy nadenke oor die opdrag van sy Koning, om mense tot aan die uithoeke van die wêreld sy dissipels te maak.

In die sosiale en filosofiese atmosfeer van die samelewing waarbinne die kerk werk is daar tans ’n belewenis daarvan dat die wêreld, as ’n “global village”, tussen twee groot denkrigtings of paradigmas verkeer en dat daar al hoe meer ’n skuif plaasvind. Hierdie skuif is “a revolution or radical change in thought, perceptions, world-view and frame of reference” (Janse van Rensburg 2000: 4). Die skuif wat tans plaasvind is van die vorige, “moderne” era, na ’n tot nog toe onvolledig gedefinieërde, nuwe wyse van denke wat reeds die naam “post-modernisme” gekry het. Die term “modern”, in hierdie sin gebruik, kan op twee sake dui. Die eerste betekenis dui op die kuns of estetiese gebruik van die term “modern” wat ’n aanduiding is van pionierswerk van avant-garde kunstenaars van die vorige eeu terwyl die tweede betekenis in ’n filosofiese konteks gebruik word om die tydvak na 1600 mee te beskryf. Die term “modernisme” word veral gebruik vir ’n beskrywing van die wyse van denke na die Verligting van die agtiende eeu (De Pater 1996 1996: 177). Die skuif vanaf modernisme na post-modernisme is nie oppervlakkig nie. “This shift represents much more than the shifts from an objective approach to knowledge to a subjective and personal narative and context of reality” (Janse van Rensburg 2000: 4). Die idealisme van Descarte se standpunt oor die bemeestering van die natuur en die geniet van die vrug daarvan, lei die wêreld tot ’n verbuikersmentaliteit met die klem op materiële voorspoed en vryhede wat die indiwidu kan geniet. Deur die vermoeëns van die wetenskap sou daar genoeg wees vir almal om van te geniet. Wat in effek gebeur het was dat “… through the achievements of science and technology (was) created the dream of an utopia and a firm believe that such an utopia could be realised” (Janse van Rensburg 2000: 4). Die besef dat modernisme hierdie droomwêreld nie kan oplewer nie, lei tot teleurstelling en gevoelens van magteloosheid

en 'n verlies aan sin vir diegene wat nie in die utopia deel nie (Janse van Rensburg 2000: 5). Die skuif van modernisme na post-modernisme is daarom 'n ingrypende een.

## 1.3 Modernisme

Om enige paradigma te omskryf is 'n moeilike en soms selfs onmoontlike taak (Janse van Rensburg 2000: 5). Breë buitelyne, wat baie oorvleulend is, kan egter wel getrek word. Wat insake die modernisme uistaan is dat in hierdie era die menslike rede voorop staan. Na die publikasie van René Descartes se "*Discourse su la méthode*" ("A Discourse on Method") in 1637 het die gedagte posgevat dat die menslike rede die ontwyfelbare oorsprong van ware kennis is. Hierdie uitgangspunt is die mees basiese bousteen van die tydperk wat as die Moderne era bekendstaan. Die hoë waardering van die mens en menslike rede het die volgende invloed op die kultuur en samelewing van hierdie tyd:

### 1.3.1 Die invloed van modernisme op die samelewing:

Bosch (1991: 264 – 267) wys op sewe hoofpunte waarop die Modernisme die samelewing veral geraak het.

**(i)** Die mens se rede maak nie net deel uit van die onversteurbare orde van die tasbare wêreld nie maar is die hoogste vorm daarvan. In hierdie tyd word geglo dat die rede onafhanklik funksioneer van die norme van tradisie of vooroordeel (Bosch 1991: 264);

**(ii)** As gevolg van die hoë waardering van die menslike rede word die wêreld verdeel in 'n skema van subjekte en objekte. Die subjek bly die rede wat alles as objek van ondersoek kan beredeneer. Aan die hand van Newton en Descarte se werk word die wêreld 'n masjien wat met wetmatighede in kleiner onderdele verdeel kan word en elke onderdeel kan deur die menslike rede ondersoek word (Bosch 1991: 264);

**(iii)** Die sleutel waarmee die onderskeibare onderdele ontsluit word is nie die een of ander hoë doel of betekenis nie maar net 'n skema van oorsaak en gevolg. 'n Groter hoër rede vir bestaan, soos eeue lank in die teologie uiteengesit, is prysgegee ter wille van 'n weldeurdagte skema van wiskundige- en natuurwette. Deur hierdie wette word oorsake en gevolge voorspelbaar en uitlêbaar. Die wêreld was nie meer 'n plek vol misterie nie maar was verklaarbaar in wetenskaplik, biologies-sosiologiese prosesse (Bosch 1991: 265);

**(iv)** In die vooruitgang van menslike kennis het vooruitgang of modernisering ’n kenmerkende aspek van die tydperk geword. Alles is nuut ondersoek en nuwe ontdekkings moes daartoe lei dat die lewens en lewensgehalte van alle mense sou verbeter. Materiële besit lei tot ’n verbruikersmentaliteit wat nagejaag word in ekonomiese bloei en vooruitgang (Bosch 1991: 265). “Now although the fact of technology as a product of modernity is accepted by most of us, few have reflected on the impact of technology on matters of value and belief” (Van Engen 1996: 225). Deur tegnologie kan die mens byna enige hartsbegeerte uitvoer sonder om die prys of waarde van die begeerte te beoordeel. In hierdie verbruikersingesteldheid word onberekenbare skade aangerig aan die wêreld wat juis deur die tegnologie verbeter moes word. Die kloof tussen ryk en arm word deur so ’n ingesteldheid al hoe meer geaksentueer en vergroot (Bosch 1991: 266);

**(v)** ’n Baie groot klem is gelê op objektiewe, feitelike waarhede. ’n Saak kan slegs die waarheid wees indien daar objektiewe bewyse daarvoor aangetoon kan word. Die waarheid van objektiewe feite staan los van die waarnemer daarvan. Teenoor feite staan daar waardes, wat nie rus op bewysbaarhede nie, maar wat rus op die waarnemer se opinie of geloof (Bosch 1991: 266). “As we now recognize, at the heart of modernity’s project lies a perspective of reality that reduces the real and the true to what is verifiable through scientific method” (Van Engen 1996: 219);

**(vi)** In beginsel is alle probleme wetenskaplik oplosbaar. Die wetenskap is akkumulatief en omweef absoluut alles. Hierdie positiwisme kan die wêreld egter net in koue kliniese taal beskryf (Bosch 1991: 266);

**(vii)** In die modernisme word daar gestreef na die bevryding van alle bande wat die mens kan verkneg. Elke indiwidu moet die vryheid hê om te kan dink en te doen soos wat hy of sy dit graag wil doen. In hierdie denkraamwerk word ’n hoë premie geplaas op die inherente goedheid van die mensdom (Bosch 1991: 267).

“The dominant characteristic of the modern era is its radical anthropocentrism” (Bosch 1991: 267). Modernisme se uitgangspunt is “scientific proof and the succes of science” (Janse van Rensburg 2000: 2). Modernisme het vyf fases van ontwikkeling deurloop (Janse van Rensburg 2000: 4) en in die ontwikkeling van hierdie paradigma het nie net die Christelike geloof nie maar godsdiens in die algemeen aansien verloor in die oë van mense wat soek na “wetenskaplike bewyse”. Elkeen van die sewe bogenoemde kontoere het ’n uitwerking op die kerk en die Christelike boodskap.

### 1.3.2 Die invloed van modernisme op die kerk en die sendingtaak van die kerk:

Volgens Bosch het die bogemelde sewe hoofaspekte van die Modernisme die sendingtaak van die kerk op die volgende wyse beïnvloed (Bosch 1991:269 – 273)

**(i)** Menslike rede het selfs in die Christelike teologie geloof as uitgangspunt vervang. “Theology now differed from other academic disciplines only in its ‘object’, not its method or point of departure” (Bosch 1991: 269);

**(ii)** Die onderskeid tussen subjek en objek lei in die teologie tot ’n groter klem op die hermeneutiek van die Bybelse teks as ’n onderwerp van studie wat deur tyd en kultuur van die ondersoeker verwyder is. Groot nadruk word gelê op die afstand tussen die antieke teks en die moderne konteks waarbinne dit gelees word. “The scholar examined the text but was not necessarily examined by it” (Bosch 1991: 271);

**(iii)** Die Christelike geloof is grootliks gefokus op die vraag na die hoër sin of rede agter menslike lewe. Die ontneming van so ’n hoër rede of doel agter alles het die hoogste doel, naamlik om God te verheerlik en so sin en betekenis te vind in die lewe, van die rede verwyder. In die Newtonianse tyd is alles geplaas in die konstruksie van oorsaak en gevolg. “Human planning took the place of trust in God” (Bosch 1991: 271);

**(iv)** Modernisme se strewe na vooruitgang het in die kerk ’n groot optimisme laat posvat dat die wêreld binne een geslag geëvangeliseer en herstel kon word sodat alle mense van armoede en hongersnood bevry kan wees. Die inhoud van die evangelie-boodskap is hierdeur vervlak tot ’n rasionele kennisoordrag. “The spread of ‘Christian knowledge’ would suffice in achieving these aims” (Bosch 1991: 271);

**(v)** Die onderskeid tussen feitelike waarhede en geloofswaardes lei daartoe dat die wêreld nog die kerk en Christendom ’n plek en ruimte toeken maar dat dit slegs ’n ruimte naas ander godsdienste en geloofswaardes is. Die voorwaarde vir enige godsdiens in die moderne tyd is dat dit verdraagsaam moet wees ten opsigte van ander godsdienste of gelowe en dat dit nie aanspraak sal maak op kennis van absolute waarhede nie (Bosch 1991: 272). Hierdie verdeling lei tot ’n verdere versplintering van die leefruimte van die mens. “The separation of life into public and private spheres and its compartementalization into specialized areas resulted in the marginalization of religious faith from society and its reduction to a privatized matter for like-minded individuals to pursue without imposing their views on the public sphere” (Gibbs en Coffey 2001: 27).

Gelowiges is hierdeur verhoed om hulle roeping, om die evangelie uit te dra op elke terrein van hulle lewe, uit te leef;

**(vi)** Die gedagte dat alle probleme oplosbaar of ontrafelbaar is lei in die geloofsgemeenskap daartoe dat wonderwerke en ander gebeure wat vir menslike rede onverklaarbaar is, van mistieke waarde beroof is. Die wêreld, wat funksioneer soos 'n goed geoliede masjien, se manifestasies kan verklaar en beheer word, solank jy die kennis kan opdoen van hoe dit inmekaarsteek en hoe dit werk. Soos wat die mens se kennis verbreed kan hy antwoorde gee op al die sogenaamde misteries van die fisiese wêreld. "God was pushed further and further back and was becoming more and more redundant" (Bosch 1991: 273);

**(vii)** Die sogenaamde bevryding of emansipasie van die individu lei tot 'n grootskaalse individualisme, veral in Protestantse kringe. Bevryding lei tot onafanklikheid en eise tot regte wat alle mense deel sonder dat hierdie mense 'n organiese deel van mekaar vorm. Enige groepering van mense is 'n versameling van indiwidue wat deur indiwidue byeengebring is vir die voordeel van individuele behoeftes (Van Engen 1996: 211). Die uitwerking wat hierdie wyse van denke op die kerk as gemeenskap van gelowiges het is voor die hand liggend. "The church became peripheral, since each individual not only had the right but also the ability to know God's revealed will. And because individuals were liberated and independent, they could make their own decisions about what they believed" (Bosch 1991: 273).

"The modern worldview represents the apex of the Enlightenment paradigm. It is humankind in its most self-confident pose: proud of its achievements and feeling in control of its own destiny" (Gibbs en Coffey 2001: 26). Modernisme probeer die wêreld begryp deur die oë van outonome menslike rasionele denke waarin daar nie plek is vir mistieke belewenisse van 'n Skepper wat met goeie nuus sy Seun na die wêreld toe gestuur het nie. Die wêreld het nie die sekerheid van 'n God van liefde nodig nie. In die omskrywing van die wêreld in die positiwistiese taal van wetenskaplike feitelikhede is daar alreeds genoeg sekuriteit en sekerhede vir diegene wat daaraan wil vashou. "It was thought that man by his reason or intellect could control and conquer the world" (Janse van Rensburg 2000: 3). Hierdie wyse van dink lei tot die idealisering van wetenskap. Kennis kan slegs ware kennis wees indien dit objektief verkry is. Die skuif, weg van hierdie kliniese, objektiewe siening van die wêreld na 'n kontekstuele hermeneutiese benadering, is een van die belangrikste skuiwe in die paradigma in die tyd na modernisme (Janse van Rensburg 2000: 3).

Om 'n gedetaileerde uiteensetting te gee van die redes wat lei tot die verkrummeling van die modernistiese paradigma is nog nie moontlik nie. Wat in kort gesê kan word is dat daar na die Eerste en Tweede Wêreldoorlog 'n nuwe wyse van dink oor die positiewe siening van die mens ontstaan het. In Amerika het die Viëtnamoorlog, net soos die twee wêreldoorloë in Europa, die openbare mening gelei tot 'n wantroue in die propaganda van instellings soos die staat en hoofstroomkerke (Gibbs en Coffey 2001: 28). Habermas "claims that the failure of modernisation and the post-war after-effects caused a reconfiguration of Western capital societies, a sad state of affairs that needed to be adressed" (Janse van Rensburg 2000: 81). In Suid Afrika sou daar by die wêreldgebeure wat lei tot weersin in gevestigde strukture nog die grensoorlog van die apartheidstyd en die getuienisse van vergrype voor die Waarheids- en Versoeningskommissie, bygevoeg kon word as aanleidende redes vir die verval in die positiewe waardering van sekerhede van die moderne paradigma. Post-modernisme se wortels is dus alreeds te vind in die tydperk van die hoog modernisme vanaf die middel van die vorige eeu (Janse van Rensburg 2000: 5). Modernisme is wel gekarakteriseer deur groot menslike prestasies en dissipline maar dit het gelei tot ongekontroleerde verstedeliking, gefragmeenteerdheid van die arbeidsmag, sekularisasie en 'n verlies aan fokus (Janse van Rensburg 2000: 3). Die verwerping van die moderne wyse van denke lei tot 'n negatiewe, pessimistiese of selfs nihilistiese siening van die wêreld (Gibbs en Coffey 2001: 28). Die staat en die kerk is onder andere, instellings wat saam met die wêreld in die breë in 'n negatiewe lig beoordeel word. Die naam wat dikwels gebruik word vir hierdie nuut ontwikkelende denkraamwerk is die post-modernisme.

### 1.4 Post-Modernisme

Wat gesê is oor 'n poging om enkele lyne te trek om die modernisme mee te verstaan blyk nog meer van toepassing te wees oor die beweging of bewegings wat daarop sou volg. Van 'n helder en duidelik uitgewerkte filosofiese denkraamwerk is daar in die post-modernisme nog nie sprake nie. Wat wel waargeneem kan word is dat daar 'n reaksie is teen die optimistiese, liberale en humanistiese standpunte van die modernisme. Die positiewe siening van die mens en sy vermoeëns het plek gemaak vir "pessimism and scepticism. In a pervasive atmosphere of cynicism, postmodernists look for the motives behind truth claims" (Gibbs en Coffey 2001: 29). Aangesien daar nie meer vertroue is in vorige verskanste waarhede of sekuriteite nie en aangesien daar 'n wolk van suspisie hang oor vorige instellings wat gebou is op vervalle sekerhede is daar by mense in die nuwe era 'n gewilligheid om nuwe of alternatiewe

verduidelikings te vind vir hulle belewenisse van die werklikheid. “The postmodernist is prepared to live adventurously as an individual, constructing his or her own ‘reality’ as an autonomous self, discovering fulfilment independent of the restraints of precedent and of community” (Gibbs en Coffey 2001: 34). Die antieke Griekse filosoof Heraclitus se frase “*Panta Rei*” kan, anachronisties, die sleutel vir die verstaan van die post-modernisme genoem word. “This constant ‘flow’ of reality creates the dilemma that reality is never fixed and can therefore not be defined” (Janse van Rensburg 2000: 11).

Die ironie is dat die aanslag teen die Verligting se modernisme nie vanuit die sosiale wetenskappe of selfs die kerk geïnisieër is nie maar vanuit die modernisme se eie “suiwer wetenskap”, naamlik fisika. Die Newtoniaanse en Cartesiaanse sienings van die wêreld as ’n goed geoliede masjien wat in sy onderdele ondersoek en begryp en selfs bestuur kan word is deur die kwantum fisika van Albert Einstein en Niels Bohr tot in sy fundamentele boustene geskud. Op die deurbrake van die fisika volg ander wetenskappe om die sekerhede van die moderne era te betwyfel (Bosch 1991: 350). Hiervolgens en volgens teorieë soos die van Charles Darwin, was die wêreld in sy werking en uitkomste nie so voorspelbaar en beheerbaar as wat deur modernisme algemeen aanvaar is nie. Die post-modernisme se uitgangspunt is, in teenstelling met die moderisme, “there is no structure to the text and therefore no fixed interpretation. There are also no absolute truths and no fixed values, because of the principle of difference” (Janse van Rensburg 2000: 5). Die “suurdeeg” van selfvernietiging was in die eerste wortels van die moderne paradigma aanwesig deurdat dit gebou was op die uitsprake van Descarte wat met die beginsels van rede en kritiese bevraagtekening uiteindelik nie meer progressief kon wees nie maar regresief (Bosch 1991: 350 – 351).

Die filosoof Frederich Nietzsche speel ’n baie belangrike rol in die aanslag teen modernisme en sy filosofie word allerweë beskou as die wortels van die post-modernisme (Janse van Rensburg 2000: 13 en 14). Nietzsche verwerp die dialektiek en kondig aan dat Nihilisme op hande is. Met die verlies aan ’n geloof in ’n objektiewe God kan daar in die wêreld geen sekerhede meer wees nie. “Absolute truth and moral values could no longer exist” (Janse van Rensburg 2000: 14). Modernisme stort volgens Nietzsche in duie omdat dit nie die beloftes en verwagtinge wat dit geskep het kan nakom nie. In die in duie stort van die beloftes van die modernisme ervaar die mens ’n absolute “niksheid”. “Nihilism respresents the rejection of value, meaning and desirability” en vier die dood van God en ervaar die dood self as die “ultimate reality” (Janse van Rensburg 2000: 14). In die ervaring van vrees wat volg op die Nihilisme steun mense

volgens Nietzsche op die Christendom as ’n kruk om die “niksheid” mee te verdryf. In sy “Perspectivism” verklaar Nietzsche dat oud bekende feitelikhede niks anders is nie as “renamed interpretations”. “The exercise of renaming helps us set aside the vocabulary of accurate representation” (Janse van Rensburg 2000: 15). Nietzsche stel ’n dekonstruksie van hierdie logosentrisme voor aangesien die werklikheid nie deur logika gedefiniëer kan word nie, “simply because the axioms of logic are inadequate to describe the real world” (Janse van Rensburg 2000: 15).

Alhoewel die filosofiese werk van Nietzsche as die oorsprong van die post-modernisme beskou word beskou De Pater (1996: 177) die Franse filosoof Jean-François Lyotard wat in 1924 in Versailles gebore is en tot in 1987 in Parys ’n dosent was in estetika, by uitstek as die post-modernisme se eerste filosoof. “Lyotard is probably responsible for popularising the term ‘postmodernism’” (Janse van Rensburg 2000: 25). Hy speel ’n groot rol in die dramatiese veranderings wat teweeggebring is deur die post-modernisme. “For Lyotard the only fixed rule is that there should be no rules” (Janse van Rensburg 2000: 2) en sluit hy hiermee aan by Nietzsche se vertrekpunt dat elke feit inderdaad niks anders as net ’n eie interpretasie is nie. In sy literêre debat met Jürgen Habermas probeer hy die nuwe wending in die kuns en filosofie omskryf.

Uit die debat blyk dit dat Habermas in enige nuwe paradigma steeds wil vashou aan die positiewe wat verwerf is deur die Verligting. Hy wil die ongerealiseerde potensiaal van die modernisme nog ontgin en het daarom die leiding geneem “in the struggle against the political misderiction of postmodernity …” (Janse van Rensburg 2000: 81) terwyl hy tog die moontlikheid van objektiewe kennis van die modernisme verwerp het. “Habermas is convinced that acknowledging the legitimacy of the postmodern critique against the excesses of modernity does not constitute a total rejection of modernity” (Janse van Rensburg 2000: 81) en daarom probeer hy filosofie en empiriese wetenskap met mekaar integreer. Van die positiewe wat hy uit die modernisme wil behou sluit vir hom die vryheid van ’n eie mening en deelname aan besluitneming in. Habermas wil verder “het gegrond-zijn van wetenschap en moraal” as winspunte van die moderne era behou. “Lyotard, as postmodern, staat minstens schepties tegenover beide” (De Pater 1996: 186). Vir Lyotard is die eerste wins wat Habermas wil beskerm onmoontlik want “het is moeilijk vrij te zijn als wij vrij *moeten* zijn” (De Pater 1996: 186). Die tweede verwerp hy net so want “wetenschappelijke claims hebben minstens geen

algemene gelding" (De Pater 1996: 186). "Contrary to the postmodern rejection of scientific knowledge and truth, Habermas acknowledges their value" (Janse van Rensburg 2000: 82)

Lyotard verwerp die idealisme van die Verligting se rasionalisme en verwerp daarmee saam die idealisme van die modernisme. Hy verwerp alle meta-verhale as aanduiding van betekenis en sin en vewerp daarmee saam "large-scale systems of thinking like Marxism" (Janse van Rensburg 2000: 25). Lyotard is eerder op soek na 'n veelheid van verhale as net die een "grand narrative". Ná die debat tussen Lyotard en Habermas blyk dit in akademiese gesprekke wat daarop volg dat die vryhede van die Moderne era wat Habermas hoog op prys gestel het en die blywende skeptisisme van Lyotard ten opsigte van die wetenskap, die twee sake sou wees wat die nuwe era sou kenmerk (De Pater 1996: 186).

### 1.4.1 Sentrale aspekte van post-modernisme

Post-modernisme is meer as net kritiek op die era van die Verligting of modernisme. Dit is 'n nuwe wyse van denke wat lei tot nuwe keuses en waardes terwyl dit voortbou op sommige gedagtes van die vorige paradigma. In die sistematiese nadenke oor die werk van Lyotard blyk die volgende vier sake sentraal te wees in die post-modernisme:

**a** Die filosofiese post-modernisme kan gedefiniëer word as ongeloof in die groot of meta-verhale waarmee die sin of betekenis van die geskiedenis ontsluit of geregverdig word (De Pater 1996: 187). "Grand narratives represent the way things have traditionally been explained. … they are supposed to be constant and always applicable to all people in all spheres of life at all times" (Janse van Rensburg 2000: 7). Daar is post-modern, egter nie meer geloof in hierdie verhale nie en die rede hiervoor is volgens De Pater (1996) te vinde in die volgende vier redes:

**(i)** "Die verhalen bracht niet wat zij beloofden" (De Pater 1996: 187);

**(ii)** Die verhale is meestal globale verhale en raak alle domeine van die lewe. Daar is egter nie sulke globale verhale nie maar eerder 'n veelheid van "taalspelen" of vaktaal. "De veelheid van taalspelen brengt met zich dat er geen universele waarheid is" (De Pater 1996: 188). Hierdie standpunt is dus 'n direkte reaksie teen die logosentrisme wat voorhou dat daar een, universiële betekenis is vir elke woord of teks (Janse van Rensburg 2000: 7). Meta-verhale "overarch and synthesises the

smaller or 'local' narratives of individuals. The legitimacy of grand narratives must therefore be rejected in favour of the fragmented narratives of the 'other', for it is precisely in the meta-narratives that modernity vests its power over the individual and the 'other' " (Janse van Rensburg 2000: 26). Alhoewel hy nie die Bybel se gesag aanvaar nie verwerp Habermas nogtans nie die waarde van meta verhale nie en word hy daarom deur Lyotard as 'n fundamentalis beskou;

**(iii)** Die groot verhale is almal "geslote". "Lyotards filosofie is een pleidooi voor het openhouden van de verhalen: wij moeten ontvankelijk zijn voor het gebeuren" (De Pater 1996: 188) en is 'n aanval op fundamentalisme (Janse van Rensburg 2000: 27). Die verhale is nie geslote nie maar "oop". Aangesien die aanvanklike subjek nie meer bestaan nie kan die aanvanklike rede vir die verhaal nie meer bestaan nie en moet dit in die huidige konteks gelees en begryp word. "Social theories, like that of Habermas, champion a system of fixed ethical values and do not allow for the little narratives of the here and now" (Janse van Rensburg 2000: 27) en dit weerhou mense daarvan om hulle eie verhale te ontdek. "Lyotard calls this 'injustice'" (Janse van Rensburg 2000: 27);

**(iv)** Meta-verhale is legitimerend of funderend. Vanuit die nihilistiese filosofieë van Nietzsche is daar egter geen "laatste grond, verklaring of zingeving van wereld en geschiedenis" nie (De Pater 1996: 189). Daar is geen absolute waarhede nie, slegs 'n verskeidenheid in die begrip daarvan. Daar is nie 'n eenheid in die waarheid nie. Die waarheid is gefragmenteer in 'n ontelbare hoeveelheid moontlikhede wat bepaal word deur die onmiddelike konteks waarbinne dit gebeur (Janse van Rensburg 2000: 26).

**b** Die post-moderne mens is nie meer die modernisme se "outonome individu, dat met zijn rede heerschappij heeft over zichzelf en over de wereld" nie (De Pater 1996: 189). In Lyotard se nadenke is die mens nie outonoom nie maar elke individu het wel 'n "eigenheid". Hierdie "eigenheid" is egter nie 'n norm waarmee ek ander beoordeel nie "want ik ben ook maar één geval van het anders-zijn van de ander" (De Pater 1996: 190). Die feit dat die mens as subjek in subjek-objek struktuur van die modernisme nie outonoom is nie is deur die modernisme self aangedui. Freud het met sy model vir psigoanalise aangetoon dat die mens beheers word deur allerlei drifte. Die outonome indiwidualitiet van die mens is verder ontmasker in die gefragmenteerdheid in die industrie. In die werkplek is die mens 'n klein ratjie in 'n groot nywerheid maar sodra hy

deur werkloosheid of siekte verhoed word om deel te wees van die sisteem, al is dit net om ’n klein ratjie te wees, is hy ongelukkig want dan is hy skielik niemand (De Pater 1996: 189). Die indiwidu ervaar selfs in die modernisme dat hy of sy slegs iemand is deur die plek of rol wat hy of sy in die gemeenskap vervul.

**c** Dit was nie modernisme wat die skeiding van mense in verskillende terreine of lewensruimtes teweeggebring het nie. “De mens is bovendien intern uiteengevallen” (De Pater 1996: 190). Die mens is ’n verbrokkelde wese en sy identitiet hang af die situasie waarin hy hom bevind. In verskillende kontekste sal ’n mens verskillend dink, selfs al sou dit van konteks na konteks mekaar weerspreek.

**d** Die Postmoderne houding is een van uitstel. Dit sou ’n “estetiese houding” genoem kon word teenoor ’n “etiese houding”. “Als de grote verhalen het niet meer doen en de vooruitgang verkeert in achteruitgang, terwijl het individu gedecentreerd en verbrokkeld is, neigt de postmoderne mens tot uitstel: het opschorten van exclusieve keuzen en definitieve oordelen op intelectueel en moreel gebied” (De Pater 1996: 190). Die post-moderne mens wil nie langtermyn verbintenisse maak nie omdat hy met meer beskeidenheid leer leef het. Daar is geen stellighede waarop keuses sou kon rus nie. Hierdie houding lei daartoe dat die postmoderne mens bereid is om verskillende, selfs weersprekende standpunte, saam met ou en gevestigde waardes aan te hang. Daar is groter respek vir verskille in waardes maar die postmoderne mens bly steeds soek na ’n eie identiteit en leefstyl (De Pater 1996: 190).

In opsomming sou die post-modernisme, soos uitgelê deur Lyotard en sy navolgers, as volg saamgevat kon word: “De grote verhalen zijn over, dus ook het vooruitgangsgeloof en het outonome subject (dat immers onmachtig bleek); er resten slechts de kleine verhalen, voor menigeen té talrijk om een keus te maken (al was dat niet de bedoeling)” (De Pater 1996: 191). Die onvermoë van die subjek word beskryf as die dood van die skrywer en is ’n reaksie op die logosentrisme (Janse van Rensburg 2000: 6).

### 1.4.2 Die invloed van post-modernisme op die sendingtaak van die kerk:

Indien bogemelde uitleg gebruik word om die post-modernisme te vergelyk met die modernisme se sewe pilare, soos beskryf deur Bosch (1991), sou die volgende toevoegings gemaak kon word:

**(i)** Modernisme sê dat die mens se rede die hoogste vorm is van die onversteurbare werklikheid van die wêreld. Die post-modernisme keur hierdie gedagte af. "The narrow Enlightenment perception of rationality has, at long last, been found to be an inadequate cornerstone on which to build one's life" (Bosch 1991: 353). Die verskillende "taalspelen" (De Pater 1996: 188) of vak- en "terrein"-taal het die ingeperktheid van die menslike rede, soos voorgehou deur modernisme ontmasker. Taal kan volgens Lyotard nooit absoluut akkuraat wees in finale definisies van wetenskaplike feite, teologiese waarhede of selfs algemene lewenswaarhede nie. Post-modernisme hang aan die hand van Derrida die standpunt aan dat taal nooit afgehandel is nie (Janse van Rensburg 2000: 22). "This recognition has led to a reevaluation of the role of the metaphor, myth, analogy, and the like, and to the rediscovery of the sense of mystery and enchantment" (Bosch 1991: 353). Metafore, simbole, mites en rituele was deur die koue rasionaliteit van die modernisme eenkant gestoot terwyl die post-modernisme hierdie gereedskap van uitdrukking en belewenis weer wil afstof in 'n proses wat nie "irrasioneel" is nie maar eerder "antirasioneel". Post-modernisme wil die rasionele uitbrei om die volledige mens se belewenis in te sluit as deel van die definieëring van wat die waarheid is. "True rationality thus also includes *experience*" (Bosch 1991: 353). Post-modernisme laat ruimte vir die meta-fisiese. Die meta-fisiese is "another world beyond the physical world that cannot be analysed or proven" (Janse van Rensburg 2000: 8). Vir sending en die kerk se uitreik na die wêreld kan hierdie ontwikkeling in die siening van wat die waarheid is 'n aanknopingspunt wees om die boodskap van die Verlosser in eie kontekstuele taal en beelde te vertaal sodat die mens aan die waarheid van die Skepper blootgestel kan word.

**(ii)** Die modernisme se verdeling van die wêreld in'n skema van subjekte en objekte, waar die rasionele die subjek is en alles wat in die wêreld beleef word die objek van ondersoek is, het gelei tot 'n rigiede en geslote wêreld. In plaas daarvan om die mens te bevry het hierdie standpunt die mens verslaaf. Produktiwiteit en tegnologiese ontwikkeling het die hoogste doel van die mens geword. Die Verligting het beide die mens en die natuur as blote ratwerk verkeerd geïnterpreteer en dit het tot die huidige ekologiese krisis gelei waar hulpbronne al hoe meer en meer oorbenut of selfs uitgeput word (Bosch 1991: 355). In die era na modernisme word daar meer holisties gedink as analities. Die dualisme van subjek-objek of liggaam en verstand moet deurbreek word sodat die afstand wat die subjek-objek gedagte gebring het vervang kan word deur 'n insig in die

saambring of saamhoort van dit wat voorheen uitmekaargehaal en van mekaar verwyderd geraak het. Die kerk kan vir die voordeel van sy sendingtaak hieruit leer dat nóg die natuur, nóg die mens net bloot ’n objek is of ’n “siel” is wat gered moet word nie, maar dat die mens ’n heel-wese is. In die nuwe paradigma is daar vir die kerk ruimte om die wêreld bekend te stel aan die regering van God wat buite die geslote, deterministiese skema van subjek-objek, die mens as heel-wese raak (Bosch 1991: 355).

**(iii)** Die afkeur van die subjek-objekskema maak ’n deur oop vir die vind van groter sin en waarheid agter die bestaan van alles. In die modernisme is die sleutel waarmee die onderskeibare onderdele van die wêreld ontsluit word nie ’n groter doel of betekenis nie maar eerder net ’n skema van oorsaak en gevolg. In post-modernisme is dit anders. “The quantum world is not the straightforward world of cause-and-effect relationships, but one of unanticipated consequences and previously unidentified potential and resources” (Gibbs en Coffey 2001: 106). Post-modernisme verwerp die oorsaak-gevolg konstruksie van modernisme maar maak daarmee nie ’n deur oop vir ’n Bybelse wêreldsbeskouing nie want dit verwerp immers meta-verhale as verklaring van syn of wese. Elke storie of verhaal het waarde en daar is nie een verhef bo ander nie, hoe groot of hoe klein die verhaal ookal mag wees. “In the postmodern culture there is strong resistance to propositional statements dropped from above, as it were, that have to be accepted without examination and questioning” (Gibbs en Coffey 2001: 206). Terleurstelling in modernisme lei tot die ontdekking dat die mens nie sonder sin, betekenis of hoop kan leef nie. Hierdie ontdekking kan vir sending van groot waarde wees. Die klem verskuif in die soektog na sin egter nie na die groot verhale van die verlede wat in ’n oorsaak-gevolg konstruksie sinduidend is vir die hede nie. Die klem word eerder geplaas op huidige, kleiner verhale van ervaring van medemense met wie die hoorder ’n interaktiewe verhouding kan hê. In die kleiner kontekste en verhale is die toekoms en hoop die bron van sin. Hierdeur wil die wêreld terug wen wat hy met die modernisme verloor het naamlik onvoorspelbare gebeurlikheid en die gedagte dat alles nie altyd dieselfde hoef te wees nie maar dat alles kan verander of selfs verbeter. In die bring van hoop aan ’n wêreld wat soek na sin en betekenis het die kerk juis die roeping en die versekering van God dat Hy hierdie werk sal seën. “The notions of repentance and conversion, of vision, of responsibility, of revision of earlier realities and positions, long submerged by the suffocating logic of rigid cause and effect thinking, have surfaced again and are inspiring people who have long lost all hope, at the same time giving a new relevance to the

Christian mission" (Bosch 1991: 356). Die soeke na sin en hoop maak dit vir die kerk moontlik om sy boodskap in die wêreld te laat hoor. Die wyse waarop hierdie geleentheid benut word kan egter nie meer lyk soos in tye voor modernisme nie. "So also in our witness we need to begin with our small stories to which people relate. In gathering a variety of such individual experiences, we can see common themes, which in turn can be related to the big story" (Gibbs en Coffey 2001: 206). Deur die samestelling van die hoopvolle verhale van individuele mense kan die mens weer by die hoopvolle verhaal van God se op weg wees met die wêreld ontdek.

**(iv)** Modernisering, as'n kenmerkende aspek van die moderne era, se uitkoms was die teenoorgestelde as dit waarvoor daar gehoop is. "The rich countries became richer and the poor still poorer" (Bosch 1991: 357). Diegene wat reeds bevooreg was is deur die ontwikkeling van modernisme net nog meer bevoordeel terwyl die armes nog meer uitgebuit is. "It has become apparent that the application of technology is not merely a technical matter, but that it is deeply influenced by the social and religious dispositions which lie behind it" (Bosch 1991: 357). Modernisering lei tot 'n onvoorsiene magstryd tussen diegene wat die tegnologiese kennis en vaardigheid het en diegene wat dit benodig. In hierdie magstryd is die menswaardigheid van diegene sonder die kennis van tegnologie bedreig in 'n wisselwerking tussen afhanklikheid en vryheid. Modernisering het nie gelykheid gebring nie maar het standverskille tussen lande en mense geaksentueer. In post-modernisme tree die bevryding van hierdie skerp skeiding op die voorgrond. Bevrydingsmodelle sien daarom al hoe meer die lig alhoewel hierdie reaksie op die skeeftrekkings van die modernisme nie werklik bevry nie aangesien dit, soos modernisme self, gebou is op die valse voorveronderstelling dat die mens intrinsiek goed is en dat die mens wat met nuwe gesag beklee is, dit sal aanwend ten beste van almal (Bosch 1991: 358). Die wyse waarop die kerk in sy sendingaksies ware vryheid in 'n holistiese wyse aan die wêreld gaan wys mag die deur vir die evangelie opnuut weer oopmaak. Die kerk het die boodskap van hoop en bevryding. Hierdie boodskap moet so na die wêreld toe geneem word dat dit bevry en nie weer op 'n nuwe wyse verslaaf nie.

**(v)** Die klem op objektiewe en feitelike waarhede in die verlede het gelei tot 'n skerp skeiding tussen feite en waardes. "This entire construction has, however, collapsed. It has been discovered that it is not possible to observe reality without, in a sense, altering what one sees" (Bosch 1991: 358). Die insameling van kennis gaan noodwendig met

sekere waardebepalings gepaard. Wat in die moderne tyd gebeur het was dat ruimtes wat tradisioneel vir godsdienstige waardes gereserveerd was, deur die klem op die feitelike, gevul is met ideologiese begrippe. Die verwerping van totale objektiwiteit van die wetenskap sal nie die mens aan die teenoorgestelde kant in subjektiwisme laat verval nie mits die objektiwisme van modernisme vervang word met 'n verwysingsraamwerk wat nie irrasioneel is nie. So 'n raamwerk met vastepunte van waardes "is a tempered realism, however, one that remains aware of the contextuality of convictions, and opperates in all disciplines" (Bosch 1991: 360). Dit mag beteken dat die indiwidu vashou aan onbewese geloof of dat die indiwidu selfs 'n kans waag met nuwe waardes. Vir die post-modernisme is subjektiwisme nie moontlik nie aangesien die subjek altyd verbonde moet wees aan die maatskaplike sisteem waarbinne hy of sy die "principle of multiplicity" waardeer. Indien hierdie beginsel vewerp word lei dit tot 'n "regime of terror" (Janse van Rensburg 2000: 28). Vir die kerk wat sy boodskap aan die wêreld wil oordra beteken dit dat die boodskap van hoop nie met dieselfde stelligheid as in die verlede net "afgelewer" kan word nie maar dat dit aan die wêreld gebring kan word in 'n houding van nederigheid en selfondersoek. "After the Enlightenment it would be irresponsible not to subject our 'fiduciary framework' to severe critisism, or not to continue pondering the possibility that Truth may indeed differ from what we have thought it to be" (Bosch 1991: 360). Die kerk se dogmatiek kan nie statiese immer geldende waarhede wees in die oë van die wêreld of selfs die kerk nie. "Our foundationalist approach to theology in general and dogmatic teachings in particular have caused us to make absolutist statements for which we had no biblical foundations. We have talked and preached about God, and heaven and hell in a way that has given the impressions that we know it all" (Janse van Rensburg 2000: 36). In die sendingtaak van die kerk moet die inhoud van eeue oue belydenisse weer en weer oordink en oorweeg word sodat dit 'n dinamiese interaksie kan hê met die kerk en die wêreld. "If the postmodern critique has helped us get down from our self-assuring theological thrones, and has warned us to speak about God and His Kingdom in a less arrogant fashion, then we should be thankfull" (Janse van Rensburg 2000: 37).

**(vi)** Vir die modernisme was, in beginsel, alle probleme wetenskaplik oplosbaar. Die wetenskap is akkumulatief en omweef absoluut alles. Hierdie optimisme is getemper deur die gevolglike nagmerrie van konflik en ongeregtigheid in die wêreld. "People are again becoming conscious of the reality of evil – in human beigns and in the structures of

society. The horizon is no longer limitless. We again realize, as did our forebears, that we cannot know more than a fraction of reality" (Bosch 1991: 361). Die draai, weg van die optimisme van die vorige era, hou vir die wêreld dikwels pessimisme en hooploosheid in. In groot nederigheid is dit juis op hierdie punt waar die kerk 'n boodskap van hoop kan bring aan die wêreld. "The absolutist claims of the superiority of reason over all else and the supposed infalibility of scientific proof and knowledge are unacceptable. The abuse of power vested in the supposed absolute truth, the authoritarian way in which people's lives have been disrupted and controlled by power, and much more, should be condemned, not only on humanitarian grounds but also according to biblical principles" (Janse van Rensburg 2000: 36). Die uitdra van die boodskap van God se koninkryk wat eskatologies aanbreek, maar wat nou alreeds tekens van hoop bied, is die roeping van die kerk in sy uitreikaksies na die vervalle en hooplose wêreld.

**(vii)** In die verlede is daarna gestreef om mense van alle bande wat verkneg te kan bevry. Aan indiwidualiteit is 'n baie hoë premie geheg. Hierdie strewe het egter daartoe gelei dat mense mekaar en hulleself nie meer ernstig opneem nie. Alhoewel mense vry was om te glo net wat hulle wou, het dit uiteindelik daartoe gelei dat hulle later in niks meer geglo het nie (Bosch 1991: 362). Hierdie uitkoms is tipies aan die dialektiek van post-modernisme. Dit neem weg sonder om noodwendig iets in die leemte wat gelaat word, terug te plaas. "The autonomy of the individual, so much flaunted in recent decades, has ended in heteronomy; the freedom to believe whatever one chooses to believe has ended in no belief at all; the refusal to risk interdependance has ended in alienation also from oneself" (Bosch 1991: 362) en "self identity is a prerequisite that cannot be rendered dispensable by the postmodern principle of pluralism" (Janse van Rensburg 2000: 33). Om uit die doodloopstraat van identiteitloosheid te kan kom moet die mens gehelp word om in die **eerste plek** weer te besef dat oortuiging en verbintenis ononderhandelbare entiteite is vir oorlewing in die wêreld. Mense sal, in die **tweede plek**, begelei moet word om weer 'n inter-afhanklikheid van mekaar 'n gedeelde gemeenskap te kan beleef. In beide hierdie twee voorstelle het die kerk met die verlossingsboodskap van Jesus Christus in die wêreld 'n rol te vervul. "Our increasingly pluralistic and mobile urban society has created a sense of rootlessness and angst that has contributed to the search for a sense of beloging. We feel the need to be more deeply rooted in a community, rather than constantly buffeted by a society characterized by ceaseless comings and goings" (Gibbs en Coffey 2001: 158). In die groot lugleegtes wat modernisme in die lewens van

mense gelaat het kan die kerk in die uitvoer van sy sendingtaak nuwe inhoud en betekenis bring.

### 1.5 Simptome van 'n belewenis van verandering

Na die 1994 verkiesing het die interaksie tussen tradisionele, moderne en post-moderne paradigmas groot onsekerheid gebring in die samelewing en verkeer indiwidue en instellings in 'n tyd van oorgang. In die kerk is daar, net soos in die sekulêre gemeenskap, groot spanning ten tye van 'n paradigmaskuif in die filosofiese onderbou van die wêreld. "For within most local churches, especially those in existence for thirty years or more, there will be groups of individuals who think with traditional, modern and postmodern assumptions respectively. Each group has a legitimate perspective and deep concerns" (Gibbs en Coffey 2001: 12). Die uitdaging aan 'n gemeente is om in hierdie tyd alle groeperinge binne die geloofsgemeenskap sinvol met die evangelie te kan bedien sodat die kerk steeds sy roeping in die wêreld kan nakom. Die probleem met die kerk se bediening in 'n tyd van verandering is egter dat daar nie altyd sprake kan wees van langtermyn beplanning nie. "In the culture of postmodernity, however, change is discontinuous rather than incremental" (Gibbs en Coffey 2001: 36). In die Newtoniaanse konstruksie van die wêreld was alles in rus mits dit deur 'n bewegende objek versteur word. In die tydperk na die aanbreek van kwantum fisika en die aanbreek van die wêreld van die kuberruimte is beweging en verandering die norm. Daar is geen konstantes nie. Die verbintenis wat daar is tussen die verskillende onderdele van die samelewing deur onsigbare kragvelde is slegs sigbaar deur die effek wat dit op mekaar uitoefen (Gibbs en Coffey 2001: 83). Hierdie verskynsel noem Gibbs en Coffey (2001: 36) 'n "culture of discontinuous change". "In terms of thought processes, there is a shift between these two worlds from linear thinking to interconnectedness" (Gibbs en Coffey 2001: 106). Die wêreld wat volgens Newton se wette georden is, is 'n wêreld van orde en voorspelbaarheid. In die kwantum wêreld is die uitstaande karaktertrek chaos, waarvan die enigste voorspelbaarheid is dat dit weer sal verander.

In hierdie tyd van verandering mag die kerk nie probeer terugkeer na 'n herhaling of die terugwen van 'n Konstantynse tyd of enige ander paradigma uit die verlede nie. Die kerk kan slegs soek na legitieme wyses van kontekstualisering van die evangelie in die tyd waarvan dit deel uitmaak. 'n Tyd van onsekerheid kan 'n geleentheid wees vir groei indien die kerk nie verlam raak as gevolg van 'n onvermoeë om die tyd en konteks waarin dit verkeer reg te begryp

nie. Om die regte respons te vind in ’n veranderende wêreld is egter nie altyd maklik nie (Gibbs en Coffey 2001: 219).

“Ons beleef ’n tirannie van nuwe dinge wat onafwendbaar oor die kerk se pad kom” (Hendriks 1997: 36). Die gevolge van sommige van hierdie ingrypende veranderinge op maatskaplike en sosiale gebied is dat kerke met ’n tradisionele bedieningspraktyk ’n “kwyn- of afbreekfase” (Hendriks 1997: 27) beleef. “Statistiek gee ’n aanduiding dat die kerk in ons land in ’n afbreekfase verkeer; dit verloor lidmate en vervlak sedelik-moreel. Die gevestigde kerke bevind hulle skielik in ’n sekulêre staatsbestel. Volksgodsdiens en kultuurkerk versand” (Hendriks 1997: 33). Kerke beleef as gevolg van verskeie faktore tans ’n toenemende onbetrokkenheid van lidmate.

Die huidige fase waarin die kerk homself bevind laat die fokus besonder sterk val op die afwysing van die *Corpus Christianum* se hantering van gesag. In die *Corpus Christianum*, of “Christendom-paradigma”, ingelei deur die vierde eeu na Christus in die Konstantynse era, is die kerk-staat verhouding as ’n soort alliansie geïnisieer en is die “evangelie van bo, vanaf die teoloë en deur die instituut oorgedra na die gewone lidmaat” (Hendriks 1997: 28). “Kenmerkend van die kultuurkonsolidasie van die *Corpus Christianum* was dat al die lewensterreine van die mens, dit wil sê die volle spektrum van sy kulturele bedrywigheid, onder die beheersing van die Christelike kerk gebring is. Daardeur is die Westerse kultuur nie alleen kerklik gekonsolideer tot ’n eenheidskultuur nie, maar boonop gesanksioneer as die kulturele uitdrukking van die waardes en beginsels van die Christelike godsdiens” (Van der Merwe W 1989: 325). “In die na-Konstantynse-periode het die kerk, soos die staat, as ’n ‘top-down’-hiëragiese struktuur gefunksioneer. Die Sinode se agenda het aan die bedieningspraktyk voorgeskryf” (Hendriks 1997: 34).

Hierdie “ ‘top-down’-hiërargie” het veroorsaak dat die lidmaat op die kerk begin fokus vir sy of haar primêre geestelike behoeftes en is eersgenoemde gereduseer tot slegs ’n luisteraar of toeskouer. Die lidmaat het die objek van bediening deur die kerk geword. Die konsekwensies hiervan is in die modernistiese tyd alreeds gevoel. “Die modernistiese beskouing verwag van die kerk om jou professioneel te bedien” (Hendriks 1997: 29). In hierdie denkraamwerk word die kerk en die kerkgebou die enigste plek waar “dinge gebeur” aangesien die kenmerke van die ware kerk (suiwer Woordverkondiging, bediening van die sakramente en die kerklike tug) meestal handelinge is wat by die kerksentrum gebeur deur ’n spesiaal geroepte dominee of

geroepe kerkraadslede. In die "van bo af" vorm van bediening het die gevestigde kerke sogenaamde "domineeskerke" geword waar die leraar 'n professioneel geskoolde persoon is wat in die gemeenskap professionele geestelike dienste lewer (Hendriks 1997: 33). In so 'n kerkstruktuur beheer en bestuur die leraar die kerk en beskik hy of sy (maar meestal hy) in die struktuur oor die meeste mag. Daar word in hierdie struktuur swaar klem gelê op die finansies van die struktuur wat die dominee moet versorg. Uiteindelik lei die konstruksie waarin die een amp sentraal staan en oor die meeste gesag beskik daartoe dat gemeentes "eintlik net bestaan om die instituut in stand te hou" (Hendriks 1998: 134). Finansiële probleme is in so 'n struktuur 'n bevestiging daarvan dat lidmate nie meer lojaal voel aan die struktuur as sulks nie, maar eerder 'n "bediening" sal ondersteun. Gemeentes wat meer konsentreer op die bediening aan die gemeenskap en wêreld waarvan dit deel is groei terwyl daardie gemeentes wat grootliks op instandhouding fokus, taan.

In 'n artikel wat tendense in makro-gemeentes in 1997 in Suid Afrika ondersoek (Hendriks 1998) word daar bevind dat die volgende vyf areas die meeste aandag in die kerk behoort te kry as gevolg van veranderings in die land, en as gevolg van die skuif vanaf 'n "Christendom-paradigma" na 'n sekulêre:

1. Onbetrokkenheid van lidmate;
2. Strukturele vernuwing;
3. 'n Sterker ervaringskomponent;
4. Die behoefte aan koinonia;
5. 'n Groter klem op die missionêre karakter van die kerk.

In die navorsing wat tot hierdie gevolgtrekkings gekom het is bevind dat daar 'n direkte verband bestaan tussen die vreugde in die bediening van 'n gemeente en die mate waarin daar geslaag word om "aan lidmate verantwoordelikheid te gee om met eie inisiatief en vanuit 'n persoonlike roepingsbewustheid betrokke te raak by die Here se werk" (Hendriks 1998: 134). In terme van die vernuwing van strukture het hierdie studie bevind dat 'n kleingroepbediening wat die wykstelsel vervang groter vitaliteit aan 'n gemeente verleen. Wanneer daar van strukture in die kerk gepraat word moet dit in gedagte gehou word: "Strukture dien as skelet vir die kerk. Dit moet egter voortdurend aangepas word" (Hendriks 1998: 135). Strukture behoort makliker aan te pas in veranderende omstandighede aangesien die periode vir 'n homogene kultuurgodsdiens tot 'n einde gekom het. In die nuwe tydvak het lidmate 'n groter behoefte om hulle verhouding

met die Here sterker te ervaar as in die verlede. "Die (on-)betrokkenheid-tendens van lidmate staan in direkte verband met die beskikbaarheid van strukture waarbinne hulle vertrou word en geleentheid kry om vanuit eie roepingsbewustheid, *Coram Deo*, betrokke te raak by God se werk, al dan nie" (Hendriks 1998: 136). Gelowiges wil tans al hoe meer wegbeweeg van die koue rasionalisme van modernisme. 'n Wegbeweeg van rasionalisme kan ongelukkig lei tot 'n groter "morele en leerstellige onsekerheid" by lidmate wat weer lei tot 'n "worsteling oor hulle eie identiteit as Christene" (De Villiers 1995: 560). So 'n verlies aan identiteit lei daartoe dat lidmate, óf nie meer kan onderskei wat hulle van nie-Christene onderskei nie óf dit lei tot fundamentalisme. In die eerste instansie beteken dit dat lidmate, óf heeltemal in onbetrokkenheid van die kerk vervreemd kan raak, óf maklik van denominasie tot denominasie kan verwissel. Die fundamentalisme van lidmate wat onseker is oor hulle identiteit as gereformeerdes lei tot "ongenuanseerde en eenduidige standpunte" en 'n onverdraagsame houding teenoor enige iemand wat van hierdie standpunte afwyk (De Villiers 1995: 562).

## 1.6 'n Evangeliese Antwoord op 'n Komplekse Uitdaging

In die soeke na 'n evangeliese respons op die veranderings wat teweeggebring is deur die paradigmaskuif in die derde millenium, moet daar onderskei word tussen die postmoderne era, -kritiek en -epistemologie. Aan die feit dat die wêreld in 'n post-moderne era inbeweeg het kan die kerk min doen en "in most instances postmodern critique is valid" (Janse van Rensburg 2000: 36). Die epistemologiese vertrekpunte van post-modernisme is egter nie te rym met die evangeliese boodskap van die kerk nie. Die kerk verkeer tans in 'n post-moderne era maar kan nie die post-moderne paradigma vir homself toe eien nie. Indien die kerk die paradigma van post-modernisme aanhang beteken dit die einde van sy sendingroeping aangesien hierdie roeping uitgaan van die sentrale waarheid dat Jesus Christus die Here en enigste verlosser van die wêreld is – gedagtes wat ten sterkste deur die post-modernisme se uitgangspunte en wêrelbeskouing ontken word. Post-modernisme sê "… the grand narrative such as that of the Christian or biblical belief is unacceptable, especially when it is made normative for other people, even though they may be Christians. A truth can only be normative for an individual if that individual accepts it and only for that particular situation. Another context may produce a different norm for that individual" (Janse van Rensburg 2000: 40 & 41). Indien die kerk klakkeloos die epistemologie van die post-modernisme aanvaar, word die boodskap van die Bybel gerelativeer en word die normatiewe aard daarvan ontken.

Die kerk is nie daarop aangewese om tussen modernisme of post-modernisme ’n keuse te maak nie. Die kerk is juis geroep om binne die konteks van die waardes, norme en beskouings van die wêreld die nuwe boodskap van hoop en bevryding te laat hoor. “… we need an open mind to learn from both modernity and postmodernity” (Janse van Rensburg 2000: 37). Sonder om biblisisties of fundamentalisties te wees moet christene steeds kan vashou aan die waarheid dat die Bybel God se openbaring van Homself is en dat daar in hierdie openbaring waardes en norme geopenbaar is wat vir alle mense in enige situasie geld. Alle mense het as verlore sondaars die verlossing nodig wat daar slegs in Jesus Christus alleen te vinde is. Die kerk kan na die kritiek van die post-modernisme luister en op Bybelse gronde selfs van die metodes van die post-modernisme benut, maar die epistemologie van beide die modernisme en die post-modernisme moet deur die missionêre kerk verwerp word (Janse van Rensburg 2000: 38).

Een van die bydraes wat post-modernisme op die terrein van die kerk se missionêre werk gelewer het, is die klem op die indiwidu. Post-modernisme “makes a particular contribution by placing new emphasis on the importance of the individual and the context” (Janse van Rensburg 2000: 37). Om die evangelie duidelik te laat hoor in die wêreld kry die plek en rol van die gelowige wat nie in die een of ander besondere amp in die kerk staan nie, wêreldwyd weer nuwe aandag en klem.

Die groot verskuiwings wat die kerk in Suid Afrika beleef in die rol wat dit te speel het in ’n gesekulariseerde wêreld het kerke in ander wêrelddele, wat nie dieselfde beskerming geniet het as wat die kerk in Suid Afrika geniet het tydens die vorige politieke bedeling nie, al ’n paar dekades gelede beleef. CG Kromminga (1964: 11) dui juis hierdie groot skuiwe in die kerk se invloed en gesag in die gesekulariseerde gemeenskap aan as een van die hoof redes waarom daar, sedert die middel van die vorige eeu, soveel sterker gefokus word op die lidmaat wat nie in die een of ander besondere amp staan nie. Die fokus op die gelowige is een van die antwoorde van die kerk op die veranderings in die wêreld.

Die gesprek oor die sogenaamde “leke” in die kerk is ingelei deur die Rooms Katolieke Fr. Yves Congar se publikasie *Jalons pour une théolgie du laïcat* of *’n Studie vir ’n teologie vir die lekedom* in 1953 en deur die Nederlandse teoloog Hendrik Kraemer met sy *A Theology of the Laity* in 1958 (Kromminga 1964: 11). Die fokus op die lidmaat is genoodsaak deur “a deep concern on the part of the churches over modern developments which threaten the very existence of Christianity” (Kromminga 1964: 11). Die gesekulariseerde mens vind die kerk irrelevant in

die daaglikse lewe (Kromminga 1964: 12) en om weer te wen aan betekenis vir die lidmaat van die kerk moet sy en haar plek en rol opnuut beskryf en toegeken word.

Daar is bo en behalwe die sekularisasie van die samelewing nog'n ander, baie praktiese rede waarom kerke in die vorige eeu in Europa en Amerika meer begin fokus het op die diens wat die gelowige in die kerk te verrig het. Deur die vooruitgang van tegnologie en die veranderings van wette wat gedwonge segregasie verbied het, het hele gemeenskappe se samestelling somtyds byna oornag verander. Die verandering van gemeenskappe is aangehelp deur grootskaalse verstedeliking in die Moderne era. In die wêreld as "global village", is grense nie meer statiese of inperkende gegewes nie. "This means that members of the Church have been dispersed among many nominal Christians and unbelievers. The Church faces the world – more than ever – over the back yard fence" (Kromminga 1964: 14 & 15). Om in die bevolkingsontploffing en vinnig bewegende gemeenskappe van die "global village" steeds 'n invloed te kan hê, kan die kerk van die toekoms nie meer staatmaak net op die werk van 'n paar amptelike, professionele werkers nie maar sal die hele kerk sy verantwoordelikheid moet nakom om die evangelie na die wêreld te bring. In Suid Afrika, na die 1994 verkiesing, is hierdie toedrag van sake op dieselfde of selfs 'n meer intense vlak beleef as in Europa en Amerika.

### 1.6.1 Moontlike Winspunte in die herwaardering van die Amp van die Gelowige:

In die verandering wat die kerk in Suid Afrika tans ervaar kan 'n nuwe klem op die amp van die gelowige vir die missionêre kerk van groot waarde wees.

#### a Die fokus op die amp van gelowige laat die kerk klem lê op sy missionêre roeping

In 'n tyd van oorgang tussen paradigmas kan die kerk óf vir die oue óf vir die nuwe kies, ten koste van sy boodskap. "Instead of becoming a church that is simply absorbed by culture or that vainly endeavours to exist in isolation from the broader culture, the church must engage in dynamic interaction with the culture in which it is immersed" (Gibbs en Coffey 2001: 214). In hierdie wisselwerking tussen die kerk en die gemeenskap waarvan dit deel uitmaak is dit vir die kerk nodig om baie stewig aan sy missionêre karakter vas te hou. ""Die uitdaging is dan om nie die kerk se misionêre perspektief en openbare getuienisfunksie te verloor nie" (Hendriks 1997: 30). Die kerk se sendinggerigtheid in 'n sekulêre wêreld wat verby die modernisme beweeg sal die waarde van die lidmaat wat nie in die besondere amp dien nie deeglik moet verreken. Die

lidmaat is nou nie meer die “bedieningsobjek” nie maar doen mee aan die bediening van die kerk aan die veranderende wêreld. “Die sendingveld begin nou by die gelowige se voordeur, evangelisasie of sending vind deur persoonlike verhoudings plaas en die waarheid word aan dade gemeet (ortopraksie). Hierdie skuif in fokus is ’n skuif van sinode na gemeente, van leer na lewe, van kerk na God” (Hendriks 1997: 28). In ’n Post-moderne wêreld sal die waarheid, uitgedruk in rasionele of kognitiewe taal nie die wêreld oortuig van die evangeliese boodskap nie. Daar setel baie meer oortuigingswaarde in die dade wat die belydenis van die gelowiges kenmerk. Die geloofsverhale van indiwiduele gelowiges sal die wêreld van die waarheid oortuig in plaas van die rasionele verkondiging van Bybelse waarhede deur ’n kerklike amp. Vir die kerk is dit noodsaaklik om ’n reoriëntasie te ondergaan “turning around from a survival mode to a mission mode” (Gibbs en Coffey 2001: 228). In hierdie reoriëntasie sal die rol wat die lidmaat speel nuwe aandag moet ontvang.

**Gevolgtrekking 1.1:**

Deur sy lidmate kan die kerk in veranderende tye steeds sy missionêre roeping uitleef.

**b Die fokus op die amp van gelowige laat die kerk nadink oor die lokaliteit van die “sendingveld”**

Christus het sy lewe nie vir die kerk afgelê nie maar vir die hele wêreld. Sy oorwinning oor die sonde en die dood laat die komende Koninkryk van God vandag alreeds aanbreek in die stukkende wêreld. Die kerk is die getuie van hierdie Koninkryk in al sy gestaltes. “The Church cannot create, bring in, or build the kingdom, but it can and does witness to it. Clearly this witness happens in word and deed, in miracles, in signs and wonders, in the transformation of the lives of people, in the presence of the Holy Spirit, in the radical recreation of humanity” (Van Engen 1991: 111). Wanneer die Koninkryk van God ter sprake kom dryf dit die hele kerk, lidmaat en gemeente, in die wêreld in om tekens van hoop van die aanbrekende en komende Koninkryk van God op elke terrein van die lewe waar gelowiges van Maandag tot Saterdag in die wêreld kom, sigbaar te maak. “To be free for service to the kingdom in the world is a task of the individual believer, the congregation as community, and the Church as a body” (Van Engen 1991: 115). In ’n Post-moderne wêreld wat ly aan ’n pessimistiese wêreldbeeld en wat smag na hoop vir ’n beter toekoms is die uitvoer van die taak van elke gelowige in die uitdra van die hoop wat daar is in die koninkryk van God van kardinale waarde. “Sendingwerk” is nie meer die taak

van ’n besonders-geroepene wat na ver uithoeke met die evangelie uitreik nie. Dit is die taak van elke kind van die Here op elke terrein van sy of haar lewe as ’n “sendingterrein”.

**Gevolgtrekking 1.2:**

Deur sy lidmate kan die kerk sy missionêre betrokkenheid op alle terreine van die lewe uitleef.

### c Die fokus op gelowiges bring hoop ten spyte die wêreld se wantroue in formele kerkstrukture

In vorige paradigmas is daar van bo na onder gedink en gedoen. “Die evangelie is van bo, vanaf die teoloë en deur die instituut oorgedra na die gewone lidmaat. Daar was genoeg outoriteit en dissipline om die ‘van bo’-gesag te handhaaf. Sekularisasie en die modernisme het die konteks totaal verander” (Hendriks 1997: 28). Die kerk as instituut speel nie meer dieselfde invloedryke rol in die westerse samelewing as wat dit byvoorbeeld in die Konstantynse era gespeel het nie. De Villiers (1995: 567 – 568) se konklusies in ’n artikel wat handel oor die “Nederduits Gereformeerde Kerk en die nuwe situasie in die samelewing” sluit onder meer in dat die “openbare beeld van die NG Kerk” sterk afgeneem het en dat die kerk nie meer dieselfde inspraak in regeringsbeleid as in die verlede het nie. Die kerk het verder ’n “geloofwaardigheidsprobleem”. Die kerk het ’n ondersteunende rol in apartheid gespeel en word nie in die era van demokrasie sondermeer vertrou nie. As moontlike oplossing van hierdie uitdagings wat veranderings aan die NG Kerk spesifiek stel, stel De Villiers (1995: 568) voor dat die kerk “sy lidmate motiveer” om betrokke te raak by spesifieke heropbou-programme in die land. Sy konklusies kan egter breër geïnterpreteer word deur te sê dat die kerk sy lidmate moet motiveer om op alle terreine van die samelewing, waar hulle hulleself mag bevind, ’n missionêre roeping uit te leef. Op so ’n manier sal die kerk as instituut se tanende invloed in die samelewing nie die roeping van die kerk as organisme om sout, lig en suurdeeg te wees, verhinder om tekens van hoop op te rig nie (Gibbs en Coffey 2001: 89).

**Gevolgtrekking 1.3:**

Deur die lewe van gelowiges kan die evangelie steeds die wêreld bereik ten spyte van wantroue wat die wêreld het in formele kerkstrukture.

**d Die fokus op die amp van gelowige verhoed onnodige hiërargie in die kerk:**

In die post-moderne wêreld is daar nie net suspisie teen vroeëre gevestigde strukture nie maar ook teen organisasies wat sterk hiërargies in struktuur is. "Rapid change, the electronic communication highway, diversification in the market-place and suspicion toward centralized bureaucracies all contribute to a widespread trend in government, industry, education and the church to flatten organizational pyramids and get rid of layers of middle management. A trend of equal significance is the inclusion of the grass-roots and frontline people – those who are actually in the trenches, so to speak, doing the ministry – in the decision-making process" (Gibbs en Coffey 2001: 227). Die insluiting van lidmate in die besluitnemingsprosesse van die kerk mag meehelp tot die aanvaarding van eienaarskap en betrokkenheid van lidmate in die taak van die kerk buite sy formele strukture.

**Gevolgtrekking 1.4:**

Alle lidmate dra die evangelie in die wêreld in en nie net 'n paar afgevaardigdes of 'n verkleinde kerkvergadering as verteenwoordigers van die kerk se boodskap nie.

**e Die fokus op die amp van die gelowige rus lidmate toe vir beslissings in etiese vraagstukke**

Post-modernisme en die gevolglike veranderings in die gemeenskap en die situasie by die werkplek, asook die verkleining van die wêreld deur globalisasie, stel baie groter eise aan die gelowige in sy of haar verhouding met die Here buite die erediens en die invloedsfeer van die gemeente. In die verlede is lidmate buite die erediens deur streng kontrole en wetgewing beskerm teen gedagtes en strominge wat in botsing was met die Christelike godsdiens. In 'n liberale en sekulêre opset soos gepropageer in Suid Afrika na die eerste demokratiese verkiesing word gelowiges al hoe meer gekonfronteer met standpunte en stellings wat hulle geloof en verhouding met die Here toets. Nuwe wetgewing wat "sterk afwyk van die wetgewing van 'n vorige bedeling" se "verwarrende invloed" "op die lidmate van ons kerk moenie onderskat word nie" (De Villiers 1995: 560).

In die post-modernistiese siening van gekontekstualiseerde etiek word etiese beslissings gereduseer tot 'n persoonlike voorkeur wat nie aan ander opgedring kan word nie.

"Differentiation implies that ethical views should respect the otherness of others. … From this it is clear that morality does not consist of fixed rules, but rather operates from a position of interpersonal responsibility" (Janse van Rensburg 2000: 65). Aangesien post-modernisme die Christelike standpunte in sake 'n hoër transendente sisteem van waardes en norme verwerp en dit wil vervang met 'n indiwiduele, kontekstuele etiek, moet die kerk elke gelowige opnuut die waarde van chritelike etiese gedrag in die samelewing leer. Gelowiges ervaar dat daar nie net as gevolg van die nuwe politieke situasie nie, maar ook as gevolg van meer kontak met ander godsdienste en gelowe, druk uitgeoefen word op hulle geloof. Gemeentes moet lidmate daarom help om hulleself Bybels te kan verantwoord oor die etiese konsekwensies van hulle geloof. Hulle moet egter verder as net die etiek, hulleself baie duidelik kan uitspreek oor die inhoud van hulle geloof en die hoop wat dit inhou vir die wêreld. Christene moet opnuut geleer word om Bybelse beginsels in spesifieke kontekste te kan toepas (De Villiers 1995).

**Gevolgtrekking 1.5:**

Lidmate wat in etiese vraagstukke Bybelse beginsels kan toepas dra 'n sterk boodskap van hoop oor aan die wêreld.

**f Die fokus op die amp van gelowige versterk lidmate se identiteit in Christus**

"Namate die openbare invloed van die tradisioneel Gereformeerde leer en sedes afneem en lidmate meer blootgestel word aan die invloede van modernisering en ander konfessies, godsdienste en lewensbeskouinge, kan verwag word dat ook die verskeidenheid leerstellige en morele oortuiginge, asook die verskeidenheid in geloofsbelewing, onder lidmate sal toeneem" (De Villiers 1995: 561). Gesprekke oor leerstellige standpunte sal nie meer net tussen teoloë en predikante gevoer word nie, maar al hoe meer deur lidmate self. Gelowiges se standpunte sal nie meer, soos in die verlede net die herhaling wees van die amptelike standpunte van die kerk nie. So 'n verskeidenheid van standpunte mag vir lidmate wat nie deur die kerk hierin begelei word nie, lei tot twyfel. "Dit is hoogs waarskynlik dat die groter morele en leerstellige onsekerheid by baie lidmate sal lei tot 'n worsteling oor hulle eie identiteit as Christene" (De Villiers 1995: 560). Die kerk moet ernstig nadink oor die plek en rol wat lidmate in die kerk en koninkryk vervul en moet hulle hiermee behulpsaam wees sodat gelowiges nie aan die een kant in twyfel of aan die ander kant in fundamentalisme verval wat ongenuanseerd onverdraagsaam raak en so skade aan die koninkryk kan berokken nie. In die post-modernisme se wegbeweeg van die

oorsaak en gevolg struktuur en in die soeke na groter sin vir die mens se bestaan is daar verder ’n gevaar dat lidmate wat onseker is van hulle verhouding met die Here in die nuwe paradigma kan verval in die mistiek van alternatiewe weë van belewenisse van ’n godheid. “Deur homself te verloor in ’n mistieke ervaring, voer die moderne westerling ’n tydsprong. In die towerwêreld van sy eie innerlike gewaarwordinge kan hy sy heimwee na ’n ontmoeting met die transendente vervul” (Van der Merwe, W 1989: 325). So ’n mistieke “ontsnapping” sou die gelowige nie net van meer egte belewenisse van die Drie-enige God beroof nie maar sal hom of haar verder laat terugtrek van aktiewe betrokkenheid by die koninkrykswerk waartoe elke gelowige geroep is. Die kerk sal in tye van onsekerheid op so ’n wyse op die lidmaat moet fokus dat gelowiges hulle identiteit in Christus so sal beleef dat elkeen sy of haar verantwoordelikheid in die gemeente en die gemeenskap sal besef en daadwerklik daarvolgens sal leef.

**Gevolgtrekking 1.6:**

Lidmate wat leef vanuit hulle identiteit in Christus sal met hulle verhaal of storie meer oortuigend wees as ’n kerklike amp wat ’n boodskap in die wêreld verkondig.

**g Die fokus op die amp van die gelowige bied ’n antwoord vir die soeke na koinonia**

Deur modernisme se klem op die individu is selfs groepe se bestaan te definieer in terme van die indiwidu en sy of haar behoeftes. Deur tegnologie, verstedeliking, politieke ideologie en wetgewing is die indiwidu en sy regte so op die voorgrond gestoot dat ’n belewenis van ’n groepsgevoel vir indiwidue moeilik geword het. Die post-modernisme het hierop gereageer deur onderlinge verbintenisse deur middel van holisme te beklemtoon. “Could it be that postmodernity’s challenge of modernity’s penchant for individualism might stimulate us to discover anew what we have always known – that ‘there is one body and one Spirit … one Lord, one faith, one baptism; one God and father of all, who is over all and through all and in all’ (Eph. 4:4-5)?” (Van Engen 1996: 214). Die gemeente is meer as net die som van die individue wat daarby betrokke is. Lidmate moet leer dat die korporatiewe werklikheid van die gemeente ’n plek is waar elkeen ’n bydrae maak om ’n koninkryksinvloed op die gemeenskap te hê.

Die belewenis van die koinonia van gelowiges is in die tyd na modernisme se klem op die rasionele van groot belang. Post-modernisme se reaksie op die rasionalisme van die vorige era is egter onaanvaarbaar vir die kerk. “… the postmodern option has predominantly moved us

toward nihilism and meaninglessness"  (Van Engen 1996:  216).  Modernisme, met die klem op die rasionele en die indiwidu, het nie rekening gehou met die sondeval van die mens nie en post-modernisme hou nie rekening met die Bybelse boodskap van die herstel van die mens deur Jesus Christus nie.  Die klem van die kerk moet egter nie die rasionele of indiwiduele alleen teenwerk nie, maar moet die Bybelse alternatief, van die herstelde gemeenskap van gelowiges, aan die wêreld kan toon.  In hierdie gemeenskap is daar belewenis van koinonia waar elke lid deel is en belangrik is.  "Thus both the message and the essential being of the messenger community of faith will be used by the Holy Spirit to bring new holiness, new encounter with God, new transformation, and a new call to participate in God's mission (Isa. 6)"  (Van Engen 1996:  219). Na die koue, kliniese wêreld van die modernisme met sy vryhede en klem op die indiwidu en te midde van die siniese wêreld van die post-modernisme soek gelowiges die warmte van die belewenis van te behoort tot 'n geloofsgemeenskap waar hy of sy nie net bedien word nie maar waar elkeen self 'n rol te vervul het in die bediening  (Gibbs en Coffey  2001:192)

**Gevolgtrekking 1.7:**

Lidmate wat 'n eie plek in die kerk het en in die kerk koinonia ervaar kan 'n boodskap van hoop aan 'n koue, rasionele of siniese wêreld bring.

### h Die fokus op die amp van gelowige maak 'n bediening met veelvuldige fasette moontlik

In die verlede is die gemeente bedien volgens een standaard bedieningsmodel.  Met die klem op indiwidualiteit en die aangryp van persoonlike vryhede het die samelewing egter gefragmenteerd geraak.  'n Eenvormige bediening aan alle lidmate as een groot groep sal in die toekoms nie meer elke lidmaat na sy of haar eie geestelike behoefte kan bedien nie.  Die eskalasie in die tempo van verandering het die gemeenskap in verskillende "generasies" verdeel en die kerk sal die verskille tussen hierdie generasies in ag moet neem in sy bediening aan gelowiges en aan die wêreld.  Wat die saak verder kompliseer is die feit dat daar bo en behalwe die verskillende generasies in een gemeente, ook nog verteenwoordigers van verskillende paradigmas, hetsy tradisioneel, modern of post-modern, gevind word.  Die kerk sal al hoe meer ruimte moet laat vir die verskil wat daar is tussen verskillende lidmate van verskillende generasies en verskillende kulture met verskillende behoeftes en gawes  (Gibbs en Coffey 2001:  222).  "Groter differensiasie tussen belangegroepe (ook ouderdomsgroepe), 'n meer informele kerkstyl met

goeie orde, ’n groter aandrang op verhoudinge en koinonia, en die benutting van gewone lidmate se gawes is aan die orde van die dag”  (Hendriks 1997:  35).  Die omsien na verskeidenheid in behoeftes moet insluit dat gemeentes multikultureel die gemeenskap waarvan dit deel uitmaak moet kan bedien.  Gemeentes kan die wêreld ten beste bereik deur verskillende behoeftes en kommunikasiestyle van hoorders in ag te neem.  Een van die maniere waarop die kerk in sy bediening die groot verskeidenheid van behoeftes in ’n gemeente kan akkomodeer en bedien is deur ’n weldeurdagte beskouing van die amp van die gelowige en ’n benutting van die gawes wat elkeen het.

**Gevolgtrekking 1.8:**

Deur die amp van die gelowige kan die kerk omsien na die verskeidenheid van bedieningsbehoeftes van lidmate van ’n verskeidenheid kategorieë.

**i Die fokus op die amp van gelowige bring vernuwing in die uitvoering van die sendingtaak van die kerk**

Die oordra van die evangelie kan in die huidige paradigmaskuif nie op ’n konfronterende kennisoordrag-wyse geskied nie.  Om net op die rasionele vlak die boodskap oor te dra gaan nie die waarheid van die hoop en verlossing in Christus vir mense van die moderne of post-moderne tyd oortuig nie.  Skeptiese mense wil die waarheid sien gebeur in die lewens van medemense en nie net hoor in die oorvertel van groot meta-verhale nie.  Gelowiges of groepe gelowiges moet in die wêreld buite die reikwydte van die kerk as instituut aan nie-gelowiges die waarheid van die evangelie demonstreer  (Gibbs en Coffey  2001:  192).  “As communities of believers are scattered throughout every segment of society, non-believers will find those fellowships accessible.  They will discover people like themselves, who are working out the implications of their faith in every area of life – people whose lifestyles and occupations closely correspond with their own”  (Gibbs en Coffey 2001:  194).

**Gevolgtrekking 1.9:**

Namate evangelisasie deur verhoudinge en diens die enigste wyse word waarop sekere lede van die gemeenskap bereik kan word sal die rol van die lidmaat wat nie in diens van die kerk is nie en nie in enige besondere amp staan nie, se rol in die kerk se uitreik na die wêreld verhoog.

### 1.6.2 Die bemagtiging van die amp van gelowige

Op grond van die voorafgaande kan die volgende redes aangedui word waarom dit vir die sendingtaak van die gemeente belangrik is om steeds opnuut na te dink oor die plek en rol van gelowige lidmate in die gemeente, wat nie in diens van die kerk is of in die een of ander besondere amp staan nie:

**(i)** Deur lidmate kan die gemeente sy missionêre roeping in ’n snel veranderende wêreld uitleef;

**(ii)** Deur lidmate kan die kerk sy missionêre roeping op alle terreine van die lewe uitleef;

**(iii)** Deur die lewe van gelowiges kan die evangelie steeds die wêreld bereik ten spyte van die wantroue wat daar in kerkstrukture is;

**(iv)** In ’n post-moderne wêreld sal alle lidmate, meer as vroeër, die verantwoordelikheid moet neem om die evangelie in die wêreld in te neem in plaas van net ’n paar afgevaardigdes of ’n verkleinde kerkvergadering as verteenwoordigers van die kerk;

**(v)** Gelowiges wat in etiese vraagstukke die regte keuses maak dra ’n sterk boodskap van hoop oor aan die wêreld;

**(vi)** Lidmate wat leef uit hulle identiteit in Christus sal met hulle verhaal of storie vir nie-gelowiges meer oortuigend wees van die hoop in Christus as ’n kerklike amp wat ’n boodkskap in die wêreld verkondig;

**(vii)** Lidmate wat ’n eie plek in die gemeente het en in die geloofsgemeenskap warmte en koinonia ervaar, kan ’n boodskap van hoop bring aan ’n koue, rasionele of siniese wêreld;

**(viii)** Deur die amp van die gelowige kan die gemeente omsien na die verskeidenheid van bedieningsbehoeftes van lidmate in ’n wye verskeidenheid kategorieë;

**(ix)** Namate evangelisasie deur verhoudinge en diens die enigste wyse word waarop sekere lede van die gemeenskap bereik kan word sal die rol van die gelowige wat nie in diens van die kerk is nie en nie in enige besondere amp staan nie se rol binne die kerk en veral in die kerk se uitreik na die wêreld verhoog.

Nie-gelowiges moet deur die lewens en verhale van gelowiges getuies wees van ’n evangelie wat binne die konteks van die wêreld elke dag voor hulle geleef word. “The gospel is about the restoring and building of relationships with a holy God and with one another in the body of Christ, as well as with the wider community we serve” (Gibbs en Coffey 2001: 194 & 195).

Om die evangelie op hierdie wyse na die wêreld te bring sal dit nodig wees dat lidmate daarin toegerus en opgelei word deur die kerk. In die gefragmenteerde post-moderne wêreld kan die kerk nie weer 'n Konstantynse greep op die samelewing kry nie. "Instead, it must learn to work as just one piece of the cultural mosaic, but one piece that is called to act as salt, leaven and light, bridging and permeating other pieces of the mosaic" (Gibbs en Coffey 2001: 220). Die "agente" van die kerk wat sout, suurdeeg, lig en brugbouers moet wees in die stukkende samelewing is die gelowiges wat elke dag in hierdie samelewing hulle taak as kinders van die Here verrig.

Die kerk sal homself opnuut moet verbind aan sy apostoliese taak in die wêreld. In 'n wêreld van "discontinuous change" en van paradigma-skuiwe sal die kerk selfs radikale vrae moet stel in sake sy eie identiteit en wyse van optrede in die wêreld. "It is not simply a matter of developing better marketing strategies or presenting an updated image. It demands transforming experience of God and a deeper engagement with Scripture, both in fashioning the internal life of the church and in defining its mission in the world. Churches will need to become genuinely apostolic congregations committed to living out their faith in the world, feeling comfortable operating on the frontlines and prepared to venture into new territory" (Gibbs en Coffey 2001: 172).

In die soeke na die metode van uitreik deur die kerk na die post-moderne wêreld blyk dit dat die lidmaat wat nie in die besondere amp staan nie se rol sentraal is. Die lidmaat sal toegerus moet word vir diens in God se koninkryk. Toerusting alleen blyk egter nie genoeg te wees vir die groot uitdagings waarvoor lidmate te staan kom nie. 'n Meer omvattende verandering sal in die kerk moet plaasvind om voorsiening te maak vir die uitreik vanuit die plaaslike gemeente na die gemeenskap en gebroke wêreld. Hierdie meer omvattende gebeurtenis wat tegelykertyd die kerk en die lidmaat raak word beskryf deur die term "bemagtiging" (Gibbs en Coffey 2001: 23; Van Engen 1996: 100; Hendriks 1997: 36).

As eerste omskrywing van wat onder die bemagtiging van gelowiges verstaan word moet gelet word op die woorde van Fowler (1991: 13): "All are called to serve but all are not called to serve in the same way. We guard against oppression not by reducing all offices to one, claiming equal power and authority for all, but by recognition that every office is a calling to serve. The authority and power of an office, so far as it is an authority and power over people, is used only to *empower these people*, enabling them to serve well in their offices. The use of authority and

power of an office in ways that *disables* others in the exercise of their offices is an abuse of authority and power."

Bemagtiging is dus daardie omvattende aktiwiteit van die kerk waarmee lidmate in staat gestel word om missionêr in die wêreld betrokke te wees. In die vasstelling van wat bemagtiging vir die gelowige beteken is dit nodig om die volgende sake te ondersoek:

1. Die missionêre konteks waarbinne die kerk homself bevind en die gereformeerde raamwerk van hierdie sending van die kerk;
2. Die betekenis van die kerklike amp in missionêre konteks;
3. Die bestaan van 'n algemene "amp" waarin alle gelowiges staan en wat die missionêre waarde daarvan is;
4. Die term "bemagtiging" kan gedefinieër word, eers soos wat dit in nie-teologiese dissiplines gebruik word, en daarna kan die betekenis daarvan in die missiologie ten opsigte van die amp van die gelowige, ondersoek word.

Vir die definiëring van die term "bemagtiging" moet daar buite die woordeskat van die kerk en teologiese veld van ondersoek gesoek word na betekenisse en inhoude. Vir baie dissiplines het "bemagtiging" 'n tegniese term geword met veelvuldige betekenisse met baie voetangels vir die kerk se gebruik daarvan. Alvorens die term "bemagtiging" buite die teologiese dissiplines ondersoek word, moet daar dan eers aandag gegee word aan:

5. Die benutting van algemene of nie-teologiese wetenskappe in missiologie.

**1.7 Slot:**

In die veranderings wat daar tans in Suid Afrika plaasvind sal die kerk baie duideliker die boodskap van hoop deur al sy lidmate op elke terrein van die lewe moet laat hoor. Die wêreld wat'n paradigmaskuif beleef, het die christelike boodskap van hoop nodig want "postmodernity is much less able to deliver to the hopes it creates than modernity was able to rise to the expectations it produced" (Janse van Rensburg 2000: 46). Die post-modernisme se verwerping van die normatiewe boodskap van die Bybel maak dit vir die kerk nodig om sy lidmate beter toe te rus vir die uitdagings van hierdie era. Navorsing oor die plek en rol van gelowiges wat nie in 'n besondere amp staan nie is noodsaaklik in 'n tyd van verandering en sal die kerk se uitvoering van sy roeping en taak om die evangelie aan die wêreld te bring versterk.

# *Hoofstuk 2*

## *’n Eerste Verkenning van die “Missionêre Konteks”*

**Abstract: An exploration of the “Missionary Context”**

The call to “mission” is central for the church. Because of the current experiences of change it is essential that the church should be involved in defining the meaning of “mission” and defining the subjects and methods of mission. The command and promise of Acts 1:8, in the light of the resurrection of Jesus, applied to every believer, forms the background of the Early Church’s understanding of its call to missions. In the empowerment of believers these elements should also play a meaningful role. The context of the early church did not require the defining of an elaborate missions policy, and yet a distinct line of development of such a policy is discernable. The history of missions, though cannot always be described in positive terms because of the fact that the church did not always state its missionary principles clearly. The term “missions” is derived from the church’s doctrine on the Tri-unity of God and the *Missio Dei* that focuses on the redemption of humankind through the mending of the relationship between God and man. “Missions” must reach the whole person in a holistic way to introduce man in all his intricate dimensions to the eschatological hope and redemption in Jesus Christ. “Mission” takes place where the church crosses the boundaries, visible and invisible, between the gospel and the lost world, in such a way that the world may share in the hope that is in Jesus Christ. The “mission” of the church, although complex, must be defined in such a way that it would clearly state the hope and redemption that is in Jesus Christ.

### 2.1 Inleiding:

Tradisioneel is daar onder die term “sending” verstaan die oordra van die geloof in die Drie-enige God, die uitbreiding van sy koninkryk, die bekering van heidene en die planting van nuwe kerke (Bosch 1991: 1). Hierdie byna vanselfsprekende en eenvoudige definisie van wat “sending” is, stel egter in die veranderde tyd en paradigma waarin die kerk met die aanbreek van die derde millenium sy geloof deel, nie meer tevrede nie. Vir die Post-moderne wêreld is “klinkklare, enkelvoudige” antwoorde oor die kerk se taak van uitreik na buite in elk geval nie meer aanloklik of aanvaarbaar nie (Bosch 1979: 3). Omdat “sendingwerk” baie belangrik is sal die kerk hom oor hierdie werksaamheid voor die wêreld moet kan verantwoord sonder om die erns van sy taak en roeping, ter wille van die eise van die wêreld, te verwater.

“Sending” staan van sy ontstaan af vir die kerk sentraal en daarom moet dit voortdurend definiëer en goed omskryf word. “Missions has always been an activity of the church” (Bavinck, JH 1960: xi). Sedert die eerste geslag Christene was die kerk besig om na buite uit te reik met die goeie nuus dat daar in die ongeluk en gebrokenheid van die wêreld hoop is omdat ’n

lewende God Hom na die wêreld gewend het deur die lewe, sterwe en veral die opstanding van sy Seun. Van die aanvang van die kerk se uitvoer van sy sendingopdrag af was dit bedoel om ’n werksaamheid te wees van die kerk in sy geheel. In die voortgesette definiëring van wat "sending" is moet die roeping en taak van elke gelowige, of hy en sy in ’n besondere ampsdiens staan of nie, deurentyd genoegsame aandag kry.

**Gevolgtrekking 2.1:**

Omdat dit so sentraal staan en omdat die konteks waarbinne die kerk werk dit eis is dit noodsaaklik dat die kerk hom voortdurend besig hou met die omskrywing van wat "sending" beteken en wie die subjekte van "sending" is en die metode waarvolgens dit gedoen moet word.

## 2.2 Die Paasgebeure en Pinkster as Dryfkrag van die Getuienis

Van die begin af was daar ’n beweging vanuit die kerk, gerig op die wêreld, met die evangelie as inhoud. "Behind this movement stood the sending out of witnesses that took place in the Easter appearances and that was reinforced by the Spirit" (Goppelt 1982: 5). Na die opstanding van Jesus en die koms van die Heilige Gees was dit vir die dissipels onmoontlik om nie op ’n spontane dog gedrewe wyse getuies te wees van hierdie gebeurtenisse nie (Hd 4:20). Na sy hemelvaart het Jesus se dissipels, anders as byvoorbeeld die Esseners, hulleself nie van die samelewing onttrek nie, maar het hulle eerder na die hoofstad, Jerusalem verhuis. Die dissipels wou, in navolging van Jesus, deur Jerusalem die hele Israel bereik (Hand 1:4; 8:1). Die getuienis oor Jesus kon egter nie ingeperk word tot een volk alleen nie en van die begin af is die oorvertel van wat Jesus gedoen het nie net in Jerusalem gehoor nie maar ook in Judea en Galilea (Hand 9:31; Gal 1:22). Na die diaspora van die kerk, wat aangebreek het met die groot vervolging in Jerusalem, het die evangelie juis vinniger uit Jerusalem versprei oppad na "die uithoeke van die wêreld" (Hand 8:1). Die boodskap is baie gou wyd bekend want "sendingwerk" was nie net gedoen deur die twaalf apostels nie maar "traveling missionaries also were soon involved. The only explanation for the rapid spread of the mission is that every disciple became a missionary witness in his or her own setting" (Goppelt vol II 1982: 5). Elke gelowige en nie net die spesiaal ingeseëndes nie, was ’n getuie van die goeie nuus van die opgestane Christus.

- **Die Sentrale plek van Matteus 28:18 – 20 en Handelinge 1:8 in die Vroeë Kerk se verstaan van sy Getuienistaak**

Matteus 28:18 - 20

"The resurrection narrative comes to its climax, as does the entire Gospel, in this its final and majestic pericope" (Hagner 1995: 881). Dit is in die laaste woorde van Jesus in die Matteus-evangelie wat die uitkyk en die klem wat die hele Evangelie wil laat beklemtoon op sy suiwerste aanbied. Hierdie perikoop kan selfs beskou word as die sleutel waarmee die hele Evangelie ontsluit word. Die laaste perikoop sluit nie net die vertelling van die paasgebeure rondom Jesus se lyding, sterwe en opstanding af nie. Dit sluit die hele boek af want dit beklemtoon die gedagtes van gesag en van lering – sake wat regdeur die Evangelie beklemtoon is (Hagner 1995: 881). Met die verbintenis van 'n opdrag aan die kerk rondom Jesus se paasverskynings sluit Matteus aan by ander skrywers. "According to all of the Easter accounts, the appearances were combined with a commisioning of the disciples" (Goppelt 1982: 243). Hierdie opdrag kan meestal verdeel word in drie dele, naamlik: 'n Stelling van Jesus se gesag en verhoging na sy opstanding, die opdrag self gevolg deur 'n belofte van teenwoordigheid en ondersteuning (Goppelt 1982: 244; Hagner 1995: 882). Die gesag van Jesus verleen gesag aan die dissipels om die opdrag te kan uitvoer. Hierdie verband word aangedui deur die invoeg van die woordjie ουν. "Jesus' authority (v18) and his presence (v20) will empower his disciples to fulfill the commission He now gives them" (Hagner 1995: 886). Die opdrag van Jesus moet aan die dissipels gesag verleen en aan hulle vertroue gee om die wêreld met die boodskap te kan bereik. Die rol wat die paasgebeure in die uitreik na die wêreld speel is baie groot. "The resurection serves as a vindication of the words and deeds of Jesus during his ministry. Now the resurrected (not resuscitated!) Jesus who appears before the disciples is one who partakes of a new order of excistence and who here anticipates his glorious exaltation … at God's right hand … and indeed the parousia itself" (Hagner 1995: 886). Die opstanding van Jesus is tegelykertyd die aanvang van sy regeringstydperk – 'n regering wat sal duur tot die einde van die wêreld, wat aanbreek wanneer die eskatologiese vervulling van die geskiedenis aanbreek. "This is probably the earliest understanding of Easter, corresponding to what the first witnesses to the resurrection experienced: the one who was scorned by the entire world and died a martyr's death has been exalted by God to reign the heaven; he will one day return, at the inauguration of God's Kingdom" (Schweizer 1984: 529). Dat hierdie komende koninkryk nou alreeds aanbreek met Jesus se laaste woorde kan moontlik afgelei word uit die feit dat Matteus in sy vertelling aansluit

by ’n genre wat herinner aan ’n troonbestygingsvertelling. “Clearly our passage resembles both enthronement (presentation, proclamation, acclamation) and commissioning narratives. Yet it fits no specific literary genre *exactly*. … Although the present pericope has some relationship to Dan 7, the contents are not extensive enough to warrant Schaberg’s characterization of it as a midrash on that passage” (Hagner 1995: 883). Dan 7:13 – 14 bied wel belangrike agtergrondmateriaal vir die begrip van die heilsgeskiedenis. Die Paasgebeure bied egter ’n nuwe basis vir die voortsetting van hierdie geskiedenis. (Hagner 1995: 886).

“It is not easy to determine how early the notion of proclaiming this reign and institutionalizing it became associated with the resurrection. … Undoubtedly, witnesses to the resurrection, probably from the very first day …, understood their encounter with the Lord as including a commission to proclaim his resurrection to others. It is undoubtedly trus that a long and bitter struggle was fought in the primitive community before the idea of the gentile mission was accepted” (Schweizer 1984: 529). Goppelt is van mening dat die opdrag aanvanklik nie ’n universele uitreik met die evangelie was nie. “Originally, the content of the commission was certainly not the universal mission of evangelism …, but assuredly only the commission to bear witness to all concerning Jesus’ exalation to the Christ, and to do so as his authorized representatives, i.e., as apostles” (Goppelt 1982: 244). Hagner (1995: 887) is egter wel seker dat dit hier gaan om ’n universele evangeliseringsopdrag. Na die opstanding van Jesus word vir die eerste keer die beperking dat die evangelie net aan Israel gebring moet word, opgehef. Die sending na die heidene speel regdeur die Evangelie ’n belangrike rol. As bewys hiervan haal Hagner aan die verwysing na Abraham (1:1), die gebeure rondom die wyse manne uit die ooste (2:1-12), die offisier (8:5-13) en die genesing van die dogter van die Kanaänitiese vrou (15:21-28). Die opdrag om na die heidene uit te reik is aanvaar en deur die vroeë kerk wel uitgevoer. “The problem of the slowness of the early church to engage in the evangelization of the Gentiles is no necessary obstacle to the historicity of these words of commission” (Hagner 1995: 887). Dit is moontlik dat die vroeë kerk aanvanklik geglo het dat Israel eers bereik moet word voordat daar na die ander nasies toe uitgereik kan word. Schweizer (1984: 530) bevestig dat daar in die woorde en optrede van Jesus en selfs in dié van die fariseërs (23:15) genoegsame rede is om te aanvaar dat Jesus wel ’n sending na die wêreld in die oog gehad het. “Verse 19a would therefore not be impossible for the period emmidiatly after Easter” (Schweitzer 1984: 530).

In die opdrag wat Jesus gee lê die klem nie soseer op die opdrag om te “gaan” nie maar eerder op die taak wat die apostels het om dissipels te maak. “Unquestionably ‘make disciples’ contains

the main verb, to which everything that precedes and follows is subordinate (literally: 'going … baptizing … teaching …')" (Schweizer 1984: 532). Dit waarmee daar 'n aanvang geneem moet word is nie soseer net die oorvertel van die paasgebeure rondom Jesus se lyding en sterwe nie, maar die klem lê op "the arduous task of nurturing into the experience of discipleship, an emphasis that is strengthened and explained by the instruction 'teaching them to keep all that I have commanded' in v 20a" (Hagner 1995: 887). Die fokus is by Matteus nie soseer die bereik van die wêreld met 'n boodskap van Jesus se opstanding nie, as wat dit is die totstandkoming van 'n nuwe gemeenskap wat die leer van Jesus aan mekaar so oorvertel en moderleer dat elke lid van hierdie gemeenskap beskou kan word as 'n dissipel van Jesus, die Koning. Die totstandkom van hierdie gemeenskap is universeel. "The universal authority of Jesus is the basis of the universal mission of the church" (Hagner 1995: 887).

Handelinge 1:8

Na die opstanding van Jesus het die kerk die belofte ontvang dat die Heilige Gees se koms van die disspipels van Jesus "getuies" sou maak "tot in die uithoeke van die wêreld". "The *key event* which preceded the establishment of the church was the resurrection of Jesus" (Guthrie 1981: 732). "The *critical event* in the launching af the Cristian community was undoubtedly Pentecost … The power of the Spirit was promised for witnessing to Jesus throughout the world (Acts 1:8). But the disciples are not said to have discussed any mission plans. When they started their witnessing it happened spontaneously" (Guthrie 1981: 733). Die getuienis geskied in die δυναμιs wat Jesus aan sy dissipels beloof. Hierdie krag is die δυναμιs wat die Gees gee en dit is, "that supernatural power by wich miracles were wrought and the preaching made effective" (Bruce 1953: 71). "The Spirit which conferred miraculous power was a *sine qua non* for the mission" (Haenchen 1971: 143).

Hand 1:8 word deur die kerk begryp as tegelykertyd 'n opdrag en 'n belofte aan die kerk in sy geheel en nie net aan die apostels of ander ampsdraers nie. Die voortstu van die boodskap dat Jesus gesterwe het, weer uit die dood uit opgestaan het en die boodskap oor die koms van die Gees is gedra deur die opdrag in Hand 1:8. Hierdie teks staan sentraal in die verstaan van dit wat die vroeë kerk begryp het van sy taak rondom die uitdra van die evangelie. "It defines for the Church the terms of its commission (the Apostles are only the Church's representatives, hence they may stay quietly in Jerusalem and allow Paul to carry on the main mission). As Acts presents it, the Christian Church is a *missionary* Church" (Haenchen 1971: 144).

Hand 1:8 kan gesien word as ’n opsomming van die vertelling wat gaan volg in die res van die boek. Hoofstukke 1 tot 7 vind plaas in Jerusalem, hoofstukke 8 en 9 gebeur in Judea en Samaria en hoofstukke 10 tot 28 neem die leser stap vir stap van Sesarea tot by Rome, die sentrum van die Ryk wat stryk “tot in die uithoeke van die wêreld” (Bruce 1953: 71). Die opdrag gegee in hierdie teks was bedoel vir die hele kerk en van vroeg af het die kerk meer gehad as net spesiale geroepenes en begaafdes, wie se taak dit was om die evangelie na die heidendom uit te dra. Die rede vir die vinnige groei van die boodskap oor Jesus Christus was juis nie gesetel net in die ywer van spesialis gestuurdes nie. “Apart, however, from these special workers, the Chrurch could count on the anonymous and unchronicled witness of all the faithful. What is clear is that every Christian was a witness” (Neill 1964: 24). Hierdie toedrag van sake kan toegeskryf word aan die feit dat elke gelowige Hand 1:8 op hom- of haarself toegepas het na die ontvangs van die belofte van die Gees, waaroor dit in hierdie woorde van Jesus gaan.

Vir die kerk in die veranderende wêreld kan insig in die vroeë kerk se sendingbegrip van waarde wees vir die uitreik na mense wat as gevolg van paradigmaskuiwe skepties of selfs negatief staan teenoor die kerk in sy institusionele gewaad. “Finding themselves marginalized in the context of a pluralistic world, churches today increasingly resemble those of the first three centuries of the Christian movement, prior to the conversion of Emperor Constantine. In the Roman world the communities of believers had neither social prestige nor political influence. They owned no property. They were a movement, not an institution” (Gibbs en Coffey 2001: 212). Die post-moderne kerk moet besef dat die kerk in sy eerste gestalte ’n beweging in die gemeenskap was sonder magte en regte en dat dit ondanks hiervan steeds lig, suurdeeg en sout vir die wêreld was. In die tyd van groot paragdigmaskuiwe na die demokratiese verkiesing in Suid Afrika verloor die hoofstroom kerke, soos in die res van die wêreld, al hoe meer sy tradisionele inspraak in die samelewing waarvan hy deel is. “Statistiek gee ’n anduiding dat die kerk in ons land in ’n afbreekfase verkeer; dit verloor lidmate en vervlak sedelik-moreel. Die gevestigde kerke bevind hulle skielik in ’n sekulêre staatsbestel. Volksgodsdiens en kultuurkerk versand” (Hendriks 1997: 33). Hendriks (1997: 29) is dit daarmee eens dat die kerk van ’n institusionele karakter moet wegbeweeg daarna toe om ’n beweging in die gemeenskap te wees. Hy sê: “In ’n gesekulariseerde wêreld is dit belangrik dat die kerk homself al hoe meer sal verstaan as ’n liggaam met ’n sending.” Lidmate moet geleer en begelei word om soos gelowiges in die tyd voor Konstantyn hulle plig en roeping besef het, vandag as deel die missie van die kerk, hulle geloof in die wêreld uitleef. Bemagtiging sal daarop moet fokus dat die kerk gelowiges begelei

na ’n bestel waarin elkeen in die geloofsgemeenskap ’n besonderse taak of rol vervul in die uitdra van die evangelieboodskap.

**Gevolgtrekking 2.2:**

Die opdrag en belofte van Hand 1:8, teen die lig van die opstanding van Jesus en toegepas op elke gelowige, vorm die agtergrond waarteen die Vroeë Kerk sy sendingtaak begryp het en moet in die bemagtiging van lidmate ’n sentrale rol vervul.

## 2.3 Die Vroeë Kerk se nadenke oor "Sending"

Die inhoud van die boodkskap wat deur die kerk uitgedra is, word deur beide Guthrie (1981: 736), Ladd (1974: 329) en CH Dodd, in ses hoof momente saamgevat. Die preke van Petrus is die hoofbron waaruit afgelei kan word dat die inhoud van die kerugma gefokus het op (i) die vervulling van voorafgaande profesieë, (ii) dat Jesus gesterf het maar weer uit die dood uit opgestaan het, (iii) die verhoogde Christus wat sentraal is in die toekoms van die kerk, (iv) die vaste geloof dat die Heilige Gees deur die kerk in die wêreld getuig, (v) die huidge bedeling vervang sou word deur die wederkoms van Christus, wat op hande is, en (vi) die oproep van mense om hulle te bekeer en te glo en verlossing te ontvang. "Each of the significant events in Jesus' life and ministry was interpreted in the light of the Old Testament prophecies concerning the dawning of a messianic age" (Gibbs en Coffey 2001: 200). "More recently, a number of New Testament scholars have argued that CH Dodd made the kerygma far too wooden and fixed, not withstanding the fact that the key elements must always stand at the heart of the gospel" (Gibbs en Coffey 2001: 201). Nêrens word daar as deel van die evangelie ’n beroep op mense gedoen om hulle by die kerkgemeenskap aan te sluit nie. "There is no question at this stage of a fixed creed, but it is not unreasonable to expect that there was general agreement among believers regarding the tenets of their faith" (Guthrie 1981: 736).

Die kerk, in die ywer om die hoopvolle boodskap van God se liefde te laat hoor, het aanvanklik nie nodig gehad om baie na te dink oor die spesifieke inhoud en metode van sy uitreik na die wêreld nie. Missionêre aktiwiteite was voortgestu deur kragtige impulse en persoonlike oortuigings. "The ancient church conducted missionary work as though it were self-explanatory" (Bavinck, JH 1960: xi). "Sending" was vir die begrip van die vroeë kerk ’n opdrag van Christus en dus is dit sonder verdere vrae en teorieë uitgevoer (Guthrie 1981: 736).

Opmerkings wat sou kon geld as “sendingteorie” of “-metodiek” is slegs op ’n *ad hoc* basis gemaak wanneer daar voor spesifieke uitdagings of probleme gestuit is. Die vraag of heidene, saam met Jode, ook deel kan hê aan die kerk was byvoorbeeld een van die eerste uitdagings wat aan die kerk se sendingwerk gestel is. Die boodskap van die kerk het so uitgekring dat daar nie net Joodse gelowiges was nie maar dat daar selfs ’n hele heidense gemeente in Antiogië ontstaan het. Die gemeente in Antiogië word later die moederkerk van die nie-Joodse Christendom (Goppelt vol II 1982: 15).

In die probleem wat hieruit vir die kerk ontstaan speel Hand 1:8 weer ’n vername rol. In Lukas se plasing van Jesus se woorde in dié teks kan dit geïnterpreteer word as die kerk se nadenke oor Jesus se antwoord op die dissipels se vraag in Hand 1:6 oor die oprig van die “koninkryk vir Israel”. “Hence the other problem posed by the the disciples question of verse 6 is also resolved: the world-mission here decreed presupposes that salvation is not restricted to Israel” (Haenchen 1971: 144). In die nadenke oor die boodskap van die koninkryk van God is hiermee die eerste grens tussen kerk en wêreld oorgesteek met die besef dat die evangelie nie net vir die Jode bedoel is nie maar vir die hele wêreld. Die uiteindelike oorsteek van die grens van ’n uitsluitlik Joodse Christendom na ’n Christendom wat heidense gelowiges insluit word later meer volledig deur Lukas beskryf in Hand 10:1 – 11:18, met die bekering en doop van die onbesnede Kornelius. Vir die kerk in Jerusalem was die oorsteek van hierdie grens egter steeds ’n probleem. Petrus regverdig later sy gedrag voor die geloofsgemeenskap in Jerusalem met die woorde: “Hulle het net soos ons in die Here Jesus Christus geglo, en God het aan hulle ook dieselfde gawe as aan ons gegee. Wie was ek dan om God te probeer verhinder?” (Hand 11:17). Hiermee is die nadenke oor die kerk se roeping om die evangelie na die heidene te bring gevestig en sou die boodskap ook na hulle geneem kon word.

Vir die vroeë kerk was dit hierna moontlik om te werk sonder om te veel verder na te dink oor ’n “sendingteorie” aangesien daar meestal net in die eie konteks en kultuur van die Romeinse Ryk gewerk is. Paulus het volgens Ridderbos (1975: 433) later ’n meer ontwikkelde siening van wat die sendingtaak van die kerk behels. Die evangelie wat die kerk dra bring in die “hele wêreld vrug” voort en versprei al hoe verder (Kol 1:6). Hierdie evangelie word aan alle mense op aarde verkondig (Kol 1:23). Die sleutel in Paulus se missionêre denke is trouens juis die deurbraak dat die evangelie aan al die nasies verkondig kan word (Rom 1:16; 3:22vv.; 15:9vv.), die algemeenheid van die kerk is ’n gegewe (Gal 3:28; Kol 3:11; 1 Kor 12:13), daar is geen ruimtelike grense te stel aan die evangelie of aan die kerk nie, en alles wat die kerk doen moet

meewerk tot die “*pleroma*, the full number intended by God both of Jews and gentiles (Rom 11:12, 25), a perspective with which for Paul also the end of history coincides (Rom 11:25, 26)” (Ridderbos 1975: 433).

Sy sendingstrategie beskryf Paulus in Rom 15:18 en 19: “Ek sal dit nie waag om oor iets anders te praat as oor wat Christus deur my tot stand gebring het om heidennasies aan God gehoorsaam te maak nie. Dit het Hy deur my gedoen met woord en daad, deur kragtige tekens en wonders, in die krag van die Gees van God. En so kon ek van Jerusalem af al verder tot in Illirikum my taak om die evangelie van Christus te verkondig, ten volle uitvoer.” “This grandiose plan is also the sole key to the understanding of Paul’s missionary strategy” (Bornkamm 1975: 54). As fondasie van sy prediking word die aanvanklike inhoude van die evangelie, soos gevind in die toesprake van Petrus steeds gevind. “The basis of this tremendous plan of Paul’s was faith in Jesus Christ the crucified, whom God exalted as Lord over all, whose lordship endures until the imminent end, when at his comming he is to deliver it to God” (Bornkamm 1975: 55). Paulus behou die vroeë basis van die kerk se nadenke oor “sending” en brei dit verder uit.

In die tyd van Paulus was daar egter alreeds sprake van ’n agteruitgang in denke rondom die sendingtaak van die kerk. Die spontane, ywerige betrokkenheid van elke gelowige by “sending” was nie meer so vanselfsprekend nie. Keer op keer moet gelowiges wat reeds tot verlossing gekom het, aangemoedig word om die taak van die uitdra van die evanglie as hulle eie te beskou en self deel te neem aan die verspreiding daarvan. Die kerk help nie net die werk aan deur die apostel te ondersteun in sy werk nie maar moet self in woord en daad betrokke wees by die uitdra van die verlossende boodskap van Jesus, die *Kurios*. Die gedagte dat daar ’n onderskeid kan bestaan tussen die sendingroeping van die lidmaat en die spesiaal afgesonderde ampsdraer het vroeg reeds die gang van die evangelieboodskap bedreig. Gelowiges wat nie in ’n besondere ampsbediening geroep is nie het die uitdra van die evangelie gemaklik aan slegs die besondere ampte begin oorlaat. In terme van die hele gemeente se betrokkenheid by die kerk se sendingtaak het Paulus dit bevestig dat die kerk ’n algemene roeping het om in sy elke dag se lewe besig te wees deur met goeie optrede voor mense, die evangelie te bevorder (Ridderbos 1975: 434). “Along with this, however, there is a more direct, deliberate missionary calling of the church. The church is indeed stirred up to imitate the apostles and Christ (1 Cor 4:16; 11:1; 1 Thess 1:6)” (Ridderbos 1975: 434).

Alhoewel daar tussen die eerste dade van "gedrewenheid" van die kerk se uitvoering van sy sendingtaak en Paulus se briewe duidelike vordering is in die kerk se nadenke oor "sending" is daar steeds nie 'n uitgewerkte "sendingteologie" nie. Paulus het 'n belangrike bydrae gelewer maar daar is by hom nie sprake van 'n "completed missionary 'theology'" nie (Ridderbos 1975: 433).

Groter uitdagings is later aan die sendingwerk van die kerk gestel met die oorsteek van die grense na die noorde van Europa wat buite die bekende en vertroude gebruike van die Romeins-Hellenistiese wêreld was. "Here the missionary encountered a form of heathenism that often verged on savagery and barbarism" (Bavinck, JH 1960: xii). Selfs in hierdie tyd van nuwe uitdagings was daar nog steeds nie sistematies nagedink oor die missionêre werk van die kerk nie en was gedagtes oor hierdie werk steeds net die "terloopse" vermeldings deur skrywers en teoloë van dié tyd. "… missionary practices are always prior to theological reflections" (Yang 2005: 43). Daar was in hierdie tyd nie 'n skrywer wat in 'n groot mate gepoog het om "sending" sistematies te beskryf of te definiëer nie. Eeue later sou die "ontdekking" van nuwe wêrelddele en die kolonialisasie van veraf lande en kontinente nog meer nuwe uitdagings stel aan die kerk om aan die mense van die nuwe wêreld die, toe reeds eeue oue boodskap van God se Seun, te bring. In hierdie nuwe era is nog meer uitdagings aan die kerk se werk gestel en al hoe meer vrae het ontstaan oor die kerk se sendingpraktyke. Dit het toe nodig geword om dieper hieroor na te dink en gedagtes te formuleer van wat "sending" is en hoe dit deur die kerk gedoen moet word.

**Gevolgtrekking 2.3:**

Die konteks waarbinne die Vroeë Kerk gewerk het, het nie geverg dat die kerk baie aandag aan 'n volledige sendingbeleid gee nie en tog was daar duidelike trekke van 'n ontwikkeling in die kerk se siening van hierdie taak.

## 2.4 Evaluasie van die Kerk se Sendingpraktyke

In die nadenke oor die kerk se missionêre arbeid in die wêreld word daar gevind dat alles wat in die geskiedenis rondom die uitreik met die evangelie gebeur het nie altyd net goed was nie. Bosch (1991: 5) dui aan dat onsuiwere motiewe soos die diensbaarheid aan imperialisme, selfs ekklesiologiese imperialisme, valse kulturele motiverings en die oorromantisering van besoeke

aan veraf eksotiese lande en mense by menige sendinguitreik die dryfveer was. Kerkplanting, filantropiese opheffingswerk of die verkondiging van 'n individualistiese oorvereenvoudigde verlossingsleer en selfs ontvlugting uit die "tuisland" van die sendeling het volgens Bosch (1991: 5) die arbeid op die sendingterrein dikwels gemotiveer en bepaal. Die uitkomste van hierdie werk was daarom nie altyd na wense nie. "An inadequate foundation for mission and ambiguous missionary motives and aims are bound to lead to an unsatisfatory missionary practice" (Bosch, 1991: 5). Die behoefte om na te dink oor die kerk se standpunte rondom "sendingwerk" het al hoe dringender geword.

'n Behoefte het in die kerk self ontstaan om sistematies na te dink oor sy taak om die evangelie te neem na die uithoeke van die wêreld. Die noodsaaklikheid om verantwoordbaar na te dink oor "sending" is **eerstens** onderstreep deur die wêreld waarbinne die kerk sy werk doen (Bosch, 1991: 5). Berkhof (1979: 362) merk dat die kerk 'n drie-voudige karakter het. Vir byna twee millenia was die kerk se werk gedomineer deur twee aspekte van sy karakter, naamlik die institusionele en pas voor die Reformasie het die tweede aspek, die "gemeenschapsaspect", tot ontwikkeling gekom. Die derde aspek van die karakter van die kerk, naamlik die gerigtheid op die wêreld, het ontwikkel, "eerst door de koloniale expansie van Europa en daarna door de ontkerkelijking in Europa" (Berkhof 1979: 362). Hierdie derde karaktertrek het eers na die Tweede Wêreldoorlog in die vorige eeu begin om werklik sy regmatige plek in te neem in die nadenke oor die werk van die kerk. Die "ontkerstening" van die westerse wêreld en 'n meegaande afwysing van die christelike boodskap, die vinnige vooruitgang van wetenskap en tegnologie, die aggressiewe proselitering deur die sogenaamde groot wêreldgodsdienste, die kerk se historiese betrokkenheid by imperialisme en die eksploitering van mense en die gevolglike weerstand teen christene en die kerk se boodskap, bring alles mee dat die kerk sy metodes moes ondersoek van hoe hy die boodskap van hoop, wat daar is in Jesus Christus, aan 'n stukkende en hoopverlore mensdom sal bring.

Die nuwe nadenke oor sending handel egter nie net oor metodes nie. "The loss of confidence in previously entrenched certainties, coupled with a growing suspicion of the institutions build around those certainties, has led to a new openness to explore alternative explanations of the world of experience" (Gibbs en Coffey 2001: 34). Hierop sal nuwe metodes alleen nie 'n antwoord bied nie. Die motivering – die hart – van waarom sendingwerk gedoen word moet ondersoek word. "The confidence of the witness must be in Christ alone and not in religious institutions or in the impregnability of a Christian apologetic" (Gibbs en Coffey 2001: 34). Vir

die wêreld is daar nie meer klinklare antwoorde op lewensvrae nie en daarom het netjies verpakte en goed uitgewerkte dogmatiese antwoorde staties geword en is dit volgens die wêreld se oordeel uit pas met die behoeftes van die dag. Die gemeentes sal in die post-moderne tyd al hoe moeiliker die evangelie deur die tradisionele konfrontasie-modelle van die wêreld kan versprei. Daar is steeds plek en ruimte vir die vorige modelle van evangelisasie maar die effek daarvan in die gemeenskap neem af. Mense wil nie meer evangelie langs hierdie weg hoor nie en bownedien dra dit moontlik by tot stereotipering van die kerk en die christelike boodskap as veroordelend en onverdraagsaam. Deur kontak uit die verlede met die kerk se konfronterende wyse van evangeliseer het mense letsels opgedoen wat hulle van die boodskap van hoop vervreem (Gibbs en Coffey 2001: 192). Vanuit sy huidige konteks is dit daarom vir die kerk baie belangrik om sy missionêre roeping behoorlik te deurdink. Daar moet veral deeglike aandag geskenk word aan veral die plaaslike gemeente en die rol wat lidmate wat nie in die besondere amp staan nie in die uitvoer van hierdie roeping moet speel. Deur die eise wat die wêreld aan die metodiek van die kerk stel blyk dit dat dit vir die kerk beter sal wees om die boodskap van hoop in die gemeenskap te laat uitdra deur gelowiges wat nie in ’n besondere amp staan nie. Hierdie gelowiges sal egter bemagtig moet word deur die kerk en deur mede broers en susters om die werk te kan doen. “There has been a swing away from confrontational approaches towards relational ones, which has in turn highlighted serious problems. Many Christians are in contact with few non-Christians whom they feel comfortable sharing their story and explaining the gospel. The lone-ranger, entrepreneurial approach is inadequate and needs to be replaced by teams and communities of witnesses scattered and strategically placed in the many segments of our fragmented post-modern world” (Gibbs en Coffey 2001: 190). In plaas van indiwiduele, stellige, statiese antwoorde wat die evangelie rasioneel oordra wil die wêreld iets van die betekenis van die evangelie in die elke dag se lewens van christene toegepas sien. Hiervoor moet die plaaslike gemeente sy sendingstrategie in die gemeenskap herdink en aan die gelowige wat nie in die besondere amp staan nie, nie net sy regmatige plek toeken nie, maar hom of haar bemagtig om hierdie plek te kan volstaan in die lewe buite die mure van die weeklikse eredienste.

Die behoefte na ’n sistematiese nadenke oor die gestuurdheid van die kerk word in die **tweede** plek deur die kerk se eie interne praktyke gebied (Bosch, 1991: 6). Die woord “sending” het in die kerk ’n oorwerkte term geword wat deur elkeen wat dit gebruik gevul word met inhoude eie aan die agtergrond en gedagte van die gebruiker daarvan. “Sending” kan daarom enige iets beteken van die gestuurde, die senders, die plek waarheen gestuur word, die metode van werk,

die organisasie waarvoor gewerk word of die dienste wat gelewer word aan die persone na wie die sendeling gestuur is (Bosch 1991: 1). Gelowiges moet daartoe begelei word om die betekenis van die kerk se roeping in die gemeenskap opnuut weer te begryp. In die lig van die ontsaglike groot uitdagings wat daar aan die kerk in die nuwe millenium gestel word sal gelowiges dit vertroostend vind dat hierdie groot opgaaf op sy of haar skouers alleen rus nie. Gelowiges moet leer dat die primêre "sendeling" in die gemeenskap nie die een of ander indiwidu of indiwidue, wat hulleself dikwels nie bekwaam genoeg ag om die werk te doen, is nie maar dat die draer van die boodskap van hoop die hele gemeente of geloofsgemeenskap is. Dit is nie noodwendig hoe lidmate die rol van die gemeente in sending sien nie want "the fact remains that in the mind of many church members *church* and *mission* are seen as distinct and sometimes conflicting ideas" (Van Engen 1991: 28). Gelowiges moet dit opnuut geleer word dat daar geen deelname aan die gawes van Christus kan wees as daar nie deelname is aan sy sending in die wêreld nie. "We cannot understand mission without viewing the nature of the Church, and we cannot understand the Church without looking at its mission" (Van Engen 1991: 30). Wanneer daar in hierdie sin van die kerk se sendingtaak gepraat word is dit nie die kerk in meerdere verband alleen nie maar sluit dit juis die plaaslike gemeente in. Sedert die sewentigerjare van die vorige eeu het al hoe meer stemme opgegaan ten gunste van 'n nuwe waardering vir die plaaslike gemeente se identiteit as basis vir die kerk se uitvoering van God se sending. Daar is geen ander manier waarop 'n sekulêre gemeenskap beter bereik kan word as die voorbeeld wat die plaaslike gemeente vir die gemeenskap voor-leef nie. In hierdie sin is die plaaslike gemeente die vertaler en interpreteerder van die evangelie in 'n praktiese en konkrete taal binne 'n vaste konteks. "It is precisely because of being part of the universal Church that the local congregation is in mission, and as it lives out its *missionary* nature the local congregation discovers itself emerging to become the Church" (Van Engen 1991: 33). Die plaaslike gemeente sal, om sy invloed in die samelewing na behore uit te oefen die nuwe klem wat daar geplaas word op die rol van die gelowige in sending op so 'n wyse moet verdiskonteer dat gelowiges die gemeenskap kan bereik met die boodskap van nuwe lewe in Jesus Christus. "Sending" 'n aktiwiteit wat ver verwyderd van die gemeente deur slegs 'n groepie "sendingvriende" kruis-kultureel beoefen word nie. "Sending" maak deel uit van die wese van kerkwees. "Sending" is nie 'n statiese, klaar gedefiniëerde begrip nie maar maak deel uit van die dinamiese interaksie tussen die kerk en die wêreld. In die nadenke oor die kerk se sendingpraktyk het die plaaslike gemeente en die rol van gelowiges wat nie in die besondere amp staan nie, nie altyd die nodige aandag gekry nie. Sonder hierdie elemente kan daar egter nie sprake wees van 'n Bybelse definisie van wat "sending" is nie.

Dit is vir hierdie redes noodsaaklik dat dit uitgespel word wat daar in hierdie studie aanvanklik veronderstel word wanneer daar van “sending” of die “missionêre” taak van die kerk gepraat word.

**Gevolgtrekking 2.4:**

Die kerk het nie altyd sy sendingwerk goed begrond nie en daarom is alles uit die kerk se sendinggeskiedenis nie net positief nie.

## 2.5 Die Term “Sending”

In die kerk was die term “sending”, van die Latyns “missio”, nie van meet af aan gebruik as ’n aanduiding van die aktiwiteite rondom die uitdra van die evangelie na die wêreld toe nie. Tot en met die sestiende eeu was die woord “missio” slegs in die leerstellings rondom die Drie-eenheid gebruik om die “gestuurdheid” van die Seun deur die Vader en die “gestuurdheid” van die Gees deur die Vader en die Seun aan te dui (Bosch 1991: 1). In die sestiende eeu het Jesuïtiese priesters vir die eerste keer die term “missio” gebruik om hulle eie arbeid, om die christelike geloof te versprei aan almal buite die Rooms Katolieke Kerk, mee te beskryf (Bosch 1991: 1). ’n Definisie op grond van die herkoms van die term alleen sou dus kon wees dat “sending” gelyk is aan die oordra van die goeie nuus oor die “gestuurdheid” van Jesus Christus en die Heilige Gees aan diegene wat dit nog nooit vantevore gehoor het nie, om so die hoorder oor te haal om sekere waarhede van Jesus as Verlosser te glo en deel te word van die geloofsgemeenskap van die boodskapper.

Die positiewe van hierdie definisie is dat die werk van die kerk hierdeur gegrond word in die lig van die sending van die Drie-enige God of die *Missio Dei*. Die negatiewe is egter dat die sendingtaak van die kerk veel meer omvat as net die “kerugmatiese” oordra van ’n boodskap van hoop met ’n uiteindelike oproep tot lidmaatskap van ’n kerk of kerkgenootskap (Kritzinger, JJ 2002: 3). “Sending” gaan oor meer as net die verbale. “It includes (at least) two other dimensions also, namely the loving serving of those in need (*diakonia*), and the planting and building up of community (*koinonia*)” (Kritzinger, JJ 2002: 3). “Sending” moet die gestuurdheid beskryf van die hele kerk na die wêreld in laasgenoemde se totale gebrokenheid. In die term “sending” word iets beskryf van die holistiese “verhouding tussen kerk en wêreld in die lig van die evangelie” (Bosch 1979: 10). “Mission takes place where the church meets the

world" (Kritzinger, JJ 2002: 4). In navolging van Stephen Neill definiëer Van Engen (1991: 28) "sending" as "the intentional crossing of barriers from Church to non-church in word and deed for the sake of the proclamation of the Gospel." Die aansluiting slegs by die *Missio Dei* gee nie uitdruklike aanduiding daarvan dat die hele kerk, amptelik en nie-amptelik, by hierdie werk betrokke is nie. Daar kan geen kontras wees tussen "sendingwerk" aan die een kant en die "gewone kerkwerk" aan die ander nie. Alles in die kerk is egter nie sendingwerk nie. Die opbou na binne, die liturgie en liefde in die geloofsgemeenskap is alles voorbereiding vir die latere ontmoeting tussen kerk en wêreld. "What we do say is that everything in the church does have a *missionary dimension*, even if not everything has a missionary *intension*" (Kritzinger, JJ 2002: 4). "Die kerk is nie in sy totale bestaan sending nie, ewe min is alles wat die kerk doen, net sending, maar in die bestaan van die kerk, soos trouens ook in alles wat die kerk doen, is daar 'n duidelike en onmiskenbare sendingdimensie" (Heyns 1989: 441). Hierdie sendingdimensie kan omskryf word as die kerk se getuienis in sake God se liefde en hoop vir die wêreld in alles waarmee die kerk besig is. In die definisie vir "sending" moet die menslike subjek van sendingwerk so omskryf word dat elke gelowige sy of haar taak en roeping in die werk van die kerk in die wêreld kan besef. "Toegespits beteken *wêreld* 'die mens in sy nood om God'. Na hierdie wêreld en vir hierdie mens moet die heil uitgedra word" (Heyns 1989: 442). Hiervoor het God sy Seun, sy Gees en sy kerk na die wêreld gestuur.

Sending geskied vanuit die *Missio Dei* en is daarom gerig op die hele mens se heelwees. "So is Christus die gestuurde wat weer op sy beurt die dissipels stuur" (Smit JH Sept 1989: 551). "Ons kan ook sê: God die Vader stuur die Seun en die Gestuurde stuur saam met die Vader, die Heilige Gees; en saam met die Seun stuur die Gees die kerk die wêreld in" (Heyns 1989: 444). Die *Missio Dei* is dus eerder *Missio Trinitatis* en die *Missio Trinitatis* lei tot die *Missio Ecclesiae* en is die diepste grond vir die kerk se sending in die wêreld.. Die gestuurde kerk bestaan uit alle gelowiges wat die boodskap van hoop self ter harte geneem het. Soos in die vroeë kerk bestaan daar vandag steeds die gedagte dat die roeping van die kerk om die wêreld met die evangelie te bereik net die taak en opdrag is van diegene in die besondere amp. 'n Definisie vir "sending" sal hierdie kerkbeeld so moet aanspreek dat alle gelowiges soos met die ontstaan van die kerk die taak om die boodskap van hoop in die wêreld te laat hoor.

Die nood van die veranderende wêreld eis dit des te meer van die kerk om lidmate te bemagtig om die boodskap van die Bybel daagliks in hulle lewe, as kleiner, meer verstaanbare verhale in die wêreld toe te pas sodat dit kan dien as voorbeeld van hoop. "Die kerk wat in die wêreld gaan

oorleef, sal bestaan uit lidmate wat op God fokus en vra na God se wil in alle situasies. Daarmee word bedoel dat hulle selfstandig en gefundeerd hulle geloof kan verantwoord en etiese keuses vanuit 'n Christelike waardesisteem kan neem" (Hendriks 1997: 28). Dit gaan egter oor veel meer as net die oorlewing van die kerk. Vir die voortdra van die evangelieboodskap is dit nodig dat die kerk sy bediening moet rig op die "gewone lidmaat" en sy of haar leefwêreld en die wyses waarop hierdie gelowiges gehelp kan word om hulle stories van hoop te laat hoor in die wêreld.

**Gevolgtrekking 2.5:**

Die term "sending" het sy ontstaan uit die kerk se leer oor die Drie-eenheid en die *Missio Dei* wat die verlossing van die mensdom, deur die herstel van die verhouding tussen God en mens in die oog het.

## 2.6 Die Dimensies van "Sending"

"De christelijke kerken zijn organisatievormen die behoren tot het genre der instituten. Het bijzondere van de kerken ligt in de aard van die activiteiten" (Berkhof 1979: 363). "Mission is a Christian effort to respond to a changing world" (Yang 2005: 38). Dit is die dinge wat die kerk doen en die inhoud en die boodskap daarvan, wat die kerk anders maak as ander instellings in die wêreld. Die doel van die werksaamhede van die kerk is om deur middel van die paas- en pinkstergebeure mense te vernuwe deur hulle in 'n herstelde verhouding met God en Christus te bring en hulle sodoende in nuwe verhoudinge te stel met mekaar, met die lewe en met die wêreld. In die stigting van herstelde verhoudinge in die wêreld is die Gees werksaam en is die gestaltes van hierdie werk nie altyd "institutionaliseerbaar" nie. "De Gees waait waarheen Hij wil en de participatie is zo geskakeerd als het leven zelf (Berkhof 1979: 363). "Sending" is dus daardie werk van die kerk waar die kerk met 'n boodskap met vele dimensies van hoop, die wêreld tegemoetgaan. Die veelsydigheid van "sending" kan nie in statiese terme omskryf word nie. "Eeuwenlang heeft men bij een statische kerkconceptie geleefd" (Berkhof 1979: 430). In 'n wêreld van voortdurende verandering en dinamiese vloeibaarheid moet "sending", as die kontakpunt tussen kerk en wêreld, sedert die *Afklärung* net so vinnig as die wêreld self kan beweeg en aanpas en mag daar niks meer staties wees aan die kerk se respons op die nood van die wêreld nie.

Kraemer (1969) verwys na die feit dat die versorging van weduwees en weeskinders, die sorg aan diegene in die tronk en die sorg aan diegene wat op reis is of ander nood ervaar en die sorg aan gemeentes wat in materiële nood verkeer in die Bybelse tyd ’n teken was daarvan dat die kerk ’n gemeenskap van mense is wat nuut en anders is. Hierdie optrede van die kerk het gemaak dat die evangelie wat hy gedra het nie net gehoor is nie maar dat dit ook gesien is in die dade en optrede van gelowiges. “The Christians really concidered themselves brethren and sisters and their actions corresponded to this belief” (Kraemer 1969: 434). Die kerk is vandag egter nie meer net met hierdie sake gemoeid nie. Die wêreld van vandag verskil hemelsbreed van die een waarin die Vroeë Kerk homself bevind het. “Rural reconstruction, education, co-operation, and other activities that try to meet essential needs or glaring evils are in the present time as natural expressions of the Christian spirit of love and solidarity as almsgiving or the care of slaves was in the Ancient Church” (Kraemer 1969: 435). As gevolg van die ontwikkeling van die wetenskap en tegnologie het die kerk tot sy beskikking baie meer omvattende bronne om die elke dag se nood van die mens mee te kan aanspreek, maar dit is ook as gevolg van dieselfde ontwikkelings dat die nood van mense vandag grootliks verskil van dié van die mense in Bybelse tye. “Our approach and methods differ accordingly” (Kraemer 1969: 434). Daar is ’n baie groot behoefte dat die kerk betrokke sal wees by al die uitdagings wat aan elke beelddraer van God gestel word. “All these problems of Christian service and solidarity with the environment are given a special note of urgency by the fact that the non-Christian world, in wich the Christian task must be fullfilled, is going through a period of rapid change and transition, in which the old is in many respects vanishing and the new is still powerless to be born (Kraemer 1969: 435 en 436). Kraemer identifiseer die terreine van opleiding (“education”), mediese sorg en opbou van landelike gebiede (“rural reconstruction”) as die terreine waar die kerk se sendingwerk ’n praktiese impak behoort te maak in die lewens van mense.

Alhoewel Kraemer die inhoud van “sending” onder ’n aantal hoofde saamgevat het, blyk dit uit sy argumentasie dat die hele mensewêreld die veld en konteks van God se heilswerk is en dat die werk van die kerk daarom nie gereduseer kan word tot slegs ’n metafisiese nadenke of teologisering oor die goeie nuus vir die wêreld nie. “Sendingwerk” is ook nie afgehandel met die lewer van ’n persoonlike verlossingsboodskap nie. God is die Skepper en Verlosser aan die werk in die mens se pogings om die lewe te bemeester en dus is Hy ook daar betrokke waar mense in “the cultural sphere in its various aspects” aan die werk is (Kraemer 1969: 429). “In het NT word telkens nadruk gelegd op de relatie van de gelovige en de kerk met de wereld, in

levenshouding, getuienis en dienst" (Berkhof 1979: 431). Die benaming "apostel" is daarom alreeds 'n aanduiding van die gestuurdheid van die kerk na die nood van die wêreld.

Die vraag bly egter hoe hierdie gestuurheid behoort gestalte te vind. Die kerk kan tog immers nie in totaliteit opgaan in slegs dienslewering aan die wêreld nie. Die eerste en vernaamste bly die diens aan God. "Om de brug te kunnen vormen tussen de verbondstichtende God en zijn wereld, moet ze vast op de eerste oever gefundeerd zijn" (Berkhof 1979: 433). In die herstelde verhouding met God kan die kerk "anders-zijn" in die wêreld as getuies aan en getuienis tot die wêreld. Hierdie "anders-zijn" sluit in 'n "dienstbaar-zijn" en "instrument-zijn" in die koninkryk van God (Berkhof 1979: 435). Die diens in die wêreld is dus 'n diensbaarheid in die wêreld tot diens aan die koninkryk, tot diens aan God.

Berkhof (1979: 435 – 438) identifiseer hierop vier karaktertrekke van die kerk se dienswerk in die wêreld. Dit is voorbidding, getuienis, hulpverlening en profesie. Kritzinger (2002: 4 – 10) identifiseer op sy beurt minstens vyf dimensies in die kerk se betrokkenheid by die nood van die wêreld. Die eerste is die klassieke godsdienstige dimensie (bl 4) waar evangelisasie en selfs her-evangelisasie van mense ter sprake kom. Die tweede dimensie handel oor die kerk se boodskap in die "politico-kulturele" konteks (bl 6) en hiermee saam volg die sosio-ekonomiese (bl 6) en sosio-kulturele kontekste (bl 8) wat uiteraard nuwe dimensies gee aan hoe die kerk sy boodskap van hoop aan die wêreld sal bring. Voeg hierby dat die ontmoeting tussen kerk en wêreld in 'n geskape werklikheid geskied wat, volgens die kerk se belydenis, die handewerk is van die God wat hoop bring, maar wat deur die eeue deur mense van die wêreld vir eie gewin geëksploiteer is, en die ontmoeting tussen kerk en wêreld kry 'n ekologiese dimensie by (bl 9). "Caring for the well-being of the earth is crucial for the survival of humanity" (Wilson 2003: 174). Die eskatologiese hoop wat die kerk in die wêreld vandag reeds wil laat aanbreek sluit die versorging en die welwese van die skepping van God in en dus maak die bewaring van die ekologie deel uit van die sendingtaak van die kerk.

Van Engen (1991: 120) vind in die drievoudige amp van Christus 'n skema vir die karaktertrekke van die kerk se werk in die wêreld. Die kerk is in die wêreld koninklik as priester en profeet aan die werk. Hy voeg hierby die twee gestaltes van geneser en verlosser ("healer and liberator": 125). "We seem to be at the threshold of a new era which may involve surprising new contextualized forms of missionary congregations organized primarily with regard to their role in ministry in the world" (Van Engen 1991: 127). Heyns (1989: 446) noem in hierdie

verband "sending" die "vleeswording van die kerk". "Lidmate word opgeroep om in die samelewing tekens van die koninkryk op te rig; nie-lidmate word opgeroep tot geloof in Christus en word sodoende burgers van die koninkryk en lidmate van die kerk" (Heyns 1989: 445). Sendingwerk word egter nie net gedoen deur die bring van 'n verbale boodskap van die verlossing van die "siel" van die mens nie en word nie gedoen ter wille van die uitbreiding van die kerk as instituut nie. Sendingwerk se oogmerk is die uitbreiding van die koninkryk van God wat op 'n omvattende wyse "indring in die *ganse* skepping en die hele menslike samelewing, al sy fasette van kultuur en struktuur sal deursuur" (Heyns 1989: 445). Die hele mens word in sy totale nood versorg deur die goeie nuus van die evangelie. "Soek 'n mens verder na 'n omvattende begrip vir die wyse waarop Jesus Christus self sy *kerugma* kom oordra het, dan kom die begrip bediening – *diakonia* – in die gedagte" (Smit JH, Sept 1989: 553). Diens aan die wêreld in sy totale nood as gevolg van sy vervreemdheid van die Skepper maak 'n wesentlike deel uit van die verskeidenheid van dimensies van sending. Uit hierdie groot verskeidenheid van wyses waarop sending gedoen word deur die kerk moet dit alreeds duidelik wees dat dit 'n taak is wat nie net deur die formele en amptelike werk van die kerk gedoen kan word nie. Elke gelowige sal met sy of haar besondere gawes betrokke moet raak by die werk van die kerk om die boodskap van die kerk te inkarneer in sy of haar besondere situasie. Die benutting van die amp van die gelowige kan hierin meehelp tot die transformasie van "being an inviting church to becoming an infiltrating church" waarvoor Gibbs en Coffey (2001: 228) pleit. Wanneer 'n gemeente hierdie transformasie bewerk kan dit ontsnap uit "survival mode" en verander na "mission mode". In hierdie "mission mode" nooi die gemeente nie net die wêreld in die kerk nie. "Instead, the church will have to be the church in the world – gathering for worship in order to go out in mission. Its programmes must be geared to equip and support the people of God in the strategic locations where the Lord has already placed them to serve as his representatives" (Gibbs en Coffey 2001: 228). Die gemeente se roeping om sendeling te wees in die gemeenskap waarvan dit deel uitmaak word bevorder deur die bemagtiging van gelowiges. In die bemagtiging van gelowiges moet die sendingtaak van die kerk deeglik omskryf wees.

JH Smit (Sept 1989: 556) formuleer op weg na 'n teologie van sending ses komponente wat in 'n definisie vir "sending" 'n rol behoort te speel. Hy erken dat dit nie die enigste is nie maar voel dat daar deeglik rekening gehou moet word met die volgende indien "sending" gedefinieer word. Hierdie komponente is:

"- die Trinitariese oorsprong van die sending;

- die Christokratiese integrasiepunt van die sending;
- die sending in koninkryksperspektief;
- verbond en sending;
- sending as deel van die omvattende bediening (*diakonia*) van die evangelie van die koninkryk, en
- sending as eskatologiese gebeure en handeling van God deur sy kerk."

In die wêreld waarin die kerk hom tans bevind blyk dit dat die rol van die gemeente as brugbouer tussen God en wêreld nie in 'n statiese definisie vasgevang moet word nie. Sulke definisies herinner te veel aan die rasionalisme van die Modernisme en skrik die mens af wat 'n groot klem lê op ervaringskomponente in hulle geloof. 'n Omskrywing van wat sending is moet die gemeente help om meer as net te reageer op die uitdagings wat die wêreld aan die evangelie stel. Die hele gemeente moet in sy getuienis, met dade, die wêreld uitdaag om te deel in die versoening en verlossing wat daar is in werk van die Koning van die kerk en die heelal. Hierdie uitdaging geskied binne die verbondsverhouding met God in vele gestaltes – van 'n koninklike of profetiese tot die een van dienskneg en diensmaagd wees. Geen sfeer van die gelowige se lewe is uitgesluit van die roeping om die lig van die evangelie te laat skyn en die sout van die boodskap van verlossing te laat deurdring nie. Soos suurdeeg deur die hele deeg trek moet die boodskap wat in die gemeente leef deur die hele skepping van God mense op alle terreine van hulle lewe raak. Die tyd toe die sendingtaak van die kerk op grond van 'n hiëragiese of institusionele redenasie gedelegeer is na net die dominee, sendeling en 'n paar sendingvriende, is vir die gemeente wat waarlik missionêr is verby.

**Gevolgtrekking 2.6:**

"Sending" moet die hele mens op 'n holistiese wyse met al sy ingewikkelde dimensies bekendstel aan die eskatologiese hoop en verlossing wat daar in Christus Jesus is.

### 2.7 "Sending" is die oorsteek van grense:

Die realisering van die eskatologiese hoop en verlossing raak nie net die hele mens nie maar raak die hele wêreld as die skepping van God. Die kerk se hele bestaan moet gerig wees op aktwiteite waar die grense tussen die kerk, as God se volk, en die wêreld, oorgesteek word tot heil van die wêreld. Die rede waarom die kerk bestaan is "sending". Wat binne die grense van die kerk

gebeur moet altyd op die een of ander wyse lei tot die na buite oorsteek van daardie grense. “So mission concerns the world also beyond the boundaries of the church” (Bosch 1991: 494). Hierdie grense wat oorgesteek word mag nie net in ’n geografiese sin verstaan word nie. In die geskiedenis is “sending” wel vir ’n tyd lank geografies verstaan. “Die plek, nie die taak nie, bepaal of ’n persoon ’n sendeling is of nie: iemand is ’n sendeling as hy deur die kerk in een plek in diens gestel is om elders te gaan werk. Hoe verder die twee plekke uitmekaar is, hoe duideliker is dit dat hy ’n sendeling is!” (Bosch 1979: 48). Die geografiese element het soms gelei daartoe dat daar by die sendling ’n meerderwaardigheidsgevoel was om van die een kultuur “iets” te gaan oordra aan mense van ’n minderwaardige kultuur wat veraf geleë is (Bosch 1979: 49). Die grense wat die kerk met die evangelie moet oorsteek is in die “global village” van die derde millenium egter nie soseer meer geografies nie. Grense wat oorgsteek word is soms die grense wat sosio-ekonomiese hindernisse in die weg van die evangelie lê. Rassisme, armoede, gender verskille en rasionele konstruksies stel dikwels onsigbare grense vir die hoop wat daar is in die lewende Christus en die almag van die Her-skeppende God. Kruis-kulturele evangelisasie is nie meer net die uitreik van een nasionaliteit na ’n ander nie maar die uitreik van die kerk na sub-kulture wat daar in gemeenskappe mag bestaan. Die kerk het byvoorbeeld ’n baie groot taak om armes as ’n sub-kultuur te kan bereik en om mense van hierdie groep weer te integreer in die gemeenskap (Yang 2005: 47). Sending is die oorsteek van grense. “… crosscultural or boundary-crossing communication is essential to the basic character of mission” (Yang 2005: 47). Yang (2005: 47) waarsku egter dat die grense wat die kerk oorsteek soms slegs oorgesteek word en nie noodwendig afgebreek moet word nie. In die kommunikasie van die evangelie oor grense is “equal regard” vir diegene aan die ander kant van die grens wat die kerk oorsteek, baie belangrik. Die evangelie word oorgedra nie in beterweterige meerderwaardigheid nie maar met liefde en respek vir diegene aan wie die boodskap gebring word. “Coexistence means a living relationship to *cross* but not to *crush*” (Yang 2005: 47).

**Gevolgtrekking 2.7:**

**“Sending” gebeur daar waar die kerk die grense, sigbaar en onsigbaar, tussen die evangelie en die verloregaande wêreld op so ’n wyse oorsteek dat die wêreld kan deel in die hoop wat daar is in Christus.**

In die sending van die kerk om hierdie hoop te bring moet gelowiges alle grense tussen die kerk en wêreld wat die evangelie verskans, sigbaar en onsigbaar, oorsteek.

## 2.8 Konklusie:

In die ervaring van versplintering in die tyd na Modernisme is ’n definisie van wat “sending” beteken moeilik in een sin af te handel. Dit is nie soos in die verlede moontlik om met een groot, feitelike stelling van geloof alle antwoorde oor “sending” te gee nie. Wat nodig is, is eerder ’n nederige getuienis deur die kerk van die grootheid van God soos wat Hy Homself in ’n beslissende wyse na die wêreld gewend het deur sy Seun Jesus Christus (Bosch 1991: 354). Enige iets anders sal die wêreld vervreem van hierdie baie belangrike taak van die kerk. ’n Definisie van “sending” mag egter nooit so aanpas by die wêreld se eise dat dit gekompromiteer word nie. “Sending” moet insluit dat die kerk die wêreld tot verantwoording roep in ’n duidelike oproep tot bekering. Die ontmaskering van modernisme se siening in sake wetenskap en tegnologie wat veronderstel dat die waarheid altyd voorspelbaar of vooruit bepaalbaar is, het gelei tot ’n siniese nihilisme in die lewe van baie mense. Die kerk het met die evangelie egter ’n eskatologiese uitsig op die toekoms en die wete dat God besig is om dit te herskep. Hierdie uitsig gee aan die gemeente ’n blik op nuwe moontlikhede om in die gemeenskap die hoop te bring wat daar is in Christus Jesus. Hierdie uitsig gee hoop en hoop is iets wat die wêreld tans juis ’n behoefte aan het. Die kerk is die draer van hoop en het die verantwoordelikheid om die wêreld weer terug te roep na die sin en betekenis van sy bestaan. In die nuwe uitsig en visie op God se toekoms vir die wêreld kan die kerk vir die wêreld in sy vervallendheid, weer hoop bied (Bosch 1991: 356). Die hoop wat daar is in Christus moet deel uitmaak van die definisie van wat “sending” is.

In die laaste instansie moet erken word dat enige definisie van wat “sending” is altyd weer beïnvloed sal word deur die “fiduciary framework” (Bosch 1991: 358) waarbinne die persoon wat definiëer self staan. Terwyl dit in berekening gehou word in die omskrywing van “sending” moet daar dus ruimte gelaat word vir die feit dat die kerk nie bestaan uit slegs die een denominasie waarbinne die omskrywer self staan nie. ’n Beskrywing van wat “sending” is moet in ag neem dat die kerk, as die wêreldwye liggaam van Christus, saam die einddoel van hoop in God se eskatologie nastreef en dit in samewerking met mekaar moet kan bereik (Bosch 1991: 362).

**Gevolgtrekking 2.8:**

Alhoewel die “sendingwerk” van die kerk nie in een sin opgesom kan word nie moet dit, al is dit vanuit die waarnemer se oogpunt, so gestel word dat dit die hoop en bevryding wat daar is in die evangelie duidelik omskryf.

### 2.9 ’n Aanvanklike Omskrywing van “Sending”

Uit die voorafgaande sien ’n eerste poging om “sending” mee te beskryf as volg daar uit:

“Sending” is daardie multi-dimensionele aktiwiteite van die kerk van Jesus Christus, waarmee die kerk die grense na die wêreld oorsteek op so ’n wyse dat God se eskatologiese hoop en verlossing, vandag reeds in die wêreld realiseer.

’n Verder verduideliking is:

Alhoewel al die aktiwiteite van die kerk nie sending is nie, is “sending” daardie aktwiteite wat op die grens lê tussen kerk en wêreld, wat dit ten doel het om hierdie grens op ’n positiewe en hoopvolle wyse te oorbrug met aktiwiteite wat religieuse, sosio-politiese, sosio-kulturele, sosio-ekonomiese en ekologiese dimensies het.

“Sending” is inderdaad die volle boodskap van hoop, deur die hele kerk aan die hele wêreld in alle situasies waar mense in sonde verlore gaan en deur sonde beroof word van die eskatologiese hoop wat Christus gee.

### 2.10 Samevatting:

Omdat dit so sentraal staan en omdat die konteks waarbinne die kerk werk dit eis is dit noodsaaklik dat die kerk hom voortdurend besig hou met die omskrywing van wat “sending” beteken en wie die subjekte van “sending” is en die metode waarvolgens dit gedoen moet word. Die opdrag en belofte van Hand 1:8, teen die lig van die opstanding van Jesus en toegepas op elke gelowige, vorm die agtergrond waarteen die Vroeë Kerk sy sendingtaak begryp het en moet in die bemagtiging van lidmate ’n sentrale rol vervul. Die konteks waarbinne die Vroeë Kerk

gewerk het, het nie geverg dat die kerk baie aandag aan ’n volledige sendingbeleid gee nie en tog was daar duidelike trekke van ’n ontwikkeling in die kerk se siening van hierdie taak. Die kerk het nie altyd sy sendingwerk goed begrond nie en daarom is alles uit die kerk se sendinggeskiedenis nie net positief nie. Die term “sending” het sy ontstaan uit die kerk se leer oor die Drie-eenheid en die *Missio Dei* wat die verlossing van die mensdom, deur die herstel van die verhouding tussen God en mens in die oog het. “Sending” moet die hele mens op ’n holistiese wyse met al sy ingewikkelde dimensies bekendstel aan die eskatologiese hoop en verlossing wat daar in Christus Jesus is. “Sending” gebeur daar waar die kerk die grense, sigbaar en onsigbaar, tussen die evangelie en die verloregaande wêreld op so ’n wyse oorsteek dat die wêreld kan deel in die hoop wat daar is in Christus. Alhoewel die “sendingwerk” van die kerk nie in een sin opgesom kan word nie moet dit, al is dit vanuit die waarnemer se oogpunt, so gestel word dat dit die hoop en bevryding wat daar is in die evangelie duidelik omskryf.

# *Hoofstuk 3*

## *’n Gereformeerde Raamwerk vir ’n definisie van “Sending”*

**Abstract: A Reformed framework for a definition of “Missions”**

A Reformed definition of missions must include the following elements:
“Mission” is *Missio Trinitatis*. It is the Father, Son and Holy Spirit that reaches out to bring hope to the world. Jesus is central to God’s mission. The hope presented in the *Missio Trinitatis* is grounded on His obedience on the cross. After Jesus’ ascension the *Missio Trinitatis* is continued by the Holy Spirit. The *Missio Dei* spans the time before creation and is continued by the Triune God with the aim of restoring the broken relationship caused by the sin of man. The hope vested in God’s “mission” is meant for everybody that suffers from sin. God’s righteousness is proclaimed towards everybody that participates in the disrupting of the hope that He brings. Jesus is the only Mediator of the hope that God presents the world. The contents of the message of hope presented to sinners is that mended relationships with God, fellow man and the world is possible. The hope that God present is not earned but is received through grace, faith in the Mediator, Jesus Christ, and through the proclamation of the Word of God in words and deeds by those serving in a church office and members who do not serve in a special office. Church offices should not only preach the Word of God and serve the sacraments but should see to it that the gospel is proclaimed every where. The Gospel is proclaimed in formal and informal ways by the whole church. The motivation for “mission” is the redemption of sinners with the aim that they may honour God the Saviour, by persevering in praising Him as one body of believers into eternity. “Mission” is the multi-dimensional activities of the whole church with which the church, on the grounds of the *Missio Dei*, crosses the boundaries between the gospel and the world in such a way that the eschatological hope that is in God alone, through the redemption in Jesus Christ alone, can realize today for everyone suffering of the consequences of sin.

### 3.1 Inleiding

Wetenskap kan nie “sonder vooronderstellinge gebou … word nie” (Heyns en Jonker 1974: 91). Hierdie vooronderstellinge is nie vooroordeel nie aangesien vooroordele “dui op ’n geslotenheid vir elke ander siening as behalwe die eie” (Heyns en Jonker 1974: 91). Vooronderstellinge moet volgens Heyns en Jonker (1974: 92) “die wetenskap inderdaad bevorder en nie remmend op die ontwikkeling van die wetenskap inwerk nie.” Die ideaal van ’n neutrale wetenskap is nie haalbaar nie. Die “… waardepaaldheid van die lewens- en wêreldbeskoulike denke het sy invloed op die wetenskap, en ook dit mag die navorser wat krities en toetsend, vraend en antwoordend sy weg in die sistematiese opbou van die wetenskap gaan, nie oor die hoof sien nie” (Heyns en Jonker 1974: 94). Daar is daarom nie neutrale waarhede nie aangesien alle kennis op die een of ander wyse alreeds geïnterpreteerde waarheid is. “We

now know, then, that there are no 'brute facts' but only *interpreted* facts and that interpretation is conditioned by the scientist's plausibility structure, which is largely socially and culturally produced" (Bosch 1991: 359). Vir die bestudering van die waarheid is dit nodig om as uitgangspunt te stel wat die raamwerk van geloof is waarbinne daar gewerk word. Hierdie raamwerk vanuit 'n vastepunt is die sleutel waarmee die waarheid ontsluit word deur die navorser. "Dit is ons insiens duidelik dat die wetenskap nie van sy vóór-wetenskaplike begronding ontwortel kán en mág word nie. Trouens, dit hang ook saam met die wese en aard van lewens- en wêreldbeskoulike oortuiginge" (Heyns en Jonker 1974: 93).

Die vastepunt in hierdie studie is dat dit gedoen word vanuit die perspektief van die gereformeerde leer en dan meer spesifiek vanuit die konteks van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se standpunte oor Bybelse waarheid. Hierdie interpretasie sluit geen ander standpunt by voorbaat uit nie maar omskryf die bril waardeur die waarheid ondersoek word. Om die vastepunt van geloof te bepaal in terme van 'n definisie van wat "sending" is, is dit nodig om te kyk na die belydenisskrifte van die gereformeerde leer as amptelike dokumente van die Ned Geref Kerk, wat insae kan gee in hoe hierdie kerk sy geloof verwoord en die plek en rol wat "sending" in die belydenis inneem. Die plaaslike gemeente en die rol wat elke gelowige te speel het in die deelname van die kerk se sendingtaak behoort ook vanuit hierdie bronne belig te word.

### 3.2 Die Belydenisskrifte en "sending":

Om die "sendingkundige gehalte" van 'n belydenisskrif te toets moet meer inhou as net 'n soeke na geykte sendingterme. Om te fokus nét op terme wat verwys na opdragte tot uitreike na die verloregaande wêreld, evangelisasiewerk, oproepe van persoonlike bekering en die stigting van nuwe gemeentes gaan die leser van die meeste ekumeniese belydenisskrifte bedroeë laat. Dit sluit die lees van die Gereformeerde belydenisskrifte van die NG Kerk en –kerkfamilie in. Robinson (1984: 51) vra tereg of die "sendingwaarde" van 'n belydenisskrif net gevind word in tradisionele "sendingterme" wat in die dokument aanwesig is. "Word daar vanuit hierdie soektog na sekere geykte sendingterme, nie juis by die werklike uitdaging van die getuigende kerk verbygegaan nie? Dit is dus belangrik om na die inhoud van 'n dokument te kyk en daaruit te bepaal wat die sendingteologiese betekenis van die belydenis is" (Robinson 1984: 51).

Dit blyk 'n goeie uitgangspunt te wees want, indien die Drie Formuliere van Eenheid gefynkam word vir 'n raamwerk waarbinne die gereformeerde tradisie "sendingwerk" oor die eeue heen

begryp het, blyk dit dat daar nie dikwels in die belydenisskrifte direkte verwysings is na die kerk se taak om missionêr te wees nie. Nêrens word daar in die belydenisskrifte ’n sistematiese uiteensetting gegee of ’n belydenis gedoen van die kerk se sendingtaak nie. Om so ’n verwysing te verwag vra moontlik te veel van hierdie dokumente. Dit is onbillik om dit wat vandag onder die term “sending” verstaan word te soek in dokumente waarvan sommige meer as vier honderd jaar oud is (Recker 1972: 158). “… one must take into account the times in which it was written and the purpose for which it was written” (Recker 1972: 158). Recker is van mening dat dit in ’n sekere mate anachronisties sal wees om ’n soektog na die betekenis van “sending” in die belydenisskrifte te benader met die bewussyn van wat “sending” in die een en twintigtse eeu is. Die historiese raamwerk waarbinne die Reformasie plaasgevind het en waarin veral die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis tot stand gekom het, het die vraag na die sendingtaak van die kerk ’n sekondêre plek laat inneem. “It is beyond dispute that the Refomers did not actively engage in foreign missions – at least very little” (Klooster 1972: 183). Sendingwerk buite Europa was vir die kerk van die Reformasie as gevolg van die mag van die Rooms Katolieke Kerk en die bedreiging deur die Turkse weermagte fisies onmoontlik (Klooster 1972: 183). ’n Sendinggeleentheid aan die kus van Brasilië het hom wel aan die kerk in Geneve voorgedoen en hierdie aksie is ondersteun deur Calvyn en die leiers van sy tyd.

Alhoewel die geleenthede vir sending nie baie groot was nie en al het Calvyn nie sistematies die sending as ’n tema uitgelê nie is daar, soos uitgelê deur Klooster (1972), wel in sy geskrifte ’n aanduiding dat hy die saak van die sending geken het en dit wel ondersteun het. Klooster (1972: 185) verwys na Calvyn se Institusie, Boek 3, hoofstuk 20, paragraaf 42:

> “Omdat God se Woord soos ’n septer is, word ons hier gebied om te bid dat Hy almal se verstand en harte in gewillige gehoorsaamheid daaraan moet onderwerp. Dit gebeur wanneer Hy deur die verborge inspirasie van sy Gees die kragdadigheid van sy Woord openbaar sodat dit uitstaan in die ereposisie wat dit verdien. Daarna moet ons oorgaan tot die goddelose mense wat sy heerskappy halsstarrig en met desperate waansin weerstaan. God rig dus sy koninkryk op deur die hele wêreld te verneder maar op verskillende maniere, want Hy tem sommiges se uitspattighede en verbreek ander se hooghartigheid. Ons moet bid dat dit elke dag moet gebeur dat God vir Hom kerke uit al die streke van die wêreld mag versamel, hulle getalle mag uitbrei en vermeerder, hulle met sy gawes mag verryk en wettige orde in hulle mag vestig” (bl. 1141).

Verwysings na sending, soos hierdie, is egter yl gesaai in Calvyn se geskrifte. Klooster (1972: 186 – 187) maak egter ’n saak daarvoor uit dat die Reformasie te doen gehad het met ’n vervalle kerk en dat alles wat gedoen is om die kerk weer by die ware boodskap van hoop en bevryding uit te bring in der waarheid “sending” was. “The Reformers faced a church that was badly deformed and a membership that was often only nominally Christian. And bringing the gospel to a deformed church, to nominal Christians, and to modern-secularized men of his day was certainly mission work … the Reformation deserves to be called one of the greatest home missionary projects of all history” (Klooster 1972: 186 en 187).

Dat die Gereformeerde geloof in sy aanvangstyd nie baie sterk gefokus was op sendingaktiwiteite nie is te bespeur in die ondersoek van die belydenisskrifte wat in hierdie tyd ontstaan het. In hierdie belydenisskrifte word daar volgens Donald McGavran (1972:141) nie baie bely oor die kerk se taak om die verlossende evangelieboodskap aan die verloregaande wêreld te bring nie. Dit laat hom tot die volgende slotsom kom:

> “This silence is typical of most creeds. Most of them omit the missionary function of the Holy Spirit. Such ommision is understandable. The Protestant creeds were drawn up in the centuries when Europe was cut off from the non-Christian world by Islam on the south and east and the Spanish and Portugese navies on the west. Protestantism was busy reforming the church rather than bringing the nations of Asia, Africa, and Latin America to faith in and obedience to the gospel. For nearly three hunderd years the Protestant churches had no missionary conscience at all. No wonder their creeds are markedly deficient in this regard” (McGavran 1972: 141).

Alhoewel daar waarheid in sy kommentaar mag wees is sy kritiek teen die protestantse kerke se sendingywer te kras. Die Hollandse kerk is ’n voorbeeld van sendingwerk wat gedoen is nie net aan die suidpunt van Afrika nie maar ook in die Hollandse Oos Indiese Eilande, waarvan die vrug te sien is in geloofsgemeenskappe wat steeds met ywer die wêreld met die evangelie bedien. Sy waarneming oor die belydenisskrifte wat in die tye van stryd teen die Rooms Katolieke Kerk ontstaan het mag nader aan die waarheid wees. Hierdie geskrifte is egter nie stom oor die verantwoordelikheid van die kerk en van gelowiges om die grense na die wêreld oor te steek met die eskatologiese boodskap van hoop en verlossing nie. Daar word spesifiek gefokus op die drie Formuliere van Eenheid.

### 3.2.1 Die Nederlandse Geloofsbelydenis

Aangesien dit reeds toegegee is dat die historiese situasie waarbinne ’n belydenisskrif ontstaan het sy inhoud en oogmerke bepaal, is dit noodsaaklik om in kort te let op dit wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is in 1561 deur Guido de Brès “na overleg met anderen voor de Nederlanden opgesteld naar het voorbeeld van de franse uit 1559, maar nader uitgewerkt, vooral om de nadruk te leggen op het verschil met de dopersen” (De Jong 1980: 220). Die belydenis is met begeleidende briewe en ’n versoekskrif aan die koning op 1 November 1561 oor die muur van die kasteel te Doornik gegooi waar ’n groep amptenare oornag het wat ondersoek moes instel in sake die bedrywighede van die protestante in die omgewing. Die belydenisskrif en meegaande briewe is bedoel as ’n verklaring van wie die gereformeerdes is. Die briewe het ’n spesiale versoek tot die koning gerig om die gelowiges wat deel het aan die Hervorming nie sondermeer te verdink van opstandigheid teen owerheidsgesag nie (De Jong 1980: 220). Die doel vir die opstel van die belydenisskrif word dus as volg saamgevat:

> “To protest against this cruel oppresion, and to prove to the persecutors that the adherents of the Reformed faith were no rebels, as was laid to their charge, but law-abiding citizens who professed the true Christian doctrine according to the Holy Scriptures, de Brès prepared this Confession in the year 1561” (Recker 1972: 158).

Die Nederlandse Geloofsbelydenis het dus ontstaan in ’n tyd toe die protestante vir hulle eie oorlewing moes veg en ’n plek moes vind in ’n Rooms Katolieke wêreld. Dit kan daarom nie ’n volledige uitleg wees van die christelike geloof nie. “A carefull analysis of the contents of the articles along with the Scriptures cited overwhelms one with a sense of the limited character of the document and with the realization that it is a product of a very concrete historical situation to which it spoke very well in accord with its avowed limited purpose” (Recker 1972: 159).

In die lig van bogenoemde is dit te verstane dat ’n volledige uitleg van die reformasie se siening in sake die apostoliese taak van die kerk vir die Rooms Katolieke leiers van destyds baie bedreigend sou oorkom en dat dit vir die kerk die weerstand van katolieke leiers op die hals sou haal. Om te bely dat gelowige protestante die wêreld moet bereik met die (nuutgevonde) waarheid van die evangelie sou moontlik die omstandighede van die hervormers eerder versleg

het as verbeter. Dit word dus nie so pertinent vermeld nie. Dit mag verder wees dat die belydenisskrif iets weerspieël van die algemene standpunt en praktyk van die kerk van hierdie tyd, die Rooms Katolieke Kerk ingesluit.

Alhoewel daar in die Nederlandse Geloofsbelydenis nie direk melding gemaak word van die kerk se sendingtaak en –roeping nie, word hierdie sentrale werksaamheid van die kerk nie heeltemal verswyg nie. In die belydenisskrif word baie van die teologiese onderbou vir sendingwerk gegee. Dit gebeur egter sonder dat daar ’n duidelike oproep is dat die gelowiges met geloof en kennis van God na die verlore wêreld moet uitreik. God, “die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is” (art 1), regeer oor alle dinge (art 13), en laat die gevalle mens nie aan sy lot oor nie (art 14) maar in sy heiligheid beskik Hy steeds oor die mens. Sonder om oor “sending” te praat handel Artikel 15 oor beide die noodsaak en die appél daartoe, wanneer dit die mens van nature as sondaar beskryf (Recker 1972: 163). As gevolg van die gevallenheid van die mens het God sy hand na die mens uitgesteek in die belofte tot ’n verlosser (art 17) en word die goddelike inisiatief in die *Missio Dei* baie goed onderlê. “But the confession is content *only* to underscore the divine initiative. Again the inward-looking character of the document is confirmed” (Recker 1972: 163). Die menslike subjek wat betrokke is by die *Missio Dei* en wat sy of haar roeping en taak is bly onvermeld. Die noodsaak dat elke gelowige in sy of haar lewe die grense tussen kerk en wêreld moet oorsteek met die boodskap van hoop en bevryding word nie direk vermeld nie. Die dokument is grootliks ’n uitleg en verdediging van die protestantse geloof en vertoon dikwels die karakter van ’n na binne gerigtheid. Dieselfde slotsom kan gemaak word wanneer die kerk sy geloof in Christus bely in artikels 18 tot 21. Die twee nature van Jesus maak die deur wyd oop vir die missionêre standpunt dat die kerk se werk in die wêreld nie net handel oor die geestelike nie maar dat die kerk deur elke Christus-gesalfde in die wêreld betrokke is op ’n holistiese wyse ook by die fisiese aspekte van menswees. Christus is immers een persoon met twee nature (art 19). Met die verwysing na die priesterskap van Christus “volgens die orde van Melgisédek” (art 21) sou die skeppings en herskeppingswerk van God deur die missionêre priesterlike werk van gelowiges aan die orde kon kom, maar dit blyk dat hierdie artikel nie die roeping van die kerk nie maar eerder kritiek op die priesterdom van die Rooms Katolieke kerk in die oog het. “Here in the last paragraph of Article 21 the Confession had a good opportunity to issue a rallying call for the proclamation of the Gospel, but it did not. It was interrested only in its apologetic purpose versus Rome!” (Recker 1972: 165).

Die belydenisskrif maak baie daarvan dat die kerk 'n goddelike instelling is. Dit is vir die kerk se uitreik na die wêreld egter noodsaaklik om te besef dat dit tegelykertyd 'n goddelik geskape organisme én 'n menslike organisasie is. "It's mission is then both gift and task, both spiritual and social. This paradigm is a rather recent development" (Van Engen 1995: 35). Waar die kerk in Nuwe Testamentiese tye deur beelde soos liggaam, gebou en huishouding beskryf is, is dit later, in die tyd van Augustinus in kategorië van statiese definisies in 'n triomfantalisme vasgevang. Gedurende die Middel Eeue het dit die mistieke draer van die sakramente as genadegawes geword. Die Reformasie het oor die kerk nagedink in terme van die self-korrektiewe kenmerke van wat die ware kerk is. Hierdie kenmerke is "wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf" (Artikel 29). Die probleem met hierdie beskrywing van die kerk is dat dit in so 'n logiese skolastiese taal geskryf is dat dit geen "recognizable counterpart in real-world congregations" vind nie (Van Engen 1995: 37). Die kenmerke van 'n ware kerk was vir die Reformatore 'n wyse waarop vasgestel kon word hoe na aan die waarheid omtrent Jesus Christus 'n kerk of 'n gemeente homself bevind het. Dit was nie meer voldoende om oor die kerk te bely dat dit een, heilig, algemeen en gegrond is op die leer van die apostels nie. "The Reformers wanted to point to something behind and beyond the four attributes to the Center, to Jesus Christ, to whom the Church owed its life and nature" (Van Engen 1995:63). Die gedagte was dat die drie kenmerke die kerk weer sou laat terugkeer na die eienskappe van eenheid, heiligheid, algemeenheid en die geankerdheid op die leer van die Apostels (Twaalf Artikels). Alhoewel die gereformeerde kenmerke bedoel was om vas te stel wie almal deel is van die kerk het dit egter nie gelei tot nog groter eenheid, heiligheid en katolisiteit nie. "Sadly, the children of the Reformation stressed the other, darker side of these marks – their introverted, exclusivistic tendencey" (Van Engen 1995: 63). Die kenmerke het tekens van die lokale aanduiding geword van *waar* die ware kerk is in plaas daarvan dat dit die aanduiding was van die meer dinamiese siening dat dit in die tekens gaan oor *wat* die ware kerk doen. Die kenmerke van die ware kerk het dogmatiese en polemiese gereedskap geword waarmee daar vasgestel kon word watter kerk deel is van die "ware" kerk en watter kerk "vals" is. Van Engen (1995: 64) wys daarop dat die ekklesiologie van die Reformasie swaar beïnvloed was deur die sosiale en religieuse faktore van sy tyd en dat die kenmerke van die kerk so wyd gedefinieër is dat dit vir vandag minder waarde het. In die ontnugtering wat deel uitmaak van die tyd na die modernistiese klem op eksakte feitelikhede kan elkeen die "suiwer" van Woord en sakrament egter interpreteer soos wat dit hom of haar pas. Om die kenmerke van die kerk rigied toe te pas soos verwoord in die taal van die Nederlandse Geloofsbelydenis gaan nie van 'n

geloofsgemeenskap in die veranderende omstandighede van die post-moderne wêreld ’n missionêre gemeente maak nie. Dit eggo die klag van McGavran as hy sê: “One effect is that anyone who adheres rigidly to Reformation concepts of the church stand in danger of having a stationary or static view of the Church” (Van Engen 1995: 64). Die Nederlandse Geloofsbelydenis help nie die kerk om sy gestuurdheid in ’n dinamiese en lewende ekklesiologie te verwoord nie.

Die statiese, na binne gerigtheid van die dokument kan byvoorbeeld gesien word in Artikel 30. Hierdie artikel, wat handel oor die regering van die kerk, vermeld dat die “dienaars of herders” en “ouderlinge en diakens” saam die kerkraad vorm en dat die kerkraad deur sy regering moet “sorg dra dat die ware godsdiens onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou en dat ook die armes en beproefdes volgens hulle nood gehelp en getroos word” (“Ons Glo …”: 24). Oor wie toesig gehou moet word sodat die ware leer versprei word en hoe dit gedoen moet word, word nie vermeld nie. Dit is slegs die (statiese) taak van die kerkregering om toe te sien dat dit wel gebeur. Die plek en rol van die gelowige wat nie in die besondere amp staan nie word nie duidelik vermeld nie. Dit wil eerder voorkom asof die alleen verantwoordelikheid van die ampte om die sendingtaak van die kerk te verrig hier verskans word. “Here we have a fine indication that the structure and offices in the church are unto ministry *within the church not only,* but *also beyond it.* Though the role and mode of the ministry to sinners is still questionable in the light of the emphasis on punishment …” (Recker 1972: 171). Sendingwerk word gedoen vanuit ’n posisie van gesag. Die burgerlike owerheid het volgens Artikel 36 ’n nog sterker missionêre roeping deur nie net gemoeid te wees met die sekulêre bestuur van die staat nie maar dit moet sorgdra om “die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus te bevorder en orals te laat verkondig sodat God deur elkeen geëer en gedien sal word, soos Hy in sy Woord beveel” (“Ons Glo …”: 29). Die draers van die boodskap asook die metode van verkondiging word deur die passief, “te laat verkondig”, verswyg. Die inhoud van die verkondiging word wel vermeld as die eer van God, die uitbreiding van sy koninkryk en gehoorsame diens. Die verwysing na die taak van owerhede se rol in die beskerming van die evangelie is duidelik gerig op die konteks waarbinne die Geloofsbelydenis ontstaan het.

Dit kom voor asof die Nederlandse Geloofsbelydenis strukture van gesag as primêre sendelinge sien. Dit sien moontlik nie die kerk in sy geheel of die gelowige wat nie in ’n besondere amp staan nie, as primêre draers van die goeie nuus nie. “Sending” het in hierdie belydenisskrif ’n

baie sterk kerugmatiese of religieuse klem terwyl daar in ’n mindere mate melding gemaak word van die verligting van die nood van die armes en beproefdes. Of enige van hierdie aktiwiteite werklik begryp word as deel van die kerk se “sendingwerk” en of dit deel is van die werk wat die kerk aan sy eie, vervolgde lidmate bring, word verder nie baie duidelik uitgespel nie.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis se waarde om die missionêre roeping van die kerk te definiëer word in die dokument dikwels deur sy ontstaanstyd en –situasie gekleur. Dit is gefokus op die protestantse kerk se soeke na ’n eie identiteit in ’n Rooms Katolieke wêreld. “In seeking to do this the Confession is like a running skirmish over the doctrinal terrain – firing a volley here and a volley there. The Belgic Confession projects an image, in the main, of a church talking with itself rather than a church before the world” (Recker 1972: 179). Die Nederlandse Geloofsbelydenis stel wel ’n aantal teologiese kernsake wat die basis vorm vir die sendingtaak van die kerk aan die orde. Dit lê nie noodwendig die missionêre fokus en roeping van die plaaslike gemeente of die gelowige wat nie in ’n besondere amp staan nie, helder en duidelik bloot nie. Daar is oor die leerstellige inhoude vir die sending baie te leer van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

### 3.2.2 Die Heidelbergse Kategismus

Die ontstaan en oogmerke van die Heidelbergse Kategismus sentreer volgens Klooster (1972: 193) veral rondom drie persone, te wete Frederick III, Caspar Olevianus en Zacharias Ursinus. **Prins Frederick III** is Rooms Katoliek gebore maar onder die aanmoediging van sy Lutherse vrou het hy, sonder om dit uiteindelik openlik te aanvaar, al hoe meer die protestantste geloof ondersteun. Hy was verantwoordelik vir die bestuur van geestelike sake in sy regeringsgebied. “He had discovered that many young people had grown up in the Palatinate ‘without the fear of God and the knowledge of His Word’. In accordance with the prevailing custom in the German states and the provisions of the Peace of Augsburg of 1555 (*‘cuius regio, eius religio’*), Frederick was concerned about the state of religion in his principality” (Klooster 1972: 195). Hy het daarom opdrag gegee dat ’n “summary course of instruction or catechism of our Christian Religion, according to the Word of God” (Klooster 1972: 196) opgestel moet word. Die persone wat hierdie taak aangepak het was **Caspar Olevianus en Zacharias Ursinus**. Eersgenoemde het ’n baie direkte pad gevolg van Rooms Katolisisme tot by die gereformeerde geloof maar Ursinus was in ’n Lutheraanse gesin gebore en het onder die invloed van veral Melanchton al hoe nader aan Calvyn en die gereformeerde verstaan van die Skrif gekom. Die

opdrag deur Frederick en die uitvoering daarvan deur Olevianus en Ursinus was gerig op die geestelike opvoeding van mense wat die Christelike leer nie goed geken het nie, veral die jongmense in die regeringsgebied van die prins. ’n Dokument wat die vrug van die kerk se sendingtaak dus baie goed sou kon bedien. Soos met die Nederlandse Geloofsbelydenis is daar van direkte vermeldings in sake “sending” in die Kategismus egter nie sprake nie. Die teologiese onderbou vir die uitreik met die evangelie na ’n verlore gaandewêreld is wel te vinde in die belydenisskrif.

Die tweede vraag en antwoord van die Kategismus is ’n inleiding tot die drie groot temas van die Kategismus naamlik, sonde, verlossing en dankbaarheid. “In the total message summarized by the terms ‘misery, deliverance, and gratitude’ we certainly have nothing less than the simple gospel message which is at the heart of missionary work” (Klooster 1972: 198). Die sendingfokus van die Kategismus is die *Missio Dei*. Oor die vraag na die heilige, algemene, Christelike kerk (Vraag en antwoord 54) word daar geantwoord dat die vergadering van hierdie kerk, “uit die hele menslike geslag”, die werk van die Seun van God self is (“Ons Glo …”: 44). “Hierdie nuwe volk van God, die *ekklesia* waarvan Christus die Verbondshoof is, bestaan uit die ware Israel, … maar dit sluit ook die nie-Jode in wat in Christus glo. Dit deurbreek die grense en word die een algemene Christelike kerk van die *Apostolicum*” (Smit JH Sept 1989: 554). Die geloof wat Jood of nie-Jood kan laat deel aan die weldade van die Seun word gewerk deur die Heilige Gees “deur die verkondiging van die heilige evangelie” (“Ons Glo …”: 47). Wie die aardse draers is van die evangelie wat deur die Gees aangewend word tot verlossing word nie vermeld nie. ’n Direkte bevel aan die kerk om die evangelie uit te dra ontbreek. In vraag en antwoord 54 is dit die Seun van God wat “uit die hele menslike geslag vir Hom ’n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou …”. Dit is die Gees wat geloof in mense se harte werk, “deur die verkondiging van die heilige evangelie” en dit versterk “deur die gebruik van die heilige sakramente” (Antwoord 65). Die werk van die kerk en die gelowige rondom die *Missio Dei* word veronderstel maar dit word nie duidelik uitgespel nie. Waar daar sprake is van die verlossing van die mens deur die verkondiging van die Woord word die Skrifaanhaling van die laaste opdrag van Jesus nêrens vermeld nie en waar Matteus 28 wel aangehaal word deur die Kategismus is dit nie in ’n appél om die evangelie uit te dra nie maar eerder rondom die verklaring van die Drie-eenheid van God. Die implisiete verwysings na die betrokkenheid van die kerk as instituut en gelowiges in die algemeen by die *Missio Dei* is nie altyd genoegsaam of duidelik nie. “While acknowleding that the Heidelberg Catechism does not

express the missionary mandate as explicitly as we desire today, we must ask whether or not its implications are clear" (Klooster 1972: 203).

By Vraag en antwoord 83 kom die verkondiging van die evangelie weer ter sprake. Die inhoud van die evangelie aan "ongelowiges en huigelaars" is volgens Vraag 84 "die toorn van God en die ewige verdoemenis (wat) op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie" ("Ons Glo …": 53). Dit herinner aan die inhoud wat die Nederlandse Geloofsbelydenis aan die sendingboodskap gee waar die fokus meer oorhel na bestraffing eerder as die omvattende en liefdevolle sorg aan die gevalle sondaarmens.

Die *Missio Dei* in die uitbreiding van die koninkryk van God is duidelik as die gebed wat Jesus die kerk geleer het reg begryp word. Volgens Sondag 48 is die gebed vir die koms van God se koninkryk 'n gebed dat God die kerk sal bewaar en dit sal laat groei ("Ons Glo …": 64). Die perspektief op die koninkryk bring die kerk se sendingtaak in die prentjie. "In die bediening van die evangelie van die koninkryk sien Jesus die vervulling van sy sending (Luk 4:42) … Die sending moet dus dus teologies sy plek definieer in hierdie koninkryksperspektief" (Smit JH Sept 1989: 553). Die koninkryk waarom dit vir God gaan is daardie ryk wat Hy met die skepping tot stand gebring het, wat deur die sondeval van Hom vervreemd geraak het, wat deur die tussenkoms van sy Seun weer met Hom versoen is en waarmee Hy so op pad is dat hierdie koninkryk in die toekoms weer volkome herstel sal wees. Wanneer die Kategismus dus in vraag en antwoord 123 oor die koninkryk van God handel word die *Missio Dei* se intensiewe en ekstensiewe aard beklemtoon as daar uitgelê word dat hierdie bede handel oor die bewaring en vermeerdering van die kerk. Die intensiewe bediening word aangedui deur die term "bewaar". "In aansluiting hierby sal sending gedefinieer moet word as dié aspek van die bediening van die evangelie wat die grense oorsteek na die nie-volk-van-God-nie; die ekstensiewe bediening; die vermeerderingsbediening; die bediening gerig op die wêreld en die nasies aan die eindes van die aarde" (Smit JH Sept 1989: 554). Vir Gereformeerdes het "sending" dus 'n baie duidelike koninkryksperspektief wat die oorsteek van geloofsgrense ter sprake bring.

Vraag en antwoord 86 bring die menslike betrokkenheid in hierdie oorsteek van grense tussen geloof en ongeloof wel ter sprake. Uit hierdie vraag blyk dit dat die draers van die evangelie die hele gemeente, of *ekklesia*, is en nie net ampsdraers nie. In die derde deel van die Kategismus, wat handel oor die verantwoordelikheid van die gelowige om 'n dankbare lewe te lei word daar uitgebrei op die feit dat elke gelowige die roeping het om steeds met goeie werke besig te wees

aangesien “ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen” (“Ons Glo …”: 54). In Sondag 32 vind ons ’n baie positiewe aanmoediging van gelowiges dat hulle moet uitreik na die ongelowige wêreld. Dit is die mees eksplisiete verwysing na die sendingtaak van gelowiges. Die wins van hierdie verwysing na die kerk se sendingtaak is dat dit gelowiges se aandag vestig op evangelisasiegeleenthede wat elke dag oor hulle pad mag kom. Alle gelowiges word opgeroep om op ’n nie-amptelike, byna informele wyse, betrokke te wees by die “wen” van die naaste vir Christus. “Sending” is nie net die vrug van die evangelie wat in verafgeleë wêrelddele deur spesiaal gestuurdes of amptelik geordendes gebring word nie. Die gelowige se sendingtaak is om die naaste wat elke dag sy of haar pad sou kruis met die goeie nuus van die verlossing wat daar is in Jesus Christus mee te kan bedien. Die goeie voorbeeld van die gelowige “tot eer van God en tot heil van ons naaste” word verder aangemoedig in vrae en antwoorde 99 en 100 waar die betekenis van die derde gebod uitgelê word.

Baie vroeg in die gereformeerde nadenke oor die lidmaat se betrokkenheid in die uitdra van die evangelie is daar ’n onderskeid getref tussen twee wyses van evangelisasie (Kromminga, CG 1964: 96). Daar is die sogenaamde amptelike of georganiseerde wyse van evangeliseer aan die een kant en dan die nie-amptelike of ongeorganiseerde wyse van evangeliseer. In die gespek hieromtrent het sommige stemme daarvoor opgegaan dat selfs die nie-amptelike of ongeorganiseerde wyse van evangelisasie onder die toesig van die kerk en die ampte alleen mag geskied. Wat wel uit die verloop van die gesprek tree is dat evangelisasie deur gelowiges geskied deur die wyse waarop hulle optree en deur die mondelingse uitdra van die evangelie. Gelowiges mag dit doen op grond van die feit dat hulle ontvangers is van die Heilige Gees en op amptelike grond van die algemene amp waarin elke gelowige staan (Kromminga, CG 1964: 96). ’n Appèl word op antwoord 86 van die Heidelbergse Kategismus gemaak om hierdie saak mee te bewys.

Hierdie belydenis kan van groot waarde wees vir die kerk se uitwerk van sy evangelisasie-opdrag. Die Post-moderne mens wil nie meer op die vroeër baie gewilde een-tot-een evangelisasie-modelle met die evangelie gekonfronteer word nie. Sulke wyses van evangelie-oordrag het steeds ’n rol en plek in die kerk se uitreik na die wêreld maar baie mense het juis as gevolg van negatiewe ervarings hiermee ’n baie negatiewe beeld van die kerk en die Bybelse boodskap. Karikature van oordeel, straf en lewensmyding word deur oorgretige konfrontasies in die wêreld bevestig (Gibbs 2001: 191). Antwoord 86 kan ’n aanduiding wees daarvan dat gelowiges die wêreld beter kan bereik deur die evangelie aan die wêreld te demonstreer. Sonder

om konfronterend die groot meta-verhale as modelle aan te toon vir sonde-vergifnis-dankbaarheid in die gevalle medemens se lewe, kan die gelowige op grond van hierdie belydenis die uitdaging aanvaar om die wêreld waar hy of sy leef aan die evangelie bekend te stel met sy of haar nederige uitleef van die hoop wat daar is in sy of haar eie verlossing en gevolglike verhouding met die Here. Alhoewel daar hier nie melding gemaak word van georganiseerde evangelisasie deur groepe van lidmate nie is die eise wat die evangelisasie-omgewing stel dat gelowiges in hierdie "ongeorganiseerde" wyse van evangelisasie mekaar sal ondersteun. Die vorming van groepe wat buite die weeklikse eredienste, as 'n gemeenskap van gelowiges, indiwiduele gelowiges steun en aanmoedig om hulle evangeliserende werk te doen is hierby nie uitgesluit nie.

In die Kategismus word daar twee lyne vir die uitreik na buite die grense van die koninkryk gevind (Klooster 1972: 200). Die eerste is die *Missio Dei* en die werk wat deur God self gedoen word. Die tweede is dat die werk wat deur God gedoen word positief ondersteun kan word deur die werke en voorbeeldige lewens van die gelowiges. "Sending" is volgens die Kategismus die kerugmatiese uitdra van die geloof en hierdie mondelingse uitdra van hoop moet bevestig word deur die dade van die gelowiges as die draers van hoop. Die menslike subjekte van die goddelike *Missio* word deur die kategismus aangedui as alle gelowiges. Diegene in die besonder amp en diegene wat nie in die amp staan nie.

### 3.2.3 Die Dortse Leerreëls

Dat die Nasionale Sinode van Gereformeerde Kerke van die Verenigde Nederlande in 1618 en 1619 meer uitsprake gemaak het oor die sendingtaak van die kerk kan verstaan word teen die lig dat die vergadering grootliks gefokus het op hoe alle mense wat in sonde geval het weer daaruit verlos kan word (Hoekema 1972: 209). Ten tye van die vergadering van Dort het die sogenaamde Arminiaanse stryd geheers in die Nederlande. Arminius, 'n Hollandse teoloog en sy Remonstrante volgelinge het nie genoegsame erkenning gegee aan die feit dat die gevalle mens nie meer in staat was om homself te red nie en het daarom afbreuk gedoen aan die soewereine uitverkiesende wil van God. "In the light of the history we can understand that the main focus of the Canons of Dort is the affirmation that salvation is wholly by divine grace rather than by human merit" (Hoekema 1972: 209).

Die antwoord van die sinode mag vir die kerk in ’n post-moderne tyd van groot waarde wees aangesien die wêreld juis op hierdie punt teenoor die modernisme terleurgesteld staan. modernisme het, met die klem op die rede baie hoë waarde geheg aan die indiwidu en het die stukkendheid van die mens ontken. “However, it is one of postmodernity’s strongest projects to call the whole framework along with its presuppositional foundations into question. But the postmodern option has predominantly moved us toward nihilism and meaninglessness” (Van Engen 1996: 216). Die gesprek tussen modernisme en post-modernisme kan selfs ’n gesprek tussen rede en nihilisme genoem word. In hierdie gesprek kan die kerk met ’n Bybelse beskouing van beide die mens en God se eskatologie ’n gesprek voer met die modernisme en post-modernisme. Hierin mag die Dortse Leerreëls vir die kerk ’n aanduiding gee van die inhoud van die gesprek.

Die Dortse Leerreëls is ten diepste besorg oor die bevryding en wyse waarop die mens bevry word en het daarom ’n baie groter missionêre fokus as wat sy twee voorgangers het. Die fokuspunt van hierdie belydenisskrif is steeds die *Missio Trinitatis*: “God’s redemption of the cosmos through the saving work of Jesus Christ, applied to the hearts of His people by the Holy Spirit” (Hoekema 1972: 211). Soos in die eerste twee belydenisskrifte word in hierdie geskrif die missionêre egter meer dikwels geïmpliseer sonder dat dit werklik eksplisiet genoem word.

Daar word alreeds in die derde paragraaf van die eerste hoofstuk as volg bely:

> “Om mense tot geloof te bring, stuur God uit louter goedheid verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hulle diens word die mense geroep tot bekering en geloof in Christus, die gekruisigde …” (“Ons Glo …”: 66).

Hier word wel nie melding gemaak van wie die gestuurdes is nie maar uit die strekking van die hele belydenisskrif is dit af te lei dat dit enige iemand kan wees wat God daartoe uitverkies het deur sy soewereine wil en genade. Of hierdie persoon na sy of haar roeping eers amptelik georden moet word en of die persoon sonder om in die een of ander besondere diens te staan die werk kan doen, word nie uitdruklik vermeld nie. Die belydenisskrif maak dit wel in hoofstuk 2, paragraaf 5, baie duidelik wie die “objek” van die sendingtaak van die kerk is:

> "5. Verder is dit die belofte van die evangelie dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.
> Hierdie belofte moet aan alle volke en mense, aan wie God na sy welbehae die evangelie stuur, sonder enige onderskeid verkondig en bekend gestel word, met die eis tot bekering en geloof" ("Ons Glo …": 77).

Hierdie paragraaf van die Dortse Leerreëls mag beskou word as die *Magna Charta* vir gereformeerde sendingwerk. "Note that the promise of the gospel is clearly stated: whoever believes in Christ shall be saved. Note also the clear and emphatic assertion that this promise must be declared *indiscriminately and without distinction* to all peoples. We are further reminded that the promise of the gospel must be accompanied by the command to repent and believe, since without repentance no one will be saved" (Hoekema 1972: 214). Ons het hier te make met die duidelikste stelling van die kerk se missionêre werk in enige van die Drie Formuliere van Eenheid. Dit stel egter steeds nie duidelik genoeg dat dit die kerk, plaaslike gemeente en die gelowige se roeping, plig en opdrag is om alles in sy of haar vermoeë te doen om hierdie evangeliewoord uit te dra na "alle volke en mense" nie.

"Alle volke en mense" kan die evangelie hoor, indien God self die draers van die goeie nuus stuur. Niemand word deur die diskriminasie van mense uitgesluit uit die beloftes van God nie (Par. 7, hoofstukke 3 en 4, "Ons Glo …": 82). In die daaropvolgende paragraaf, paragraaf 8, word die doel van die sendingtaak van die kerk beskryf as "rus vir siele" en "die ewige lewe" ("Ons Glo …": 83). Die klem lê in die Dortse Leerreëls steeds op die kerugmatiese en religieuse aspek van sendingwerk. Die Leerreëls stel dit weereens duidelik dat die Subjek van die uitreikwerk van die kerk in die eerste plek God self is.

> "11. Verder: wanneer God sy welbehae in die uitverkorenes tot uitvoer bring en die ware bekering in hulle werk dan laat Hy die evangelie nie net uiterlik aan hulle verkondig nie. Hy verlig ook nie net hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees, sodat hulle die dinge van die Gees van God reg verstaan en onderskei nie.
> Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is en besny Hy wat onbesnede is … Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van die goeie werke kan dra" ("Ons Glo …": 84).

Die kerklike prediking en missionêre uitreik na die wêreld alleen is nie voldoende om te kwalifiseer as uitbreiding van die koninkryk van God nie.  God self moet die werk seën.

> "Dit alles word glad nie deur die uiterlike prediking alleen, deur morele oorreding of op enige ander wyse in ons gewerk nie, sodat, ná die voltooiing van God se werk, dit dan in die mens se mag sou lê om weergebore te word of nie, om bekeer te word of nie  ("Ons Glo …":  84).

Die belangrike bydrae tot die missionêre wat elke gelowige kan maak word omskryf in die laaste deel van paragraaf 15:

> "Vir die ander wat nog nie geroep is nie, moet ons tot God bid wat die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.  Ons mag ons volstrek nie teenoor hulle in trotsheid verhef asof ons onsself in so 'n bevoorregte posisie geplaas het nie"  ("Ons Glo …":  85).

"The fact that we are urged to pray for such people implies that we have no business asuming that persons who are not saved are not elect"  (Hoekema  1972:  218).  In terme van die missionêre mandaat van die kerk het die sinode hier'n geleentheid laat verbygaan waar die aktiewe uitreik deur die kerk na verloregaande mense bely en aangemoedig kon word  (Hoekema 1972:  218).  Na die oproep om vir verlorenes te bid sou die verpligting tot 'n uitreik na hierdie verlorenes in vandag se kerklike begrip van die missionêre, gepas wees.

Uit die verwysings wat in die Dortse Leerreëls voorkom na die missionêre taak van die kerk blyk dit dat die belydenisskrif dit stel dat die Drie-enige God die subjek is van hierdie werk en dat die objek van die uitreik daardie heidense mense en volke is wat Hy deur sy genadige ontferming verkies het om die evangelie aan te verkondig.  Die doel van die sending is dat sondaars begrip vir die "ewige dinge van die Gees" kan hê, "rus vir hulle siele" en "die ewige lewe" mag vind.  Verlostes word hierna beweeg om, "soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke (te) kan dra."  Diegene wat alreeds gelowiges is word geroep om verlore sondaars nie te verag nie maar om vir hulle te bid.  "… the Canons of Dort certainly do express the missionary focus of the Bible.  They are deeply concerned that men be reconciled to God.  We have also seen, however, that in a number of places the Canons fail to give full expression to the missionary implications of their teaching  (Hoekema  1972:  219).  Hoekema se stelling moet gesien word teen die lig dat die

belydenisskrif nie uitsprake kan maak oor die “missionary implications” soos wat dit tans begryp word nie.

Die Dortse Leerreëls, net soos die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus, lê die klem vir die sendingtaak van die kerk baie sterk op die kognitiewe, religieuse faset van sending alleen. Die *Missio Trinitatis* kry die nodige aandag maar “the responsibility of man to bring the gospel message to all, particularly to those nations who have not yet heard it, does not receive equal emphasis. The Canons are strong on missionary theology; one could wish that they were equally strong on missionary responsibility” (Hoekema 1972: 220). Daar is van ’n bevrydende boodskap vir die nood wat mense mag beleef op die politieke, ekonomiese of die kulturele terreine van hulle lewens in die Leerreëls nie sprake nie. Die ekologiese dimensie kry ook geen aandag nie. In die gefragmenteerde wêreld na Modernisme val dit op dat die Dortse Leerreëls op slegs die een fragment van die religieuse, naamlik die kognitiewe, fokus. “Biblical faith is based on more than logical affirmations; it consists of more than giving asent to a set of propositions. Biblical faith profoundly involves a personal relationship with Jesus Christ by the work of the Holy Spirit. This is a covenantal holiness that involves a knowing, a grasping of the love of Christ in the deeply intimate biblical sense – far broader, deeper, higher, and wider than the acknowledgement of a set of prepositions (Eph. 3:14 –19)” (Van Engen 1996: 218). In die fokus op die rasionele van die geloof verarm dit die uitkyk op geloof as ’n saak van gemeenskap, van woord-en-daad gehoorsaamheid en die dra van die vrug van die Gees. Die mens se emosies, se bestaan en die liturgie met ’n uitkyk op die eskatologiese hoop is in die rasionele alleen nie verreken nie. “Thus both the message and the essential being of the messenger community of faith will be used by the Holy Spirit to bring new holiness, new encounter with God, new transformation, and a new call to participate in God’s mission (Isa. 6)” (Van Engen 1996: 219). Alhoewel die Dortse Leerreëls die inhoud van die sendingboodskap probeer omskryf word daar nie melding gemaak van die pligte en verantwoordelikhede van die plaaslike gemeente in sending nie en word die amp van die gelowige as een van die rolspelers in die uitdra van die goeie nuus in die wêreld nie vermeld nie. In hierdie lig moet dit aanvaar word dat die sinode met die uitdra van die evangelie na diegene wat dit nog nie gehoor het nie die meer formele en georganiseerde forms van sending of evangelisasie in die oog gehad het as wat dit die ongeorganiseerde of sponate getuienis van die lidmaat beskryf het.

### 3.2.4 "Sending" in die Drie Formuliere van Eenheid

Omdat daar vir sommige te min sprake is van 'n sendingbewussyn in die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dortse Leerreëls is daar in sommige Gereformeerde Kerke gesprekke aan die gang om die wenslikheid van 'n nuwe belydenisskrif te verwoord. "It is safe to say that it is the element of witness to the world which is receiving major emphasis in current discussions of new confessions" (Kromminga, JH 1972: 150). Die gereformeerde belydenisskrifte bely onveranderde waarhede wat net so geldig is vandag as in die tyd toe dit neergeskryf is. Dit kan egter nie ontken word dat dit die merktekens van die tyd en omstandighede dra van die era waarin dit geformuleer is nie. "It is possible, therefore, both to continue to adhere to the Reformation confessions and to consider with an open mind the possibility that a new confession is needed" (Kromminga, JH 1972: 151). Die huidige belydenisse is eurosentries en gaan uit van die standpunt dat die hele Europa van destyds reeds gekersten is, al is dit dan dat sommige van die gekerstendes slegs nominale christene van die verworde Roomse kerk is. Die Gereformeerde Belydenisskrifte is geloofsdokumente wat hierdie toedrag van sake wil hervorm. Daar is tans ander krissise wat net so die kerk se duidelike belydenis in die wêreld noodsaak. Die sekularisering van die gemeenskap, die politiek, die ekonomie, die wetenskap en die wanhoop waarin die mens nie meer weet wat sy rol en plek in die wêreld is nie, eis 'n nuwe helder belydenis van die kerk waarin die toewending van God en die kerk tot die nood van die wêreld baie duidelik gehoor moet word. Die kerk is nie meer in dieselfde posisie as wat dit in die tyd van die Reformasie was nie. In daardie tyd was die gemeenskap hoofsaaklik Christelik, al was dit 'n verworde Christendom. Vandag is die wêreld post-Christelik en is dit nodig vir die kerk om sy stem weer helder te laat hoor. "The church's response to the modern crisis should indeed be a missionary response" (Kromminga, JH 1972: 156).

### 3.2.5 Die Belydenis van Belhar

Dit is in so 'n nuwe konteks waarbinne die Belydenis van Belhar sy ontstaan het. Die Belydenis het sy ontstaan op die vasteland waar die Ned Geref Kerk sy grootste roepingstaak vervul om kerk van Jesus Christus te wees. In die tyd van ontstaan het die kerk waaruit dit ontstaan het, die NG Sendingkerk, homself bevind in 'n situasie waarin hy gevoel het hy moet getuig oor die hoop wat daar in die evangelie is. "Vanweë die aanwesigheid van allerlei magte en ideologieë, soos sekularisme, materialisme, nasionalisme, rassisme en marxisme, bevind die kerk, ook die NG

Sendingkerk, hom in wat Schleiermacher ’n ‘frontline-situasie’ noem. Hiermee word eintlik gesê dat die ou onderskeiding van ‘sendingveld’ en ‘tuisfront’ verval het” (Robinson 1984: 52). In eerste instansie moet daar dadelik erken word dat hierdie dokument ook nie in “tradisionele sendingterminologie” opgestel is nie. “Daar word nêrens blyke gegee dat daar ’n bekommernis is oor die onbekeerde menigtes nie. Dit bevat nie ’n oproep op lidmate van die kerk om betrokke te raak in persoonlike evangelisasiewerk en die stigting van gemeentes nie. Daar word niks gesê oor die noodsaaklikheid van persoonlike bekering nie” (Robinson 1984: 51). Dit is dus, vanuit ’n soeke na die bydrae tot die definiëring van wat “sending” is, duidelik dat die inhoud van die Belydenis van Belhar so deur die situasie van sy ontstaan gekleur is dat dit, net soos die Drie Formuliere van Eenheid, temporeël en geografies, bepaald is.

Tydens die vergadering van die NG Sendingkerk se sinode van 22 September tot 6 Oktober 1982 in Belhar, ’n voorstad van Kaapstad, het die sinode ’n konsep geloofsbelydenis aanvaar na aanleiding van die afkondiging van ’n *status confessionis* rondom die verwerping van die morele en teologiese regverdiging van die ideologie van apartheid. In ’n begeleidende brief sê die sinode: “Na ons oordeel verg die kerklike en politieke situasie binne ons land en veral binne die NG Kerk-familie tans so ’n beslissing” (Cloete en Smit 1984: 11). Die dryfveer vir die Belydenis is volgens die sinode, die vrees dat die waarheid en krag van die evangelie skade aangedoen word deur die kerk se stilswye oor die morele en teologiese ondersteuning van ’n politieke beleid wat deur baie inwoners van Suid Afrika as ’n stelsel van skeiding en onversoenbaarheid ook in die kerk ervaar word (Cloete en Smit 1984: 11).

Uit die ontstaansituasie van die belydenis, is dit duidelik dat die oogmerke van die Belydenis nie net ’n belydenis vir die oë en ore van die wêreld is nie, maar dat dit, net soos met die drie Formuliere van Eenheid, gaan oor ’n verdediging van die waarheid wat deur sekere dele van die kerk se optrede bedreig word (Cloete en Smit 1984: 12). Amptelik is dit ’n belydenis teenoor die hele wêreld, maar in wese het dit gehandel oor die impasse wat die Sendingkerk ervaar het in sy gesprek met die Ned Geref Kerk. Die belydenis is in hoofsaak gemaak teenoor laasgenoemde om hierdie kerk se aandeel in die politieke model van apartheid bloot te stel en om die Sendingkerk se standpunt hieroor helder te laat hoor. “Deur die belydenisvorming wou die kerk onder meer voorkom dat hy misverstaan en die gesprek afgebreek word vanweë misverstande en wanvoorstellings” (Smit, DJ 1984: 31). Die kerk het gevoel dat hy as gespreksgenoot nie deur die “blanke” Ned Geref Kerk gehoor word nie. “Dit is immers die swart ervaring. Dit is die toppunt van magteloosheid en uiteindelike frustrasie. Dit is die lewenservaring van stem-

loosheid" (Smit, DJ 1984: 38). Die afkondiging van 'n *status confessionis* en die besluit tot 'n nuwe belydenisskrif was 'n "allerlaaste kreet" om gehoor te word.

Die belydenisskrif is egter nie méér uitgesproke oor "sending" as die Formuliere van Eenheid nie, en tog gaan dit om temas wat die evangelie se verkondiging kan bevorder of belemmer. Vanuit hierdie agtergrond kan daar verwag word dat die Belhar Belydenis meer sou sê oor die moderne of post-moderne konteks waarbinne dit ontstaan het. Aangesien die Belhar Belydenis oor eenheid, versoening en geregtigheid handel is daar 'n verwagting dat dit 'n uitspraak sal maak in sake die plaaslike gemeente en die rol van individuele gelowiges in die vestiging van hierdie waardes. "Dit gaan hier om wat vir die missionêre getuienis van die kerk van die grootste betekenis is. Kerkeenheid is vir die sending van wesenlike belang. Daarin kom die versoening met God en van mense met mekaar tot sigbare uitdrukking" (Robinson 1984: 53). Dit gaan vir die kerk daaroor om te stry teen elke vorm van sosiale ongeregtigheid en om "mense in hulle nood by te staan, sodat die reg aanrol soos watergolwe en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom" (Robinson 1984: 56). Die hoop wat die evangelie kan bring op 'n individuele en korporatiewe of gemeenskapsvlak kan in die visier kom van hierdie belydenis. Waar daar in die Drie Formuliere van Eenheid nie sprake is van 'n holistiese benadering tot die nood van die mens nie wil die Belydenis van Belhar hierop 'n duidelike korrektief wees. "Verlossing is nie net geestelik nie. Dit omvat die volledige bestaan van die mens. Christene is geroepe om sosiaal betrokke te wees en in alle opsigte te ywer vir God se geregtigheid" (Robinson 1984: 58). Alhoewel Belhar meer maak van die holistiese mens en sy verlossing is die klem egter so swaar op die sosiale korrektief alleen dat dit weereens eensydig raak en te min maak van ander fasette van die kerk se oorsteek van grense.

Die Belydenis van Belhar gee in die besonder aandag aan die roeping van die kerk in 'n modernistiese sekulêre wêreld waar God se koninkryk misken word. In die tweede paragraaf van die belydenisskrif word die geloof insake die kerk bely dat dit inhou dat gelowiges in die wêreld "saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld" (Botha en Naude 1998: 2). Hierdie diensbaarheid van die kerk, as God se volk, word in paragraaf 3 baie duidelik omskryf:

> "Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het; dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid

> woon; … dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in ’n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring;” (Botha en Naude 1998: 3 en 4)

Paragraaf 3 herinner die kerk daaraan dat hy hierdie positiewe roeping kan knou deur ongehoorsaamheid. Die eerste subjek van die versoeningswerk is God self deur Jesus Christus. Hy het die boodskap van versoening aan die tweede subjek, die kerk as sy volk, toevertrou. Die oogmerke vir die versoening wat God wil bring is nou egter nie meer net religieus, “rus vir die siel”, “die ewige lewe” en “goeie werke”, soos bely in die Dortse Leerreëls nie. Dit fokus baie meer op die aanbreek van God se nuwe wêreld in die huidige gebrokenheid wat hoop bring vir die “noodlydende, die arme en die verontregte” (Botha en Naude 1998: 4). In paragraaf 4 word die kerk opgeroep om God wat “Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring … hierin na te volg” (Botha en Naude 1998: 4). Die kerk sal daarom:

> “… mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos ’n standhoudende stroom; … dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belange soek en oor andere beskik en hulle benadeel” (Botha en Naude 1998: 5).

In hierdie belydenisskrif is die rol ten opsigte van gesag en die beoordeling van die taak van die staat ten opsigte van die uitdra van die evangelie omgekeerd en is daar nie meer die positiewe siening en belydenis van die rol van aardse regerings in die opbou van die koninkryk van God soos byvoorbeeld in die Nederlandse Geloofsbelydenis nie. Daar word eerder meer as net ’n moontlikheid gelaat dat die owerheid nie net alleen nié die koninkryk van God kan bevorder nie, maar dat burgerlike owerhede selfs die beginsels van hierdie koninkryk kan bedreig. In so ’n geval word die kerk geroep om die werk van die koninkryk aan te pak “in gehoorsaamheid aan Jesus Christus sy enigste hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees” (Botha en Naude 1998: 5). In die Belydenis van Belhar is die burgerlike owerhede nie net nié meer bondgenoot in die uitvoering van die sendingtaak van die kerk nie, maar kan dit selfs ook die objek wees van die kerk se getuienistaak.

In die Belydenis van Belhar is daar ’n baie duideliker omskrywing van die missionêre taak van die kerk, nie net as die verkondiger van die evangelie van Jesus se koms nie, maar dat die kerk ook die verantwoordelikheid het om te help om die hoop wat daar is in hierdie boodskap in praktiese terme om te sit vir diegene wat in die wêreld ly en ’n lewe leef sonder hoop. Die fasette van ’n holistiese benadering wat nie aandag kry in die eerste drie belydenisskrifte van die kerk nie kry in Belhar wel klem. In Belhar is daar, vanweë die fokus op die nood van mense in ’n stelsel van verontregting, egter steeds nie ’n duidelike beskrywing van die kerk se taak in sake die ekologie nie.

### 3.2.6 Gevolgtrekking oor “sending” in die belydenisskrifte van die Ned Geref Kerk:

“Like the New Testament, the Christian religion throbs with passion that men, through election and belief in Jesus Christ, be reconciled to God and become baptized members of his household. … salvation is defined as being called by God and hence in right relationship to the Saviour. From him flow justice, peace, patience, brotherhood, goodness, self-control and other fruits of the Spirit” (McGavran 1972: 133). Volgens McGavran word daar in die kerklike dogma vandag te veel aandag gegee aan die fisiese en sosiale nood van mense en dat die boodskap van hoop en verlossing in die wêreld daarom te min aandag kry. Dit is sy hoof bron van kritiek teen moderne belydenisskrifte, maar, sê hy, dit is waar van elke protestantse geloofsbelydenis. “Protestantism was busy reforming the church rather than bringing the nations of Asia, Africa, and Latin America to faith in obedience to the Gospel” (McGavran 1972: 141). Robinson (1984: 51) is egter van mening dat ’n belydenisskrif nie net van missionêre waarde is indien dit “geykte sendingterme” bevat nie. Die waarde van ’n belydenisskrif lê daarin of dit deur die praktyk van die kerk wat dit bely, bevestig word. Hierdie praktiese uitleef van die belydenis spreek harder as net die woorde van ’n geskrif. Durand (1984: 39) se verwysing na Martin Bucer wat nie positief was oor die opstel van belydenisskrifte nie, is hier van toepassing. Bucer sou sê: Die geloof berus op die enigste en sekere Woord van God. “Ware geloofseenheid moet daarom eerder op grond van die Goddelike Skrif gesoek word en nie in menslike woorde nie. Waar laasgenoemde in die vroeë kerk geprobeer is, het dit altyd op onenigheid uitgeloop” (Durand 1984: 39). Dit beteken nie dat Bucer die opstel van belydenisskrifte afgekeur het nie, hy het slegs maar gewaarsku teen “die gevaar van menslike onbestendigheid”. Hy sou verkies dat belydenisskrifte kort, duidelik en woordeliks uit die Bybel opgestel word. Die mens moet in sy lewenswandel buig voor die Woord van God en nie mense woorde nie.

Indien die voorstel van Robinson (1984: 51) egter gevolg word deur nie net te soek na die "geykte sendingterme" in belydenisskrifte nie, maar eerder te soek na die "sendingteologiese betekenis" van 'n belydenis, kan daar na 'n studie van die Drie Formuliere van Eenheid en die Belydenis van Belhar die volgende gevolgtrekkings gemaak oor die Ned Geref Kerk se belydenis aangaande 'n gereformeerde definisie van "sending":

## 3.3 "Sendingtemas" in die Belydenisskrifte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

### 3.3.1 Inleiding:

Die *magna charta* van die gereformeerde belydenis oor "sending" in die Drie Formuliere van Eenheid is paragraaf 3, hoofstuk 1 van die Dortse Leerreëls: "Om mense tot geloof te bring, stuur God uit louter goedheid verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hulle diens word die mense geroep tot bekering en geloof in Christus, die gekruisigde …". Dit word aangevul met: "… die geroepenes moet na Hom toe kom. In alle erns beloof Hy ook aan almal wat na Hom toe kom en glo, die rus vir hulle siele en die ewige lewe" (DL 3 en 4 par 8).

Hieruit kan die volgende afgelei word in sake die gereformeerde belydenis van wat "sending" is.

### 3.3.2 "Sending" is *Missio Trinitatis*

"Sending" is reeds gedefiniëer as die multi-dimensionele aktiwiteite van die kerk van Jesus Christus, waarmee die kerk die wêreld so bedien dat God se eskatologiese hoop en verlossing vir die wêreld, vandag reeds realiseer. Die gereformeerde belydenisskrifte herinner die leser daaraan dat hierdie bediening van eskatologiese hoop nie gebore is uit die begeerte van 'n mens nie en is dus nie 'n menslike sending nie. Dit is in eerste instansie God wat hoop bring in die verloregaande wêreld. Die kerk se missie is gebore uit die *Missio Dei*.

God is nie net "ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig en goed" nie. Hy is ook die "alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is" (Art 1, NGB). Hy is die fontein van hoop wat oorvloei in die sending na die stukkende wêreld. Dit is Hy wat "barmhartig en regverdig" (Art 16, NGB) "die mens weer opgesoek het toe Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig

gemaak en al bewende van Hom weggevlug het" (Art 17, NGB ). God openbaar sy liefde deur die sending van sy Seun (DL 1 par 2) om die goeie nuus waar te maak dat "dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê" (Joh 3:16). Hy openbaar hierna sy liefde in die sending van "verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hulle diens word die mense geroep tot bekering en geloof in Christus die gekruisigde …" (DL 1 par 3). Die bekering en verlossing van mense "moet aan God toegeskryf word. Hy het hulle van ewigheid af in Christus as sy eiendom uitverkies. Hy roep almal kragdadig in die tyd en skenk hulle geloof en bekering" (DL 3 &4 par 10).

Soos die Drie Formuliere van Eenheid bely die Belhar Belydenis (BHB) ook die *Missio Dei* as basis vir die "versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe" van die kerk (BHB art 1). "Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring …" (BHB 4).

**Gevolgtrekking 3.1:**

"Sending" is *Missio Trinitatis* en is dus in die eerste instansie die Vader, Seun en Heilige Gees wat uitreik na die wêreld om in die wêreld hoop te bring.

Omdat "sending" die werk is van die Drie-enige God is die volgende uit die belydenisskrifte duidelik:

### 3.3.3 Christus staan in God se sending sentraal

Uit die *Missio Trinitatis* is dit duidelik dat enige belydenis wat die kerk oor "sending" sou doen in die lig staan van die eerste belydenis van die kerk, naamlik: "Jesus is die Here" (1 Kor 12:3). Gereformeerdes bely dat Jesus in die *Missio Dei* sentraal is. Hy is immers "'n ewige Koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie" (NGB art 27). God is daarom op so 'n wyse in die wêreld besig dat dit verseker is dat die "ewige Koning" altyd "onderdane" sal hê. Die kerk bely daarom "dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou …" (HK So 21, vr en antw 54). Dit wat God in die ewigheid begin het, beseël Jesus met sy sterwe aan die kruis. "Hierdie dood van die Seun van God is die enigste en volmaakte offer en voldoening vir die sondes. Sy dood is van

oneindige krag en waarde, oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen" (DL 2 par 3). "… ware geloof in Jesus Christus (is) die enigste voorwaarde vir lidmaatskap" van die kerk (BHB 2). Daar is dus "geen ander toegang tot God nie as net deur die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus die Regverdige." Hierdie Middelaar het die "Vader tussen Homself en ons" aangestel (NGB Art 26). "Dit was immers die volkome raadsbesluit, genadige wil en voorneme van God die Vader, dat die lewendmakende en saligmakende krag van die uiters kosbare dood van sy Seun al die uitverkorenes tot voordeel sal strek (DL 2 par 8). Deur die versoeningswerk van Jesus vind die versoening tussen God en mense plaas en ook mense teenoor mekaar. Met 'n verwysing na Ef 2:11 – 22 bely Belhar, "ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is" (BHB 2).

**Gevolgtrekking 3.2:**

Jesus staan in God se sending sentraal en die hoop wat daar is in die *Missio Trinitatis* word bewerk deur sy gehoorsaamheid aan die kruis.

### 3.3.4 Die rol van die Heilige Gees in die *Missio Dei*

Die *Missio Dei* is die Drie-enige God aan die werk. Die werk van die Gees is dat Hy "'n opregte geloof in ons hart laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry." Deur hierdie geloof wat die Gees gee kan die mens nou "Jesus Christus met al sy verdienstes" omhels (NGB Art 22). Dit is die Gees wat "'n vaste vertroue … deur die evangelie in my hart werk …" (HK So 7, vr en antw 21). Daarom is Hy aan my gegee. Hy is by my om my "te troos en ewig by my (te) bly" (HK So 20, vr en antw 53). Die Gees werk deur die evangelie en die sakramente om die gelowige se heil te werk (HK So 25, vr en antw 65). Dit is deur sy Gees dat God "sy kerk versamel" (BHB 1) en deur sy Gees stel Hy sy volk in staat "om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe moontlikhede kan bring" (BHB 3).

**Gevolgtrekking 3.3:**

Na die hemelvaart van Jesus word die *Missio Dei* deur die Heilige Gees voortgesit.

### 3.3.5 Die *Missio Dei* word bedreig maar nie vernietig nie deur die sonde van mense

In die skepping is die *Missio Trinitatis* reeds sigbaar. God het voor die skepping in liefde besluit om lewe te deel met ’n werklikheid buite Homself. “Hij heeft in een verhouding willen treden tot iets buiten Hem en zo een andere werkelijkheid willen laten delen in de heerlijkheid en liefde van zijn eigen wezen” (Berkhof 1980: 159). Sonde bedreig hierdie liefdesdeling. Oor “alle mense” word bely dat hulle “in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enige iets goeds wat sou kon saligmaak, geneig tot die kwaad, dood in die sonde en slawe van die sonde” is (DL 3 & 4 par 3). God het egter sy sending nie laat vaar nie selfs al word daar van die mens bely dat hy “deurdat hy in al sy doen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geword het, al sy voortreflike gawes wat hy van God ontvang het, verloor (het), en … niks anders daarvan oorgehou (het) nie as slegs klein oorblyfsels, wat egter genoegsaam is om hom alle verontskuldiging te ontneem” (NGB Art 14). God het die mens nie sondig en verkeerd geskep nie (HK So 3, vr en antw 6). Die mens se verdorwenheid kom van sy eie ongehoorsaamheid (HK So 3, vr en antw 7) en dit het hom so verdorwe gemaak dat hy “glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is” (HK So 3, vr en antw 8), behalwe as God in die voortsetting van die *Missio Dei* self ingryp en die mens weergebore word deur die werk van die Gees.

God het Homself geopenbaar as die Een wat geregtigheid en ware vrede herstel in ’n “wêreld vol onreg en vyandskap” (BHB 4). Die lyding en onreg van die wêreld het God nie genoop om sy *Missio* prys te gee nie maar het Hy voortgegaan om self en deur sy kerk te getuig teen hierdie praktyke. Die Belhar Belydenis bely dat die kerk veral deur sy eenheid getuienis kan lewer teen sondes van “geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe” en dat deur sigbare eenheid, (begrond deur ’n aanhaling van Joh 17:20 –23), die wêreld tot geloof gebring kan word (BHB 2).

**Gevolgtrekking 3.4:**

Die *Missio Dei* strek van voor die skepping af en word deur die Drie-enige God voortgesit tot herstel van die gebroke verhouding wat die mens se sonde veroorsaak het.

### 3.3.6 Die persone of instansies op wie "sending" gerig is

Die Dortse Leerreëls (Hfst 2 par 8) stel dit onomwonde dat die ontvangers van die goeie nuus deur God self uitgekies word en dat dit nie volgens die keuse van mense gebeur nie. "Dit was die wil van God dat Christus deur die bloed van die kruis –waarmee Hy die nuwe verbond bevestig het – uit elke volk, stam, geslag en taal húlle en hulle alleen kragdadiglik sal verlos, wat van ewigheid tot die saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is". Elke volk, stam, geslag en taal is dus die objek vir die getuienis deur die kerk. Die evangelie word sonder onderskeid aan "gelowiges" en "ongelowiges" verkondig (HK So 31, vr en antw 84). Belhar lê ’n besondere klem daarop dat daar getuig moet word "teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel" (BHB 4). Die kerk se getuienis geskied dus op ’n positiewe vlak teenoor "mense in enige vorm van lyding en nood" (BHB 4). Die goeie nuus van God se liefde word gebring aan die "verdruktes", "hongeriges", "gevangenes", "blindes", "die wat bedruk is", "vreemdelinge", "weeskinders" en "weduwees". Kortom: "mense in enige vorm van lyding en nood" (BHB 4). Die nuus van God se geregtigheid word op ’n negatiewe of bestraffende wyse gebring teen "die goddelose" wie se "pad … versper" word, "teen enige vorm van ongeregtigheid" (BHB 4) en teen die "owerhede en verordeninge van mense" (BHB 5). Die evangelie word nie net gebring aan veraf volke en stamme nie. Die ontvangers van die goeie nuus is elkeen met wie my lewenspad as ’n naaste mag kruis (HK So 32, vr en antw 86).

**Gevolgtrekking 3.5:**

Die hoop wat daar is in God se "sending" is gerig op almal wat ly aan die gevolge van sonde terwyl God se geregtigheid met die oog op bekering verkondig word aan almal wat meedoen aan die verbrokkeling van hierdie hoop.

### 3.3.7 Daar is geen ander verlossing moontlik nie

Jesus Christus word bely as die "enigste Middelaar en Voorspraak" (NGB Art 26). Daar is geen ander toegang tot God nie, behalwe deur Hom alleen. Alhoewel hierdie geloofsartikel gerig was teen die Rooms Katolieke gebruike van gebede deur "heiliges" as bemiddelaars tussen God en mens, is dit ’n belydenis wat in die huidige gefragmenteerde godsdiensbeskouing veel te sê het. Gereformeerdes ontken ’n heils-universalisme waar Christus as Verlosser en Middelaar naas

ander moontlike verlossers ’n plek kan inneem in ’n paneel van potensiële heilbewerkers. Daar is naas Jesus nie ’n behoefte aan ander middelaars soos priesters, wat namens die gelowige ’n bemiddelingswerk by God verrig nie. Die enigste verlossing wat moontlik is, is deur Hom, die Seun van God. Hiervoor is Hy as “Christus” gesalf tot enigste Hoëpriester (HK Sondag 12 vr & antw 31).

Sonder dat dit spesiefiek daarop gerig is, is hierdie belydenis van groot waarde vir die kerk in die derde millenium na Christus. Deur die belydenis dat daar “geen ander toegang tot God” is nie “as net die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige” nie, open dit vir die post-moderne mens die weg om sy of haar verhouding met God te mag beleef sonder die betrokkenheid van die “strukture” waarvoor daar in hierdie tyd soveel weersin is. Dit is bevrydend om te weet dat die toegang tot God nie moontlik gemaak word deur ampte of strukture nie maar deur die lewende God self. Die kerk moet met omsigtigheid die nihilisme van die tyd wat lei tot ’n soeke na gemeenskap die mens met hierdie boodskap van enigste verlossing benader. Indien dit in die konteks van die tyd oorgedra kan word sal hierdie belydenis van Jesus as enigste verlosser, soos in enige ander era wat was en nog sal wees, die mens kan bring by ’n diepe ervaring van die lewende Heer. Die gelowige moet verder begelei word om te besef dat hierdie belydenis nie net kan lei tot ’n eie individuele verhouding met God nie maar dat hierdie verhouding beleef word in die verhoudinge met ander gelowiges en die wêreld. Op die oog af is die belydenis in Jesus as enigste verlosser in botsing met die wêreldbeskouing wat groot, alomvattende waarhede afwys, maar is dit juis die Bybelse toepassing van hierdie belydenis wat antwoorde bied op die vraagstukke van ons tyd. Die sin van die lewe en die versmagting van gemeenskap word gestig deur die verhouding met Christus. Die wedersydse verhoudinge van die Christelike gemeenskap sluit nie net die verhoudinge met geloofsgenote in nie maar sluit dit in dat die gelowige, in verhouding met die wêreld, nie sal wag dat die kerk of ampte na die wêreld uitreik met ’n boodskap van hoop nie, maar self betrokke sal raak in die nood van mense in sy of haar elke dagse bestaansruimte.

**Gevolgtrekking 3.6:**

Jesus is die enigste Middelaar van die hoop wat God in die wêreld bring.

### 3.3.8 Die inhoud van die verlossingsboodskap

Die inhoud van die evangelieboodskap is die hoop wat daar is in die moontlikheid van ’n nuwe verhouding met God. “Die geroepenes moet na Hom toe kom. In alle erns beloof Hy ook aan almal wat na Hom toe kom en glo, rus vir hulle siele en die ewige lewe” (DL hst 3 & 4 par 8). Vir die gelowiges is dit ’n boodskap “dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is”, maar vir die ongelowiges is dit ’n boodskap “dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie” (HK So 31, vr en antw 84). Die “belofte van die evangelie” is “dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê” (DL hfts 2 par 5). Die inhoud van die boodskap gaan gepaard met “die eis tot bekering en geloof” (DL hfts 2 par 5).

Die inhoud van die evangelie is vir die Belydenis van Belhar “geregtigheid en ware vrede onder mense” en dat God aan “verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy die wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper” (BHB 4). Die inhoud van die evangelie is dus nie net gerig op die wêreld nie maar ook gerig aan die kerk wat moet “leer om goed te doen en die reg te soek” (BHB 4). Die nuwe verhouding met God wat gereformeerdes oor eeue bely word deur die Belhar Belydenis gekonkretiseer in herstelde verhoudinge in strukture en mense met mekaar.

**Gevolgtrekking 3.7:**

Die inhoud van die boodskap van hoop aan sondaars is dat herstelde verhoudinge met God, medemens en die wêreld moontlik is.

### 3.3.9 Verlossing kom nie deur verdienste nie maar slegs deur die genade van God

“Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil en dat ons geregtigheid dáárin bestaan” (NGB Art 23). Jesus is dus die Middelaar wat die verlossing bewerk deur sy kruisdood. Hy is die Middelaar “wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het” (HK So 6, vr en antw 18). Nie alle mense word verlos nie maar “slegs dié wat deur ’n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem” (HK So 6, vr en antw 20). Hierdie verlossing is “’n volkome bonatuurlike,

baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike verborge en onbeskryflike daad van God" (DL 3 & 4 par 12).

**Gevolgtrekking 3.8:**

Die hoop wat daar is in God se sending word nie verdien nie maar word ontvang uit genade alleen.

### 3.3.10 Verlossing deur die geloof

Vanweë sy sondige onvermoeë word die mens nie gered op grond van iets wat hy of sy self doen vir verlossing nie. Verlossing kom slegs deur geloof. Hierdie geloof is 'n gawe wat van God af kom en word nie deur die mens self gedoen nie. "Ons bedoel nie dat die geloof ons regverdig maak nie, want die geloof is slegs die middel waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels …" (NGB Art 22). Geloof is geskenk deur Christus as 'n gawe aan uitverkorenes. "Ook was dit die wil van God dat Christus aan hulle die geloof sal gee wat Hy, net soos ook die ander saligmakende gawes van die Gees, deur sy dood vir hulle verwerf het" (DL hfst 2 par 8). Hierdie geloof, wat 'n gawe is, bestaan uit "'n vasstande kennis" en "'n vaste vertroue" dat die verlossing "uit loutere genade", "slegs op grond van die verdienste van Christus" aan die gelowige geskenk is (HK So 7, vr en antw 21). Die inhoud van hierdie geloof is "alles wat in die evangelie aan ons beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer" (HK So 7, vr en antw 22).

**Gevolgtrekking 3.9:**

Die hoop wat daar is in God se sending word nie verdien nie maar word ontvang deur geloof in die bemiddelaar van hierdie hoop, Jesus Christus.

### 3.3.11 Die rol wat die verkondigde Woord speel in die verlossing van die mens

Die "verkondiging van die evangelie en die Christelike tug" is die "sleutels van die koninkryk van die hemel". Met "hierdie handelinge word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir ongelowiges toegesluit" (HK So 31, vr en antw 83). Die evangelie word "volgens die bevel van Christus" verkondig "aan gelowiges gesamentlik en afsonderlik".

“Volgens hierdie getuienis van die evangelie sal God sowel in hierdie as in die toekomstige lewe oordeel” (HK So 31, vr en antw 84). Dat sommige gered kan word is deur die verkondigde Woord. “Dit het God behaag om hierdie Goddelike genadewerk deur middel van die verkondiging van die evangelie in ons te begin” (DL hfst 5 par 14). Die wedergeboorte geskied deur die “bonatuurlike werking van God” maar dit sluit nie die verkondiging van die evangelie uit nie. “Inteendeel, die alwyse God het dit tot ’n saad van die wedergeboorte en tot voedsel vir die siel bestem” (DL hfst 3 & 4 par 17). Die verkondigde Woord is egter slegs een van ’n verskeidenheid van middele waardeur die genade van God tot mense kan kom. Die “onderrig” van mense deur ampte is “deur middel van heilige vermanings uit die evangelie, onder die bearbeiding van die Woord, van die sakramente en van die kerklike tug” (DL hfts 3 & 4 par 17). “Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het …; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon” (BHB 3). Die Belydenis van Belhar laat baie meer ruimte vir die feit dat die verkondiging van die Woord nie net geskied deur die ampte en gelowiges wat in die besonder daartoe geroep is nie, maar dat dit deur die hele kerk en deur al die gelowiges sal geskied.

Die verkondiging van die Woord kan nie net amptelik geskied binne die erediens of deur die werk van die besondere ampte alleen nie. Die post-moderne mens wil juis nie meer die groot meta-verhale hoor as algemeen gelde waarheid of sinaanduiding vir die wêreld nie. Die sentraliteit van die Woord beteken nie dat die getuienis van die kerk nie in dade van liefde en omgee gesien moet word nie. Die verkondiging van die Woord moet noodwendig gepaard gaan met die kleiner, meer toeganklike verhale van geloof en hoop wat elke gelowige put uit sy of haar geloof in die Woord as God se gesprek met die mens. Die klem op die verkonding van die Woord moet juis die diens wat elke gelowige kan vervul in die uitdra daarvan onderstreep.

**Gevolgtrekking 3.10:**

Die hoop wat daar is in die *Missio Dei* word na die wêreld gebring deur die verkondiging van die Woord van God in woord en daad deur diegene in die besondere ampte en deur gelowiges wat nie vir ’n besondere diens geroep is nie.

### 3.3.12 Die rol wat die ampte speel in die verspreiding van die verlossingsboodskap

Die ampsdraers is deur God geroep en aan die gemeente geskenk om nie net "die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien" nie, maar moet toesien dat die "ware godsdiens onderhou" word en dat die "ware leer oral versprei" word (NGB Art 31). Dit is noodsaaklik dat diegene wat geroep word om die evangelie uit te dra dit wel sal doen. "Deur hulle diens word die mense geroep tot bekering en geloof in Christus die gekruisigde, want: 'hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as as hy nie gestuur is nie? …' (Rom 10:14, 15)" (DL hfst 1 par 3).

**Gevolgtrekking 3.11:**

Die ampte moenie net die Woord van God verkondig en die sakramente bedien nie maar moet toesien dat die evangelie oral versprei word.

### 3.3.13 Die rol wat die gelowige wat nie in 'n besondere amp staan nie, speel in die verspreiding van die verlossingsboodskap

Op grond van die werk van Christus en deur die geloof in Hom het die gelowige "deel aan sy salwing" om self as profeet, priester en koning te "kan bely", 'n "dankoffer aan Hom kan wy" en "in ewigheid kan regeer" (HK Sondag 12, vr & antw 32). Dit is een van die grootste winste van die Reformasie dat die gelowige nou nie net meer 'n toeskouer is in die uitdra van die evangelie nie maar self daaraan kan deelneem. So word die hele kerk opgeroep tot voorbidding vir die wat nie verlos is nie. "Vir die ander wat nog nie geroep is nie, moet ons tot God bid wat die dinge wat nie bestaan nie roep asof hulle bestaan. Ons mag ons volstrek nie teenoor hulle in trotsheid verhef asof ons onsself in so 'n bevoorregte posissie geplaas het nie" (DL hfst 3 &4 par 15).
Die Belhar Belydenis maak geen onderskeid tussen die besondere en die algemene amp nie. Die volledige kerk is betrokke by die uitdra van die evangelie. "Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het; dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en nuwe aarde waarop geregtigheid woon" (BHB 3). "Sy volk" word deur die Gees in staat gestel om "te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring" (BHB 3). Dit is duidelik dat die roeping om die evangelie van versoening uit te dra nie

setel in die ampte alleen nie maar dat dit die verantwoordelikheid is van elkeen wat reeds in Christus met God versoen is. Die roeping om met die evangelie na die wêreld uit te reik is nie geleë net in werk wat ver buite die gemeente se geografiese grense gedoen word nie maar is juis geleë in die daaglikse kontak met die naaste wat deur die "godvresende lewe" van elke gelowige vir Christus gewen kan word (HK vr en antw 86). Indien "sending" of "evangelisasie" net veraf werk is, word die verantwoordelikheid om daarby betrokke te wees gedelegeer na diegene wat vir hierdie werk 'n besondere aanslag of roeping het. Indien gelowiges tot die besef kan kom dat evangelisasie en sendingaktiwiteite is wat elke dag in gelowiges se lewens gebeur, sal hulle meer verantwoordelikheid daarvoor kan neem en die roeping wat elkeen het begin uitleef.

**Gevolgtrekking 3.12:**

Die uitdra van hoop geskied op 'n formele en informele wyse deur die hele kerk wat die werk van ampsdraers en nie-ampsdraers insluit.

### 3.3.14 Die doel vir die uitdra van die evangelie

Die Dortse Leerreëls bely dat die getuienis van God se liefde "van die begin van die wêreld af tot vandag toe kragdadig uitgevoer" sal word, ondanks "verset van die magte van die doderyk". Die rede waarom hierdie werk voortgesit word is "sodat die uitverkorenes op die regte tyd in een liggaam vergader sal word". Die versameling van die uitverkorenes van God in een liggaam is egter sekondêr daaraan dat hierdie versamelde liggaam sal bestaan uit gelowiges wat verlos is en Christus, die Verlosser "met volharding dien" en "tot in alle ewigheid verheerlik" (DL hfst 2 par 9). Die uitdra van die evangelieboodskap is uiteindelik tot die eer van God deur die eensgesinde liggaam van verlostes. "Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe die eer en heerlikheid en ewigheid" (BHB 5). Die verlossing van mense word beskryf as "rus vir hulle siele en die ewige lewe" (DL hfts 3 & 4 par 8). Die eenheid van die kerk word bely in artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Van Engen (1991: 68) maak 'n baie sterk saak daarvoor uit dat hierdie eenheid van die kerk nie net die statiese einddoel van "sending" is nie maar dat dit deel uitmaak van die imperatief vir die uitdra van die boodskap van verlossing. In die eenheid word die versoening tussen God en mens en tussen mens en mens gesien. "… the one Church of Jesus Christ would be seen as a unifying force. Its life would be occupied with gathering, inviting and incorporating." Die doelwit van die getuienis is dus die eer van God, deur die verlossing van uitverkorenes wat in een liggaam saamgevoeg word. Oor die eenheid van die

kerk bely die kerk dat dit “met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof saamgevoeg en verenig is” (NGB art 27).

Die Belhar Belydenis sluit sterk hierby aan en lê klem op die waarde van die eenheid van die kerk vir die missionêre werk van die kerk. Die doel vir die uitdra van die evangelie is die “versoeningswerk van Christus” wat sigbaar word in die kerk as ’n “geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is” (BHB 2). Hierdie eenheid is daarom “gawe én opdrag” wat “’n samebinde krag is” deur die werk van God se Gees maar ook deur die kerk “nagejaag”, “gesoek” en “voortdurend opgebou” moet word. Die rede dat hierdie eenheid sigbaar moet word is “sodat die wêreld kan glo dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is …” (BHB 2). Een van die uitkomste van hierdie eenheid is dat die kerk dan “aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel” en “saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld” (BHB 2). Indien hierdie eenheid bedreig word deur enige “gedwonge skeiding” word “die bediening en belewing van die versoening in Christus … belemmer en van krag beroof” (BHB 3).

**Gevolgtrekking 3.13:**

Die rede vir “sending” is die verlossing van sondaars sodat hierdie verlostes God die Verlosser met volharding tot in ewigheid sal verheerlik en eer as ’n liggaam van verlostes.

### 3.3.15 Samevatting

Uit die voorafgaande blyk dit dat ’n gereformeerde definisie vir “sending” die volgende elemente moet bevat:

“Sending” is *Missio Trinitatis* en is dus in die eerste instansie die Vader, Seun en Heilige Gees wat uitreik na die wêreld om in die wêreld hoop te bring. Jesus staan in God se sending sentraal en die hoop wat daar is in die *Missio Trinitatis* word bewerk deur sy gehoorsaamheid aan die kruis. Na die hemelvaart van Jesus word die *Missio Trinitatis* deur die Heilige Gees voortgesit. Die *Missio Dei* strek van voor die skepping af en word deur die Drie-enige God voortgesit tot herstel van die gebroke verhouding wat die mens se sonde veroorsaak het. Die hoop wat daar is in God se “sending” is gerig op almal wat ly aan die gevolge van sonde terwyl God se geregtigheid met die oog op bekering verkondig word aan almal wat meedoen aan die

verbrokkeling van hierdie hoop. Jesus is die enigste Middelaar van die hoop wat God in die wêreld bring. Die inhoud van die boodskap van hoop aan sondaars is dat herstelde verhoudinge met God, medemens en die wêreld moontlik is. Die hoop wat daar is in God se sending word nie verdien nie maar word ontvang uit genade alleen, deur geloof in die bemiddelaar van hierdie hoop, Jesus Christus, deur die verkondiging van die Woord van God in woord en daad deur diegene in die besondere ampte en deur gelowiges wat nie vir ’n besondere diens geroep is nie. Die ampte moenie net die Woord van God verkondig en die sakramente bedien nie maar moet toesien dat die evangelie oral versprei word. Die uitdra van hoop geskied op ’n formele en informele wyse deur die hele kerk wat die werk van ampsdraers en nie-ampsdraers insluit. Die rede vir “sending” is die verlossing van sondaars sodat hierdie verlostes God die Verlosser met volharding tot in ewigheid sal verheerlik en eer as ’n liggaam van verlostes.

### 3.4 ’n Gereformeerde definisie vir “sending”

Vanuit ’n studie van die Gereformeerde belydenisskrifte kan “sending” as volg gedefiniëer word:

> ***Sending is die wyse waarop die Drie-enige God deur sy kerk uitreik na ’n wêreld wat aan die gevolge van sonde ly. Die doel van hierdie uitreik is om die boodskap van hoop en bevryding in Jesus Christus alleen, op praktiese maniere deur die hele kerk aan alle mense te bring.***

### 3.5 ’n Tweede verkenning van ’n definisie vir “sending”

Bogemelde omskrywing van wat “sending” is genoodsaak’n uitbreiding op die aanvanklike definisie van “sending”:

> ***“Sending” is daardie multi-dimensionele aktiwiteite van die hele kerk van Christus, waarmee die kerk, op grond van die Missio Dei, die grense na die wêreld op so ’n wyse oorsteek dat God se eskatologiese hoop en verlossing in Jesus Christus alleen, vandag reeds realiseer vir diegene wat onder die gevolge van sonde ly.***

In die sending van die kerk om hoop te bring aan mense moet gelowiges alle grense tussen die kerk en die wêreld wat die evangelie verskans, sigbaar en onsigbaar, oorsteek.

# *Hoofstuk 4*

## *Die Kerklike Amp in Missionêre Konteks*

**Abstract: The Church Office in a Missionary Context**

The church office must remain the object of study in order for it to remain within the guidelines of the Word and still fits the demands of new contexts. Defining offices in the church must be done in the light of the *Missio Dei* that brings hope through special and general gifts. The primary meaning of "office" is "service". This service is not of a general nature but is rendered under the commission of the Lord with authority that He gives within the realms of the church with the aim of bringing eschatological hope and redemption in Christ, to the world. Christ rules his church through his Word and Spirit. The Holy Spirit cares for the church by equipping it through gifts to individuals and gifts to the community of believers. Church offices forms part of the latter gifts. All the work done by church offices is service but all services rendered in the church is not official. Official service creates space for all service rendered to Christ in and through the Church, his body. There is a diversity of offices with a distinction in commission and function. In the diversity of offices there is an unity in the service of the body of Christ. The number of offices is not essential but the origin, commission and theological grounding of every office is. The essence of the office is the equipping of the saints with the aim that all believers, in a special office or not, may be involved in:

- a search for unity in the church,
- the delivery of faith from one generation to another,
- works of compassion of the congregation, and
- supervision and discipline of each other.

The task of equipping the members of the congregation includes equipment with a view to exponential and spiritual growth. Church offices has a missionary dimension although this dimension is not primary to the office. It is the commission of the office to assist the congregation as part of the one, holy, catholic and apostolic church to reach its goal and function in the *Missio Dei* through intentional deeds of *koinonia, kerygma, diakonia* en *martyria*, not only through office bearers but through the whole church, to honour the Head of the church. In the Reformed creeds a high value is placed on the government of the church as a Christocracy. Christ is present in the government of the church and is not represented in the offices. The Christocracy of Christ is acknowledged by the three Reformed creeds of unity and by the Church order of the Dutch Reformed Church of 2004. In the latter room is made only for three offices, namely the office of minister, elder and deacon. The service rendered by believers who does not serve in a special office is not mentioned under the heading "offices of the Church" but is mentioned in the section which describes the work of the church.

## 4.1 Inleiding:

God betrek mense by sy sending en in die geskiedenis van die kerk was die ampte en die rol van gelowiges in die *Missio Dei* altyd in die kalklig. Die inhoud en wyse waarop mense se betrokkenheid beskryf is en die terme vir hierdie beskrywing verskil van situasie tot situasie. Die Christelike geloofsgemeenskap wat tot stand gekom het na die uitstorting van die Heilige Gees het van sy ontstaan af nie terminologie uit die Joodse, Grieks-Romeinse of ander "godsdienstaal" gebruik nie (Bosch 1991: 468). Woorde om spesifieke dienste of ampte van mense se betrokkenheid in die *Missio Dei* mee te beskryf soos *episkopos, presbyteros* en *diakonos* was woorde uit die sekulêre wêreld van 'n huishouding en diegene wat in die geloofsgemeenskap in hierdie hoedanighede gedien het was natuurlike, begaafde leiers. Met die vestiging van die Christendom as 'n religie het hierdie meer algemene terminologie 'n vaste religieuse inhoud gekry (Bosch 1991: 468). As antwoord op bedreigings van buite en van binne die geloofsgemeenskap was daar al meer van lidmate verwag om die leiers van gemeentes strenger na te volg. Geordende dienaars het meer gesag gehad in dienste of ampte wat beklee is. Hierdie ordening het 'n negatiewe impak gehad op die roeping van alle gelowiges om die boodskap van hoop te dra (Bosch 1991: 468). "The clericalizing of the church went hand in hand with the sacerdotalizing of the clergy" (Bosch 1991: 468). Die kerk is nou, as die bemiddelaar van die ewige verlossing van die indiwidu, georganiseer rondom die geordendes en die amp was draer en uitdeler van die verlossing.

Alhoewel die Reformasie, veral onder die leiding van Martin Luther, wou terugkeer na die beginsel van die priesterskap van alle gelowiges, het hy, onder die druk van diegene wat sy teologie betwyfel het, ten dele weer terug gekeer na die bekende paradigma van die ampte. "In the end, he still had the clergyman at the center of his church, endowed with considerable authority" (Bosch 1991: 469). Ander Reformatore het die Roomse gedagte van die priester se rol van bemiddeling afgesweer en het gestreef daarna om die amp te reformeer tot die ampsbeskouing wat in die kerk gegeld het net na die afsluiting van die Nuwe Testament (Bosch 1991: 469). Hierdie strewe het 'n invloed op die betrokkenheid van die hele kerk, veral gelowiges wat nie in 'n besondere amp staan nie, by God se sending in die wêreld. Waar die hele geloofsgemeenskap aanvanklik betrokke was in die *Missio Dei* het die ampte al hoe meer die plek en rol van enigste bemiddelaars van die verlossing in Christus begin speel. So groot het die skeiding tussen die ampte as draers van die heil en die lidmate as ontvangers daarvan geword dat daar later selfs gepraat is van 'n verdeling van die kerk in die *ecclesia docens* (kerk wat leer),

die ampte, en die *ecclesia discens* (kerk wat geleer word), die "leke" of lidmate (Bosch 1991: 472). Hierdie toedrag van sake het sonder twyfel 'n baie groot impak gehad op die christelike geloofsgemeenskap se begrip en betrokkenheid by die sendingtaak van die kerk.

Wanneer Johannes Calvyn in die sestiende eeu na Christus besig is om sy ***Institusie van die Christelike Godsdiens*** op skrif te stel, is die rol wat die ampsdraer in die kerk van Jesus Christus te vervul het dus in die brandpunt van die gesprek oor die kerk. Meer as vier eeue later, aan die begin van die derde millenium na die eerste koms van Jesus, het die amp hierdie posisie onder die vergrootglas nog nie prys gegee nie. Calvyn (Inst 4.1.5: 1274) skryf in sy Institusie: "Onder soveel voortreflike gawes waarmee God die mensdom versier het, is dit 'n besondere voorreg dat Hy die monde en tonge van mense waardig ag om vir Hom te heilig sodat sy stem deur hulle weerklank kan vind". Hierdie "stem" van God wat in die "monde en tonge van mense" weerklank vind is te hoor in die lering deur die kerk. "Die kerk is die middelpunt van Christelike onderwysing. Ons sien hoe God, wat diegene wat aan Hom behoort in 'n oogwenk kan vervolmaak, nogtans nie wil hê dat hulle tot volwassenheid moet groei sonder die opvoeding deur die kerk nie. Ons sien ook dat die manier waarop dit moet gebeur, hier uitgedruk word: die verkondiging van die hemelse leer is naamlik op die herders gelê" (Inst 4.1.5: 1272). Die invloed wat uitsprake soos hierdie gehad het op die lidmaat wat nie in 'n besondere amp gestaan het nie is moontlik af te lei uit die moderne debat rondom die amp en die amp van die gelowige in die kerk. Dit wil blyk asof, in hierdie debat, die amp nie allerweë as 'n "besondere voorreg" deur almal beskou word nie.

Die huidige besinning oor die amp en die amp van gelowige is wel omvattend maar in 'n mindere of meerdere mate is dit erg verwarrend. De Klerk (1988: 1) skryf dit daaraan toe dat daar in die huidige gesprek 'n verskeidenheid van standpunte gehuldig word. Aan die een kant van die spektrum is daar diegene wat die amp as 'n verslete kerklike ornament afwys. Die groot skommelings en veranderings wat die samelewing van die afgelope paar dekades gekenmerk het, het volgens hierdie standpunt die amp nie onaangeraak gelaat nie. Die veranderinge het trouens teweeg gebring dat die kerklike amp nie meer in pas is met die moderne tyd nie. Dit het vir sommige waarnemers wêreldvreemd geraak en uit hierdie oogpunt is daar nie meer plek vir die amp om enige produktiewe rol in die gemeente of in mense se lewens te speel nie. Hier word sterk klem gelê op die diens van elke gelowige. Aan die ander kant van die spektrum is daar diegene wat die fundering van die amp in die Bybel vind en daarom die betekenis daarvan in elke tyd en era wil handhaaf. Die amp word aanvaar as 'n besondere voorreg en gawe van God

aan die kerk en aan sy skepping en mag vanuit hierdie oogpunt dus nooit ’n museumstuk word nie. Die amp moet vir diegene wat hierdie standpunt huldig die onderwerp van studie bly en dit moet in elke nuwe era en tyd so ingerig word dat die Bybelse riglyne binne die moderne konteks nagevolg word. Daar moet gesoek word na die wesenlike rol wat die amp te speel het in die *Missio Dei.* Wat is die rol en funksie van die amp ten opsigte van die bediening van hoop en verlossing, soos wat “sending” gedefiniëer is? Hoe is die ampte by die lidmaat in die algemene amp betrokke? Indien daar nie ’n verband is tussen die *Missio Dei* en “amp” nie sal die amp verval in ’n “indifferentisme”. Dit beteken dat die amp nie regtig ernstig opgeneem sal word nie en dat daar slegs ruimte vir die amp gelaat sal word indien dit nog funksionele waarde het. Ondersteuners van so ’n funksionele standpunt dui aan dat die Bybel in elk geval nie duidelike voorskrifte oor die amp gee nie en dus kan die amp in elke tyd anders daaruit sien omdat tye en behoeftes verander. Die argument word verder gevoer dat die kerk in sy ontstaan nie ’n uniforme ampsmodel gehad het nie. Die konkrete organisasie van elke gemeente het van stad tot stad gewissel. Dit legitimeer die gedagte dat dit vandag nog geld dat die spesifieke behoeftes van die eie tyd en plek bepalend is vir die inhoud wat die kerk aan die amp gee. Hierdie gedagte benader die amp volgens Lekkerkerker (1971: 9) “méér vanuit de praxis in onze samenleving dan vanuit bijbel en overlevering”. Hy pleit daarvoor dat die nadenke oor die amp nie bepaal mag word deur “plaatslijke en tijdgebonden faktoren” wat sou lei tot “eigentijdse vormen van het ambt” nie. “Primair speuren wij naar bijbelse grondlijnen voor ambt en kerkorde” (Lekkerkerker 1971: 15).

Die herdefiniëring van die amp in missionêre terme haal die amp in elk geval nie onder die vergrootglas uit nie. Selfs onder diegene wat verklaar dat die enigste riglyne vir die uitvoering van die ampstaak in die Bybel alleen te vinde is, is daar onduidelikheid oor die rol wat die amp in die kerk en die *Missio Dei* te speel het. Daar is ’n klag dat allerlei strominge binne die kerk die amp in sy eiesoortige aard aantas en dat daar ’n identiteitskrisis bestaan rondom ampte en onder ampsdraers self. Sekularistiese strominge tas byvoorbeeld die gesag van die amp aan en demokratisme plaas die aksent op die regte van die individu (Rossouw, 1984:424). In die gesagsdevaluasie, en selfs gesagsontkenning van die amp, beklemtoon spiritualistiese strominge in die aanval op die amp juis dat die amp ’n institusionele diens is wat minderwaardig is aan die charismatiese ekstase en ervaring. Die amp verloor in huidge debatte al hoe meer die regmatige plek in die rol wat dit te speel het in die kerk en in die uitdra van hoop en verlossing na die wêreld. Ampsdraers self benader die roeping en uitvoering van hulle pligte uiteindelik met ’n gesindheid van *laissez faire*. Die amp word ’n kerklike versiering in plaas van ’n kerklike diens

(De Klerk, 1988: 4). Die amp verkeer in ’n krisis en hierdie krisis mag moontlik opgelos word indien daar weer terug gekeer kan word na die rol van die besondere amp ten opsigte van die algemene amp en die kerk se sendingtaak in die wêreld.

Kritiese vrae wat gevra word oor die amp as kerklike diens en die rol daarvan in die *Missio Dei* is egter nie te negeer nie. Dit roep om ’n eietydse antwoord. Om net maar vas te hou aan dit wat in die verlede gewerk het en te hoop dat dit in die toekoms ook sal werk, is ’n doodsertifikaat vir die amp en moontlik ook die sendingtaak van die kerk. Om gereformeerd te wees en om werklik in ’n eie tydse konteks betrokke te kan wees by die bediening van God se eskatologiese hoop aan die wêreld eis dat die kerk homself sal verantwoord oor die tyd waarin hy is én om homself so volgens die Skrif in te rig dat die voorreg om “mond” en “tong” te wees van die Here, in die huidige steeds ’n voorreg mag wees. ’n Voortgaande reformasie is nie relatiwisme of pragmatisme nie, maar moet gebeur in die lig van die waarheid van God se Woord. Dit hoort binne die tradisie van hulle wat deur die eeue heen erns gemaak het met die Skrif. ’n Ondersoek na die betekenis van ’n gereformeerde ampsbegrip, en die missionêre betekenis daarvan vir die kerk, is daarom nie ’n nasê van geykte ampsgedagtes nie en is ewemin ’n herhaling van gefikseerde opvattinge. Dit is eerder ’n eerlike soeke na hoe die waarheid, wat in die Bybel as norm geopenbaar word en deur die eeue verstaan is, in die praktyk en konteks van vandag in die lig van die nood van die wêreld toegepas moet word. Dit sou in sommige gevalle ’n bevestiging van moderne praktyke wees, in ander dalk ’n vermaning oor skeeftrekkinge in ons tyd. In ander instansies mag dit lei tot ’n ontdekking van tekortkominge in die huidige ampspraktyke of ’n herontdekking van die rol van die amp in die *Missio Trinitatis.*

Een van die terreine in die kerk se ampspraktyk waar in die verlede reeds tekortkominge blootgelê is sentreer in die besonder rondom die rol wat die gelowige, wat nie formeel ’n kerklike amp beklee nie, in die kerk vervul. In die sestigerjare van die vorige eeu het daar ’n oplewing gekom in die belangstelling van die sogenaamde “amp van die gelowige” na die verskyning van die werke van Yves Congar en Hendrik Kraemer (Kromminga, CG: 11). Soos wat die kerk tot ’n herontdekking gekom het van die waarheid en waarde van die gelowige in die algemene amp, so het die gedagtes rondom die rol van die ampte in die kerk verander. ’n Nuwe klem is gelê op die ampte se toerustingstaak (Ef 4:12). Toenemend word aandag geskenk aan die rol van die gelowige in die kerk, die verwagtinge wat by ampsdraers en lidmate leef hieromtrent en hoe dit alles insluit by die missionêre rede vir die bestaan van die kerk. Dit gaan in die vasstelling van die rol en verwagting rondom die algemene amp egter nie oor wat die kerk

wil of selfs wat die kerk dink die wêreld nodig het nie. "Rather, the Church's purpose can be derived authentically only from the will of Jesus Christ, its Head; from the Spirit who gives it life; from the Father who has adopted it, and from the trinitarian mission of God" (Van Engen, 1991: 87). Die amp en die amp van die gelowige moet dus komplimentêr wees aan die *Missio Dei* en die sendingtaak van die kerk. Die kerk het die roeping om missionêr te wees in sy κοινωνια, κηρυγμα, □διακονια en μαρτυρια – dienste wat ten nouste geassosieer word met die uitvoering van ampsdraers se take. Die ampstaak moet fokus daarop om elke gelowige in staat te stel om sy of haar betrokkenheid in die missionêre taak van die kerk te kan uitvoer. Die teologie van die kerk kan nie net 'n teologie wees van ampsdraers nie maar moet ook 'n teologie wees van die lidmaat en sy en haar roeping in die wêreld (Bosch 1991: 467).

By nadere ondersoek blyk dit dat daar tans steeds 'n groot gaping is tussen die kerk se bevestiging van die bestaan van 'n diens van die gelowige aan die een kant, en die lidmate se ervaring en stryd om wel die koningskap van Christus oor alle terreine van hulle lewe te leef, aan die ander (Page 1993: 9). Die amp van die gelowige word in die kerk erken en bely maar by 'n praktyk vir die amp van die gelowige in die kerk of gemeente bly die kerk in gebreke om die gelowige sy regmatige plek te gee, met sware gevolge vir die missionêre aard van die kerk. "If it is true … that the entire life of the church is missionary, it follows that we desperately need a theology of the laity" (Bosch 1991: 472).

Om egter 'n gereformeerde teologie te vind wat die plek en funksie van die amp van die gelowige beskryf is dit nodig om eers vas te stel wat gereformeerdes se standpunt is oor die besondere amp. Die herkoms van die term "amp" moet bepaal word. Daar moet vasgestel word of die amp wel 'n goddelike instelling is en of dit nie dalk 'n sosiologiese verskynsel is wat deur die mens benut is om struktuur te gee aan sy aanbidding van die Here nie. Die amp moet prinsipiëel beoordeel word en die aard van die amp moet langs hierdie weg bepaal word. Die doel en funksie van die amp moet uitgespel word en daar moet bepaal word watter ampte onderskei kan word. 'n Saak wat aandag sal moet ontvang is die terreinafbakening van die amp van die gelowige. Wat is die plek en funksie van die amp van die gelowige? Die amp van die gelowige mag nie geralitiveer word net tot 'n algemene diens of diensbaarheid in die kerk of in die gemeenskap nie. Die waarskuwing van Stephen Neill "if everything is mission, nothing is mission" (Van Engen 1991: 30) kan ook op die missionêre taak van die lidmaat toegepas word: As alles ampswerk is, is niks uiteindelik meer amspwerk nie.

**Gevolgtrekking 4.1:**

Die kerklike amp moet die onderwerp van studie bly sodat dit in elke era en tyd só ingerig kan word dat dit in nuwe tydskontekste en -eise steeds binne die Bybelse riglyne bly. Die beskrywing van die amp volgens eie tyd en konteks moet geskied in die lig van die *Missio Dei* wat deur die kerk hoop en verlossing bring deur besondere en algemene gawes.

### 4.2 Die betekenis van die term "Amp":

In die Nuwe Testament is daar nie een term vir 'n "amp" in die sin van 'n persoon of persone wat 'n spesifieke rol speel, leiding neem of diens lewer in 'n christelike gemeente nie. Onder al die moontlike terme wat in die antieke griekse taal beskikbaar was om hierdie saak onder een woord te kon bring is geeneen daarvan gebruik nie (Schweizer 1979: 171). Uit 'n semantiese ondersoek na terme wat vir voorgangers of dienaars in die Nuwe Testamentiese kerk gebruik is, maak Schweizer die afleiding dat daar slegs een term is wat enigsins 'n "amp" ter sprake bring en dit is die term λειτουργος. Hierdie term word egter bykans uitsluitlik gebruik ten opsigte van Jesus Christus alleen. Waar die werk van gelowiges in die gemeente of vroeë kerk aan die orde kom, word die, tot op daardie stadium, nie-religieuse term διακονια, gebruik. Tot op sy mees oorspronklike herkoms nagespeur beteken laasgenoemde die diens wat aan tafel deur 'n bediende gelewer word. Vir Roberts (1963: 141) is hierdie klem in die Nuwe Testament op nederige diens baie positief. "Op sigself genome is die begrip amp 'n neutrale term wat telkens met 'n eie inhoud gevul kan word" (Roberts 1963: 141). Hierdie gedagte word deur Lekkerkerker (1971: 82) geëggo as hy sê dat indien dit wel so is dat daar in die term "amp" per definisie 'n voorstelling is van 'n hiërargiese skeiding tussen ampsdraers en sogenaamde "leke" die kerk die term as 'n beskrywing vir "leidinggevende diensten in de gemeente" inderdaad moet verwerp. Hy stel dan die vraag of "amp" egter wél hierdie betekenis het "of ontvangt het zijn inhoud uit het verband waarin het gebruik wordt, bijvoorbeeld vanuit het NieuweTestament?" Die term amp is vir hom dus soos 'n houer wat met Bybelse betekenis gevul kan word. Om egter uit die Nuwe Testament 'n eenduidige ampsleer af te lei om die term "amp" as houer mee te kan vul, bly steeds moeilik.

Op dieselfde wyse as waarop Jesus deur die Vader na die wêreld gestuur is stuur Hy mense na die wêreld en stel Hy hulle aan tot diens. Die diens van Christus behels die lê van die fondament en die oprig van die gemeente as bouwerk van God. Op hierdie fondament bou die gemeente,

onder die leiding van die Heilige Gees, as dienaars voort. "Het ambt is derhalve een dienst in opdrag van God en de dienst is de wijze waarop het ambt zich in de bediening kwijt van zijn opdracht. Alle ambt is dienst, maar er is meer dienst als ambtelijke dienst. Geen van beide zullen wij kunnen missen voor de theorie en de praktijk van het werk in de kerk" (Trimp 1988: 241). In die lig hiervan sou 'n teologie vir die amp van die gelowige dus nie inhou dat gelowiges nou geskool word om "mini-pastors" te wees nie. Die ampswerk van die gelowige is eerder te vinde in die diens wat elke gelowige lewer "in the form of the ongoing life of the Christian community" (Bosch 1991: 473) waar die gelowige hom of haar ookal bevind in die sekulêre lewe.

**Gevolgtrekking 4.2:**

Die primêre betekenis van die term "amp" is "diens". Hierdie diens is egter nie net van 'n algemene aard nie maar geskied in opdrag van God met gesag wat van Hom afkomstig is binne die ruimte van die kerk as draer van die eskatologiese hoop en bevryding in Christus.

## 4.3 Die amp as toerusting van die Gees:

Soos in die sekulêre praktyk is die gesag van die gesant in die kerk geleë in die Een wat stuur. Die gelowige in ampsdiens, besonder of algemeen, is deur Christus geroep vir sy of haar taak en staan daarom in diens van die sturende Koning van die kerk. Die gesag van die amp bly altyd geklee in die karakter van "diens" en dus is daar in die gemeente van Christus geen sprake van hiëragie nie. "Hiervoor is die dienskarakter van alle funksies oor die hele linie van die N.T. te duidelik om verwaarloos te word, asook die Nieu-testamentiese gegewe van die outoriteit van die gemeente self wat die Gees van God ontvang het, en wat self ook van die Here die opdrag tot selfbou ontvang het" (Roberts 1963: 144).

Wanneer Jesus na die hemel opvaar om sy koningstroon te bestyg beloof Hy dat Hy altyd by die kerk teenwoordig sal wees tot aan die voleinding van die wêreld. "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Matt 28:18 –20). Hierdie belofte het Hy uitgevoer deur die koms van die Heilige Gees wat sy werk in die wêreld deur die kerk voortsit.

Oor die rol van die Heilige Gees in die ampte som Roberts (1963: 139) die saak op as hy sê dat dit tot die bedeling van die Gees behoort dat daar in die gemeente ampsdraers as "Geesbegaafdes" is. Hierin bestaan die permanente en kontinue van die reëling van Christus, dat sy Gees die charismata uitdeel waardeur die liggaam as 'n geordende geheel die toerusting van die Gees ontvang langs die kanale wat Hy self voortdurend daarstel. Dit beteken dat die Heilige Gees die kerk van Christus versorg deur voortdurend spesifiek begaafde mense aan die gemeente as gawes te gee. Deur hierdie besondere gawes wil die Hy die gemeente toerus vir die voortsetting van die werk van Christus in die wêreld.

Die Gees is dus op twee vlakke betrokke by die amp. Aan die een kant gee Hy besondere gawes aan indiwidue. Aan die ander kant roep Hy hierdie begaafdes om met hierdie spesiale gawes die gemeente te dien in laasgenoemde se diens in die *Missio Dei*.

**Gevolgtrekking 4.3:**

Christus regeer die kerk deur sy Woord en Gees. Die Heilige Gees versorg die kerk deur die kerk voortdurend toe te rus met gawes aan indiwiduele persone sowel as gawes aan die gemeenskap van gelowiges. Die ampte tel onder laasgenoemde gawes.

## 4.4 "Diens" as inhoud van die amp:

Ampswerk gaan oor dienslewering wat spreek van 'n bereidheid om die minste te wees. Hierdie dienslewering word egter eers ampsdiens wanneer dit verrig word naas die diens van ander as diens aan ander. Dit sou dus beteken dat alle ampswerk diens is alhoewel nie alle dienslewering amptelik is nie (Versteeg 1988: 49). Almal in die kerk is geroep tot diens maar aan hierdie dienswerk moet daar leiding gegee word en ten opsigte van almal se diens moet daar ruimte geskep word. Hierdie leiding en ruimteskepping van die dienswerk deur alle gelowiges is die diens wat die besondere ampte moet verrig. Die amp is nie 'n meerdere of belangriker diens as die ander dienste wat in en deur die gemeente gelewer word nie maar is slegs noodsaaklik in die

verhouding waarbinne dit tot ander dienste staan. Die diens wat die amp lewer is van belang slegs in die mate waarin dit leiding en rigting gee aan die diens wat deur alle gelowiges gelewer moet word (Versteeg 1988: 50). Die diens van die amp het daarom geen gesag in sigself nie maar is verbonde aan die hele gemeente se dienswerk. "De hoogste waardigheid in de kerk is niet het *imperium*, maar het *ministerium*" (Goumaz 1964: 47).

**Gevolgtrekking 4.4:**

Alle ampswerk is diens maar alle dienswerk is nie amptelik nie. Amptelike diens is ruimte skeppend vir alle diens wat aan Christus gelewer word in en deur sy liggaam, die kerk.

## 4.5 Eenheid en Verskeidenheid van die amp:

In die lig van die wyse waarop Paulus in teksgedeeltes soos Ef 4, 1 Kor 12:28 en Rom 12:7 en 8 gawes in lyste opnoem wat verskil na gelang van die gemeente aan wie hy skryf kan daar afgelei word dat nie alle dienste te alle tye presies dieselfde lyk nie. Daar is'n verskeidenheid dienste en ampte te onderskei. Die getal van ampte is nie primêr nie maar wel "die teologiese fundering, oorsprong en doel," van elke amp (Rossouw 1988: 136). "So far as the several gifts, ministries, etc. are concerned, Paul gives them no systematization, but rather places emphasis on the great diversity in the gifts and ministries God has given to the church (cf. Rom 12:6; 1 Cor 12:4), a diversity, however, which must find its harmony in the unity of the body and its general well-being (*pros to sympheron*; 1 Cor 12:7)" (Ridderbos 1975: 446).

Vir Calvyn, wat die eenheid van die ampte beklemtoon, lê die saambindende faktor in die feit dat al die ampte aan die kerk gegee is met slegs een doel voor oë naamlik, die opbou en uitbou van die liggaam van Christus (Rossouw 1988: 136). Hieroor sê EPJ Kleynhans (1988: 171) dat die "Skrif leer, en die gereformeerde teologie handhaaf die eenheid van die amp, maar wys terselfdertyd daarop dat die verskillende ampte in opdrag en funksie van mekaar onderskei moet word."

**Gevolgtrekking 4.5:**

Daar is’n verskeidenheid van ampte met ’n onderskeid in opdrag en funksie. In die verskeidenheid van ampte is daar egter’n eenheid in die diens aan die liggaam van Christus.

**Gevolgtrekking 4.6:**

Die getal van ampte is nie primêr nie maar wel die oorsprong, doel en teologiese fundering van elke amp.

**4.6 Die doel of funksies van die amp:**

Ahoewel daar verskillende dimensies of nuanses kan wees ten opsigte van elke afsonderlike amp is daar wel ’n gesamentlike funksie waartoe Christus die ampte as ’n gawe aan die gemeente gegee het. Die funksie van die amp moet in die eerste plek ’n saambinde uitwerking hê. “Die eenheid en opbou van die gemeente in sy diepte en wydte geskied in die funksionering van die verskillende ampte (Ef 4:11-16)” (Barnard 1988: 260). Dit moet egter begryp word dat eenheid nie deur die werk van die ampte gewaarborg word nie. Die eenheid van die kerk is die grond van die eensgesinde werk van die ampte. Eenheid is daarom die wederkerige doelwit van ampswerk. In die eenheid van die gemeente funksioneer die ampte ten doel van hierdie eenheid.

Die tweede funksie van die amp kan gevind word in die oordra van die geloof van geslag tot geslag. “Hierdie geloofskat moet suiwer bewaar en met groot krag oorgedra en deurgegee word aan die wat reeds glo, maar ook aan die wat nog daardeur tot die geloof moet kom” (Barnard 1988: 261). Hierdie funksie geskied deur eredienste, sakramentsvierings en die verkondiging en uitlê van die Woord.

’n Derde funksie van die amp kan gevind word in die diakonale versorging en die oproep tot diens van barmhartigheid. “Christus se sorgende liefde vir dié wat aan Hom behoort, word

uitgedruk in die dienswerk van die ampsdraers" (Van der Linde 1962: 115). Barmhartigheid setel nie uitsluitlik in die diens van een van die ampte van die gemeente nie. Die hele gemeente, elkeen met eie gawes of charismata, is geroep tot die diens van barmhartigheid. Die hele mens in sy kompleksiteit en al die dimensies van menswees moet geraak word deur die barmhartige versorging deur die gemeente onder leiding van die ampte.

'n Vierdie funksie van die amp kan gevind word in die taak van die ampte om behoorlike opsig en tug toe te pas in die gemeente. Hierdie opsig gaan oor die gelowiges se leer en oor die alle daagse praktyk van hulle lewe. "Die gemeente moet bewaar word by die oorgelewerde geloofskat" (Barnard 1988: 262). In die bediening van die Woord het Christus die regering van sy kerk aan die ampsdraers toevertrou (Van der Linde 1962: 116).

In hierdie vier funksies is egter slegs aspekte van een sentrale saak. "Dit gaan hier om die doel waartoe Hy hierdie ampte in 'n posisie van teenoorstelling teenoor die gemeente laat funksioneer, nl. die toerusting van die heiliges (Ef 4:12a)" (Roberts 1963: 159). Die gawes wat Christus gegee het is nie gegee om al die dienswerk in die gemeente self te kan behartig nie. Die ampte is gegee om aan een besondere doel of funksie te voldoen, naamlik "die opleiding van die heiliges vir hul dienstaak" (Roberts 1963: 159). Die algemene funksie van die ampte is dus dié van die toerusting van die gemeente, "van geskikmaking om as geheel - waarby uiteraard ook die ampte self as αφαι ingesluit is - die taak te verrig waarvoor dit toegerus word" (Roberts 1963: 160).

Die ampte as persone wat leiding neem in die gemeente se bediening, opbou en uitbou oorheers nie die gelowiges wat nie in die besondere amp staan nie maar rus die gelowiges toe sodat elkeen sy of haar rol kan vervul in die werksaamhede van die gemeente. "Dit is ook opvallend dat *groei* en *opbou* by Paulus sowel konsolidasie as sendingwerk beteken. Ef 4:12 gee dan 'n samevatting van hierdie bediening van die kerk: dit is 'n toerus (*katartismon*) van die gemeente vir die werk van dien (*diakonias*), dit is vir die opbou (*oikodomein*) van die liggaam. Daar is 'n ooglopende verband tussen bediening, gemeente-opbou en gemeente-uitbou" (Smit, JH 1989: 551).

**Gevolgtrekking 4.7:**

Die funksie van die amp is die toerusting van lidmate sodat alle gelowiges, lidmate en ampte in eenheid gesien, betrokke kan wees by:

- die soeke na die eenheid in die kerk,
- die oordra van die geloof van geslag tot geslag,
- die barmhartigheidswerk van die gemeente, en
- die toesig en tug van mekaar.

### 4.7 Die Missionêre taak of funksie van die amp:

In die lig van die toerustingsfunksie van die amp het die besondere ampte slegs ’n sekondêre funksie ten opsigte van die missionêre taak van die kerk. Elke ampsdraer het egter in die uitvoering van sy of haar ampstaak ’n missionêre dimensie in die wyse waarop lidmate toegerus word vir die opbou en uitbou van die kerk. Die missionêre intensie van die amp kan egter nie in geheel uitgesluit word nie. JH Smit (1988: 202) sê in verband hiermee: “Dus, die besondere funksies of ampte het ’n besondere en onmisbare bydrae om te maak ten opsigte van die groei - alternatiewelik opbou - van die gemeente.” “The leader is a catalyst to stimulate the people to follow in a mutually agreed direction in the midst of a particular spiritual, social, economic, political, and cultural context. The Holy Spirit, who establishes and mobilizes the church, uses the entire mix of complex factors to move God’s people to be and do something new in the world. God-given leaders are in the centre of it all, and yet they are only a part of the story” (Van Engen 1996: 233). Daar is ’n dinamiese interaksie tussen die ampte as gawes aan die gemeente en die gemeente as primêre gestuurde draer van die hoop van verlossing. Die ampte bou die gemeente sodat die gemeente volgroeidheid kan bereik en dienswerk waartoe die gemeente geroep is uiteindelik uitgevoer word (Ef 4:11 – 13). Die feit dat die hele geloofsgemeenskap betrokke is by die bediening van hoop en verlossing aan die wêreld het ingrypende implikasies vir diegene wat geroep is om in die kerklike amp die gemeente te bedien. Die persoon wat in die besondere amp dien moet veel meer as net ’n fasiliteringsrol vervul in die toerusting en organisering van die werksmag van gelowiges in die gemeente. Die leier moet binne die konteks van die wêreld waarin die gemeente is self radikaal getransformeer word sodat

hy of sy ’n geïnkarneerde voorbeeld kan wees vir die roeping van die gemeente. Deur op so ’n praktiese manier die roeping van die gemeente uit te leef as voorbeeld aan die gemeente dien dan as katalisator of “stimulus” wat die gemeente weer voort stu tot sending en diens in die wêreld (Van Engen 1996: 234). Die wyse waarop die leier sy ampswerk uitvoer bepaal die mate waarin dit vir die ampsdraer moontlik sal wees om die gemeente te lei en te begelei daartoe om die missionêre roeping van die kerk na te kom. Die ampsdraer is ’n dienaar en kneg en benut die *charismata* waaroor hy of sy beskik nie vanuit ’n posisie van mag en oorheersing nie. “When leaders rule rather than serve they lose their right to lead” (Van Engen 1991: 170).

Die besondere amp bestaan slegs binne die geloofsgemeenskap. Die besondere amp het nie die geloofsgemeenskap voorgegaan nie en staan ook nie los of verhewe bo die gemeenskap van gelowiges nie. Die amp rus die gelowige toe sodat elke gelowige as deel van die gemeente sy of haar bydrae kan lewer in die uitdra van die hoop wat daar is in die verlossing deur Christus. Vir die missionêre aard van die gemeente is die ampte dus nie alleen net funksioneel nie maar is dit essensieël (Bosch 1991: 474). Indien die ampsdraer sy of haar gesag misbruik sal die reaksie hierop vanuit die geloofsgemeenskap nie kan wees om alle gesag van diegene in die amp te ontken nie. Klerikalisme word nie oorkom deur die verwerping van alle geordende ampte nie (Bosch 1991: 473). Daar is ’n wesentlike aspek aan die ampte wat die ampte in die gemeente noodsaaklik maak. Die wesentlike is egter nie die borg van die waarheid dat die kerk die draer van God se hoop is nie, maar wel die voog daarvan. Die ampte help die geloofsgemeenskap om getrou te bly aan die leer en lewe van die apostoliese waarheid. Dit doen die ampte nie deur magsoorheersing of op hulle eie nie maar dit word gedoen in die gestalte van diens in samewerking met die hele gemeente as volk van God, aangesien elkeen ontvangers is van die Heilige Gees. Die priesterlike rol van die ampte verwyder nie die priesterlike roeping van die gemeenskap van gelowiges nie maar het eerder die toerusting en instaatstelling daarvan in die oog (Bosch 1991: 474). Waar hierdie rol van die amp in die toerusting van gelowiges, wat bekwaam gemaak word vir hulle diens in sending, vervaag, word die watermerk van die egtheid van kerkwees nie meer die kerk se betrokkenheid by die *Missio Dei* nie, maar word die ampte self die teken van kerkwees. “Die amptelike kerk word die bolwerk en voog van die regte leer teenoor die ketters (Irenaeus), waarbuite daar geen heil te vinde is nie (Cyprianus). Sy versier haarself met die goddelike en onverliesbare eienskappe van gesag en heiligheid” (Bosch 1979: 98).

Die bediening van die ampte in die gemeente het ’n missionêre karakter want dit staan in die lig van die eskatologiese (Smit 1988: 204). Die gemeente is in wese deurentyd besig om diegene wat nog uitgesluit is van die verlossing op te soek en in te sluit in die bouwerk van God. Diens aan die opbou van die gemeente sluit dus *per se* ook die missionêre in. “Die toerustingstaak wat die ampte het om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk hou ook toerusting in vir missionêre diens” (Smit 1988: 204). Die Heilige Gees gee die besondere ampte as gawes aan die gemeente tot toerusting van die gemeente vir die uitvoering van die volle roeping en taak van die gemeente. Hierdie taak sluit die missionêre in. Die gemeente staan daarom onder die “indikatief” van die amp. Daar word egter van die gemeente verwag om die “imperatief” van die amp, naamlik die gesag van die amp, ook te aanvaar (Roberts 1963: 147). Daar is ’n baie belangrike verhouding tussen die ampte en die gemeenskap van gelowiges ten opsigte van die begeleiding van die hele gemeente om die volle boodskap van hoop en bevryding aan die hele wêreld oor te dra.

**Gevolgtrekking 4.8:**

Die toerustingstaak van die amp sluit die toerusting vir die opbou én die uitbou van die gemeente in en dus het die amp ’n missionêre dimensie, alhoewel laasgenoemde nie primêr is nie.

## 4.8 Die Amp gesien in die lig van die doel en funksie van die Plaaslike Gemeente:

Die ampte is funksies in die kerk en daarom is daar nie plek vir ’n hiërargie tussen ampsdraers en lidmate nie. Daar is verder geen plek vir ’n gees van independentisme of onafhanklikheid van die ampte in die kerk nie. Christus gee sy Gees as ’n eskatologiese gawe aan elkeen in sy kerk. Hierdie Gawe is aan dié in die besondere ampte én aan diegene wat nie in ’n besondere amp staan nie, gegee. Indien die eskatologiese karakter van die gawe aan die amp en aan die gemeente nie in berekening gebring word nie verloor die amp sy diensknegkarakter en raak die amp gesekulariseer. Dít gebeur wanneer die band tussen die amp en die gemeente verbreek word. Die amp bestaan dan nie meer ter wille van die diens aan, in en vanuit die gemeente nie, maar ter wille van die amp self (Van der Walt 1988: 226). Die amp en plaaslike gemeente is baie nou aan mekaar verbonde. Dit kan nie anders nie. Beide dien dieselfde doel. Hierdie feit

eis van die ampsdraer om ’n verantwoorde Geesvervulde lewe te leef en verantwoordelike diens te lewer.

Die doel van die plaaslike gemeente kan slegs afgelei word van die wil van sy Hoof, Jesus Christus, van die Heilige Gees, wat die lewe van die liggaam waarborg en van die Vader, wat hierdie kerk aangeneem het as sy eiendom. Die doel van die plaaslike gemeente is ten nouste vervleg met die Drie-enige *Missio Trinitatis* wat lei tot die *Missio Ecclesiae.* Deur die eeue is daar oor die kerk bely dat dit een, heilig, algemeen en apostolies is. Die vier eienskappe van die kerk is nie net byvoeglike naamwoorde waarmee die eie aard van die kerk beskryf word nie. “Reeds in die modus van sy bestaan is die kerk sendinggerig. Hier sal die eienskappe van die kerk self vanuit ’n missionêre dimensie belig moet word: die eienskappe van die kerk (eenheid, heiligheid en algemeenheid) is eienskappe deur God aan die kerk as *gawe* geskenk, om daardeur die wyse van die kerk se bestaan in die wêreld aan te dui; maar die eienskappe is ook as *opdrag* deur God aan die kerk gegee om daardeur die taak van die kerk in die wêreld te omskrywe. Meer nog: die eienskappe is deur God aan die kerk gegee om daardeur die *boodskap* van die kerk aan die wêreld oor te dra” (Heyns 1989: 445). Die eienskappe van die kerk is werkwoorde wat die kerk in die wêreld instuur om een te wees en om die wêreld voor God te verenig. Die kerk is geroep om heilig te wees en moet ’n heiligende invloed hê op die wêreld. Die kerk is algemeen en moet daarom versoenend wees tussen die verskeidenheid van mense. Die kerk is apostolies en moet die Woord van God uitdra tot aan die uithoeke van die wêreld (Van Engen 1991: 87 en 88; 1996: 120 – 124). “Viewed as verbals, the four words are not only activities in which the church engages, but also descriptions of the essence of the church as it is found in the local congregation. What is the church? It is the unifying, sanctifying, reconciling, and proclaiming activity of Jesus Christ in the world” (Van Engen 1996: 124). Die eienskappe van die kerk is ook as ’n belofte aan die kerk gegee “om daardeur die kerk steeds op die volheid in die toekoms gerig te bly hou” (Heyns 1989: 445).

Die betekenis van die griekse woord wat vir die kerk of gemeente gebruik word is *ekkleisia* en die betekenis van hierdie woord moenie “allereers in die sekulêre gebruik daarvan in die Griekse wêreld gesoek word nie” (Smit, Sept 1989: 554). *Ekklesia* word ’n tegniese term vir die kerk of gemeente byan deurentyd deur die aanwending van die predikaat *tou theo* of *tou christou*. “As sodanig het dit sy oorsprong in die Ou Testament waar die begrip *$q^{e}$hal Jahwe* (op een

uitsondering na) deurgaans in die *LXX* met *ekklesia* vertaal word" (Smit Sept 1989: 554). Die benaming *ekklesia* vir die Nuwe Testamentiese saamgeroeptes beskryf die gemeente in die taal van die Ou Testamentiese volk van God. Met die benoeming van die kerk deur *ekklesia* word gelowiges die nuwe volk van God waarvan Christus die Verbondshoof is. "Die verbond is een van die basiese begrippe in die Skrif vir die struktuur van God se verhouding tot sy skepping en sy mense" (Smit Sept 1989: 551). Die term "verbond" is ’n inklusiewe begrip wat byna alle aspekte van God se handeling met die mens beskryf. Hy is die Koning en is besig om sy koninkryk te herstel deur sy verbondsverhouding met mense. "Die evangelie van die koninkryk hou dus ten opsigte van die verbond in die aankondiging dat die partikularistiese periode van die verbond verby is en dat die universele periode weer aangebreek het" (Smit Sept 1989: 552). Christus stuur sy *ekklesia* die wêreld in om apostolies die wêreld in sy totale nood te bereik. "Omdat die kerk is wat hy is – is daar in die kerk ’n magtige en ononderdrukbare drang gelê om na buite te beweeg" (Heyns 1989: 443). "Tussen die sugtende wêreld aan die een kant, en die verlossende Christus aan die ander kant, staan die kerk deur middel van wie se arbeid dit God se bedoeling is om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een Hoof te verenig (Ef 1:10). Die kerk is die eersteling van daardie groot en heerlike toekomsteige oes" (Heyns 1989: 443). Om so met die evangelie in die wêreld in te tree is nie ’n vrye keuse wat die kerk self kan maak nie. ’n Keuse teen die betrokkenheid van die kerk in die sending van Christus na die wêreld is ’n keuse teen Christus en dus ’n keuse vir die dood. "Die kerk is nie ’n ghetto-gemeenskap nie. Die kerk is nie ’n religieuse kokon, toegespin deur die drade van sy eie kulties-liturgiese handelinge nie (Heyns 1989: 444). Die grootste gevaar vir die sending lê dus in die gemeente self. Die kerk kan uiterlik nog ’n religieuse isntelling wees maar as dit nie voortdurend besig is om te soek om die wêreld vir die Here op te eis nie, kan dit nie ’n lewende, groeinde kerk van Jesus Christus wees nie.

"Sending" is dus nie iets losstaande van die kerk of iets wat daaraan toegevoeg is nie. "Sending" is die kern en die wese van die kerk en dus is daardie gemeente wat nie wesentlik missionêr is nie, nie die kerk van die Here nie. Dit beteken nie dat alles waarmee die kerk besig is altyd "sending" moet wees nie. "Die kerk is nie in sy totale bestaan sending nie, ewe min is alles wat die kerk doen, net sending, maar in die bestaan van die kerk, soos trouens ook in alles wat die kerk doen, is daar ’n duidelike en onmiskenbare sendingdimensie" (Heyns 1989: 441). Daar is ’n verskil tussen ’n missionêre intensie en ’n missionêre dimensie. Die kerk is te alle tye by die *Missio Dei* betrokke maar is nie altyd besig om "sendingwerk" te doen nie. "Dimensie en

intensie moet op ’n dinamiese-kreatiewe wyse op mekaar betrek word. Die een voed en stimuleer die ander” (Bosch 1979: 200). By die missionêre aard van die gemeente is die lidmate nie net die voorwerpe van pastorale sorg nie, maar is alle gelowiges by alle werksaamhede van die gemeente betrokke.

Die gemeente het daarom ’n behoefte aan toerusting, “aan geskikmaking, aan bruikbaarmaking, aan funksioneelstelling” (Roberts 1963: 160) sodat die gemeente sy doel en funksie kan beantwoord en hierin moet die ampte die gemeente tot diens wees. Die ampte sluit hiermee aan by die doel van die plaaslike gemeente. Die doel waaraan die gemeente moet kan beantwoord is een van selfopbou. God is self die Bouer van sy kerk maar “Hy laat sy gemeente, die heiliges, toerus vir hulle dienswerk wat die opbou van die liggaam van Christus op die oog het” (Roberts 1963: 162). Die gemeente is vir die opbou tegelyk die subjek en die opbjek en daarom is die eerste doelwit van die gemeente gerig op selfopbou. Die opbouwerk is gerig op die eskatologiese volheid van die gemeente en soek die konsolidasie en die eenheid van die kerk. Die opbou gaan “voort totdat die universaliteit van die gemeente ten volle gerealiseer is in almal wat God in Christus uitverkies het om te behoort tot sy volk” (Roberts 1963: 173).

Die plaaslike gemeente is in die eerste instansie saam met die universiële kerk besig met die uitbou van die liggaam van Christus totdat die *pleroma* van God se volk Jesus as Verlosser ken. Die plaaslike gemeente word toegerus deur die ampte met die oog op die universiële gestalte van die kerk. “Dit gaan hier om dié diens van die totale gemeente waardeur in die loop van die eskatologiese interim οι παντεs as die voltotaal van die uitverkorenes in Christus, sal aankom by, sal toetree tot die … volmaakte volheid waarin alle heilsweldade van Christus teenwoordig is” (Roberts 1963: 176). Op grond van die *Missio Dei* bedien die plaaslike gemeente die wêreld met die eskatologiese hoop en verlossing in Christus. Vir sy betrokkenheid by die *Missio Dei* ontvang die plaaslike gemeente spesiale gawes in sy ampte en lidmate en is daarom “a gifted community”. Die implikasie van die ontvangs van hierdie gawes deur die plaaslike gemeente is dat God hierdie begaafde gemeenskap wil gebruik “as a gift to the world” (Page 1993: 19). Die fokus van die plaaslike gemeente gaan verder as net die toetrede van diegene buite die gemeente om deel te word van die liggaam van Christus. Daar is in die tweede plek ’n baie duidelike fokus op die konsolidering van dit wat reeds gebou is (Roberts 1963: 177). Die plaaslike gemeente fokus nie net op die kwantitatiewe van die liggaam van Christus nie maar

ook op die kwalitatiewe. Die hele liggaam, en nie slegs die ampte nie, moet by hierdie groei na volwassenheid betrek wees. “Soos by die missionêre diens, so is ook hier die hele gemeente betrokke in ’n diens wat die verkondiging … en oorlewering behels” (Roberts 1963: 183). “The church needs to be the place where we learn how to live the Christian way so that we can be co-creators of God's family wherever we go” (Page 1993: 20). In die derde plek lê die plaaslike gemeente se roeping en fokus op die eenheid van die gemeente. Die opbou van die gemeente is gerig op die ophef van ’n toestand van verskeurdheid in die gemeenskap van gelowiges. Die waarheid van die gesonde leer onder die beheer van die liefde is die norm vir die gemeente om eensgesind te leef as die volk van God.

Die Heilige Gees is in besonder aan die kerk gegee ter wille van die versameling van die gemeente, die opbou van die gemeente en die uitsending van die gemeente (Bosch 1979: 201) In hierdie werk van die Gees, gesien teen die lig van die kenmerke van die kerk en die feit dat die plaaslike gemeente geroep is tot uitbou en opbou, speel die lidmaat ’n groot rol. Die plaaslike gemeente word ’n missionêre gemeente wanneer die lede van die gemeente al hoe meer in die wêreld betrokke raak deur *koinonia, kerygma, diakonia* en *martyria* (Van Enegen 1991: 89). “At the level of the local congregation the missionary Church discovers its reason for being in the world as it becomes the the loving koinonia fellowship of desciples of the crucified Jesus, confessing in word and deed that Jesus is Lord, and witnessing to the greatest event of all time – God with us” (Van Engen 1991: 99).

In die roeping van die plaaslike gemeente om missionêr te wees het die ampte ’n belangrike rol te speel. Die toerustende werk van die ampte is onontbeerlik in die uitreik na diegene buite die gemeente. Sonder die toerusting deur die ampte kan die geheel nie funksioneer nie en ook nie groei nie. Die eenheid van die gemeente word gedien deur die dienswerk van die ampte wat in liefde en waarheid geskied. Die afwesigheid van die buitengewone ampte verarm die kerk en maak dit vir die gemeente onmoontlik om aan sy roeping getrou te bly. Die afwesigheid van die plaaslike gemeente ontneem die gemeente se amptelike doelwitte en maak dit ampswerk onmoontlik.

Die gesag van die besondere amp word begrens deur die amptelike werk in die gemeente. Die outoriteit waarmee ampsdiens in die kerk verrig word is af te lei van die gesag van die Koning aan Wie alle mag behoort (Matt 28:18). Hy vernietig die bose magte en al sy vyande (1 Kor 15:24, 25). "In Hom het die ampswerk die vaste waarborg dat die eindresultaat vasstaan: elke knie sal buig en elke tong sal bely: 'Jesus is die Here!' (Fil 2:10, 11)" (Van der Walt 1988: 221). Die amp het nie gesag om te oorheers nie maar het gesag om in die plaaslike gemeente ter wille van die *Missio Trinitatis* te dien. Indien hierdie gesag oor- of onderwaardeer word lei dit tot 'n verlies aan die nakom van die funksie van die amp en is dit 'n verlies vir die kerk se betrokkenheid by die uitdra van die boodskap van hoop en verlossing. Die sleutelmag wat deur Christus aan die kerk gegee is word aan die hand van die Woord so deur die amp hanteer dat die diens en "sending" waartoe die hele kerk geroep is daardeur gedien word.

**Gevolgtrekking 4.9:**

Dit is die taak van die amp om die gemeente as deel van die een, heilige, algemene, apsotoliese kerk in staat te stel om sy doel en funksie in die *Missio Dei* te bereik deur intensionele dade van *koinonia, kerygma, diakonia* en *martyria*, nie net deur die ampsdraers alleen nie maar deur die hele kerk, tot verheerliking van die Hoof van die kerk.

### 4.9 Amp in die Belydenisskrifte en kerkorde:

Die kerklike instituut is grootliks waarneembaar in sy geskrewe dokumente. Indien die plek en rol van die amp in die kerklike instituut dus nagspeur moet word sal daar dus gekyk word na die amp soos wat dit beskryf word in die kerk se belydenisskrifte en neerslag vind in sy Kerkorde.

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk word die drie Formuliere van Eenheid asook die Ekumeniese belydenisse op die *quia*-basis aanvaar en dus is hierdie belydenisskrifte die onderbou en fondasie van die nadenke oor die ampte soos wat dit in die Bybel aan die kerk deurgegee word. In die gereformeerde belydenisskrifte is die regering van die kerk sentraal (Brown 1988: 155). Daar word deurentyd gewag gemaak van die feit dat dit Christus self is

wat die kerk regeer. Die rol van die ampte en dienste word egter met die regering van Christus in verband gebring. Christus is die Hoof van die gemeente wat sy liggaam is. In sy liggaam betoon Hy sy genade en laat Hy sy wil geskied. Martin Bucer was die eerste van die Reformatore wat die beginsel van die Christusregering toepas op die kerk (Brown 1988: 155). Hiervolgens word Christus nie net verteenwoordig deur die ampte nie maar is Hyself teenwoordig in die bediening in die kerk. "Christus noem Homself volgens die Skrifte 'minister', dienskneg. Dit dui daarop, volgens Bucer, dat Hy in die besonder alles in die kerk bedien, en dan nie Homself verkondig nie, maar slegs wat sy Vader aan Hom opgedra het" (Brown 1988: 155). Om dus nou 'n amp vir Christus waar te neem, rus die Gees gelowiges toe met die nodige gawes. "Die ampsdraer ontvang egter nie 'n *magisterium* van Christus nie, slegs 'n *ministerium*" (Brown 1988: 156). In sy *Institusie* blyk dit dat Calvyn op die spoor van Bucer die Christokrasie 'n sentrale plek laat beklee. Daar kan dus nie sprake wees van 'n suksessie van persone in sekere ampte nie maar wel 'n suksessie van die suiwere apostoliese leer. Die suiwerheid van hierdie leer word gewaarborg deur die beloftes van God en die werk van die Heilige Gees en nie deur die primaatskap van 'n amp of ampsleer nie. Die verheffing van enige amp of ampsdraer beroof daarom God van die eer wat Hom alleen toekom en bedreig verder die rol en funksie wat elke lidmaat vervul in die *Missio Ekklesia*.

Die Christokratiese gedagtes van die Reformasie vind sy neerslag in die Nederlandse Geloofsbelydenis veral in artikels 27 tot 32 (Lekkerkerker 1971: 39). Artikel 27 wat die geloof bely in 'n "algemene Christelike kerk" bely dat hierdie kerk daar was "van die begin van die wêreld af en tot die einde daar sal wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie" (Ons Glo: 22). In artikel 28 "horen wij over het ambt van alle gelovigen" (Lekkerkerker 1971: 39). In hierdie artikel word bely dat elkeen verplig is om by die ware kerk aan te sluit. Dit beteken 'n gehoorsaamheid aan die "leer en tug" van Jesus deur "onder die juk van Jesus Christus te buig" (Ons Glo: 22). Artikel 29 bely eweneens die Christokrasie in die regering van die kerk wanneer daar oor die kenmerke van die ware kerk bely word dat kerke ware kerk is wanneer "almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is verwerp, en Jesus Christus as die enigste Hoof erken" (Ons Glo: 23). Dieselfde artikel bely dat gelowiges hulleself aan die "juk van Christus moet onderwerp" en nie méér op ander mense moet vertrou as wat hulle reeds op Christus vertrou nie. In die gereformeerde begrip van die amp is daar nie ruimte vir 'n hiërargie nie. Die gereformeerde kerkreg is egter nie altyd gevrywaar van 'n hiërargie tussen ampte of 'n hiërargie

tussen ampte en lidmate nie en daarom moet die diens van die amp teenoor die lidmaat altyd sentraal staan in die verantwoordlike hantering van die roeping tot ’n amp.

By artikels 30 en 31 word daar spesifiek gefokus op die werk van die ampte in die regering van die kerk. Volgens artikel 30 vorm “dienaars of herders” wat die Woord verkondig en die sakramente bedien, saam met “ouderlinge en diakens”, die “kerkraad”. Hierdie kerkraad is die “middel” waardeur die ampte moet sorg dra daarvoor dat alles in die kerk “behoorlik en ordelik” geskied. As Skrifbewys vir hierdie artikel word 1 Tim 3 aangehaal (Ons Glo: 24). Artikel 31 fokus spesifiek op die ampsdraers van die kerk, hulle roeping, verkiesing, diens en onderlinge optrede teenoor mekaar. Daar word bely dat die bedienaars van die Woord, “op watter plek hulle ook al mag wees, een en dieselfde mag en gesag” het. Die een heers nie oor die ander nie maar as bedienaars van die Woord is hulle almal dienaars van Chrisrus, “die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk” (Ons Glo: 24). Die instelling van ’n ordelike reëling in die kerk word bely in artikel 32. Die kerk se leiers moet “onder mekaar ’n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk instel en handhaaf,” dog die leiers moet versigtig wees om nie met hierdie orde “af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie” (Ons Glo: 25). E Brown (1988: 157) voel dat die huidige Afrikaanse vertaling van hierdie artikel afbreek doen aan die positiewe waarde van die kerkorde. Hy sou verkies dat die vertaling nie moet lei: “al is dit nuttig en goed om” tot ’n bepaalde orde te kom nie, maar dat dit eerder moet lei: “Dat dit nuttig en goed is dat die regeerders” tot ’n bepaalde orde sou ooreenstem. Daarmee sou die plek en funksie van die kerkorde vir hom dan beter omskryf wees. Hy plaas steeds ’n groot klem op die waarskuwing wat hierdie artikel aan elke kerklike orde rig. Hierdie waarskuwing “kom vanweë die feit dat die kerkorde ook voorskrifte uit die Skrif **en** in belang van ’n bepaalde kerk moet aflei en opstel” (Brown 1988: 157). Vir Calvyn was dit op grond van 1 Kor 11:12 duidelik dat elke kerk die vryheid het om sy eie kerkorde op te stel wat vir daardie kerk paslik en bruikbaar is. Die rede hiervoor moet gesoek word in die feit dat daar geen eksakte voorskrifte in die Skrif gevind word vir die inkleding van die plaaslike gemeente of kerk nie. Die orde wat die kerk kies mag nie die Skrif weerspreek nie en dit moet die konsens van die lidmate hê (Brown 1988: 157).

Uit die Nederlandse Geloofsbelydenis blyk dit dat die bestuur van die kerk in die hande is van die enigste Hoof van die kerk Jesus Christus en dat die persone wat geroep word om in ’n

buitengewone amp te staan deur die Gees vir hierdie taak geroep word en bekwaam gemaak word sodat die kerk ordelik regeer kan word. Daar is dus in hierdie belydenis ruimte vir die gebruik van ampte in die kerk. Die vraag moet egter gevra word "of die gereformeerde belydenis en kerkordes nie die Skrif beperk nie? Daar was tog meer ampte, dienste of funksies in die Nuwe Testament" (Brown 1988: 158). Lekkerkerker (1971: 40) meen egter dat die Nederlandse Geloofsbelydenis se beskrywing van die ampte nie in 'n enger sin verstaan behoort te word nie aangesien "het woord 'ambt' in die Nederlandse Geloofsbeleijdenis nog niet de specifieke zin heeft waarin wij het gebruiken voor een 'openbare betrekking waatoe men door de overheid of enig erkend gezag benoemd wordt, resp. geestelijke bediening in een protestantse kerk' (Van Dale). Wij moeten in het algemeen denken aan een werk, waartoe iemand geroepen is; een opdracht, die hem gegeven is." Vir alle gelowiges is daar dus volgens artikel 28 'n diens. Selfs die owerheid is geroep tot diens (artikel 36) en binne hierdie kader "zijn er ook 'ambten' in de zin van leidinggevende diensten in de gemeente." Die spesifieke dienste wat deur die Belydenisskrif uitgelig word is die dienste van die verkondiging van die Woord, die opsig en barmhartigheid. Alhoewel daar spesifieke dienste vermeld word deur die Belydenisskrif sluit hierdie vermeldings nie ander dienste uit nie. Dit is eers in die praktyk van die kerkordelike reëlings dat kerke dienste anders as leraar, ouderling of diaken insluit of uitsluit.

Die Heidelbergse Kategismus het eweneens 'n baie ruimer begrip van wat "amp" beteken. Al sou daar weer besware ingebring word (Brown 1988: 158) teen 'n enger begrip van die algemene priesterskap van alle gelowiges, Sondag 12, moet daar tog erken word dat die Kategismus nêrens die woordjie "amp" gebruik nie en dat daar deurentyd slegs sprake is van die werk van Christus. Die Kategismus gee op grond van die werk van Christus aan die kerk die leidrade van hoe sy dienswerk in en deur die gemeente voortgesit behoort te word. Dit is dus ook van die Heidelbergse Kategismus waar dat, vanuit die Christokrasie, wat gevestig is deur die Reformasie, gereformeerdes in 'n eie kerkorde 'n ampstruktuur kan bepaal mits dit nie die hoofskap van Christus in gedrang bring nie, nie tot enige vorm van hiërargie sal lei nie en mits die dienste van Woordverkondiging, opsig en barmhartigheid die plek vind wat die Skrif daaraan gee. In die gereformeerde kerkreg hoort amp en gemeente bymekaar en word die amp nie gesien as 'n doel opsigself nie. Die amp heers nie oor die gemeente "van bo af" nie maar is gegee om elke gelowige, as lid van die volk van God (*laos*) toe te rus vir sy of haar dienswerk in die kerk se betrokkenheid by die *Missio Trinitatis*.

**Gevolgtrekking 4.10:**

In die Gereformeerde belydenisskrifte word daar baie gemaak daarvan dat die regering van die kerk ’n Christokrasie is waarby Christus self die ampte betrek. Christus is teenwoordig in die regering van die kerk en word nie deur die ampte verteenwoordig nie.

“What the church has to stress most strongly in its witness will vary from country to country and from century to century” (Schweizer 1979: 225). Die verklaring vir hierdie uitspraak vind Schweizer in die feit dat die Bybel nie ’n klinklare kerkorde vir die kerk aanbied nie. Die enigste riglyn is dat, in watter vorm die kerk homself ookal orden, hy deurentyd daarvan bewus moet bly dat hy nooit in eie krag werk nie en dus nooit self verlossing aan die wêreld wat onder die gevolge van sonde lei, aanbied nie. Die kerk wag die genadegawes van God af en op grond van hierdie gawes kan die hele kerk sy multi-dimensionele aksies in die wêreld verrig. Die kerk moet daarop klem lê dat dit ’n verpligting tot diens het vanweë “the obligation imposed by God’s call in Jesus Christ, and thus make it clear in its own self-understanding and order that it lives only through that act of God for the world.” Hierdie besef moet geadem word deur alle vorme van kerkinstellings asook deur die verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente.

Dit is dus ’n vereiste dat ’n kerkorde “zo los mogelijk haar stof zal orden en regelen” aangesien daar by die samestelling ’n “duizend punten” is waaroor dit sou kon gaan (Van Ruler 1952: 89). Keuses moet egter gemaak word. Hierdie keuses is lewende en geestelike dade. Sodra dit op skrif gestel is, het die lewende gedagte egter “een zekere verstrakking en verstarring ondergaan.” ’n Kerkorde is eensydig in die sin dat dit meestal handel oor die juridiese en institusionele aspekte van kerkwees. Hierdie twee aspekte van kerkwees is altyd relatief aangesien daar by die inrigting van die kerk rekening gehou moet met “de tradtie, met de historisch gegroeide toestanden, met de feitelijke situatie. Wat teoretisch kan, kan feitelijk niet altijd” (Van Ruler 1952: 90).

In sy “Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 2004” erken die Algemene Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk dat hierdie kerk gegrond staan “op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God” (Art. 1, bl. 1). “Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die sinode van Dordrecht in 1618 - 1619” (Art. 1, bl 1). Op grond van 1 Kor 14:40 word in Artikel 2 bepaal dat die artikels wat in die Kerkorde volg ’n poging is waarmee die Kerk se lewe en werk georden word met die oog op die “volbrenging van sy taak en roeping ooreenkomstig die Heilige Skrif en die Belydenis” (2005: 1). Dit volg dus op grond van bogenoemde logies dat wanneer Artikel 3 (2005: 1) algemene bepalinge rondom die ampte van die kerk wil gee daar dadelik aangesluit word by die Christokratiese regering van die kerk. Die Christokrasie word dan omskryf as dienswerk van Christus wat Hyself verrig deur die werk van die Heilige Gees deur:

“3.1.1 die dienswerk van al die gelowiges;

3.1.2 die dienswerk van die drie besondere ampte, te wete:

* dié van bedienaar van die Woord
* dié van ouderling
* dié van diaken”.

Rondom hierdie drie ampte word gereël dat dit “gelykwaardig” is, maar dat daar onderskei word “in opdrag en werk”. “By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy kerk is” (Art. 3: bl. 1). Artikel 4 (2005: 2) reël dat persone in besondere ampte kan dien indien hy of sy “op wettige wyse beroep (of verkies) is, die nodige approbasie verkry het, en bevestig is.” Artikels 5 tot 14 handel oor die amp van leraar terwyl artikel 15 oor ouderlinge en diakens handel en artikels 16 en 17 onderskeidelik die ampte van ouderling en diaken orden.

Met sy Kerkorde wil die Nederduits Gereformeerde Kerk die belydenis dat Christus self sy kerk regeer eggo. Hierdie Kerkorde maak egter slegs ruimte vir drie besondere ampte. Enige verdere gawes en dienste sal moet tuiskom onder die reëlings vir die dienswerk van gelowiges soos gereël deur artikel 55 (2005: 23). Schweizer (1979: 228 - 229) maak die gevolgtrekking dat die

kerk 'n vaste orde moet hê maar dat dit nooit 'n onbuigbare wet is nie en dat dit altyd geamendeer kan word.

**Gevolgtrekking 4.11:**

Die Christokrasie van Christus word aan die hand van die Drie Formuliere van Eenheid in die Kerkorde van die NG Kerk in 2004 erken. In hierdie Kerkorde word daar vir slegs drie ampte, te wete die ampte van leraar, ouderling en diaken, ruimte gemaak. Die "dienswerk van al die gelowiges" word nie onder die opskrif "Die ampte van die kerk" genoem nie, maar wel onder "Die arbeid van die kerk".

### 4.10 Samevatting:

Die kerklike amp moet die onderwerp van studie bly sodat dit in elke era en tyd só ingerig kan word dat dit in nuwe tydskontekste en -eise steeds binne die Bybelse riglyne bly. Die beskrywing van die amp volgens eie tyd en konteks moet geskied in die lig van die *Missio Dei* wat deur die kerk hoop en verlossing bring deur besondere en algemene gawes. Die primêre betekenis van die term "amp" is "diens". Hierdie diens is egter nie net van 'n algemene aard nie maar geskied in opdrag van God met gesag wat van Hom afkomstig is binne die ruimte van die kerk as draer van die eskatologiese hoop en bevryding in Christus. Christus regeer die kerk deur sy Woord en Gees. Die Heilige Gees versorg die kerk deur die kerk voortdurend toe te rus met gawes aan indiwiduele persone sowel as gawes aan die gemeenskap van gelowiges. Die ampte tel onder laasgenoemde gawes. Alle ampswerk is diens maar alle dienswerk is nie amptelik nie. Amptelike diens is ruimte skeppend vir alle diens wat aan Christus gelewer word in en deur sy liggaam, die kerk. Daar is'n verskeidenheid van ampte met 'n onderskeid in opdrag en funksie. In die verskeidenheid van ampte is daar egter'n eenheid in die diens aan die liggaam van Christus. Die getal van ampte is nie primêr nie maar wel die oorsprong, doel en teologiese fundering van elke amp. Die funksie van die amp is die toerusting van lidmate sodat alle gelowiges, lidmate en ampte in eenheid gesien, betrokke kan wees by:

- die soeke na die eenheid in die kerk,
- die oordra van die geloof van geslag tot geslag,
- die barmhartigheidswerk van die gemeente, en
- die toesig en tug van mekaar.

Die toerustingstaak van die amp sluit die toerusting vir die opbou én die uitbou van die gemeente in en dus het die amp ’n missionêre dimensie, alhoewel laasgenoemde nie primêr is nie. Dit is die taak van die amp om die gemeente as deel van die een, heilige, algemene, apsotoliese kerk in staat te stel om sy doel en funksie in die *Missio Dei* te bereik deur intensionele dade van *koinonia, kerygma, diakonia* en *martyria*, nie net deur die ampsdraers alleen nie maar deur die hele kerk, tot verheerliking van die Hoof van die kerk. In die Gereformeerde belydenisskrifte word daar baie gemaak daarvan dat die regering van die kerk ’n Christokrasie is waarby Christus self die ampte betrek. Christus is teenwoordig in die regering van die kerk en word nie deur die ampte verteenwoordig nie. Die Christokrasie van Christus word aan die hand van die Drie Formuliere van Eenheid in die Kerkorde van die NG Kerk in 2004 erken. In hierdie Kerkorde word daar vir slegs drie ampte, te wete die ampte van leraar, ouderling en diaken, ruimte gemaak. Die “dienswerk van al die gelowiges” word nie onder die opskrif “Die ampte van die kerk” genoem nie, maar wel onder “Die arbeid van die kerk”.

# Hoofstuk 5

## ’n Gereformeerde Beskouing van die “Amp van die Gelowige” en die Missionêre Waarde daarvan

**Abstract: A Reformed View of the “Office of the Believer” and its value to missions**

There is a strong interaction between the church office and faith community which, if it should be disturbed, would lead to a diminution of both, which in turn would inhibit the congregation to reach its purpose and function. The phrase “office of the believer” does not appear in the three Reformed Creeds of Unity, but the notion of an official task of every believer is found in the creeds. The phrase “office of the believer” does not appear in the Bible either and therefore there is always the danger that it may be misused or misinterpreted. There is enough support for the idea of a general office in both the Bible and the creeds. Whenever the phrase “office of the believer” is used, the Biblical contents of the phrase should be defined. The Bible teaches about the general office:

- that God since the Old Testament times, has called on all the members of His people to play a mediating role between Him and the world (Ex 19:5 – 6);
- that God gives His Spirit to all believers (1 John 2:20 en 27);
- that the Spirit makes the church ’n royal priesthood with the commissioning of all believers to carry the hope in Jesus Christ into the world (1 Pet 2:9);
- that in the mediating of hope, words and deeds cannot be separated;
- that every Christian is called to use his or her special gifts in the service of the *Missio Dei* (1 Pet 4:10);
- that no believer was passed over in the gift of the Spirit or other gifts and that all believers should use their gifts under the guidance of the Spirit in such a way that the local congregation benefits from these gifts (Rom 12:6 – 8; 1 Cor 12:7 en 25);
- that the special offices should equip the general office for the service for which every Christian is called, namely the spreading of the gospel and the up building of the church (Eph 4:12).

Offices in the church and believers serving in the general office is, without the dominance of one over the other, in interaction with one another, available to be used by the Spirit for the extension of the kingdom of God and the up building of the body of Christ. The substance and commission of the general office of the believer rests on the fact that every Christian is called to live out his or her redemption in such a way that the gifts of the Spirit may by used to reach his or her neighbour. Every believer is called to be involved in the *Missio Dei* on all terrains of life. With this commission he or she may be able to reach people daily on an informal way with the hope that is in Christ. Die first value of the office of the believer is lies in the opportunity that every believer has to penetrate the world as individuals. The second value of the general office is that Christians who are living out their commission in their daily lives bring new life to the local congregation.

## 5.1 Inleiding:

Uit die doel of funksie van ampswerk het dit duidelik geword dat die ampte nie los gesien kan word van die gemeente wat vir diens deur die ampte bekwaam gemaak moet word nie. “Elke dienst of elk ambt is gegeven in het geheel van de gemeente, d.w.z.: het *is* er alleen en het functioneert alleen *in* de gemeenschap van allen, die God kennen” (Van Ruler 1952: 50). Hierdie stelling kan selfs op die apostels van toepassing gemaak word (1 Kor 3:22; 1 Kor 12:28; Ef 4:11). Die apostel is van, in en vir die gemeente. Dit is af te lei uit die middelaarsposisie van Jesus, waaruit alle ampswerk ontwikkel. Die werk van Jesus is altyd in die plek van, ten behoewe van en is die bron van die gemeenskap van gelowiges. Dit beteken dat die ampte nie objektief teenoor die gemeente as subjek staan om die gemeente van “buite” te bedien nie. Die gemeente en ampte maak saam ’n hegte eenheid in die gemeenskap van gelowiges. Die gemeenskap van gelowiges is verder nooit ’n doel opsigself vir die amp nie maar eerder die middel tot die doel. “En met 'middel' is de kerk in haar totaliteit bedoeld, de gemeenteleden evenzeer als de ‘geestelijkheid’” (Kraemer 1960: 83). “Die gewone amp is gewortel in die apostoliese amp en het daaruit ontwikkel, alleen verbonde aan die plaaslike kerk. Die amp wat die apostels instel, volg eers op die openbaring van die kerk op elke plek. Die ampte veronderstel die bestaan van die plaaslike kerk en die amspdraers word met medewerking van die vergaderde gelowiges aangewys” (Van der Linde 1962: 81).

Vir die gereformeerde protestantisme is die verhouding tussen amp en gemeente van kardinale belang. ’n Oorwaardering van die amp kan immers lei tot ’n klerikalisme (Rossouw 1984: 570) wat die gemeente rangeer tot ’n minderwaardige posisie van objek te wees van ’n bediening waarby nie al die gelowiges betrokke is nie. ’n Onderwaardering van die amp lei weer tot ’n oorwaardering van die gemeenskap van gelowiges wat tot ’n verskraalde demokratisering van die amp lei (Rossouw 1984: 572). Die klem moet lê op die amp van Christus. Vanuit sy middelaarswerk is Hy die hoof van die gemeente in ’n Christokrasie. Hy alleen regeer sy gemeente maar hiervoor gebruik Hy die ampte wat nie uit hulleself optree nie maar wat Hom verteenwoordig in die gemeente as sy liggaam. Daar is dus tussen Christus en sy gemeente ’n direkte lyn sonder die bemiddeling van die ampte. Niks staan tussen Hom, as enigste Middelaar, en sy gemeente nie. Daar is verder nog ook ’n direkte lyn tussen Christus en die ampte. “Hy self het die ampte in die gemeente gegee. Die ampte kom nie op uit die gemeente nie en is nie verbesonderinge van die 'amp' van die gelowige nie” (Rossouw 1984: 574). Daar is egter wel

’n sterk wisselwerking tussen die ampte en die gemeenskap van gelowiges wat, indien dit verbreek word, sou lei tot ’n verskraling van beide. Dit is Van Ruler (1952: 61) wat die “driehoeksdenken” van Th. L. Haitjema op die begryp van die amp toepas. “De lijn: Christus - de gemeente - het ambt (dat 'alleen maar' dienst is) is even eenzijdig en verwerpelijk als de lijn: Christus - het ambt (dat vooral aan het sacrament gekoppeld wordt; dus nu niet etisch, maar sacramenteel wordt verstaan) - de gemeente. Men zal hier nooit met één lijn uitkomen, maar op die wijze van de driehoek *drie* rechtstreekse verbindingslijnen moeten trekken: van Christus naar de gemeente; van Christus naar het ambt; en - een heen en weer gaande lijn! - tussen het ambt en de gemeente en de gemeente en het ambt”.

Daar is dus ’n wisselwerking tussen die gemeente en die amp en hierdie wisselwerking strek tot opbou van die liggaam in sy geheel. Dit is in die gemeente, in die gemeenskap van gelowiges, waar die amp diens lewer. Die gemeente is dus betrokke by die ampte. In die verkiesing, roeping en bevestiging in die amp is die gemeente wesentlik betrek. “Zij ziet God zelf aan de gang. Zij merkt de gaven op. Zij kiest en roep. Zij oordeelt mee met God. Zij *doet* ook mee met God: zij bevestigt door openlijke erkenning en gebed, dat is door handoplegging” (Van Ruler 1952: 53). Hierdie taak van die gemeente mag nooit onderwaardeer word nie. “Omdat die ampte ingstel is ten behoewe van die gemeente, en Christus deur hulle diens self in die gemeente kom om sy gesag uit te oefen, hoor hulle of dit sy stem, die stem van die Goeie Herder is, wat deur die ampsdraers tot hulle kom, of nie. In soverre dit dan die kerkregering betref, het die gelowiges geen ander mag nie as om saam te kom en ampsdraers aan te wys en om te beproef of die geeste uit God is of nie” (Van der Linde 1962: 130).

Van Ruler (1952: 55) identifiseer ’n viertal van bepalings waaraan die verhouding tussen gemeente en amp moet voldoen:

- Die ampte en die werk gedoen deur die amspdraers is vir die gemeente ’n uitbeelding van die werk wat God in die wêreld doen;

- Die ampte is vir die gemeente ’n uitbeelding van wat die gemeente in Christus is: gesalfde konings, priesters en profete;

- Deur die werk van die ampte word die gemeente ook al meer wat hy in Christus reeds is en is die ampswerk in die gemeente tekenend van die heiligmaking deur die Heilige Gees; en

- Die ampswerk wil elke lidmaat in die gemeente aktiveer tot samewerking aan die werk van Christus deur die ampte en die kerk.

Vir Van Ruler is die belangrikste faset van die verhouding tussen die ampte en die gemeente die laasgenoemde verbintenis. “Dit is het eigenlijke. Daarop staan ook de drie vorige gezichtspunten gericht. Door de dynamiek van het werk van de ambten worden de gemeente en de gelovigen aangestoken en mee opgenomen in de vaart van de arbeid in het rijk en de wereld” (Van Ruler 1952: 56). Die ampte se verhouding met die gemeente is dus nie “soos oorheersendes” wat die gemeente versorg nie maar altyd deur ’n “voortdurende voorbeeldstelling” (Van der Walt 1988: 227). Dit is in hierdie opsig dat Kraemer (1960: 83) van die werk van die ampte praat as ’n “middel tot ’n doel” en dat die hele gemeente hierby ingesluit is.

“Inderdaad: in het ambt kan men alleen zó staan, dat men zichzelf (én zijn ‘ambt’) geheel wegcijfert terwille van de gemeente!” (Van Ruler 1952: 53). Die doel en funksie van die amp moet dus fokus op dit wat die doel en funksie van die plaaslike gemeente is.

**Gevolgtrekking 5.1:**

Daar is ’n sterk wisselwerking tussen die amp en die gemeenskap van gelowiges wat, indien dit verbreek word, sou lei tot ’n verskraling van beide en sou dit beteken dat die plaaslike gemeente nie aan sy doel en funksie beantwoord nie.

## 5.2 Is daar sprake van 'n "amp" van die gelowige?

### 5.2.1 "Amp van die Gelowige" in die Gereformeerde Belydenisskrifte

Die Gereformeerde Belydenisskrifte het sy ontstaan in 'n tyd toe daar grootliks 'n oorwaardering was van die besondere amp. Dit is dus te verwagte dat daar in hierdie geskrifte 'n duidelike verwysing sal wees na die taak en rol van die lidmaat wat nie in 'n besondere amp staan nie. Die meerderheid van hierdie verwysings is egter nie direkte verwysings na die taak van die gelowige nie maar is eerder versluierd in taal wat die oorwaardeerde rol van die priesteramp probeer weerspreek. Oor die verlossing van die mens word daar in die tweede deel van die Kategismus baie klem daarop gelê dat dit geskied sonder die bemiddeling van die ampte of enige ander mens. Die vrye toegang tot God, wat in daardie stadium beperk was tot die priesteramp van die Roomse Kerk, word nou bely as die voorreg van elke gelowige. Vraag en antwoord 13 keur verlossing deur eie bemiddeling af terwyl vraag en antwoord 14 weer verlossing die bemiddeling van ander afkeur. Slegs die offer wat Christus gebring het kan 'n sondaar bevry. "Hierdie dood van die Seun van God is die enigste en volmaakte offer en voldoening vir die sondes. Sy dood is van oneindige krag en waarde, oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen" (Dortse Leerreëls 2: 3). As verlostes moet gelowiges nou aan die roeping tot diens van mekaar gehoorsaam wees. By die verklaring van wat hierdie "gemeenskap van die heiliges" is, bely antwoord 55 van die Heidelbergse Kategismus dat dit beteken "dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van ander lede aan te wend". Die doel van "goeie werke" is volgens vraag en antwoord 86 tot die wins van die naaste. Die duidelikste verwysing daarna dat hierdie diens teenoor mede gelowiges en ongelowiges 'n amptelike taak is, word gevind in vraag en antwoord 124 van die Kategismus. Hier word ten opsigte van die die derde bede van die Ons Vader-gebed, verklaar dat hierdie bede daaroor gaan dat God gelowiges sal help om hulle eie wil prys te gee om gehoorsaam te kan wees aan die wil van God "sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer soos die engele in die hemel".

Die belydenisskrif gebruik die term en gedagte van die "amp" in 'n algemene sin van roeping, werk of opdrag waartoe 'n persoon geroep is (Lekkerkerker 1971: 39). Die term "ampte" in die oorspronklike Franse teks van die Nederlandse Geloofsbelydenis word in die Afrikaanse vertaling met "take" vertaal wanneer daar in artikel 12 gesê word dat God met die skepping "aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte, voorkoms en onderskeie take gegee het het om sy Skepper te

dien”. “In artikel 28 horen wij over het ambt van alle gelovigen (franse tekst: ‘devoir’, nieuwe vertaling geven al terstond weer met : roeping) zich af te scheiden van hen, die niet tot de Kerk behoren en zich te voegen bij de heilige vergadering van de ware gelovigen” (Lekkerkerker 1971: 39). In die Afrikaanse vertaling word bely dat hierdie taak ’n “plig” is. In dieselfde artikel word bely dat almal wat die plig het om aan die kerk te behoort vermaan moet word om “die nek onder Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien.”.

Die Belydenis van Belhar getuig in artikel 2 oor die kerk dat gelowiges “skuldig is om onsself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee.” Daar word bely dat gelowiges “saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid; saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul, mekaar nodig het en opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig.” Artikel 3 bely dat die boodskap van versoening aan die hele kerk toevertrou is en dat die hele kerk geroep is om sout en om lig vir die wêreld te wees. Die kerk is vredemakers en die hele kerk is woord en daad getuies van die nuwe hemel en aarde. Deur sy Woord en Gees stel God sy volk in staat om te leef in ’n nuwe gehoorsaamheid “wat ook in die samelewing en wêreld nuwe moontlikhede bring” (Belhar, Art 3). Die hele kerk is geroep om met multidimenionele aktiwiteite die geregtigheid van God se koninkryk te laat aanbreek. Elke gelowige is hierby betrokke. Die Belydenis van Belhar bely dat God “sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek” (Belhar, Art 4).

Die belydenisskrifte stel dit dus duidelik: Elke gelowige is, deur sy verbondheid aan Jesus Christus, geroep tot diens. Hierdie diens is gerig op medegelowiges maar ook op die hele wêreld. Die heel duidelikste belydenis oor die roeping, taak en opdrag van die gelowige word gevind in die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 32. Die woord “amp” kom wel nêrens voor in die Kategismus nie maar wat wel opval is dat “uitgaande van het drievoudig ambt van Christus … de Heidelberger onmiddelijk daarna overgaat op een drievoudige roeping van de christen. *En niet op gevestigde kerkelijke ambten!*” (Lekkerkerker 1971: 41). Die gelowige word “Christen” genoem omdat hy “deur die geloof ’n lid van Christus is en daardeur deel aan sy salwing het …”. Die roeping van die Christen is dan om Christus se Naam te bely, om homself as ’n lewende dankoffer aan Hom te wy en in die lewe teen die sonde en die duiwel te kan stry om uiteindelik saam met Christus te kan heers. Hierdie belydenis volg op die belydenis van die

*munus triplex* van Jesus in vraag en antwoord 31 en is ’n duidelike poging om te bely dat die gelowige ook ’n gesalfde (“christen”) is om amptelik te dien as koning, priester en profeet.

“Soos die heilige salfolie, op die hoof uitgegiet, langs die liggaam afgevloei en die ganse gewaad deurdrenk het, so vloei die salwing van Christus deur die Heilige Gees oor op elkeen van die lede wat sy liggaam vorm. En so is elke Christen insgelyks ’n gesalfde; hy is Christen juis omdat hy soos Jesus gesalf is as profeet, priester en koning. Soos die groot Ampsdraer staan elke Christen ook in ’n amp, *die amp van die gelowiges*” (Kleynhans 1984: 6).

**Gevolgtrekking 5.2:**

Alhoewel die term “amp van die gelowige” nie in die Drie Formuliere van Eenheid gevind word nie is die saak wel aanwesig en word die amptelike taak wat op elke gelowige rus verbind aan die ampswerk van Jesus Christus

### 5.2.2 Die Bruikbaarheid van die term “Amp van die Gelowige”

“ … the Scriptures reveal God’s covenant that calls all humanity to the office of covenant stewardship as God’s office-bearers in his creation. Every human equally, none more nor less than other, is called to rule, subdue and cultivate the creation. All without exeption are called to serve God in wholehearted love for him and our neighbour” (Fowler 1991: 13). Nie almal is dit eens dat daar sprake is van ’n “amp van die gelowige” of ’n “algemene amp” in onderskeiding van die besondere ampte van leraar, ouderling en diaken nie. Kritzinger (1979: 89) skryf dat daar strengenome nie “so ’n ding soos die ‘amp van die gelowige’ is nie. Dit is maar net nog ’n benaming wat verraai hoe ‘amptelik’ ons in die kerk dink. Ons dink òf … òf: òf die gelowige het ’n amp, en dan kan ons hom die Kerk gebruik; òf hy is as een wat nie ’n amp het nie outomaties ’n passasier”. Calvyn lê in reaksie op die ampsbegrip van die Roomse Kerk klem op die priesterskap van alle gelowiges maar maak nooit ’n direkte uitspraak oor die gelowige wat in ’n algemene amp staan nie. “Zij, die vandaag zo graag de aandacht vragen voor inspraak, medezeggenschap en medebeslissingsrecht van de gemeenteleden (algemene kerkvergadering), kunnen beter terecht bij Luther dan by Calvijn” (Lekkerkerker 1971: 140). Uit Calvyn se klem op die priesterskap van alle gelowiges kan daar nie afgelei word dat gelowiges in ’n algemene amp staan nie.

AA Van Ruler maak ’n baie sterk saak uit teen die gebruik van die term “amp van die gelowige”. Hy is van oordeel dat hierdie term “rijkelijk ondoordacht” gebruik word. Deur die diens van die gelowige as “amp” te beskryf word christenwees volgens hom ekklesiologies vereng. Sy vrees is dat die beskrywing van die algemene diens van die gelowige in “dagelijkse leven in huwelijk, gezin en werk; in de maatschappij, de cultuur en de staat en misschien ook in het heelal” skade sal lei as dit onder die noemer “amp” gestel word. Hierdie diens word gedoen “deels opzettelijk, deels ook feitelijk en zonder dat wij het weten, soms zonder dat wij het willen” (Van Ruler 1952: 42). Om die term “amp van gelowige” te gebruik mag dus volgens hom die indruk skep dat die gelowige slegs in die kader van die kerk en gemeente ’n taak en diens te lewer het. Die diens wat gelowiges te lewer het geskied nie “amptelik” in die εκκλεσια nie maar eerder in die βασιλεια. Gelowiges is wel in gemeenskap met mekaar in die εκκλεσια maar hier is dit die gemeenskap van die gelowiges, eerder as die amptelike, wat beklemtoon moet word. In die gesprek oor die “amp van die gelowige”, voel van Ruler (1952: 43) word die gedagtes van “amp” en διακονια oorbeklemtoon ten koste van die κοινωνια. Deur die klem op die ampsdiens van die gelowige te lê loop die kerk dus die gevaar om die wins van die Reformasie rondom die herontdekkning van die waarde van die gemeente weer te verloor. Die diens van die gelowige hoef nie vanuit die εκκλεσια begryp of benader te word nie maar is deel van die βασιλεια. De Klerk (1971: 204) meen egter dat hierdie argument nie stand hou nie. Van Ruler se standpunt kom neer op ’n dualisme en kan selfs uiteindelik weer lei tot die klerikalisme van die Roomse Kerk. Fowler (1991: 14) betrek juis die gemeenskap van gelowiges by die gesag van die amp van gelowige. “While it is God who calls us to office, this calling comes to us in a communal context” (Fowler 1991: 14).

Rossouw (1984: 510) maak beswaar teen die gebruik van die term “amp van die gelowige” maar sy beswaar teen die term “amp van die gelowige” is dat hy vrees dat dit tot demokratisme in die kerk kan lei. Hy onderskei tussen ’n “legitieme” gebruik van die term en ’n “minder legitieme” gebruik daarvan en waarsku dat selfs die “meer legitieme gebruik van die term nie heeltemal aan die gevare verbonde aan die gebruik daarvan ontkom nie” (Rossouw 1984:511). Omdat die term nie in die Bybel voorkom nie kies hy dan om eerder te praat van die “Christenskap van alle gelowiges” (Rossouw 1984: 512). Waar daar misbruik is van die ampsgedagte in die kerk is daar egter reeds “communal unfaithfullness to the divine calling” (Fowler 1991: 14). In so ’n situasie is daar misbruike rondom alle ampte en nie net die amp van gelowige nie. “Authority … belongs to an office by virtue of the creation-ordering law of God’s Word. It is not brought to the office by the person holding the office at any given time” (Fowler 1991: 14).

Teoloë soos A Kuyper, K Sietsma en K Schilder heg ’n primêre waarde aan die “amp van die gelowige”. ’n Duidelike onderskeid word egter gehandhaaf tussen die “amp van die gelowige” en die besondere ampte (Rossouw 1984: 494 – 498).

H Kraemer, een van die teoloë uit die vorige eeu wat die gesprek rondom die roeping en taak van die gelowige geïnisiëer het, kyk nie na die vraag oor die “amp van gelowige” uit ’n ekklesiologiese of kerkregtelike oog nie maar vanuit ’n missionêre hoek. Hy sê, soos Van Ruler, dat die roeping en taak van die gelowige in die wêreld buite die kerk die grootste klem moet ontvang. Die gelowige beweeg in twee wêrelde. Sy “van Godswege verordineerde lidmaatschap van de kerk” moet hy in die wêreld “bevestigen door bij elke beslissing allereerst trouw te zijn aan hun Hoogste Meester” (Kraemer 1960: 160). Om die lidmaat hiervoor in staat te stel is dit volgens hom dan nodig om ’n hele nuwe ekklesiologie te ontwerp waarin die lidmaat nie ’n tweederangse aanhangsel aan die gemeente is nie maar waar die inrig van die kerk teologies so beskrywe word dat die benutting van die lidmaat, as die een wat die grense tussen die kerk en die wêreld daagliks oorsteek, vir die kerk en sy ampsdraers die hoogste prioriteit word (Kraemer 1960: 162). Die kerk is geroep om op grond van die *Missio Dei* die wêreld te bereik met die boodskap van hoop en bevryding wat daar is in Jesus Christus. Hierdie roeping geld vir die gelowige net soos vir diegene in die besondere amp. “In beginsel moet men dan ook nooit een beroep doen op het gemeentelid, of hij zo vriendelijk en welwillend wil zijn, de kerk te helpen (men denkt er immers niet over, zo tot de ambtsdragers of de geestelijkheid te spreken?) – men doe dit eenvoudig op grond van *wat hij as als gemeentelid is*, op grond van de aard van de aard en de roeping van de kerk van Christus, het ‘volk van God’, dat in de wereld word gezonden om te getuigen en te dienen” (Kraemer 1960: 160).

Waar Van Ruler, soos reeds aangedui, die term “amp van die gelowige” afwys omdat dit die persoon wat nie in die besondere amp staan nie mag weerhou om in die wêreld te getuig omdat sy taak ge-ekklesialiseer is, voel Kraemer dat die ekklesiologie die gelowige alreeds so ondergeskik aan die ampte stel dat die gelowige nie meer net as gevolg van sy of haar lidmaatskap van die kerk beleef dat hy of sy, soos die ampte, ’n taak en roeping in die wêreld het nie. Om dus te praat van die “amp van die gelowige” mag moontlik aan alle christene ’n belwenis gee van die eienaarskap wat almal het aan die roeping van die gemeente. Dit is ’n Bybelse gedagte dat elke gelowige ’n amptelike taak en roeping in die wêreld het. De Klerk (1971: 200) sê, “die hele Skrif is gelaai met hierdie begrip”. Vir hom is die ampsgedagte juis nie ekklesiologies bepaald nie maar gaan dit eerder om die algemene diens van menswees. “Die

ampsgedagte kenmerk die wesensaard van die mens" en is eie aan die aard van die mens wat na die beeld van God geskep is. Die algemene amp reik dus terug na die skepping maar moet sedert die sondeval ook weer deur die versoeningswerk van Christus herstel word. Hy sien die werksaamheid van die "amp van die gelowige" op uitmuntende wyse inpas, nie net in die βασιλεια van Van Ruler nie, maar ook in die strukture van die verbond en die wet (De Klerk 1971: 2002).

Die term "amp van die gelowige" loop die gevaar om na die een of ander kant verkeerd verstaan, of aangewend te word. "One of the fundamental distortions of human life in modern secularism is the restriction of 'office' to limited positions of leadership that are open only to some, carrying with them both status and power" (Fowler 1991: 13). Wanneer die term "amp van gelowge" wel benut word moet die regte inhoud daaraan gegee word sodat daar nie die geleentheid bestaan van misverstande nie. Daar sal deeglik gekyk moet word na die Bybelse fundering vir die gedagte van 'n algemene amp asook na die verhouding tussen die besondere en algemene ampte. In so 'n ondersoek sal die gelykheid van alle gelowiges erkenning moet kry terwyl daar spesifiek gesoek word na die inhoud van die taak en roeping van die amp van die gelowige. Uiteindelik sal die missionêre waarde van die amp van die gelowige in die kollig gestel word.

**Gevolgtrekking 5.3:**

Alhoewel die term "amp van die gelowige" nie in die Bybel gebruik word nie en alhoewel die gevaar bestaan dat dit verkeerd gebruik of verstaan kan word, is daar genoeg ondersteuning ten gunste van die term. Wanneer dit wel gebruik word moet die Bybelse inhoud daarvan omskryf word.

## 5.3 Bybelse Fundering vir die Amp van die Gelowige

Die hele kerk moet die wêreld so bedien dat die eskatologiese hoop en verlossing in Jesus Christus vandag alreeds realiseer. Daar is in die kerk, om sy roeping te kan vervul, nie ruimte vir eerste en tweede klas gelowiges nie. "There is no biblical basis for such a distinction in the Church, and the unbiblical practice has only served to place 'professional' clergy on a pedestal as being 'close to God', removing the vast majority further from holiness and the activity of the Spirit in their lives" (Van Engen 1991: 151). Ten spyte van die Reformasie is die onderskeid

wat in die kerk gehandhaaf word tussen die sogenaamde *clerus* en *laici* steeds die grootste rede vir die agteruitgang, sekularisering en sonde van die kerk (Van Engen 1991: 151).

Vanuit Bybelse gegewens is dit duidelik dat die hele volk van God die kerk genoem word en dat daar geen onderskeid in rang of vernaamheid is nie. Wanneer Paulus praat oor die wisselwerking wat daar is tussen die ampte en die gelowiges noem hy die take van albei en kom tot die gevolgtrekking: "So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus" (Ef 4:13). Die ampte kom vanuit die gemeenskap van gelowiges en begelei hierdie gemeenskap in die Naam van Christus. Hierdie gemeenskap is die "primary bearer of mission" (Bosch 1991: 472). Met die herontdekking van die hele plaaslike gemeente se waarde in die *Missio Dei* word 'n nuwe klem gelê op die waarde van al die lede van die hele kerk (Bosch 1991: 473; Van Engen 1996: 99). "In the New Testament dispensation the Spirit (just as the priesthood) has been given to the whole people of God, not to select individuals" (Bosch 1991: 472). "Julle is egter deur die Heilige Gees gesalf, en julle ken almal die waarheid" (1 Joh 2:20). Die klem op die hele volk van God wat geroep is as 'n "gewyde priesterdom" is nie 'n saak wat eers met die opkoms van die Nuwe Testamentiese kerk te berde kom nie. In die Ou Testament is daar alreeds sprake van die roeping van die hele Israel, sonder die onderskeid van spesifieke ampte, om vir God 'n "koninkryk" te wees wat Hom "as priesters dien, en 'n gewyde nasie" (Eks 19:5-6).

- **Eks 19:5-6**

Eks 19 is die inleiding van die sogenaamde Sinaïperikoop wat strek tot by Eks 34 en handel oor God se ontmoeting met sy volk by Sinaï waarin Israel die belangrikste elemente van hulle erediens, waarbinne die heilige ontmoeting met God afspeel, ontvang. "Form-critical work has discovered in its structure a stereotyped pattern of covenant renewal" (Childs 1974: 366). Hierdie verbondsvernuwing slaan die brug tussen die redding uit Egipte aan die een kant en die erediens aan God in die beloofde land, aan die ander, sonder om 'n element of uitbreiding aan enige van die twee te wees. "In het Oude Testament, maar ook elders, is de eredienst een wederzijds gebeuren tussen God en mens … Er gebeurd iets van Godswege aan de mensen en omgekeerd. Woorden en daden komen in dit tweezijdige gebeuren van beiden kanten en geschieden op een bijzondere plaats en tijd. Het is als zodanig héilig gebeuren, afgezonderd van het alledaagse. Als zodanig ook heeft het een middelaar van het

heilige nodig, de priester" (Westerman 1981: 189). Die priester is nie, soos die profeet deur God geroep nie, maar is deur die volk aangestel met die opdrag om bemiddelaar te wees tussen God en mens. "Zoals de eredienst noodzaakliik deel uitmaak van de Godsrelatie, zo ook de cultische middelaar" (Westerman 1981: 199).

In die verbondsluiting- of hernuwing van verse 4 – 8 word in vers 4 melding gemaak van God se magtige dade en in verse 7 – 8 die volk se verbintenis of antwoord op die verbond met God. Sentraal staan verse 5 – 6 as die voorwaardes van die verbond. In hierdie voorwaardes word Israel se uniekheid in drie terme, wat in verhouding met mekaar staan, uitgespel. Israel is "uit al die volke 'n spesiale eiendom" ($s^{e}$*gullah mikkol-ha'ammîm*), "'n koninkryk van priesters" (*mamleket koh*$^{a}$*nîm*), "'n gewyde nasie" (*gôy qados*). "Israel is God's own people, set apart from the rest of the nations. Israel as a people is also dedicated to God's service among the nations as priests function within a society. Finally, the life of Israel shall be commensurate with the holiness of the covenant of God. The covenant responsibilty encompasses her whole life, defining her relation to God and to her neighbours, and the quality of het existence" (Childs 1974: 367). "The significant point here is that Israel is described not only as Yahweh's special possession and a holy people, but as a 'kingdom of priests'" (Zimmerli 1978: 45). Zimmerli (1978: 45) vind in die voorstelling van die hele Israel as priesters besondere aansluiting by Deutero Jesaja se gebruik om na die uitverkorenes van Jahweh te verwys as die "kneg van die Here". Hy verwys veral na Jes 44:1-2 wat in die konteks staan daarvan dat "Yahweh's own people are to be open to receive outsiders who would join Israel." Dit wat dus van die priester verwag kan word in die geledere van die Godsvolk word in die verbondsooreenkoms tussen God en Israel ten opsigte van diegene buite die geloofsgemeenskap verwag van elke lid van die volk. "De Israëlieten zullen onder de volkeneren een bijzondere taak hebben te vervullen" (Fensham 1984: 119). Die uitspraak dat Israel 'n koninkryk van priesters sal wees word nêrens in Israel se getuienis oor homself verder uitgelê of verklaar nie. "But if Israel is to be a priestly kingdom (or a kingdom of priests), we may wonder, priestly for whom or to whom? On the one hand, the answer is to Yahweh, offering up sacrifices to Yahweh. But on the other hand, perhaps this nation is offered as priest for other nations, as mediator and intercessor for the well-being of the other nations of the world (Brueggemann 1997: 431). 'n Priester se funksie is "to make well-being and healing in the world possible. And finally it is to make communion between Yahweh and the world possible" (Brueggemann 1997: 431). Hierdie priesterlike taak wat op die hele volk rus word baie duidelik oorgedra in die Genesisverhaal van Abraham en Sara.

"The call of Israel is juxtaposed to the crisis of the world, a crisis that arises because the nations have not accepted their role in a world where Yahweh is sovereign" (Brueggemann 1997: 431).

As die spesiale eiendom van God moet elke volksgenoot, of hy of sy in 'n spesiale diens gestel is of nie, 'n gewyde of heilige lewe leef wat spreek van die heerskappy van God oor sy of haar lewe. As 'n koninkryk van priesters is elke lid van die godsvolk 'n verteenwoordiger van God by die mense en van die mense by God. Die motivering van hierdie priesterlike roeping van elke lid van die volk het die "hele aarde" (vers 5 en 6) in die oog aangesien dit die eiendom is van die lewende God. Elkeen het die roeping om tot diens te wees in 'n spesiale roeping tot die eer van God, selfs al is hy of sy nie in een van die "ampte" van die volkstruktuur geroep of aangestel nie. "De priesterlike kwaliteiten moet dit volk aan andere volken ten goede laten komen door zijn missionaire taak te aanvaarden" (Fensham 1984: 120). "Yahweh has summoned Israel in love to be Yahweh's peculiar partner. And Israel is under intense obligation to respond in obedience to Yahweh's sovereign love, an obligation to be holy as Yahweh is holy (Lev 19:2 – 4), to love the stranger as Yahweh loves the stranger (Deut 10:19). Response to Yahweh's sovereign goodness is Israels proper life in the world" (Brueggemann 1997: 434).

In die Nuwe Testament word hierdie besondere roeping van elke gelowige in die wêreld uitgebrei.

- **1 Joh 2:20 en 27**

Die eerste brief van Johannes is geskryf in die trant van 'n pastorale gesprek waarin die skrywer die lesers as kinders van God bemoedig om die sekerheid van hulle geloof uit te leef. Alhoewel daar nie 'n maklike samehang van die brief aangedui kan word nie toon die brief die sogenaamde Johannese spiraalstyl of –spronge wat ook bekend staan as die assosiatiewe parrallelisme, waar 'n tema genoem word, ontwikkel word en later weer herhaal word (Du Rand 1983: 1 – 3). 1 Joh 2:20 en 27 maak deel uit van 'n hoofdeel van die brief waar dit handel oor die gelowige se identiteit as kind van God. "Die onderskeid tussen gesalfdes en *antíchristoi* lê in die ken van die waarheid wat blyk uit die belydenis van die Seun (2:18-27)" (Du Rand 1983: 6). Die brief is geskryf om die gelowiges te ondersteun in hulle stryd teen die gnostisisme (Smalley 1984: xxiv). "The main feature in the form of heresy was,

therefore, a denial of the incarnation" (Guthrie 1970: 870). Daar is dus in die brief sprake van die kerk aan die een kant en 'n groep wat van die gemeente afgesplinter het en nou verwarring onder die gelowiges bring, aan die ander. Die skrywer wil eersgenoemde vertroos en bemoedig om nie die waarheid te verlaat nie.

As troos bied hy aan dat die teenparty se aanspraak op ingeligte kennis nie die waarheid is nie aangesien slegs die ware kinders van die Here die salwing van die Gees het om eerstens te kan bely dat "Jesus werklik Christus is" (2:22) en tweedens om die Vader en die Seun te kan erken (2:22). Die Johannese briewe word nie gerig aan slegs die leiers van die die kerk nie maar aan plaaslike gemeentes en dus kan hieruit afgelei word dat die salwing deur die Gees aan alle gelowiges gegee is. "Having spoken about the Antichrists in the third person, the author is turning directly to his own adherents" (Brown 1982: 340). Die gelowiges se salwing word beskryf deur 'n woord wat slegs drie keer in die Griekse Nuwe Testament voorkom naamlik, χρισμα. Die verwante woord χριειν kom wel vyf keer voor. Vier keer word dit gebruik vir die salwing van Jesus en een keer, 2 Kor 1:21, word dit gebruik vir die salwing van die gelowige (Smalley 1984: 105). Oor die gebruik van die term χρισμα in 1 Johannes kan daar egter gevra word of dit hier gaan oor die salwing van elke gelowige en of dit nie dalk hier oor die salf gaan waarmee sommige gesalf is nie. Die antwoord hierop lê moontlik in die uitgang -μα, wat in die Grieks 'n aanduiding is van 'n selfstandige naamwoord eerder as 'n werkwoord. Die salwing geskied figuurlik tydens die doop van die gelowige. "Thus, believers may well have looked upon the moment of their baptism, when they became acknowledged followers of the *Christos*, as a *chrisma*" (Brown 1982: 344). "Some scholars see a reference to the practice of baptism in the mention of the 'anointing' in 1 John 2:20, 27, and deduce from this that the Spirit is imparted at baptism" (Guthrie 1981). Smalley (1984: 106) wys hierdie gedagte af maar verbind die χρισμα steeds aan die werk van die Heilige Gees.

Die agtergrond waarteen die brief geskryf is wil dit laat blyk asof diegene wat van die gemeente onttrek het aanspraak maak op 'n spesiale bron van kennis of γνωσις as grond vir hulle teologie. "In this case the orthodix are distinguishable here as those who have the *real* truth, because they possess a 'chrism' from God. Hier is moontlik sprake van 'n woordspeling (Smalley 1984: 105). Sentraal vir die leer van die apostel is die belydenis van Jesus as die χριστος en dié wat dit ontken is die αντιχριστοι terwyl die getroue gelowiges 'n goddelike salwing, χρισμα, ontvang het. "There are good grounds for

understanding χρισμα in this verse, within a Jewish-Christian setting, as reference to the gift of the Spirit, which is the characteristic endowment of believers" (Smalley 1984: 106). 1 Joh 2:27 sê dat die χρισμα aan alle Christene gegee is en dat hierdie χρισμα die gemeente alles leer. "… the knowledge given by die *chrisma* (2:20) enables one to say that Jesus is the Christ (2:22), it is important that such professions of christological faith elsewhere in the New Testament are attributed to the Spirit … (1 Cor 12:3)" (Brown 1982: 346). Die χρισμα waarna die outeur verwys is daarom mees waarskynlik 'n verwysing na die ontvangs van die Heilige Gees wat Christus aan gelowiges gee as erkenning van die feit dat hy of sy 'n Christen is. Hierdie salwing was vir die skrywer en sy lesers baie nou verbind aan die oomblik van toetrede tot die geloofsgemeenskap. Alle gelowiges in die geloofsgemeenskap is, sonder uitsondering, met die χρισμα geseën.

Nou verbonde aan die ontvangs van die χρισμα is die gawe van kennis. Indien χρισμα slegs verwys na die gawe van die Gees wat die gelowige in staat stel om arbiter van die waarheid te wees laat dit die weg oop vir "all the dangers of subjectivism" (Smalley 1984: 107). Die moontlikheid bestaan dat die term nie net in die reeds genoemde Joods-Christelike konteks verstaan moet word nie maar dat dit ook 'n "pagan" of wêreldse agtergrond kan hê. "… because of his diverse readership, both Jewish and pagan in origin, it may well be that … John is deliberately using the idea of χρισμα to signify *both* the Spirit and the Word of God. The faithfull … are those who have (inwardly) received the gospel of truth, and made it their own *through* the activity of the Spirit …; thereby they possess the antidote to heresy" (Smalley 1984: 107). "… John is indicating that the objective word of God's truth cannot be detached from the interior testimony of the Holy Spirit, present in the believer" (Smalley 1984: 107). Die vraag is nou egter of almal die kennis het en of die vertaling van die Grieks nie eerder moet lui dat die gesalfdes as gemeenskap beskik oor alle kennis nie. "Much more serious is the division of the textual witnesses as to whether 'all' is masculine nominative (*pantes*) or neuter accusative (*panta*)". Eersgenoemde sou dan 'n lesing moontlik maak wat lui dat elke gelowige kennis het terwyl die tweede lesing sou dui daarop dat die kerk as gemeenskap alle kennis het. Brown (1982: 348) voel dat die eerste lesing die logiese een is. Alle gelowiges het die χρισμα ontvang en deur hierdie ontvangs het almal kennis. "In other words, the fact of their knowledge (*pantes*), not the extend of its object (*panta*), seems best to fit the reassurance" (Brown 1982: 349). Die uitkoms van hierdie argument hou die tradisie van die kerk as volk van God in gedagte. Die hele Israel is geroep tot diens by Sinaï (Eks 19:5 en 6). Deur sy profeet belowe God nog verder: "'n Man sal nie meer vir sy buurman of

vir sy broer voorhou: 'Jy moet die Here dien' nie, want almal sal My dien, klein en groot, sê die Here" (Jer 31:34a). In teensteenstelling met die αντιχριστοι is dit dus nie húlle wat die ware kennis het nie, maar is dit die gelowiges, wat almal ontvangers was van die χρισμα, wat die draers is van οιδατε παντες. Die skrywer is "attacking the heretics on two grounds: their claim that only a chosen few had a real knowledge of God, and their insistence that those few knew everything. Against such esoteric claims the writer emphasizes that the knowledge of God (through Jesus) is the inheretance of *'all'* Christians (παντες) inclusively" (Smalley 1984: 108). *Chrisma* is nie meer beperk tot net konings en priesters nie. In die nuwe verbond is kennis die besit van alle gelowiges (Smalley 1984: 108).

1 Joh 2:27a stel deur die και υμεις 'n baie sterk kontras tussen die αντιχριστοι en die ontvangers van die brief (Smalley 1984: 123). "Die salwing (*chrisma*) met die Heilige Gees wat die bevestiging en verseëling van die gelowiges in Christus is, onderrig ook die gelowiges in die waarheid. Die salwing met die Heilige Gees moet die gemeenskap en sekerheid van die lesers in Christus verseël en bevestig, daarom die herderlike oproep om in die Seun te bly" (Du Rand 1983: 31). Die lesers word dus nie net geïdentifiseer nie maar hulle identiteit moet ook konkreet gemaak word in hulle gedrag. Teen die agtergrond van die eindtyd moet "hulle wat die *chrisma* ontvang het en die waarheid ken hul identiteit toon deur die belydenis van die Seun teenoor die *antichrístoi* wat buite die gemeenskap of kindskap staan en reeds teenwoordig is" (Du Rand 1983:31).

Gelowiges het dus as gelykes, elkeen die gawe van die Woord en Gees as salwing ontvang. Hierdie salwing lei daartoe dat die gelowige teenoor die wêreld kan bely: Jesus is werklik die Christus. Hierdie belydenistaak is opgedra aan elkeen van die geloofsgemeenskap en nie net die amptelike leiers nie. Elke gelowige is met die ontvangs van die Gees gesalf tot getuienis teenoor die wêreld wat nie die esaktologiese hoop en verlossing in Jesus Christus ken nie.

In die eerste brief van Petrus word hierdie gedagte meer as een keer vermeld. "A strong tradition attributes this letter to the apostle Peter, who used as his amanuensis or secretary Silvanus (Silas; 5:12)" (Ladd 1974: 594). Die brief is moontlik vanuit Rome geskryf om gelowiges te bemoedig in die lig van vervolging wat hulle as gevolg van hulle geloof verduur. Die vervolging is, in die algemeen, verdrukking deur ongelowiges (1 Pet 4:12 en 5:9) of selfs besondere vervolging van owerheidskant (1 Pet 4:14 – 17). "The hostilities consisted of malicious accusations (2:12; 3:13f.), which from case to case, nevertheless, could very well have led to an

appearance in court for the Christians" (Goppelt vol II 1982: 162). Die brief dui self aan dat dit geskryf is aan nie-Jode (2:10 en 4:3) "wat verspreid woon" in Klein Asië (1:1) en was moontlik 'n soort omsendbrief wat na verskillende gemeentes vir voorlesing gestuur is. "The keynote of the letter is hope and Peter wishes to exhort these Christians to live in accordance with the hope they have received through Christ" (Guthrie 1970: 791).

- **1 Pet 2:9**

Alhoewel Petrus nie die woord εκκλεσια gebruik nie is sy begrip van wat die kerk is baie prominent. Hy sien die kerk as die ware Israel. Die ou Israel het gestruikel oor die Hoeksteen van die geestelike tempel wat God oprig. Hierdie struikeling het egter geskied onder die voorsienige hande van God (Ladd 1974: 599). Om hierdie gedagte te beskryf gebruik Petrus die term διασπορα wat aan die lesers bekend was as 'n beskrywing van die Jode se verblyf buite Palestina. "The Christians lived among their neighbours in a way comparable to the – until then – Jewish Diaspora" (Goppelt vol II 1982: 165). Die gelowiges was nie in 'n asketiese groep saamgetrek nie, maar het die hele bekende wêreld bewoon. Hulle was dus deur God se voorsiening die nuwe "uitverkore volk van God" (2:9). In 1 Pet 2:9 is daar 'n opstapeling van nasionale en politiese beelde wat binne die christelike konteks nuut gebruik word. "All four of these titles of honour (or five, depending on how they are counted) appear to be adoptions of titles … and were therefore originally designations of Israel as the people of God" (Michaels 1988: 107). "Again the idea of an elect people is dominant and the divine initiative is unmistakable. Each of the figures used here is essentially corporate (Guthrie 1981: 783). Die herhalings in sake die priesterdom wil duidelik klem daarop lê dat die reservering van hierdie diens vir een groep nou opgehef is en dat alle gelowiges nou beskou kan word as priesters wat tot God kan nader sonder bemiddeling.

Petrus gebruik frases uit Eks 19:5 en 6 en Jes 43:20 en 21 wat beide beskrywings is van die goddelike vassteling van Israel se status voor God (Michaels 1988: 107). Eersgenoemde volg op die verlossing van Israel uit Egipte en laasgenoemde dui op die goddelike verlossing uit Babilon. "Die Kirche ist das wahre Israel (Phil3,3; Gal 6,16). Darum gelten ihr alle Verheißungen as Israel und alle seine Würdenamen. So fügt 1 Petr hier Worte de AT zusammen" (Schelkle 1976: 64). Met die aanhalings uit die Ou Testament wil die skrywer dit duidelik stel dat die kerk nou die voorregte en unieke karakter van Israel geërf het

(Selwyn 1981: 278). In vers 5 is daar reeds ’n vooruitwysing na sommige van die terme wat Petrus in vers 9 verder uitbrei en beskrywend vir die kerk benut. Een hiervan is om die kerk βασιλειον ιερατευμα te noem. In vers 5 noem hy die kerk εις ιερατευμα αγιον nie om die aard van die kerk mee te beskryf nie maar wel die kerk se roeping (Selwyn 1981: 160). Die kerk is ’n priesterdom “because it bears the same relation to mankind as a whole as the Jewish priesthood bore to the whole people of Israel (Selwyn 1981: 160). Die volk wat priesterlik en koninklik in die wêreld is, is ’n Messiaanse visie wat reeds in Jes 61:6 en 62:3 voorkom. “In der Kirche ist Israels Hoffnung jetzt Wirklichkeit. Ihr Volk ist priesterlich, insofern es vor Gott steht und alle Zugang zu Gott haben (Röm5,2; Eph 2,18). Alle bringen geistige Opfer dar (1 Pet 2,5). Alle haben eine Aufgaben der Verkündigung (1 Pet 2,9)” (Schelkle 1976: 64). Michaels (1988: 109) dui aan dat die uitdrukking “koninklike priesterdom” nie soseer die priesterlike karaktertrekke of priesterlike verpligtinge van die christelike gemeenskap beklemtoon nie maar eerder, teen die agtergrond van Eks 19:6, net die volledige identifikasie van die geloofsgemeenskap met Israel afrond. Die priesterlike taak van die nuwe geloofsgemeenskap “is directed, by definition, toward God. Nothing is said of their responsibility or their social stance toward the other group” (Michaels 1988: 113). Die “other group” waarna hy Michaels hier verwys is die “unbelievers”, in kontras met diegene aan wie Petrus skryf, naamlik “you who believe.” Hiermee is ander komentators dit nie met hom eens nie. Met die gebruik van “koninklike priesterdom” impliseer die skrywer wel ’n baie betekenisvolle verhouding tussen die kerk en die wêreld. “It is to bring all men to God and God to all men. No generous ideals, no honest searches for truth, no strivings for better things, fall outside the proper range of its sympathy and interest; for its own seperation from the world is that it may hallow the world” (Selwyn 1981: 293). Hierdie heiliging gaan nie net oor dit wat goed is in elke mens nie maar juis ook oor dit wat sondig en sleg is. Dit gaan oor die aanbod van verlossing juis uit dit wat breek en seermaak. As gevolg van die universaliteit van die gebrokenheid is die koninklike priesterwerk van elke gelowige soveel te meer nodig. Die gelowige het ’n besondere verantwoordelikheid om die gevalle mens te help om weer by die lewende God uit te kom. Petrus dui aan dat die bemiddelingswerk wat voorheen vir Israel deur priesters hanteer is nou teenoor die wêreld gedoen word deur elke lid van die gemeente.

Die Reformasie heg groot waarde aan die feit dat elke gelowige deel uitmaak van die “koninklike priesterdom” (2:9) wat as “heilige priesterdom” “geestelike offers” bring (2:5) (Berkhof 1980: 422). Vir die Reformasie beteken dit dat die gelowige “zonder bemiddelend

ambt" regstreeks met God in 'n verhouding kan staan. In tweede instansie, wat tans meer aandag ontvang, beteken dit verder dat die gelowige ook in 'n besonderse verhouding met die wêreld staan (Berkhof 1980: 422). Hierdie besondere verhouding tussen kerk en wêreld en eersgenoemde se priesterlike diens moet gesien word in die kerk se gestalte van diens in sy voorbede, getuienis, hulpverlening en ook profesie (Berkhof 1980: 435 – 436). Die kerk se betrokkenheid by die *Missio Dei* is dus nie net 'n segment of onderdeel van sy bestaan nie. *Missio* staan in die sentrum van kerkwees. Sending is nie die werk van die kerk nie maar sending is die kerk aan die werk (Bosch 1991: 372). Die omvattendheid van hierdie roeping en taak word onderstreep deur die feit dat die priesterskap nie net aan 'n paar uitverkore gelowiges geskenk word nie maar aan die hele kerkgemeenskap. Die hele kerkgemeenskap word die gawe en opdrag gegee om 'n "koninklike priesterdom" te wees. Ander beelde in die Nuwe Testament wat hierdie roeping van die hele kerk beskryf is beelde soos sout, lig, suurdeeg, dienskneg en profeet (Bosch 1991:364). In al sy multi-dimenionele aktiwiteite moet die hele kerk die hoop en verlossing wat daar is in Christus Jesus alleen aan die hele wêreld bemiddel. Die kerk moet deur al sy arbeid die Vader, Seun en Heilige Gees in die verloregaande wêreld sigbaar, hoorbaar en ervaarbaar maak. Om die wêreld buite die grense van die kerk te kan bereik met die hoop wat daar in God Drie-enig is, is elke gelowige geroep om as koninklike priester namens God by die wêreld betrokke te wees en om namens die wêreld by God in te tree. "The apostolic Church yearns to go and make disciples of all peoples, because there, among all the nations, Christ has promised to be present. This yearning Church knows that it has been assembled to serve, and it assembles others to serve together with it, in the world. These disciples come hoping, praying, desiring, yearning that those who are 'not-my-people' will come to experience the joy of becoming the people of God (1 Pet, 2:9-10). This yearning is the basic characteristic of the Church which gives rise to the apostolate" (Van Engen 1991: 82). Elkeen is volgens 1 Pet 2:5 en 9 geroep om heilige priesters te wees. Dit pas Petrus dan in die res van sy brief toe op samelewingsverbande waarin gelowiges daagliks verkeer soos byvoorbeeld gelowiges se verhouding met die regering, gesinslewe en optrede in verdrukking en lyding. In laasgenoemde verband moedig hy gelowiges aan om altyd gereed te wees "om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe" (1 Pet 3:15).

- **1 Pet 3:15**

Die "heilige eerbied" wat gelowiges het vir "Christus die Here" lei tot die suksesvolle verdediging van Christene se geloof voor die heidene en selfs uiteindelik tot die oortuiging

van ongelowiges. Die Christus vir wie hulle hierdie "heilige eerbied" moet hê is die Here wat onskuldig namens sondaars gelei het. "Christus war von Ewigkeit her der Göttlichkeit teilhaftig (1,11. 20)" (Schelkle 1976: 100). Petrus se argument sluit so aan by die Ou Testamentiese teologie rondom die Christus dat Michaels (1988: 187) dit 'n "midrash of Isa 8:13" noem. Die lyding van die Christus "was outwardly a judicial murder, with atoning significance" (Selwyn 1981: 193). Die heilige eerbied moet in die wese van die gelowige se lewe gevind word, naamlik die "hart", "i.e. in the seat of the instinctive and affective life, where fear would reside, if it were present" (Selwyn 1981: 193). Dit gaan dus om meer as net 'n soort aanvaarding van sekere waarhede. Hierdie waarhede spreek die hart van die gelowige aan en dit raak sy "Person und Existenz, durch Glaube und Leben, da ja das Herz die Mitte und das Wesen des Menschen darstellt" (Schelkle 1976: 100).

Petrus se verwagting dat gelowiges, ετοιμοι αει, te enige tyd gereed sal wees met 'n antwoord om rekenskap te kan gee van die hoop wat daar in hulle lewe is, sluit aan by die gees van Jesus se woorde in Luk 21:12 – 18, maar veral verse 14 en 15: "Stel julle dus daarop in om julle nie vooraf oor julle verdediging te kwel nie, want Ek sal vir julle die woorde en die wysheid gee wat deur geeneen van julle teenstanders teengespreek of weerlê kan word nie." Deur Petrus se woordkeuse wil hy moontlik 'n band lê tussen die volgehoue liefde wat daar tussen gelowiges moet wees en die volgehoue gereedheid om die evangelie uit te lê. "Their readiness to respond boldly to those who challenge their Christian hope must be as constant (αει) as their love for one another" (Michaels 1988: 188). Die verdediging van die hoop wat daar in die gelowige is hang saam met Jesus belofte van die Heilige Gees en die werk wat Hy in elke gelowige doen. Soos in die perikoop in die Evangelie volgens Lukas kan die eis om rekenskap, volgens Petrus, wees op 'n informele wyse deur vriende of familie, maar dit kan ook meer formeel wees voor howe en regeringsamptenare. Απολογια kan in verskillende kontekste verstaan word "both of public self-defence … and of more private and less formal utterances" (Selwyn 1981: 193). Petrus se gebruik van αιτουντι wil dit egter laat voorkom asof hy eerder laasgenoemde gebruik in die oog het aangesien hierdie term 'n meer informele gesprek aandui. "Perhaps closest in meaning to the present passage is Paul's use of the term in Phil 1:7, 16 where he views his own formal 'defense' at his impending trial as an occasion for 'the defense of the gospel' on a wider front. Here in 1Peter, the language of the courtroom is being applied to informal exchanges that can occur between Christians and non-Christians at any time (αει) and under varied circumstances" (Michaels 1988: 188). Die verdediging van die hoop moet dus geskied in alledaagse

gesprekke eerder as net in regsondersoeke na die gelowige se optrede (Selwyn 1981: 193; Goppelt, vol 2 1982: 162; Michaels: 188). “Der die Rechenschaft fordert, kann ein Richter oder ein Beamter, kann aber auch ein persönlicher Freund oder Feind sein” (Schelkle 1976: 100).

Die getuienis van die hoop moet, λογον περι, ’n rasionele weergawe wees van “die hoop wat in julle lewe”. Die tyd waarin Petrus die brief skrywe was gekenmerk deur ’n “sense of frustration” en hierdie hoop was dus iets waarvan die wêreld wel rekenskap sou wou vra (Selwyn 1981: 194). Die hoop wat daar in die geloofsgemeenskap is, is juis die inhoud van dit wat die gelowiges van die res van die wêreld onderskei. Dit is egter hierdie groot onderskeid op grond van die hoop wat die gelowiges het wat die daaglikse konfrontasie met die wêreld ontlok (Michaels 1988: 189). Die hoop wat “in julle” is kan beteken dat die geloofsgemeenskap gekenmerk is deur hierdie hoop of dat elke individuele gelowige se lewe hierdeur gekenmerk is. “εν υμιν kann bedeuten: unter euch, d.h. in der christlichen Gemeinschaft; aber auch: in euch, d.h. in je eurem Glauben” (Schelkle 1976: 101). Die “hoop” waarvan getuig moet word dra vir Petrus besondere gewig. “Probably the meaning is not ‘in you’ individually, so as to stress the inwardness of the hope, but ‘among you,’ i.e., the hope which the readers have in common and which identifies them as Christians” (Michaels 1988: 189). Die hoop wat gelowiges het is dus nie net in hulle harte nie. Dit is ’n openbare saak. Petrus versoek gelowiges nie om net oor die inhoud van hulle geloof te getuig nie maar oor die “hoop” wat hierdie geloof bring. Die “hoop” is vir hom die wesenlike van die geloof. In ’n hooplose gemeenskap kan die gelowige se getuienis in sake Christus die Here weer nuwe lewe en hoop bring. Goppelt (Vol II 1982: 164) kom tot die gevolgtrekking dat die hele brief juis dit as tema het: “Christian resposibility in society”. “If they maintain their integrity before Christ their Lord, they have nothing to fear from anyone’s questions and accusations” (Michaels 1988: 193). Elke gelowige het ’n roeping om van die hoop in Christus te getuig. “So Christians can combat the oppresive structures of the powers of sin and death, which in our world cry out for God’s world of justice and peace, as well as the false apocalypses of power politics, which assert themselves on both the left and the right, only by accounting for the hope that is in them (1Pet 3:15) and by being agitators for God’s coming reign; they must erect in the here and now and in the teeth of those structures, signs of God’s new world” (Bosch 1991: 176). Die verantwoordelikheid van die geloofsgemeenskap word dus gedra deur elke gelowige en nie net deur diegene wat in ’n besondere amp staan nie. Die eis om eerbied te hê vir Christus die Here is gerig aan die hele

gemeente. “Since this advice is intended for those who suffer for rigteousness’ sake, it demonstrates the encouragement which comes from accepting the over-all sovereignty of Jesus Christ” (Guthrie 1981: 300). Die opdrag om gereed te wees om te getuig is dus ’n uitvloeisel van die hoop in lyding wat elke gelowige mag ervaar as gevolg van sy of haar eerbied vir Christus. Hierdie getuienis is nie net verbaal nie maar moet sigbaar gemaak word deur die gelowige se hele lewensbestaan. In aanhaling van 1 Pet 3:15 kom Bosch (1991: 420) egter tot die gevolgtrekking dat gelowiges se lewens alleen nie deursigtig genoeg is sodat geen verbale getuienis nodig sou wees nie. Die getuienis deur gelowiges het “an inescapable verbal dimension”. Daar is nie een enkele wyse van getuienis nie. Woord en daad kan in die getuienis van gelowiges nie van mekaar geskei word nie.

- **1 Pet 4:10**

Aangesien 1 Petrus oor spesifieke sake handel gee dit nie ’n breedvoerige uiteensetting van die kerklike opset tydens die skryf van die brief nie. Verwysings na die amp in die kerk en dus ook die verhouding tussen die amp en die gelowige geskied dus slegs in ’n algemene sin. Dit wil blyk dat die brief slegs ouderlinge as ampte ken. Die kerk is die “kudde van God” (5:2) wat versorg moet word deur die πρεσβυτερους. Die doel van die ampte is om, in hulle sorg, op ’n nie-outoritêre wyse te dien as navolgingswaardige voorbeelde vir die kudde. “This essentially tender view of the aim of office in the church is again in marked contrast to the authoritarian approach of the later monarchical bishops” (Guthrie 1981: 784). Die enigste rangorde is dié van ouderdom (5:5). “In addition to the mention of elder, there is the allusion to gifts in 4:10f. These gifts are specified as gifts of utterance and service” (Guthrie 1981: 784). “The context makes it clear that Peter is not refering here to holders of any particular office in the congregations … Rather, he is speaking metaphorically to ‘each of you’ – if not to every individual, at least to a considerable number in each congregation assumed to be exercising their gifts for the benefit of others” (Michaels 1988: 249). Die beoefening van gawes εις εαυτους beteken dat die bediening van die ποικιλης χαριστος θεου van God letterlik aan “mekaar” gedoen word. “Having already used χαρις, ‘grace’, for the salvation awaiting those who believe in Christ … Peter now points to that eschatological ‘grace’ at work even now in the worship and ministries of the Christian congregations to which he writes” (Michaels 1988: 249). Alhoewel die term ποικιλης in die Nuwe Testament meestal in ’n negatiewe sin gebruik word, wend Petrus dit hier in ’n positiewe sin aan. “Although Peter’s choice of words has no negative implications here, possibly his

reminder that God's grace is 'diversified' is intended to help his readers understand even persecution and suffering as authentic expressions of it" (Michaels 1988: 249). In 'n lewe gerig deur die genade van God is daar nie ruimte vir gelowiges "om te kla" (4:9) as daar enige diens van hom of haar gevra word nie. "For His grace takes many forms, and Christians are its 'stewards', dispensing its several gifts (χαρισμα) as each has received them" (Selwyn 1981: 218).

Hierdie diens van God se genade is die sentrale uitdrukking van God se eskatologiese liefde. "According to 1 Pet 4:10, this service was the principle of life for the community of faith in which the kingdom of God in fact was to take on shape proleptically" (Goppelt vol II 1982: 172). In hierdie diens as vertoonvenster van God se koninkryk aan die wêreld is daar geen gelowige uitgesluit van die roeping om die χαρισμα van God se genade te benut nie. Hierin is elke gelowige deel van God se οικονομοι. "The steward was responsible to the master of the house for distributing to the other members of the household their shares of his stores … and in the 'spiritual house' (ii. 5) each member has this responsibility of distribution" (Selwyn 1981: 218). Dit wat uitgedeel word in die "geestelike huis" hang egter af van die spesifieke gawe en roeping wat elke lid van die huis ontvang het. In hierdie opsig verskil die gawes van ampsdraers en diegene wat nie in 'n besondere amp staan nie en het elkeen 'n taak wat van die ander verskil. Die verantwoordelikheid om egter οικονομοι te wees is vir elkeen dieselfde. "Jeder kann daher zum Reichtum der Kirche beitragen, keiner ist unnütz. Jeder hat seine Bedeutung und Würde. Die Gemeinde braucht jeden, und jeder braucht die Gemeinde. So ist in der Gemeinschaft ebenso Mannigfaltigkeit wie Einheit" (Schelkle 1976: 119). In die menigvuldigheid en eenheid het beide die besondere amp en die gelowige wat nie in die amp staan nie ewe veel verantwoordelikheid tot diens en benutting van die gawes van God se genade. Die een word nie deur die ander oorheers nie, maar albei is tot diens van die ander, namate hy of sy 'n genadegawe ontvang het.

"God is 'glorified' in the ministry of Christian believers to one another, just as Peter had earlier envisioned their enemies glorifying God on 'the day of visitation' " (Michaels 1988: 254). 'n Vorige tema in sake goeie gedrag, selfs in lyding, waarin Petrus aangedui het hoe gelowiges teenoor vervolgers behoort op te tree, word nou uitgedruk in terme van die verantwoordelikheid van gelowiges teenoor mekaar. "The result is a 'charismatic' yet very practical approach to church life and ministry" (Michaels 1988: 255). Petrus se

uitgangspunt is dat alle bedieninge gerespekteer sal word en dat God verheerlik mag word in die wyse waarop Christene met mekaar saam leef in al die gemeentes aan wie hy skryf.

Uit die eerste brief van Petrus blyk dit dus dat elke gelowige geroep is tot die bediening van die genade van God in die mate waarin Hy elkeen hiervoor gawes gegee het. Dit is in die besonder waar in die gemeenskap buite die geloofsgemeenskap, selfs al sou so ’n bediening tot vervolging lei. In ’n vyandige gemeenskap moet die gelowige hom- en haarself juis so toespits op die bediening van God se genade dat die hoop wat daar is in God Drie-enig in sy of haar gedrag deurentyd sigbaar is. In hierdie bediening sal die wyse van diens van persoon tot persoon verskil namate die gawes wat elkeen van God ontvang het van mekaar verskil.

- **Rom 12:6 – 8 en 1 Kor 12: 7 en 25**

Die benutting van geestelike gawes of *charismata* het in die Pauliniese gemeentes ’n belangrike rol vervul. Dit het so ’n belangrike plek ingeneem dat daar soms selfs geargumenteer word dat leierskap in Pauliniese gemeentes slegs gawegedrewe was en nooit ook amptelik ingestel is nie. “However, a carefull study of several gifts makes it clear that while some of them are truly charismatic, others are obviously natural gifts used by die Holy Spirit” (Ladd 1974: 535). Paulus se redenasies in sake die gawes van die Gees handel egter nie oor formele posisies in die kerk nie maar eerder oor die funksies van die verskillende dienste en gawes. So skryf hy byvoorbeeld nie die eerste brief aan die Korintiërs om die korrekte organisasie van die gemeente vas te lê nie maar skryf hy oor die ordelikheid in die christelike gemeenskap. In die orde van die geloofsgemeenskap het elke gelowige ’n eie besondere bydrae te lewer. “He conceives of every Christian as an active member of the body of Christ” (Ladd 1974: 535). “Aan elkeen afsonderlik word ’n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal” (1 Kor 12:7). Hierdie gawes is nie soseer bo-natuurlike werkinge van die Gees nie, as wat dit eerder ’n oproep is deur die Heilige Gees aan elke gelowige om diensbaar te wees in die gemeente, in die opdrag van die gemeente in die wêreld. Apostels en profete is vir Paulus in al die dienste primêr aangesien dit deur hierdie dienste is dat God, in die afwesigheid van ’n geskrewe openbaring, Homself aan die kerk bekendmaak en ’n fondasie vir die bouwerk van die kerk voorsien. Buiten hierdie twee dienste heg Paulus verder geen prioritiet of orde aan die ander gawes of dienste nie (Ladd 1974: 535; Guthrie 1981: 764). “It cannot be denied that he writes as if all the Corinthians share in the gifts of the Spirit” (Guthrie 1981: 766). Paulus beskou die kerk as die liggaam

van Christus waarin elke lid oor die een of ander *charisma* beskik. Hierdie gawes verskil van mekaar en nie een lid het al die gawes terwyl ’n ander lid geen gawes ontvang het nie. In die liggaam van Christus funksioneer die charismata en ampte sy aan sy aangesien laasgenoemde nie kan funksioneer sonder dat diegene wat leiding neem ook beskik oor eersgenoemde nie.

Die δε van Rom 12:6 verbind hierdie sin aan vers 5. “The sentence reads more naturally as a continuation of the body imagery of vv 4 - 5 with the meaning of αλληλων μελη spelled out in terms of different charisms” (Dunn 1988: 725). Paulus gee in verse 6 - 8 ’n beskrywing van die Christelike gemeente wat as een liggaam funksioneer. Die subjek van vers 6 is dus steeds die “al is ons baie” van vers 5. Vers 6 sê dus dat die “baie” van vers 5 genadegawes het wat van mekaar verskil en dat elkeen hierdie gawes ontvang het, nie volgens stand of posisie nie, maar dat hierdie gawes gegee word vanuit die genade van die Gees (Schlier 1977: 369). “Was χαρισμα in diesem Sinn meint, läßt sich am besten aus 1 Kor 12, 4ff erkennen: verschiedene Gaben des einen Geistes (διαιρεσις und φανερωσις του πνευματος), verschiedende Dienste, in denen der Herr wirkt, verschiedene Kräfte, die der eine Gott gewährt, alle zum Nutzen und zur Erbauung der Gemeinde, wesenhafte Ausstrahlungen der αγαπη (1 Kor 12,16; 13, 1ff). Sie sind πνευματικα der αγαπη” (Schlier 1977: 369). Dit blyk uit Paulus se gebruik van “charisma” dat hy hier meer fokus op die funksie van elke lid en die doen van diens, eerder as ’n fokus op ’n soort latente gawe wat die persoon wat dit ontvang het tot sy of haar beskikking het en volgens eie wil kan benut of nie benut nie. χαριμα is dus nie ’n latente gawe nie maar is die konkrete manifestasie in woord of daad van die χαρις (Dunn 1988: 725). “… εχοντες should not be pressed to give the sense of possession: grace is experienced only as *given*; the resource is ‘available’ only as the reality of the living relationship between God and man, Creator and creature, Lord and servant. So too the concreteness of χαρισμα (in relation to χαρις) is lost when χαρισμα is defined as ‘the potential or ability to serve’ ” (Dunn 1988: 726). χαρισμα is die werklikheid van χαρις wat sigbaar word in die praktyk en diens van lede van die liggaam aan mekaar in wedersydse afhanklikheid. “As in 1:11, the recipients of the letter would understand from the formation of the word and by the description which follows that ‘charism’ denotes any word or action, which brings to concrete expression God’s gracious outreach to humankind, which serves as ‘a means of grace’ (Dunn 1988: 734). Hierdie toedrag van sake is sigbaar in die wyse waarop Paulus spesifieke gawes opnoem. “As the first items on the lists of charisms show, what is in view is not a matter of office or status, but the act itself of prophesying and serving. And even when the list goes on to

mention persons the emphasis is still on the action (in this case, regular ministry – present participle) of teaching and exhorting" (Dunn 1988: 734). Alhoewel Paulus alle gelowiges aanmoedig om die gawes wat hulle ontvang het tot eer van God te benut, besef hy egter die bedreiging wat dit vir die christen-gemeenskap kan inhou as die een gawe bo die ander waardeer word. Hierdie toedrag van sake mag lei tot 'n oorwaardering van die een gawe ten koste van die ander. "Hence he urges that each Christian, who lives by faith in Christ Jesus, be content with the function or role that he or she has been called to perform in the community and likewise respect the function and role of others" (Fitzmyer 1993: 645). Deur wedersydse respek te betoon aan die verskillende gawes respekteer gelowiges God en die gawes wat Hy uit genade skenk.

Paulus gebruik die term χαρισματα in plaas van πνευματικα aangesien hy nie die werking daarvan wil laat opgaan in die identifisering van die aanbreek van 'n nuwe era in die kerk nie. Die verskynsels kan dus ook buite die kader van die Christelike kerk voorkom (1 Kor 12:2). Die besondere gawes is διαιρεσις en φανερωσις van die Heilige Gees wat geskied as διακοναι met αγαπη as hoogste doel (Käsemann 1980: 333). Die gawes van die Gees word deur God self geskenk en word deur elke gelowige ontvang met die ontvangs van die Heilige Gees. Aangsien die Gees deur elke gelowige ontvang word, volg dit dat elke gelowige ook besondere gawes van die Gees ontvang. "No one goes away empty-handed and none may disregard the supplementation and limitation through the others" (Käsemann 1980: 335). "Paul plays on the words *charismata*, 'gifts, charisms,' and *charis*, 'grace.' The charisms are the specific participation of individual Christians in grace (Fitzmyer 1993: 646). Die gawes wat gelowiges ontvang is die konkrete werk van die Gees in elke . Die deelname van Christene aan die gawes van die Gees is gewortel in die deelname aan dit wat Paulus in Rom 6:23 "die genadegawe wat God gee" noem. Hierdie genadegawe is "die ewige lewe in Christus Jesus ons Here." "Christ is the prime analogate, when it comes to charisms. All others partake in the gift that is Christ Jesus" (Fitzmyer 1993: 646). Na die ontvangs van hierdie eerste gawe volg daar dan ander gawes waarin alle christene op verskillende manier deel het. Hierdie ander gawes is "indications of the measure of faith that God has apportioned to each one" (Fitzmyer 1993: 647).

"It is clear too that Paul thinks of every member of the Roman churches as, properly speaking, charismatic. 'The many' of v5 does not leave out any member of the Roman house groups, however more extensive the phrase may be. Paul evidently did not conceive of a

congregation made up of charismatics and non-charismatics" (Dunn 1988: 734). Almal het besondere gawes ontvang, want dit is wat dit beteken om deel te hê aan die liggaam van Christus. In God se groot en oorvloedige genade ontvang elke gelowige gawes wat nodig is in die opbou en instandhouding van die liggaam. "In this way Paul establishes the universal priesthood of all believers and ascribes to all, publicly and not just privately, authority by divine right both in and over the community" (Käsemann 1980: 335). In die gawes wat elke gelowige ontvang het kan hy of sy nie deur iemand anders vervang word nie en daarom moet sy posisie in die geloofsgemeenskap en die gesag daarvan deur almal erken word. Elkeen het 'n vaste plek en is toegerus vir 'n spesifieke taak. Elkeen het sy of haar μετρον πιστεωs (vers 3) waarmee hy of sy in die plaaslike gemeente 'n rol te vervul het. Soos wat elkeen in Christus deel het aan die liggaam van Christus, so het elkeen ook deel aan die gawes van die Gees. Deur hierdie gawes wat Hy aan elke lid van die liggaam gee wil Christus juis die wêreld penetreer en nie daaruit onttrek nie. "Precisely from this perspective the idea of the body of Christ became the ecclesiological formula with which Hellenistic Christianity set about world mission" (Käsemann 1980: 339). Gawes word aan gelowige gegee "in view of a function to be performed in the community. The different gifts of grace that Christians receive from the Spirit as a result of faith are destined for the benefit of the whole body" (Fitzmyer 1993: 647). Elke lid van die liggaam van Christus moet ter wille van die die sosiale of gemeenskapskarakter van die Godgegewe gawes dit benut sonder dat daar jaloesie of afguns by enige iemand ontstaan oor gawes wat hy of sy het of nie het nie. "Gifts have been given that with them Christians might serve one another. All charisms are graces that move Christians to action on behalf of others" (Fitzmyer 1993: 647). Fitzmyer (1993: 647) voel dat daar nie uit die teks self afgelei kan word dat die gawes waarvan Paulus hier skryf in sy tyd alreeds op die een of ander besondere amp gedui het nie.

Die verskil tussen 1 Kor 12 en Rom 12 is dat Paulus in eersgenoemde skerp fokus op spesifieke probleme wat die gemeente in Korinte ervaar het, terwyl hy in laasgenoemde 'n meer algemene prentjie skets van die situasie in die vroeë christelike gemeentes (Dunn 1988: 726). Hierdie algemene trekke sluit in "(1) *all* are members of the body, and *as such* all are therefore charismatics (organs having functions); (2) all are different as members, that is, as having different charisms; (3) on these differences functioning as such and their mutually beneficial interaction the oneness and well-being of the body depends – one (body in Christ) by virtue of (this) diversity" (Dunn 1988: 726). Indien alle lede nie gelyk begiftig is nie sou dit lei tot "verdeeldheid" (1 Kor 12:25). Paulus skryf juis om hierdie

verdeeldheid te bekamp. “He is at pains to point out that when the Spirit gives gifts he gives them ‘for the common good’ (verse 7)” (Guthrie 1981: 565). Die gawes staan dus in verband met die welsyn van die hele geloofsgemeenskap en nie net vir die welsyn van die een wat dit ontvang het nie. Die hele plaaslike gemeente en die rede vir sy bestaan word gedien deur die verskeidenheid van gawes wat die Gees aan alle gelowiges skenk (1 Kor 14:12). Elkeen het ’n gawe wat van ander se gawes mag verskil. Die Heilige Gees is egter die een Gawe wat die verskeidenheid saam bind. “While the Holy Spirit works diversely in the church bestowing different gifts upon different individuals, the Holy Spirit himself is the possession of all believers.” Elkeen wat tot geloof kom ontvang die Gees as ’n gawe van God en daarmee saam ontvang elkeen ook ’n besondere gawe of gawes waarmee hy of sy betrokke raak by die die *Missio Dei* soos wat God dit laat aanbreek deur die funksionering van die plaaslike gemeente.

Dit kan nie uit die Bybel aangevoer word dat daar twee groeperings in die kerk is naamlik die leiers of *clerus* en die volgelinge, *laici*, nie. Indien laasgenoemde term wel in kerklike sin gebruik word kan dit slegs wees as ’n aanduiding van die *laos* of volk van God en nooit om ’n soort klas, gesag of heiligheidsvlak aan te dui nie (Van Engen 1991: 151). “In the New Testament it is the whole people of God together who are called to be the Church. All the members are joined to grow up into maturity, to the stature of the fullness of Christ (Eph 4:15)” (Van Engen 1991: 151). Dit is ongelukkig so dat selfs in protestantse kringe daar nie in geheel wegbeweeg is van die verdeling van die kerk in twee “klasse” nie. Bosch (1991: 469) voer aan dat Luther, na teenkanting van die Reformasie ten dele weer teruggekeer het na die bekende oorgeëerfde paradigma. “In practice, most denominations in mainline Protestantism today are muddling along with an understanding of the ordained ministry vacillating between the traditional Reformation definition and a view closer to that of Catholicism” (Bosch 1991: 469 – 470). In die evangeliese denominasies gaan dit volgens hom nie beter daaraan toe in die verskille tussen amp en gelowige nie. Twee slaggate weerhou hierdie denominasies om by ’n Bybelse verhouding tussen die ampte en lidmate te kom. Aan die een kant word kerkleiers soms so hoog aangeslaan dat hy of sy ’n pous in die kleine word en aan die ander kant word die gemeente so op prys gestel dat die leraar slegs ’n betaalde werker is in diens van die gemeente. “In feite waren de verantwoordelijke positie van het gemeentelid in de kerk en het beginsel van het algemeen priesterschap der gelovigen hoekstenen van de reformatorische beweging, maar desondanks geldt voor het vasteland van Europa in hoofdzaak dat het gemeentelid na de consolidatie van de hervorming in vershillende lande op de achtergrond is getreden; de

geestelijkheid werd, zij het op uiteenlopende gronden en in verschillenden vormen, weer tot het corps van officiële ambtsdragers en het verteenwoordigende lichaam der kerk verheven" (Kraemer 1960: 23 en 24). Die rede vir hierdie gebeure word deur Kraemer (1960: 61) daaraan toegeskryf dat die Reformasie bepaal is deur protes en polemiek en dat dit daarom slegs die begin van 'n proses was tot die terug keer na die kerk van die Nuwe Testament. Die proses is egter nie na die tyd van die Reformasie deur die protestantisme enduit gevoer nie.

Die gawes van die hele gemeente, ampte en nie-ampsdraers, moet egter tot sy volle reg kom in die geloofsgemeenskap wat ten volle die liggaam van Christus is. "De charismatiese geleding bewaart de kerk voor individualisme en collectivisme, voor anarchie en uniformiteit, en maakt haar tot oefenschool en voorbeeld voor elke 'responsible society'" (Berkhof 1980: 422).

Die orde en inhoud van die verskillende charismata kan van tyd en plek dalk afwissel solank as wat dit as geloofsuitdrukking steeds sigbaar bly en die opbou en die eenheid van die liggaam dien. Ten beste word hierdie stelling geïllustreer in die brief van Paulus aan die Efesiërs aangesien hierdie boek beskou word as die hoogtepunt van Paulus se ekklesiologie (Guthrie 1970: 514). Alhoewel die aanvanklike doel en die spesifieke eerste lesers van die brief moeilik te bepaal is mag dit wees dat Paulus in gevangeniskap, na die voltooiïng van sy brief aan Kolosse, die ekklesiologiese gedagtes van hierdie brief saamgevat het in een brief sonder enige verwysings na die spesifieke dwalings wat by die Kolossense deur sy brief aangespreek is. "His mind dwells on the theme of Christ and the Church, resulting in an exalted Christology and a high appraisal of the privileges of believers in Christ" (Guthrie 1970: 514). "Whatever be the relation between Ephesians and Colossians, Ephesians provide the logical sequel to Colossians, expounding the cosmic role of the church, the body of Christ, as Colossians expounds the cosmic role of Christ, who is the head of his body, the church, and at the same time 'head of every principality and power' (Col 1:18; 2:10)" (Bruce 1984: 241).

Die sentrale boodskap van Efesiërs is God se handelinge in Christus en die Heilige Gees in die eskatologie, om sy uitverkore en verloste volk, wat ook heidene insluit, te versamel. Op grond hiervan sê Roberts (1963: 43) dat in die Brief aan die Efesiërs teologie tegelyk ook ekklesiologie is. "Wie God sê, sê daarmee volk van God, sê gemeente van Jesus Christus." Wie hierdie gemeente is word alreeds in Ef 1:3 genoem: "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons (ημαs) in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is." By hierdie "ons" word ook nog gevoeg die "julle" van Ef 2:11 :

"Hou dan in gedagte wat julle (υμεις) vroeër was. Van geboorte was julle heidene, en julle is 'onbesnedenes' genoem deur dié wat hulleself 'die besnedenes' noem, al is die besnydenis net mensewerk aan die liggaam". Die gemeente is dus die ημαs en die υμεις wat met mekaar in vrede een liggaam kan wees deur Christus (Ef 2:14).

"Die ημεις waaroor Paulus dit het en waarby die υμεις ingesluit is, is diegene wat God van ewigheid uitverkies het om in verbondenheid aan sy Gesalfde, Jesus, tot sy eer en lof te bestaan as sy eskatologiese volk van gelowige gereddes en verlostes deur die roeping van die Gees, en deur die missionêre verkondiging van die evangelie waardeur hierdie volk wat die toekoms van haar Heer verwag en die volle heerlikheid van haar erfdeel, self ook ingeskakel word in haar eie versameling as universele gemeente in die loop van die geskiedenis. So is die ekklesia die eskatologiese volk van God in haar weg na die einde van die tyd en haar Heer, steeds ook op weg na die eindes van die aarde, sodat die volheid deur Christus in almal bewerk kan word" (Roberts 1963: 53).

"Op weg na die eindes van die aarde" met die oog op die "volheid deur Christus", sodat "ons uiteindelik almal (ημαs en υμεις) kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God," het Hy "gawes" (4:11) aan die liggaam gegee. "Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens (διακονιαs) en vir die opbou van die liggaam van Christus" (Ef 4:12).

- **Ef 4:12**

In sake die "diens" van alle gelowiges val dit op dat die jong Christendom alle aktiwiteite in die gemeente belangrik geag het vir die opbou en groei van die gemeente en dit daarom *diakonia* genoem het. "Generally, therefore, the *charisma* acts in the church as a ministry and finds its destiny and its criterion only in its character as ministry (cf. 1 Pet 4:11)" (Ridderbos 1975: 443). Langs hierdie weg kry alle *diakonia* en *charismata* wat Christus aan die kerk skenk 'n gemeentelike karakter, aangesien dit geskenk word aan almal met die oog op die opbou van die liggaam van Christus. Daar kan in die gemeente nie sprake wees van charismatiese en nie-charismatiese dienste nie. "It is our conviction that the contrast between the charismatic and institutional is at bottom just as false as that between charismatic and non-charismatic ministries in the church" (Ridderbos 1975: 444). Wat waargeneem word is dat in Paulus se opnoem van gawes aan die gemeente die kwaliteit van

die gawes, eerder as die institusionele aard daarvan, beklemtoon word. Hy lê nie die klem op ouderlinge, leraars en diakens nie maar eerder op die *charisma* van leiding gee, hulpverlening en die bewys van barmhartigheid. Alhoewel sommige gawes aan die gemeente dus spreek van spesifieke ampte is dit nie die geïnstitusionaliseerde aard daarvan wat geskenk is nie maar eerder die praktiese inhoud of betekenis daarvan wat geskenk is (Ridderbos 1975: 444). "The writer talks about groups of persons, not about either their activities or their positions … On the one hand, there is no hint in Ephesians of ordination to office or of the sort of legitimation of office by the church which is reflected in the Pastorals. On the other hand, evangelists, pastors, and teachers were so called because they regularly exercised their ministries, and such ministries would have required acceptance and recognition by their churches, for even in Paul's time the exercise of charismata required evaluation and recognition on the part of the congregation, and certain congregations recognized clearly defined leaders" (Lincoln 1990: 252). Daar was dus in Paulus se tyd nie noodwendig reeds ampte as geïnstitusionaliseerde dienste nie.

Waar daar in Rom 12 en 1 Kor 12 verwys word na die verskeidenheid van gawes, die skenk daarvan aan individuele lede van die gemeente en die kwaliteite van hierdie gawes, lê Ef 4 die klem op die persone wat hierdie gawes ontvang het as geskenke aan die gemeente. "It is not suggested that such 'gifts' are restricted to those who are specifically named; those that are named exercise their ministries in such a way as to help other members of the church to exercise their own respective ministries (no member is left without some kind of service to perform)" (Bruce 1984: 345 & 346). Die verskeidenheid van gawes is aan die lede van die liggaam gegee sodat, deur die bedieninge van al die lede van die liggaam, die hele gemeente toegerus sal wees vir die taak waarvoor God alle gelowiges geroep het. Hierdie taak word deur twee bysinne aangedui as diens en opbou. Die doel van die "toerusting" (καταρτισμον) is "diens" (διακονιας) aan en die "opbou" (οικοδομην) van "die liggaam van Christus" (Van Engen 1991: 50). "In this passage the writer's major concern is with the unity and maturity of the church" (Lincoln 1990:252). Die werk van die liggaam van Christus rus dus op die beginsels daarvan dat elke lid van die liggaam 'n taak het om te verrig en dat elke lid toegerus en bekwaam is om hierdie taak te kan vervul. Om hierdie werkverrigting te realiseer het Christus deur sy Gees aan sy liggaam sekere charismatiese persone gegee om so voorsiening te maak vir elke lid van die liggaam. "Langs hierdie weg voorsien die Gees vir elke lid van die liggaam sy benodigde gawes en verseker Hy dat die geheel 'n goedwerkende en groeiende lewende gemeenskap is van gelowiges wat mekaar in

die opbou van die gemeente bystaan en aanvul en deur die interim heen beweeg na die einde toe wanneer dit sal wees ανθρωπος τελειος (vs. 13)" (Roberts 1963: 121). Christus gee die gawes van charismatiese persone aan die gemeente vir drie redes, aangedui in drie bysinne. Die uitleg van die drie redes word nie allerweë dieselfde begryp nie. Lincoln (1990: 253) voel dat al drie sinne verwys na die persone wat as gawes gegee is. Die doel met die gee van hierdie gawes is dan die toerusting van gelowiges, die diens wat die charismatiese persone kan lewer en die opbou van die liggaam van Christus. Om die diens te verstaan, nie as die diens van die persone wat gegee is nie, maar om dit te verstaan as die diens wat deur die gelowiges gelewer moet word, is die alternatief, volgens Lincoln. Dit sou dan beteken dat sekere individue aan die kerk gegee is om gelowiges toe te rus, sodat die gelowiges hulle dienswerk so kan verrig dat die kerk opgebou word. Die subjek van die laaste twee redes vir die gawe van besondere mense is dus die gelowiges. Lincoln voel egter dat in al drie bysinne die spesiale persone as geskenke die subjek moet bly. Om dit anders te verstaan, sê hy , is "too often motivated by a zeal to avoid clericalism and to support a 'democratic' model of the Church" (Lincoln 1990: 253). Dit is nodig om na die waarskuwing wat Lincoln laat hoor te luister. Die plek en rol van die algemene amp is reeds verseker deur Ef 4:7 en 16. Die plek en rol van die besondere gawes of ampte mag nie verwater word of selfs teenoor die diens wat elke gelowige moet lewer gestel word nie. Die ampte het 'n besondere funksie te vervul in die uiteindelike vervulling van die amp van gelowige. Hiervoor het God besondere begaafde persone aan die liggaam gegee.

In terme van die beeld van 'n liggaam wat groei tot volwassenheid en ook die beeld van die kerk as 'n bouwerk wat opgebou word kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die kerk 'n bestaansrede in homself het naamlik die gemeenskap van diegene, deur God verlos, en in wie God die heil bewerk. In terme van die οικοδομε-beeld kan daar gesê word, dat God hierdie bouwerk tot stand bring om vir Hom 'n tempel te wees (Ef 2:21) of 'n huis om in te woon (Ef 2:22). "Maar selfs in sy tempelwees word die kerk se dienskarakter duidelik. Dit is duidelik dat die kerk bestaan om vir God en sy koninkryk, in bouwerk diens te lewer. 'n Diens wat in οικοδομε opgesom word as versorgend na binne, 'n praktiese ervaring van gemeenskap met God en onderlinge gemeenskap met mekaar; en uitreiking na buite waar die gelowige as sendeling elke dag die ongelowige wêreld met die evangelie binnegaan om ekstensief ook uit te bou. In Paulus se gebruik van die term οικοδομε sluit hy aan by die inhoud wat die Ou Testament aan die term gee. Hy teken die opbou van die gemeente as die voortgaande werk van die Drie-enige God. In hierdie goddelike werksaamheid word die

kerk na binne gekonsolideer en na buite uitgebrei" (Pienaar 1990: 42 & 43). Daar is dus in die beelde van groei en opbou ’n sterk missionêre dimensie. Die groei en opbou maak deurentyd deel uit van die *Missio Dei* en is die toerusting van die liggaam deur sekere gawes uiteindelik gerig op die bereik van diegene wat nog nie deel uitmaak van die liggaam van Christus nie. "In de Oude Kerk bracht men elke activiteit, ieder functie, die een bijdrage betekende aan de opbouw van de christelijke gemeenshap onder bij de categorie van de diakonia. Alle christenen zijn diakonoi, dienaren, geroepen tot een ‚ambt', ‚dienst' (diakonia)" (Kraemer 1960: 133). "Although this building up is also the task of all the members of the body (v16), the ministers have a distinctive and particularly significant role to play in it" (Lincoln 1990: 255).

Indien die verwysings na die betrokkenheid van diegene wat nie in ’n besondere amp staan nie in gedagte gehou word kan daar tot die slotsom gekom word dat elke gelowige in ’n besondere diens staan, met ’n verskeidenheid van gawes, tot diens van die *Missio Dei*. "The overriding purpose of it all is that the Church may grow to be one in 'the unity inherent in our faith and our knowledge of the Son of God – to mature manhood, measured by nothing less than the full stature of Christ'" (Van Engen 1991: 51). In hierdie groei fokus die kerk op "incorporation of members into the body (numerical growth); growth through the spiritual development of the members of the body as they exercise their gifts for the sake of the world (organic and spiritual growth); growth through the increased impact of the body of Christ in the world to which it has been sent (growth through *diaconia*); and growth through an enhanced understanding of the lordship of Christ in the Church, preventing us from being 'tossed by the waves and whirled about by every fresh gust of teaching' (theological growth, Eph. 4:14)" (Van Engen 1991: 51).

**Gevolgtrekking 5.4:**

Die Bybel getuig in sake die Amp van die Gelowige:

- Dat God in Ou Testamentiese tye al alle lede van sy volk geroep het om ’n bemiddelingsrol te speel tussen Hom en die wêreld (Eks 19:5 – 6);
- Dat God sy Gees gee aan alle gelowiges (1 Joh 2:20 en 27);
- Dat die Gees van God van die kerk ’n koninklike priesterdom maak met die roeping van elke gelowige om die hoop in Christus in die wêreld te bemiddel (1 Pet 2:9);

- Dat in die bemiddeling van hoop die woorde en dade van gelowiges nie van mekaar geskei kan word nie (1 Pet 3:15);
- Dat elke gelowige die roeping het om sy of haar besondere gawes van die Gees te gebruik tot diens in die *Missio Dei* (1 Pet 4:10);
- Dat geen gelowige oorgeslaan is met die uitdeel van die Gees of die gawes nie en dat elkeen sy of haar gawes onder die leiding van die Gees moet benut in die opbou en funksionering van die plaaslike gemeente (Rom 12:6 – 8; 1 Kor 12:7 en 25);
- Dat die besondere ampte die algemene amp moet toerus vir die diens wat elke gelowige moet verrig in die uitdra van die evangelie en die opbou van die kerk (Ef 4:12).

### 5.4 Verhouding tussen die Besondere en Algemene Amp

In die *Missio Dei* wil God die hele kerk gebruik om die wêreld met die boodskap van hoop en bevryding te bereik. Om die hele kerk te aktiveer vir hierdie taak het Hy aan elke gelowige 'n roeping, taak en opdrag gegee. Om elkeen in die kerk te aktiveer het Hy die besondere ampte gegee wat gelowiges toerus "vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus" (Ef 4:12). Daar is dus in die *Missio Dei* 'n wisselwerking tussen die besondere ampte en gelowiges wat nie in 'n besondere amp staan nie. Hierdie wisselwerking geskied binne die gemeente waar beide die besondere amp en die algemene amp van die gelowige 'n taak of rol te vervul het. Die besondere ampsdraer se gesag en toerusting vir sy taak word nie noodwendig in die sekulêre wêreld erken of aanvaar nie en dit is daarom in die algemene roeping van die gelowige, dat selfs diegene wat 'n besondere amp in die gemeente beklee, die ongelowige wêreld ingaan. Binne die gemeente bestaan daar tussen die gelowiges onderling 'n onderskeid tussen die verskillende dienste, gawes en ampte. Buite die grense van die gemeente word die boodskap van hoop en verlossing sonder onderskeid, na gelang van individuele gawes, gedra deur die algemene roeping en amp waarin elke gelowige staan. "Allen, de gehele kerk, staat onder de geroepenheid tot ‚diakonia', die wegens het ingelijfdzijn in der kerk (gemeente) in Christus, *de dienaar* (diakonos) levenskenmerk is evenzeer als het ‚apostolos' zijn (op dezelfde gronden). De verschillende, in de gemeente of de kerk aanwezige, duidelijk gekarakteriserende groepen … hebben elke, als staande onder en deelhebbende aan de diakonie van Christus aan de kerk en de wereld, hun eigen type van ‚diakonie' dat, tot welzijn van allen dient' (1 Kor. 12:7)" (Kraemer 1960: 137). Elke gelowige het deel aan die "diakonie" met 'n eie unieke aard maar hierdie dienste is onderling verbonde aan mekaar. "De dienst (diakonia) van de geordende geestelijke stand, de clerus , en die van de leken zijn beide aspecten van dezelfde diakonia, zij het elk in eigen sfeer en naar

eigen roeping" (Kraemer 1960: 136). Die sfeer van die diens van die besondere amp en die algemene amp is beide na binne en buite gerig. Die swaartepunt van die besondere amp lê egter in die gemeente terwyl die swaartepunt van die algemene amp in die wêreld rus. Om dit anders te stel: Die gelowige is binne en buite die grense van die gemeente in die algemene amp van die gelowige terwyl die persoon in die besondere amp binne die gemeente, buite die gemeente sy of haar roeping uitleef in die algemene amp van die gelowige. Gawes waarmee hy of sy geseënd is vir die besondere roeping in die gemeente is buite die gemeente net so bruikbaar as binne die gemeente. Die rede hiervoor is dat die gawes en gesag van die ampsdraer oral geld, want dit is gegee deur die Koning van die heelal. Hierdie gawes, en in besonder, die gesag van die amp word egter nie noodwendig deur die wêreld wat in sonde geval het aanvaar nie. Vir hierdie rede volvoer ampsdraers buite die gemeente se grense in 'n sekulêre wêreld, hulle taak in die algemene roeping van die amp van die gelowige. Daar is dus ten opsigte van die taak van die kerk in die wêreld 'n wisselwerking tussen die ampte en die amp van die gelowige.

In die verhouding tussen die besondere ampte en die amp van die gelowige binne die gemeente se grense is daar egter twee skeeftrekkings moontlik. Aan die een kant kan daar 'n oorwaardering van die amp wees ten koste van die taak en roeping van die gelowige in die algemene amp. Aan die ander kant lei 'n oorwaardering van laasgenoemde tot 'n onderwaardering van die gesag en toerustingstaak van die besondere ampte. Nie een van hierdie twee uiteenlopende uitkomste word deur die Woord ondersteun nie. "This Word of God was not given exclusively to the church as institute, to the office-bearers but to all believers (John 5:39 and Acts 17:11), in order that with patience and comfort of the Scriptures they should have hope (Rom 15:4) and in order that they should mutually teach and admonish each other. Rome has done violence to this but the Reformation put the Bible back into all hands and so made it possible for the family and the school, for science and art, for society and the state, and for each individual believer, to have access to this source of teaching and instruction" (Bavinck, H 1977: 540). Die gevolgtrekking is dus "… dat de gemeente niet bestaat bij de gratie van haar eigen bezieling, maar bij het gezaghebbende Woord dat tot haar komt in de prediking van het evangelie" (Lekkerkerker 1971: 151). Die algemene amp van die gelowige is volgens die Woord 'n basiese element van kerkwees aangesien die reikwydte van die kerk se besondere ampte nié noodwendig gesinne, skole, wetenskap, kuns, gemeenskap en politiek kan bereik nie. Om hierdie terreine met die hoop in Christus te bereik is die prerogatief van die gelowige in algemene diens. Dit is die taak van die elke gelowige om hierdie dele van God se skepping te kan bereik vir sy koninkryk. Ter wille van die suksesvolle bereiking van alle lewensterreine

word die gelowige toegerus vir sy taak deur die ampte. Die bediening deur die amp van die gelowige “is offered in the form of the ongoing life of the Christian community” (Bosch 1991: 473). In aanhaling van Burrows sê Bosch (1991: 473) dat hierdie voortgaande bedieningslewe van elke gelowige geskied “in shops, villages, farms, cities, classrooms, homes, law offices, in counselling, politics, statecraft, and recreation.”

Die taak van die gelowige is egter nie net beperk tot dit wat buite die institusionele grense van die gemeente gebeur nie. Die Heidelbergse Kategismus vraag 32 vra “Waarom word jy ’n Christen genoem?”. In die antwoord hierop blyk dit dat die taak van die Christen nie net die belydenis van die Naam van Jesus is nie, maar dat dit ook behels die gee van die self as “’n lewende dankoffer” aan Christus en om “in hierdie lewe met ’n vrye gewete teen die sonde en die duiwel (te) kan stry”. In navolging van die drie-voudige amp van Christus is die gelowige dus geroep om profeties te bely, priesterlik te offer en koninklik te regeer. Aangesien dit in “hierdie lewe” geskied is daaruit af te lei dat dit nie net geskied in die institusionele kerk waar God se volk liturgies byeen is nie maar dat dit ook gebeur daar waar die gelowige as verteenwoordiger van Christus deur die week priesterlik intree vir die wêreld, koninklik regeer oor die sonde en profeties teenoor diegene wat nog nie kinders van die Here is nie, getuig. Die werk van die gelowige buite die grense van die gemeente beteken nie die negering van die amptelike verkondiging van die Woord in die wêreld nie. Die twee, die besondere en die algemene amp, staan as twee pole teenoor mekaar en die regte wisselwerking tussen die twee bring die kragveld van die evangelie tot in die wêreld. Indien een van die twee pole te swaar gelaai is lei dit tot ’n versteurde kragveld wat die fokus van die hoop wat die kerk in die wêreld moet bring na die kerk as instituut verskuif. ’n Ongebalanseerde spanning tussen ’n oor- en onderwaardering van die amp se rol in die uitdra van die Woord is vanaf die Reformasie reeds bespreek. Calvyn (Inst IV.1.6) sê hieroor: “Verder, omdat daar vandag ’n geweldige stryd ontketen is oor die doeltreffendheid van die (woord) bediening terwyl sommiges die aansien daarvan oormatig vergroot en ander volhou dat dit verkeerd is om iets wat aan die Gees behoort op ’n sterflike mens oor te dra … moet ons ook leer hoe hierdie geskil reg beëindig moet word.” Sy antwoord oor die regte beëindig van die vraagstuk oor die verhouding tussen besondere en charismatiese, algemene ampte is om dit duidelik te stel dat die verkondiging en uitdra van die hoop van die evangelie nie aan individue gegee is nie en ook nie aan sekere dienste of ampte alleen gekoppel kan word nie. God is die Insteller van die prediking en Hy verbind sy Gees aan die Woordverkondiging en beloof vrug op die verkondiging van die evangelie. Die Heilige Gees wat verbonde is aan beide die amp, die persoon wat dit beklee en ook die gelowige in die

algemene amp verbind die algemene en besondere ampte met mekaar en bring vrug op beide se arbeid. Die verbintenis tussen die pole, amp en amp van gelowige, gee die krag en impetus vir albei se diens in die *Missio Dei*.

Die band tussen besondere en algemene amp word, as werk van die Heilige Gees, die beste gesien in die lig van die taak en opdrag van die plaaslike gemeente. Die roeping van die kerk as volk van God om deel te neem aan die *Missio Dei* definieër en omskryf die verhouding tussen die besondere en algemene ampte op 'n funksionele vlak. "When congregations see themselves as the whole people of God, they may have to change their definition of ordination" (Van Engen 1991: 156). Elkeen wat deel het aan die liggaam van Christus moet besef dat hierdie deelname noodwendig moet lei tot diens in die gemeente en in die wêreld. Die bevestiging in 'n besondere amp is dan die roeping deur die hele volk van God van diegene wat spesiaal geroep is om gelowiges toe te rus, te motiveer en te mobiliseer vir hulle onderskeie bedieninge en take.

In toepassing hiervan sê Van Engen (1991: 156 & 157): "In some ways ordination, then, will set aside those who will assist the members to confirm their calling as God's missionary people. This view of ordination challenges our thinking at several points:

1. The ordained person has no higher status, no more important role, no increased sanctity, no more power, than other members.
2. The ordainded person is intentionally and consciously assigned by the people to hold increased power, respect and prestige in order to enable and equip the congregation. This role is a gift from the people of God to the leaders for the sake of God's mission in the world.
3. The succes or failure of the ordained person's work and ministry will be judged only according to the degree to which the Church becomes the missionary people of God.
4. The ordained person is the servant of all. This is borne out in the injunction Jesus gives to his disciples. Though they have a special calling in the Church, nevertheless they must understand that 'the greatest among you should be like the youngest, and the one who rules like the one who serves' (Luke 22:26, NIV). Jesus confers on the discipels a kingdom, yet they will participate in that kingdom as foot-washing servants.

5. The ordained person is designated to exercise a very special prophetic, priestly, kingly, and healing ministry in the Church and through the Church in the world, in order to facilitate the exercise of the people's spiritual gifts in ministry.
6. The ordained servant is the one who constantly strives to bring Church and world into dynamic interrelation so that all the people of God may emerge in ministry.
7. Ordained persons are recognized because of their function in the body and through their unique calling as disciples of Jesus Christ."

Hy sê ook verder: "The ordained person, in this view, is not called to ministry any more than is anyone else; rather, the ordained person is designated to enable each member in ministry" (Van Engen 1991: 157). "Geen heerschappij van de ene ambtsdrager over de andere, al zijn er situasies waarin een ambtsdrager leiding geeft aan meerdere gemeenten te zamen, voorrang heeft echter alleen krachtens een bijzondere genadegave die aan een mens is meegedeeld" (Lekkerkerker 1971: 151). "We need to move from a self-absorbed to a self-emptying approach to ministry, which means setting aside considerations of status and professional expertise" (Gibbs en Coffey 2001: 105). Die selfledigende bediening van Christus moet hierin vir elke gelowige, ampsdraers ingesluit, die voorbeeld wees. Die selfgesentreerdheid van die sekulêre wêreld sal gelowiges al hoe meer weglei van gevestig wees in die lewende God. Om toe te gee aan hierdie verleiding deur die wêreld lei uiteindelik tot 'n magteloosheid van amp en gelowige in die teenwoordigheid van God (Gibbs en Coffey 2001: 105). Daar mag geen oorheersing van die besondere of die algemene amp oor die ander wees nie. Wat sentraal in beide moet wees is die selfledigende bediening van gelowiges aan God, aan mekaar en aan die wêreld. Die leiding van die besondere ampte mag nie in hierdie diens genegeer word nie. Leiers is nodig. Dit is nodig om aan die besondere ampte te dink as "leidinggewende dienaars." "Diens" beskryf 'n spesifieke styl en funksie van leierskap. "It is leadership alongside, rather that from above. Leadership is exercised for the benefit of the people we lead, not to enhance our own reputation or to help get our own job done more effectivey" (Gibbs en Coffey 2001: 107).

Die voetspoor van die besondere amp is met die oog op hierdie diens so 'n klein bietjie groter as wat die gemeente of gemeenskap van gelowiges is waarbinne die besondere ampsdraer werk. Die spoor wat die algemene amp laat moet egter uiteindelik, as gevolg van die besondere roeping van elke gelowige in die wêreld, so groot wees soos die hele wêreld self.

**Gevolgtrekking 5.5:**

Die besondere en algemene ampte is, sonder die oorheersing van die een oor die ander, in wisselwerking met mekaar sodat beide deur die beskikking van die Gees aangewend kan word in die uitbreiding van die koninkryk van God en die opbou van die liggaam van Christus.

## 5.5 Die Inhoud en Taak van die Amp van die Gelowige

In die lig van die verhouding tussen die besondere en algemene amp kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die roeping van diegene in die besondere ampte fokus op die kerk as God se volk in die wêreld terwyl die gelowige in die algemene amp meer fokus op die wêreld as koninkryk van God. “Ons onderskei dus tussen die kerk as instituut en die wyer veld van die Koninkryk van God. Binne die Koninkryk is die kerk as instituut een van die sentrale arbeidsvelde. Die gelowige se roeping in die samelewing mag nie net gemeentelik verstaan word nie, hoe sentraal die werksaamhede van die kerk in die christelike lewe ookal mag wees. Die Here moet in die VOLLE lewe gedien word: op alle lewensterreine moet Sy heerskappy in die christelike lewe tot sy reg kom” (Greyling 1984: 122). Die uitvoering van die pligte van die amp van die gelowige is die bediening of “ministry” waartoe die Here elkeen geroep het om deel te wees van die *Missio Dei*. Hierdie bediening geskied in die wêreld maar het sy wortels in die Christelike gemeenskap van gelowiges. In dié mate waarin elke gelowige verantwoordelikheid begin neem vir sy of haar eie roeping of bediening sal die gemeenskap van gelowiges ook groei tot ’n volwasse liggaam in Christus.

“An important step in building community is to encourage people to see how their Christian covenant is linked to their daily lives” (Page 1993: 19). Die verbintenis aan Christus en die geloofsgemeenskap moet ’n sigbare uitwerking hê in die gelowige se teenwoordigheid in die wêreld gedurende die week. Hierdie uitwerking moet radikaal sigbaar wees want “ministry is a new way of being, not just a way of doing. We do not choose to become ‘layministers’” (Page 1993: 20). Deur die verbintenis met die geloofsgemeenskap word elke gelowige ’n mede-dienaar van die evangelie. As bewys van hierdie stelling haal Page Kol 4:17 aan.

- **Kol 4:17**

Wanneer Paulus sy brief "aan almal in Kolosse wat aan God behoort" afsluit stuur hy 'n spesiale boodskap aan ene Argippus wat in Filem 2 "ons medestryder" genoem word. Dit blyk dat Argippus moontlik deel was van Filemon se huishouding. Van hom word verwag om aandag te gee aan "die taak" wat hy "in diens van die Here aanvaar het" sodat hy "dit kan voltooi." "Most commentators recognize the difficulty of determining precisely what Archippus' task was" (O'Brien 1982: 259). "The precise nature of the ministry with which he has been entrusted cannot be determined … Whatever it was, it had to be discharged in a spirit of Christian faithfulness" (Bruce 1984: 185 & 186). Die feit dat hierdie eis aan hom in die vergadering van die gemeente voorgelees is was bedoel om hom aan te moedig om getrou sy διακονιαν uit te voer. Page (1993: 20) dink dat hierdie διακονιαν dui op die algemene dienswerk van alle gelowiges en dat die aanmoediging van Paulus aan Argippus dus 'n oproep is op alle gelowiges om getrou aan hulle roeping tot dienswerk te bly. Ridderbos (1975: 445) voel egter dat teen die tyd van Paulus se skrywe aan die Kollosense die "dienste" ook alreeds meer gestabiliseerd is in vaste strukture en dat die diens van Argippus 'n meer geïnstitusionaliseerde diens moes wees. "To think here only of incidental and concrete service is not only an unnatural conception of the reality, but also in conflict with the Pauline usage, where 'ministry', even though it does not yet have the special significance of 'diaconate', can denote a definite, 'fixed' activity in the church that it is discharged by specific persons" (Ridderbos 1975: 445). Hy sluit dus nie die algemene diens van die gelowige uit nie maar voel dat Argippus se diens alreeds iets van 'n amptelike karakter moes dra. O'Brien (1982: 259) voel dat die διακονια waarvan daar in hierdie teks sprake is nie kan dui op die dienswerk van 'n diaken nie. "διακονια describes the discharge of service, not the exercise of the office of deacon" (O'Brien 1982: 259). "Die oproep tot die "getroue broers in Christus" (Kol 1:2) om Argippus aan te moedig om sy diens getrou te kan voltooi wil egter tog wel iets sê van die polariteit tussen die besondere amp en die werking van alle gelowiges in die gemeente en die feit dat fiet dat laasgenoemde aangewese is op eersgenoemde. Indien Argippus nie in 'n besondere amp gestaan het nie kan die oproep wat Paulus deur die brief en die gemeente op hom doen toegepas word op alle gelowiges wat nie in 'n besondere amp staan nie om getrou te bly in hulle διακονιαν. Indien Argippus wel in 'n besondere amp gestaan het is die opdrag van Paulus aan die gemeente, as gelowiges, om hom aan te spoor tot volvoering van sy taak dus ook 'n eie roeping en verantwoordelikheid van die lidmate van die gemeente om 'n rol te vervul in die toesig dat

> die “diens van die Here” “voltooi” kan word. Na watter kant toe die saak beskou word bly die gevolgtrekking dieselfde: Daar is ’n wisselwerking tussen die bediening van die ampte en die gemeente wat self in ’n algemene diens staan.

Die diens waarbinne die lidmaat staan word deur Page (1993: 20) baie omvattend beskryf. Sy sê: “Christians are engaged in ministry all over God’s world. This ministry takes place:

- wherever a Christian happens to be;
- whenever a Christian is called to minister;
- with whomever a Christian happens to meet;
- using whatever gifts a Christian has been given.

The range of possibilities for ministry is so extensive and open-ended that Christians need help in focusing on ways they can most effectively use their gifts of time, talent, energy, and situations in ministry” (Page 1993: 20). Die diens van die amp van die gelowige geskied dus enige plek, enige tyd deur enige iemand vir wie die Heilige Gees op daardie tyd en plek roep en gebruik.

Onder “bedieninge” verstaan Lekkerkerker (1971: 187) daardie dienste wat meehelp aan die uitvoering van die pligte van die ampte. Dit is dienste soos kategeet, evangelis of sendingwerker, jeugwerker en pastorale werker. In die kerk is die verskillende dienste of bedieninge teenoor die ampte gestel as sou eersgenoemde insidenteel, spontaan en gespesialiseerd wees. Die bedieninge is egter nie betrek in die regering van die kerk soos die ampte nie. Die ampte is meer permanent en institusioneel. Hierdie onderskeid het egter onhoudbaar geword omdat daar soveel oorvleuling bestaan tussen die dienswerk van die gelowiges en die werk van die ampte. Beide groepe het te make met die uitdra van die Woord van God en die bediening van die hoop wat daar is in Jesus Christus. Die antwoord op die vraag na die inhoud en taak van die amp van die gelowige word nie beantwoord deur ’n teenstelling te probeer maak tussen die amp en die amp van gelowige nie. So word die waarde van beide die amp en die bedieninge van gelowiges onderskat of selfs ondermyn. Wat moet gebeur is die ontdekking en mobilisering van die werksmag wat die lidmaat in die missionêre taak kan wees van die plaaslike gemeente. Dan “wordt wellicht onwedersprekelijk-waar dat gemeenteleden die herboren zijn tot hun werkelijke waardigheid en tot hun roeping in de kerk zowel as in de wereld, het machtigste potentieel vormen waaroor de kerk beschikt voor de tenuitvoerlegging van wat zij naar apostolaire aard en roeping heeft te zijn” (Kraemer 1960). “Die passiwiteit in die kerkinstituut kan alleen oorwin word deur die aktivering van die gelowiges sodat hulle in hul

drievoudige amp kan staan, oral in die beroepslewe, in die diens van die gemeentelike opbou en in … aksies van die kerkinstituut" (Greyling 1984: 135).

Dit is dus van belang dat die inhoud en taak van die amp van gelowige omskryf moet wees in terme van die koninkryk van God, die roeping van die plaaslike gemeente in die *Missio Dei* en die verantwoordelikheid van elke gelowige om hierby betrokke te wees. Die omskrywing van die taak van diegene in die algemene amp kan dus as volg daaruit sien:

> Die inhoud en taak van die amp van die gelowige rus daarop dat elke gelowige geroep is
> - om as 'n praktiese uitleef van sy of haar eie verlossing,
> - met die gawes wat die Heilige Gees aan hom of haar gegee het,
> - betrokke te wees by alle terreine van die lewe,
> - in die *Missio Dei*,
> - sodat die hoop en verlossing wat hy of sy reeds in Christus ontvang het, gedeel word met diegene met wie se lewe sy of haar lewe daagliks kruis.

Die waarde wat die toepassing van die inhoud en taak van die amp van die gelowige kan hê vir sending, die taak van die kerk en die koninkryk van God, is byna vanselfsprekend.

**Gevolgtrekking 5.6:**

Die inhoud en taak van die amp van die gelowige rus daarop dat elke gelowige geroep is om sy of haar eie verlossing prakties uit te leef met die gawes wat die Heilige Gees aan hom of haar gegee het. Die christen is geroep om in die *Missio Dei* betrokke te wees by alle terreine van die lewe sodat die hoop en verlossing wat hy of sy reeds in Christus ontvang het, gedeel word met diegene met wie se lewe sy of haar lewe daagliks kruis.

## 5.6 Die Missionêre waarde van die Amp van die Gelowige

Met die beter benutting van die amp van die gelowige word vanuit dit wat in die aanbiddingsgeleenthede van die gemeente gebeur, 'n liturgie van diens gevorm vir die weeks- en werksdag van die gelowige. "The church is thus both a worshipping and a witnessing community, gathered and scattered, called and sent. Worship and witness are inseperable" (Nichols 1989: 119). Deur die aanhoor van die Woord word die gelowige toegerus vir sy of

haar dienswerk buite die erediens. " … we would point to the 'everyday evangelism' that stems from the life of a witnessing and worshipping community. The regular life of a congregation through its services, organizations and pastoral care creates continuous possibilities for evangelism among the nominal Christians with whom it is in contact" (Betz 1980: 9). Hierdie "regular life" van die gemeente raak nie net die roeping tot *missio* van die ampte nie maar ook die amp van die gelowige. Vanuit die vocatio van die "roepstem van God in Christus" in die prediking, en ander toerustingsgeleenthede, "vloei die vocatio van die gemeente om as gemeenskap van heiliges" diens te lewer van liefde en getuienis. "Vanuit die gemeenskap met die lewende Heer vloei die gemeenskap met mekaar. Deel van hierdie leitourgia, wat deur die Woord georden is en waartoe die gemeente geaktiveer is, is die diens van die lidmate teenoor mekaar" (De Klerk 1971: 283). 'n Mens sou by die diens van lidmate teenoor mekaar kon byvoeg dat die gemeenskap met die lewende Here en met mekaar uiteindelik ook lei tot 'n betrokkenheid in die kerk se uitreik na die wêreld in 'n deelname aan die *Missio Dei*. "*Alle* leden van de ekklèsia hebben in beginsel dezelfde roeping, verantwoordelikhijd en waardigheid, hebben aandeel in de apostolische en dienende aard en roeping van de kerk" (Kraemer 1960: 153). "The church is God's instrument, chosen to demonstrate and declare to the whole world Jesus Christ, the Saviour and Lord" (Nichols 1989: 48). Die totale roeping van die kerk is dus die roeping van elke gelowige en dit is juis in die uitvoer van hierdie roeping waarin die amp van die gelowige 'n baie groot rol te vervul het. "The world clearly cannot be evangelized without using lay people, both women and men" (Nichols 1989: 49).

Die kerk moet, op grond van die *Missio Dei* in die wêreld betrokke wees met die oprig van tekens van hoop en verlossing. "En het is juist onder de gezichtshoek van de ontmoeting van de kerk met haar natuurlijke partner en tegenstander, de wereld, dat de ware onmisbare plaats en verantwoordlijkheid van de ‚leken' als deel der kerk zich dwingend voor ons plaats als een dikwijls vergeten maar vanzelfsprekend aspect van de kerk in haar totaliteit" (Kraemer 1960: 156). Om gelowiges toe te rus vir hulle taak in die wêreld is die roeping van die ampte. "This requires leaders to keep in touch with the situations in which people live and work, and to keep restructuring the church so that its fellowship and support are available at the point of need" (Gibbs en Coffey 2001: 89). Dit is deur die oë, ore, hande en voete van die amp van die gelowige dat die liggaam van Christus in die wêreld betrokke kan raak. "It is the lay people who are connected to the non-believer daily at work; who are fluent in the language of heart and mind; who are unintimidating as friends together at work; and who are the best evidence that Good News works for average people" (Nichols 1989: 49). Die gemeente se taak ten opsigte

van lidmate is om hulle op Sondag toe te rus vir hulle roeping en taak gedurende die week. Om diegene wat nie in ’n besondere amp staan nie, nie te betrek by die uitdra van die hoop wat daar is in Christus Jesus nie is “onbybels” en “diskreminerend”. “The church bureaucracy has successfully convinced its pew-sitters that their role in the kingdom is to pray, pay and obey – mostley pay” (Nichols 1989: 49). Om die waarde van die taak wat diegene wat nie in die besondere amp staan nie te illustreer, haal Nichols (1989: 50 – 51) die volgende beeld aan van Lee Yih wat gelewer is tydens die Manila vergadering van die Lausanne Committee for World Evangelization in 1989:

**“Frogs and Lizards”**

> *“An image which stuck in the minds of the congress was the division of Christians into frogs and lizards particularly on the way animals eat. Frogs sit and wait until their prey walks, flys or swims past – and then pounce. Everything comes to him who waits in the frog world.*
> *Lizards however would die, if they sat and waited. They go out and search for food.*
> *This is how the church goes about its business. Vocational workers normally have their work brought to them. If they are going to preach the gospel a church or hall is booked in which they stand to speak. Other people drag in the populace. Bring their ministry to them.*
> *The lizards, the lay people, go out to their daily occupations, they meet the general public in the form of their neighbours, friends and workmates, fellow club members in the normal course of their lives.*
> *The frogs are too often isolated from real people. Indeed real people are often frightened of them, and avoid them. And in case of particularly big frogs they hide away in hotel rooms to avoid contact much of the time.*
> *Whereas the lizard is unthreatening, and always there, ready to take the opportunity to talk about Christ when offered. That is real full time Christian service.”*

Die omgekeerde is ook waar. Soos wat die die amp van die gelowige die liggaam van Christus in die wêreld kan verteenwoordig, so kan dit ook weer die wêreld in die liggaam verteenwoordig. “The prophetic task of the church is to speak the word of God, using understandable language and appropriate means, in a world of rebellion and confusion. It cannot take refuge either in castles of dogmatic assertions or in museums of fossilized ecclesiastical structures and liturgical antiquities” (Gibbs en Coffey 2001: 216). Die gelowige, deur sy elke dag se kontak met die wêreld, kan die kerk help met die herinterpretasie van die evangelieboodskap in ’n taal van hoop en verlossing wat vir die wêreld verstaanbaar en toeganklik is. Die gelowige is dus ook die oë, ore, hande en voete van die wêreld in die kerk. Die waarde van die priesterlike taak van die gelowige, as bemiddelaar tussen kerk en wêreld is dus vir beide die kerk en die wêreld onskatbaar hoog. “Such decentralization not only releases more potential, but it allows for a

quicker response because it does not first require committees to deliberate and then look for volunteers" (Gibbs en Coffey 2001: 226). Die bediening geskied dus enige plek, enige tyd deur enige gelowige, geroep deur die Gees. Gibbs en Coffey (2001: 228) sê verder: "In a complex world of rapid and discontinuous change, it is the people on the frontlines who are most acutely and promptly aware of the nature of the changes taking place around them." Die eerste waarde van die amp van die gelowige lê dus in die vermoeë van die gelowige om as individu die wêreld met die evangelie te kan binnedring. "Individual church members are likely to have good contacts with nominals" (Betz 1980: 8).

Die betrokkenheid van die amp van die gelowige in die plaaslike gemeente moet noodwendig egter lei tot 'n tweede winspunt naamlik: 'n nuwe vibrasie van lewe regdeur die hele liggaam van Christus. "We believe that the local church bears a primary responsibility for the spread of the gospel. Scripture suggests this progression that 'our gosple came to you' and then 'rang out from you' (1 Thess. 1:5, 8)" (Nichols 1989: 119). As verskillende lede van dieselfde liggaam, betrokke by mekaar in verskillende dienste, beteken hierdie betrokkenheid noodwending verhoogde vlakke van verbintenis en verantwoordelikheid ten opsigte van die roeping van die gemeente in die *Missio Dei*. Gelowiges wat ontdek dat hulle van die Heilige Gees elkeen gawes en opdragte ontvang het en dit hartlik begin uitleef maak 'n groter impak op die werkvermoeë van die liggaam en verhoog die betrokkenheid van die gemeente in geheel in die oprig van tekens van hoop. Die kerk sal dus met groter vymoedigheid die wêreld kan innooi in sy aanbiddingsgeleenthede terwyl hy ook gelowiges uitstuur na die wêreld. "It will not suffice simply to invite the seeker to come to us to hear the gospel on our turf. Instead, the church will have to be the church in the world – gathering for worship in order to go out in mission. Its programmes must be geared to equip and support the people of God in the strategic locations where the Lord has already placed them to serve as his representatives" (Gibbs en Coffey 2001: 228).

"Lay witness takes place, by women and men, not only through the local church, but through friendships, in the home and at work" (Nichols 1989: 118). Die klem op die priesterskap van alle gelowiges moet vorder tot die bediening deur alle gelowiges. Gelowiges moet betrokke raak by die roeping van die gemeente deur "interresante bedieningsmodi vir die amp van die gelowige" vervat in begrippe soos "friendship-evangelism", "home evangelisim", "workplace evangelism" en "leisure evangelism" (Smit, JH Des 1989: 88). Die kerngesin kan dus deel wees van die nie-amptelike taak van "sending". Een of twee lede van die gesin mag wel

ampsdraers in die gemeente wees, en tog kan die hele gesin in die amp van die gelowige 'n groot bydrae lewer in die oordra van die goeie nuus van die verlossing in Christus. "We recognise the powerfull witness of Christian family life. Christians need to see the great value of this ministry of hospitality" (Betz 1980: 9). Alle gelowiges – mans, vroue en jongmense – moet betrek word in die uitreik na die wêreld. In die nuwe lewe van die gelowige moet hy of sy ontdek dat die lewe nie in kompartemente verdeel is en dat die kerk en geloof slegs maar een deel van die lewe is nie. Gelowiges wat herontdek dat die evangelie, holisties, die hele lewe opeis, by die kerksentrum en ook buite die geloofsgemeenskap, leef met 'n nuwe ywer om die boodskap van hoop wat hulleself in die evangelie gevind het met die wêreld te deel, ver buite die grense van die gemeente. Hierdie nuwe ywer bring nuwe ywer in hulle wyse van aanbidding, bestudering van die Bybel en betrokkenheid in die geloofsgemeenskap.

Tydens die Lausanne II kongres in Manila in 1989 het die Lausanne Committee for World Evangelization 'n manifes goedgekeur waarin daar ten opsigte van die amp van gelowige as volg bely word:

> "12. We affirm that God has committed to the whole church and every member of it the task of making Christ known throughout the world; we long to see all lay and ordained persons mobilized and trained for this task.
>
> "14. We affirm that the gifts of the Spirit are distributed to all God's people, women and men, and that their partnership in evangelization must be welcomed for the common good" (Nichols 1989: 111).

Die "common good" gaan om meer as net die wêreld wat die boodskap van God se liefde hoor. Dit gaan oor die groei en volwassenheid van die geloofsgemeenskap self. Die waarde van die amp van die gelowige lê dus in meer as net die werkmag wat gelowiges buite die kerk kan wees. Dit benutting van die amp van die gelowige is ook die lewensaar en voedingsbron van die nuwe lewe in 'n gekontekstualiseerde boodskap binne die gemeente. "In order to release its people for their God-assigned tasks, the large, succesful church must be prepared to dismantle a great number of its centralized meetings and activities that depend upon proffessional clergy aided by an army of volunteers" (Gibbs en Coffey 2001: 32). Die skep van ruimtes vir die uitleef van gelowiges van hulle roeping bring nuwe lewe in die geloofsgemeenskap.

**Gevolgtrekking 5.7:**

Die eerste waarde van die amp van die gelowige lê in die vermoeë van die gelowige om as individu die wêreld met die evangelie te kan binnedring en die tweede winspunt is dat die uitleef van die algemene amp deur die hele kerk nuwe lewe bring in die plaaslike gemeente.

### 5.7 ’n Toevoeging tot die definisie van “sending”

Soos vantevore omskryf is “sending” daardie multi-dimensionele aktiwiteite waarmee die hele kerk, op grond van die Missio Dei, die wêreld so bedien dat God se eskatologiese hoop en verlossing in Jesus Christus alleen, vandag reeds realiseer vir diegene wat onder die gevolge van sonde ly.

Daar moet nog bygevoeg word dat die multidimenionele aktiwiteite van die kerk nie net die optrede van die ampte omskryf nie maar ook die werk van alle gelowiges omvat. Die uitgebreide definisie van “sending” lyk dus as volg:

> “Sending” is daardie multi-dimensionele aktiwiteite **van alle gelowiges** waarmee die hele kerk, op grond van die Missio Dei, die wêreld so bedien dat God se eskatologiese hoop en verlossing in Jesus Christus alleen, vandag reeds realiseer vir diegene wat onder die gevolge van sonde ly.

### 5.8 Samevatting:

Daar is ’n sterk wisselwerking tussen die amp en die gemeenskap van gelowiges wat, indien dit verbreek word, sou lei tot ’n verskraling van beide en sou dit beteken dat die plaaslike gemeente nie aan sy doel en funksie beantwoord nie. Alhoewel die term “amp van die gelowige” nie in die Drie Formuliere van Eenheid gevind word nie is die saak wel aanwesig en word die amptelike taak wat op elke gelowige rus verbind aan die ampswerk van Jesus Christus. Alhoewel die term “amp van die gelowige” nie in die Bybel gebruik word nie en alhoewel die gevaar bestaan dat dit verkeerd gebruik of verstaan kan word, is daar genoeg ondersteuning ten gunste van die term. Wanneer dit wel gebruik word moet die Bybelse inhoud daarvan omskryf word. Die Bybel getuig in sake die Amp van die Gelowige:

- Dat God in Ou Testamentiese tye al alle lede van sy volk geroep het om ’n bemiddelingsrol te speel tussen Hom en die wêreld  (Eks 19:5 – 6);
- Dat God sy Gees gee aan alle gelowiges  (1 Joh 2:20 en 27);
- Dat die Gees van God van die kerk ’n koninklike priesterdom maak met die roeping van elke gelowige om die hoop in Christus in die wêreld te bemiddel  (1 Pet 2:9);
- Dat in die bemiddeling van hoop die woorde en dade van gelowiges nie van mekaar geskei kan word nie  (1 Pet 3:15);
- Dat elke gelowige die roeping het om sy of haar besondere gawes van die Gees te gebruik tot diens in die *Missio Dei*  (1 Pet 4:10);
- Dat geen gelowige oorgeslaan is met die uitdeel van die Gees of die gawes nie en dat elkeen sy of haar gawes onder die leiding van die Gees moet benut in die opbou en funksionering van die plaaslike gemeente (Rom 12:6 – 8;  1 Kor 12:7 en 25);
- Dat die besondere ampte die algemene amp moet toerus vir die diens wat elke gelowige moet verrig in die uitdra van die evangelie en die opbou van die kerk  (Ef 4:12).

Die besondere en algemene ampte is, sonder die oorheersing van die een oor die ander, in wisselwerking met mekaar sodat beide deur die beskikking van die Gees aangewend kan word in die uitbreiding van die koninkryk van God en die opbou van die liggaam van Christus.  Die inhoud en taak van die amp van die gelowige rus daarop dat elke gelowige geroep is om sy of haar eie verlossing prakties uit te leef met die gawes wat die Heilige Gees aan hom of haar gegee het.  Die christen is geroep om in die *Missio Dei* betrokke te wees by alle terreine van die lewe sodat die hoop en verlossing wat hy of sy reeds in Christus ontvang het, gedeel word met diegene met wie se lewe sy of haar lewe daagliks kruis.  Die eerste waarde van die amp van die gelowige lê in die vermoeë van die gelowige om as individu die wêreld met die evangelie te kan binnedring en die tweede winspunt is dat die uitleef van die algemene amp deur die hele kerk nuwe lewe bring in die plaaslike gemeente.

# *Hoofstuk 6*

## *Die Benutting van Algemene Wetenskappe in Missiologie*

**Abstract: The Utilization of General Science in Missiology**

In the interaction between theology and general science the *bona fides* of both are sometimes being doubted. This is one of the reasons why the results of the one is not always useful in the practice of the other. "Science" is:

- The **Systematic gathering of knowledge** about a clearly defined object by a subject who uses fixed methods with clear objectives;
- The **object** forms a part of the perceivable creation of God, visible and invisible, and is researched in connection with other objects that also forms part of creation;
- The **subject** practice science from an own philosophy of life and other predetermined presuppositions;
- The **methods** for the practice of science must be verifiable and is not done in isolation from other disciplines of science;

The methods utilized by theology is mainly critical, systematic reflection on a chosen object. This is done in such a way that he reflection is afterwards verifiable. The theologian may study and utilize the results of general sciences to determine the impact that these results have or may have on theology, faith and faithful responses of believers. This may be done in the belief that both theology and other sciences forms part of the creation of God and in the knowledge that both are gifts from the only source of knowledge, the Holy Spirit. Theologian and general scientist is effected by the Fall and therefore no scientific result may be elevated above the revelation of God in his Word. The utilization of general sciences is a means used by die missiologist for contextualizing the message of the Bible and to converse with the world, bringing a message of hope. This message of hope is about God the creator of heaven and earth, Who still cares and keeps the world. Missiology is the scientific reflection on all aspects of the church's commission and the execution thereof. Missiology spans the reflection on missions from the pre-scientific presuppositions to the ultimate challenges in the praxis of mission work. Missiology researches the context within which theology is practised and is of help in contextualizing the results of theology. In researching the context of the church and with the aim of contextualizing theology the missiologist makes use of non-theological or general sciences. The missiologist is in constant conversation with the world in which the message of hope is delivered. The use of general sciences is both missions and the contextualization of the message of hope.

### 6.1 Inleiding:

Alle gelowiges is geroep tot die vervulling van 'n spesifieke taak of opdrag waarvoor God hom of haar geroep het en waarvoor hy of sy reeds besondere gawes ontvang het. Elke gelowige is geroep om in hierdie algemene amp te staan. Die term "amp" is daarom nie net beperk tot sekere posisies of leierskappe nie en in die term "amp" setel daar geen status of gesag nie. Die term beskryf slegs 'n diens wat gelewer moet word. Die diens wat God deur mense in die wêreld wil

verrig is divers en kan nie onder een noemmer alleen gedek word nie. Daar is in die verskillende dienste en gawes wel ’n onderskeid van ampte alhoewel hierdie onderskeid nie ’n skeiding in gesag of stand is nie. In die diversivisering van die dienste wat God deur gelowiges verrig mag daar nie sprake wees van ’n demokratisering van die dienste en ampte in die kerk nie. Elke gelowige is geroep tot diens maar gelowiges se dienste verskil van mekaar. Indien daar deur die kerk, al is dit net op ’n informele wyse, ’n onderskeid gemaak is in die gesag en status van die besondere ampte teenoor die algemene amp, word die saak nie beredder deur die afskaling van die verskeidenheid van ampsdiens tot slegs een amp, naamlik die algemene amp, nie. Die ontknoping van die probleem rondom die moontlike passiwiteit van die een amp en die gevaar van oorheersing deur die ander sal eerder lê in die erkenning dat beide die besondere en die algemene amp ’n spesifieke roeping en taak het om op ’n eie besondere wyse te dien. Die onderskeid in die gesag van die verskillende dienste is een wat deur God self gegee is vir ’n spesifieke rede of doelwit. Fowler (1991: 13) sê dat hierdie onderskeid bestaan sodat die besondere ampte die algemene amp kan “bemagtig” om gelowiges in staat te stel om hulle besondere dienswerk te kan verrig. “The authority and power of an office, so far as it is an authority and power over people, is to be used only to *empower these people*, enabling them to serve well in their offices. The use of the authority and power of an office in ways that *disables* others in the exercise of their offices is an abuse of authority and power” (Fowler 1991: 13).

Die antwoord op die groter betrokkenheid van lidmate by die kerk se rol in die *Missio Dei* is dat die ampte, as gawes van God aan die gemeente, die lidmate moet bemagtig vir hulle taak in die missie van God in die verloregaande wêreld. Die doel van die bemagtiging van lidmate deur die ampte kan uiteindelik nie meer wees as die hoogste doel van alles wat in die kerk gebeur nie, naamlik die eer van God. Wanneer Karl Barth oor ’n ander aktwiteit van die kerk, naamlik teologie, skryf (Barth 1963: 17), sê hy dat teologie nie ’n kreatiewe daad is waarin daar iets nuuts geskep word nie. Mensewerk is, in reaksie, slegs ’n antwoord van lof op die handewerk van die Skepper. Wat Barth van die teologie as ’n wetenskaplike dissipline sê kan gesê word van alle aktiwiteite van die kerk en van gelowiges. Teologie “is authorized, empowered, and impelled to such praise of its creator” (Barth 1963: 17). Die doel van die bemagtiging van die teoloog om sy teologiese arbeid te kan verrig is om God te eer. Hierby kan gevoeg word dat die werk van die ampte en die taak van die lidmaat in algemene diens eweneens alleen gerig kan wees op die lof van die Skepper. Hiervoor het God die ampte as geskenke aan die gemeente gegee met die gesag en vermoeëns wat nodig is om die gemeente te begelei en in staat te stel om hulle dienswerk te kan verrig (Ef 4:12).

Die vraag wat egter gevra kan word is of die term “bemagtiging”, met die grondwoord “mag” daarin, wel ’n term is wat in die kerk benut kan word.  Om hierdie vraag te kan beantwoord is dit noodsaaklik om die betekenis en herkoms van die woord vas te stel en te bepaal wat die inhoud van die woord is.  Indien daar in die algemene gebruik van die woord “bemagtiging” ’n gevaar van misverstand is as gevolg van die inhoude wat oor die loop van tyd deur verskillende dissiplines aan die term gekoppel is, moet dit duidelik aangedui word.  Om die moontlike inhoud van die term “bemagtiging” te bepaal sal die gebruik van die term in die algemene wetenskappe en onderskeie vakdissiplines ondersoek moet word.  Uiteindelik sal daar tot ’n definisie gekom moet word van wat “bemagtiging” is en hoe dit in ’n kerklike konteks toegepas kan word.

**Gevolgtrekking 6.1:**

Alhoewel die term “bemagtiging” al hoe meer benut word om die taak van die ampte ten opsigte van die amp van gelowige mee te omskryf is dit nie ’n woord wat sonder misverstand gebruik kan word nie en daarom moet die term goed omskryf word voordat dit in die kerk gebruik word of selfs heeltemal vervang moet word met ander terminologie.

### 6.2 Die Betekenis van die Term “Bemagtiging”

Die klassieke betekenis van die oorganklike werkwoord “bemagtig” of “empower” word gevind in die Concise Oxford Dictionary (1976) en dit is:  “authorize, license; give power to, make able”.  “Empower” is ’n samestelling van die woord “power” met die voorvoegsel “em-”. Laasgenoemde is ’n verbuiging van “en-” wat as voorvoegsel van die woord waaraan dit gevoeg word ’n werkwoord maak.  Dit gee aan die selfstandige naamwoord waaraan dit gevoeg word óf die betekenis van “put into or on” soos in die woorde “enamour”, “engulf” en “entrust” óf die betekenis van “bring into a condition of” soos in “enslave”.

Die werkwoord “empower” is vir die eerste keer teen die helfte van die sewentiende eeu in ’n manuskrip gebruik deur Hamon L’Estrange in sy boek “The reign of King Charles”.  “This first usage was synonymous with the idea of authorizing or licensing:  ‘Letters from the Pope,’ wrote L’Estrange ‘empowering them to erect this college’”  (Lincoln, Travers, Ackers en Wilkinson 2002:  272).  ’n Afleiding van die woord, naamlik “empowerment”, is twee honderd jaar later in 1849, vir die eerste keer in hierdie vorm gebruik.  In 1667 gebruik Milton in sy bekende

"Paradise Lost" die woord "bemagtig" egter meer in die sin van afstand doen of die gee van gesag vir 'n spesifieke rede of doelwit.

Dit is moontlik dat "bemagtiging" in verskillende dissiplines verskillende betekenisnuanses mag hê. Om hierdie moontlikheid te ondersoek moet daar deur 'n studie van die benutting van die algemene wetenskappe se gebruik van die term gesoek word na 'n algemeen aanvaarde definisie of inhoud vir die term "bemagtiging". Hierdie algemene definisie moet vir die kerk bruikbaar wees in sy benutting ten opsigte van die amp van die gelowige. Die vraag ontstaan nou of die teologie die algemene wetenskappe op so 'n wyse mag benut.

### 6.3 Die moontlike wisselwerking tussen die teologie en algemene wetenskappe

Albert Einstein (1950: 24) het gesê, "Science is the century-old endeavor to bring together by means of systematic thought the perceptible phenomena of this world into as thoroughgoing an association as possible. To put it boldly, it is the attempt at posterior reconstruction of existence by the process of conceptualization". Natuurwetenskappe kan egter net dit wat is ("what is") beskryf en kan nie die deur open na wat moet wees ("what should be") nie. Wetenskap het dus grense aangesien dit nie self waardes en norme kan toeken nie. Die suiwerste wetenskap sou egter die beoefenaar daarvan daartoe lei om sy wetenskaplike vermoëns aan te wend "in the service of all mankind". 'n Godsdienstige persoon het daarom nie twyfel oor supra persoonlike objekte en doelwitte wat geen rasionele begronding benodig of kan hê nie. Hy of sy hoef dit slegs te glo. "In this sense religion is the old-age endeavor of mankind to become clearly and completely concious of these values and goals and constantly to strengthen and extend their effect" (Einstein 1950: 25). Vir Einstein kan daar slegs konflik wees tussen wetenskap en godsdiens wanneer enige van die twee op die terreine van die ander oortree. So 'n oortreding gebeur volgens hom wanneer gelowiges absolute waarhede vanuit hulle geloof bely of wanneer wetenskaplikes op grond van wetenskaplike metodologie waardes en norme fundamenteel beoordeel. Die wetenskap het godsdiens as waghond oor waardes en norme nodig en godsdiens het die wetenskap se ondersoeke en navorsing nodig. "Science without religion is lame, religion without science is blind" (Einstein 1950: 26). "The limits of scientific rationality therefore indeed seem to point beyond that rationality to a deeper religious mystery. It is exactly the epistemic limitations of natural scientific reflection, as well as the limitations of theological reflection, which should find practical acknowledgement in our ongoing interdisciplinary conversation" (Van Huyssteen 1998: 77).

’n Wisselwerking tussen wetenskap wat ondersoek instel na die bewysbare natuurlike gebeure in die werklikheid, en ’n religie, wat glo in ’n persoonlike God wat teen die natuurlike werking kan ingryp en bewysbare, verwagte reaksies anders kan laat gebeur as wat wetenskaplik is, is volgens Einstein se konstruksie egter nie moontlik nie. Geloof in ’n persoonlike God, “interfering with natural events could never be *refuted,* in the real sense, by science, for this doctrine can always take refuge in those domains in which scientific knowledge has not yet been able to set foot” (Einstein 1950: 28). Geloof in ’n onsigbare persoonlike God is volgens Einstein, natuurwetenskaplik gesproke, ’n doktrine, nie van die helder lig van ware wetenskap nie, maar eerder van die duisterhede van persoonlike geloof en sal daarom sy effek op die mensdom later verloor. Die enigste hoop vir godsdiens is dat dit, in samewerking met die wetenskap, saam sal soek na die “Good, the True, and the Beautiful in humanity itself”. “In this sense I believe that the priest must become a teacher if he wishes to do justice to his lofty educational mission” (Einstein 1950: 30).

Gelowiges kan dit hieroor nie met Eistein en ander natuurwetenskaplikes eens wees nie. Suiwere natuurwetenskappe kan nie sonder die Bybel lei tot ’n beter insig in wat God se wil vir die mens is nie en kan dus nie die goeie, ware en skone aard van die mensdom blootlê nie. “Scientific laws, therefore, do not determine, nor do they reveal God’s intentions for human beings. In order to know what God wants for us as human beings, we must find a different way of structuring and organizing our knowledge of reality: and this redescription is the task of theology” (Van Huyssteen 1998: 76). “There is, within man’s experience, a kerugmatic moment, where God proclaims freedom in Christ. This knowledge of faith is more than the sum total of man’s experience. This knowledge, culminating in the witness that God is Lord, becomes part of the epistemology of practical theology in general” (Janse van Renburg 2000: 91). Die werk wat deur teologie gedoen word, word nooit buite die bestek van God se openbaring van Homself in die Bybel gedoen nie.

Vir teologie om waarlik ’n wetenskap te wees is dit daarom nie soseer noodsaaklik dat dit deur ander wetenskappe as sulks aanvaar moet word nie maar is dit eerder nodig om, van binne, self vas te stel wat sy doel, waarde en terrein is en om binne hierdie vasgestelde parameters op ’n verantwoordbare wyse om te gaan met die onderwerp van studie, met ’n wetenskaplike metodologie en die hantering van resultate. Indien teologie as wetenskap in sy wetenskapsbeoefening die resultate van algemene wetenskappe in sy navorsing wil gebruik moet daar eers besin word oor die vraag na wat wetenskap is, of teologie kwalifiseer as wetenskap en

dan kan gevra word na wat die wisselwerking tussen teologie en wetenskap is en die bruikbaarheid van algemene wetenskappe in teologiese navorsing. Die plek en rol van “sending” in teologie as wetenskap en die wetenskaplike ondersoek na “sending” moet hierna omskryf word en indien hierdie omskrywing nuwe kennis meebring van wat “sending” is sal daar weer gekyk word na die definisie van wat “sending” is. Daar kan hierna na algemene wetenskappe se definisies vir bemagtiging gekyk word om so vas te stel of daar vanuit hierdie gebruike ’n definisie gevind kan word vir die benutting van die amp van die gelowige binne die gedefiniëerde missionêre konteks.

**Gevolgtrekking 6.2:**

In die gesprek tussen teologie en die algemene wetenskappe word die *bona fides* van beide wedersyds soms in twyfel getrek en daarom is die resultate van die een nie sondermeer bruikbaar in die beoefening van die ander nie.

## 6.4 Wat “Wetenskap” is:

In navolging van Einstein kan daar gesê word dat wetenskap ’n poging is om deur sistematiese denke waarneembare verskynsels met mekaar so in verband te bring dat dit die syn of wese van bestaan van die ondersoekte fenomeen en die effek daarvan op ander verskynsels omskryf.

Heyns en Jonker (1974: 20) onderskei twee betekenisse vir die woord “wetenskap”: Die eerste is “die handeling waarin die kennis versamel word” en die tweede beskrywing van “wetenskap” is dat dit die resultaat is van die handeling van die versameling van kennis. Laasgenoemde betekenis van die woord “wetenskap” is die algemene sin waarin die term gebruik word. Kennis word deur ondersoeke en navorsing verwerf, verwerk en gesistematiseer. “Verbande word gelê en gegewens word met mekaar vergelyk. Definisies word opgestel en indelinge gemaak” (Heyns en Jonker 1974: 25).

In wetenskapvorming speel die **verifieerbaarheid** van die ondersoek deur ander navorsers ’n baie belangrike rol. Heyns en Jonker (1974: 28) definieër dus “wetenskap” as ’n “gesistematiseerde en geverifieerde kennis van die werklikheid.” Dus: “Science works upwards from phenomena to a rational system of relations, explanations and predictions, and ends again

in testing these by experiments made in the world of phenomena from which it started" (Hooykaas 1972: 29).

Uit die voorafgaande kan (verkeerdelik) afgelei word dat "wetenskap" slegs kan handel oor fisiese werklikhede en wetmatighede. Die wortels van die gedagte dat wetenskap eksklusief werk met die feitelikhede van data vanuit die fisiese ervaringswêreld lê in die Griekse onderskeid tussen die fisiese en metafisiese. "Wetenskap", in hierdie konteks, kan slegs fokus op eersgenoemde (Duvenhage 1983: 2). Die ondersoek van die fisiese maak egter slegs 'n deel uit van wat "wetenskap" is. "In die historiese ontwikkelingsgang van die wetenskap staan drie temas sentraal, naamlik: die soeke na waarheid, die soeke na orde en die soeke na struktuur" (Botha 1987: 6). Filosofiese, of nie-fisiese, vraagstukke oorheers die eerste twee temas terwyl die laaste, met inbegrip van die tweede, die sentrale taak van "natuur-wetenskap" is. 'n Skeiding tussen die tasbare en nie-tasbare ondersoekvelde vir "wetenskap" is onhoudbaar. So 'n verdeling lei tot 'n dualistiese siening van die werklikheid wat daartoe lei dat die mens se innerlike belewenis van die werklikheid nie die objek van wetenskaplike studie kan wees nie. Wanneer dit gaan om "feite" is dit 'n terrein waarby "wetenskap" betrokke is. Indien dit egter handel om "waardes" val dit buite die veld van die wetenskap (Duvenhage 1983: 2). Op grond van hierdie indeling word 'n vak soos fisika 'n modelvorm van "wetenskap" omdat dit rus op sintuiglike waarnemings gegrond op eksperimentele metodes. Dit word aangeprys as die enigste wyse waarop ware kennis verkry kan word. 'n Baie hoë premie word langs hierdie weg geplaas op die teoretiese prosesering van data deur die menslike rede (Duvenhage 1983: 3).

"It was Rene Descartes who formulated philosophically for western man the view of man consisting of a mind and a body which are essentially separate entities" (Kriel 1988: 5). Descarte, met sy stelling *cogito, ergo sum*, begin die beskrywing van wat werklikheid is by die werklikheid van die ondersoeker en sy eie denke. " … all genuine and certain knowledge begin with your own awereness of your own reality" (Heron 1980: 11). Descartes beskou hierdie waarheid as die eerste beginsel van sy filosofiese nadenke. Vanuit hierdie beginsel word die res van die werklikheid beskrywe.

"… as I observed that this truth, *I think, hence I am*, was so certain and of such evidence, that no ground of doubt, however extravagant, could be alleged by the sceptics capable of shaking it, I concluded that I might, without scruple, accept it as the first principle of the philosophy of which I was in search. In the next place I tentatively examined what I was, and as I observed that I

could suppose that I had no body, and that there was no world nor any place in which I might be; but that I therefore suppose that I was not; and that, on the contrary, from the very circustance that I thought to doubt of the truth of other things, it most clearly and certainly followed that I was; while, on the other hand, if I had only ceased to think, although all the other objects which I had ever imagined had been in reality existent, I would have no reason to believe that I existed; I Hence concluded that I was a substance whose whole essence or nature consists only in thinking, and which, that it may exist, has need of no place, nor is dependent on any material thing; so that 'I', that is to say, the mind by which I am what I am, is wholly distinct from the body, and is even more easily known than the latter, and is such, that although the latter were not, it would still continue to be all that it is" (Descartes: Discourse on Method, Part IV: 27).

Descartes stel dus voor dat vanuit die vasgestelde eie realiteit die navorser die meganisme van die bestaande wêreld rondom hom of haar kan begin ondersoek. Die twee bly egter verskillende entiteite – rede en meganiese of fisiese wêreld. Die skepping is vir Descartes soos 'n masjien wat verstaan kan word in terme van sy verskillende funksies. Niks van hierdie werklikheid is bo ondersoek en navorsing verhewe nie (Kriel 1988: 5). Die gevolg van die verfyning van Descartes se beginsel van betwyfeling is dat die vermoeëns van die menslike rede verhef is bo alle ander vermoeëns. "Naturally, many scholars moved beyond Descarte's position, but without altering it fundamentally. What happened, rather, was that the principle of doubt and the tenet of the supremacy of reason were increasingly refined as they were restated" (Bosch 1991: 350). Uit hierdie denke is gebore die Rasionalisme en die Logiese Positiwisme.

Descarte se denke lei volgens Heron (1980:198 –201) die eerste van die drie **fases van ontwikkeling van die wetenskap** in. In die **eerste** fase lê die klem op die gedagtes van Descarte wat die natuurlike wêreld as 'n meganisme omskryf het wat werk volgens vasgestelde "wette" wat bestudeer, omskryf en georden kan word. Die grootste eksponent van hierdie era in die wetenskap was sir Isaac Newton wat geglo het dat die natuurwette deur God ingestel is en dat 'n ondersoek van die wette van die natuur niks anders is nie as 'n nadenke oor die wyse waarop God gedink het. Die **tweede** fase wat Heron onderskei in die ontwikkeling van wetenskap is die fase van Positiwisme. Positiwisme het die gedagte verwerp dat wetenskap 'n greep sou kon kry op verborge werklikhede of universieël rasionele waarhede oor die bestuur van die natuurlike orde. "Instead, it held that all science really knows and can really deal with are the phenomena of our own experience, the measurable and quantifiable data resulting from scientific experiment" (Heron 1980: 199). Positiwisme se vader, die Fransman Auguste Comte, het in

die wetenskap nie ruimte gelaat vir enige ander aktiwiteite as slegs die fisiese waarneming van gebeure nie (Janse van Rensburg 2000: 3). Die **derde** fase vir die wetenskap is ingelei deur die verskyning van Charles Darwin se book *The Origin of Species* in 1895. Sy teorie van "natuurlike" seleksie dui vir die eerste keer 'n aanvaarbare verduideliking aan vir die idee van evolusie. "The heart of the matter lay in the way in which Darwin's theory combined the elements of *law* and of *accident* or of *randomness*" (Heron 1980: 201). Na Darwin was die biologiese wêreld nie meer te sien in voorspelbare wetmatighede soos in die tyd van Newton nie.

Die Kwantum Teorie het, net soos wat Darwin die biologiese omgekeer het, die wêreld van die fisika omgekeer. Hierdie teorie het, soos die teorieë van Darwin, wetenskaplikes tot die besef gebring dat daar, selfs in fisika, nie immer geldende wetmatighede is nie, maar dat alles afhang van die regte toestande in die regte samestelling van die regte parameters. "Chance and randomness are inbuilt factors in the very structure of the physical universe; science itself has driven us to see this, and in the process has revealed the inevitable limitations imposed upon its own attempts to understand and explain reality; scientific theories are simply constructs of the human mind in its attempts to impose intelligibility and order upon the chaos of experience, and cast only a fitful and ambiguous light upon the true nature of things; and man himself is the product of an unthinkably lengthy series of accidental occurences, and is therefore a stranger in a cosmos which is ultimately without sense or meaning" (Heron 1980: 203).

Die **doel vir die beoefening van wetenskap** word uiteindelik in 'n baie groot mate deur die lewens- en wêreldbeskouinge van die wetenskaplike self bepaal. "Hierdie waardebepaaldheid van die lewens- en wêreldbeskoulike denke het sy invloed op die wetenskap, en ook dit mag die navorser wat krities en toetsend, vraend en antwoordend sy weg in die sistematiese opbou van die wetenskap gaan, nie oor die hoof sien nie" (Heyns en Jonker 1974: 94). "In other words, we bring to our experience a model of the world that shapes our observations of the world. Furthermore, there is no decisive test that can show one world view model to be a better, or more adequate, model than another" (Fowler 1991: 49). Vir die christen wetenskaplike bring hierdie uitgangspunt egter twee uitdagings. Eerstens beperk dit die getuienis wat die Christen kan lewer in die wêreld van die wetenskap aangesien die Christelike standpunt maar net nog een naas vele ander is. Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing word geïsoleer sonder om die boodskap van hoop in die wetenskap te kan laat hoor. In die tweede plek lokaliseer die standpunt dat elke wêreldbeskouing naas ander kan bestaan die gesag van ware wetenskap in die mens se eie konstruksie van hoe die wêreld is of behoort te wees. Dit negeer die gesag van die openbaring

van wat God se wil is vir die mens en die wêreld waarin hy leef. "Nevertheless, this emphasis on the role of world views in knowledge does incorporate an important insight. A world view is simply the network of beliefs we have about the nature of the world" (Fowler 1991: 49). Uit die onderskeie losstaande lewens- en wêreldbeskouinge ontwikkel daar egter tans ’n groter begrip vir ’n holisme in die wetenskap. "A new vision is emerging, and it affects *all* the sciences, both human and natural. Habermas contends that, in addition to the Enlightenment's 'instrumental' reason, we should create room for what he calls 'communicative' reason. And Kuhn argues that scientific knowledge is not the outcome of objective, 'instrumental' or 'mechanistic' research but the product of historical circumstances and of intersubjective communication" (Bosch 1991: 351). Daarmee is die weg geopen vir ’n wisselwerking tussen verskillende wetenskappe.

In die **wisselwerking tussen wetenskappe** moet daar respek wees vir die gedagte dat wetenskap "afgerond" is en dat die een wetenskap nie die ander nodig het om as wetenskap te bestaan nie (Heyns en Jonker 1974: 59). Die holistiese siening van wetenskap wil daarheen wys dat daar in die verskillende dissiplines van wetenskappe nie van kompartemente sprake behoort te wees nie. Wetenskappe is nie soos kluisenaars van mekaar afgesonder nie maar bestaan in ’n eenheid met mekaar. Wetenskap is verplig tot ’n holistiese wese aangesien "die besondere aspekte wat elke wetenskap ondersoek, nie selfstandig bestaan nie, maar almal saam deel uitmaak van die één kosmiese werklikheid" (Heyns en Jonker 1974: 59). Daar is geen absolute isolasie tussen die onderskeie dissiplines van wetenskap nie aangesien elkeen van die vakke deel uitmaak van die een geskape wêreld wat nie verdeel word in twee of meer terreine of verdiepings nie. Die gedagte dat die wetenskap besig is met die sigbare wêreld en werklikheid en dat teologie en geloof alleen besig is met onsigbare fassette van die mens se bestaan moet afgekeur word. "As it is the religious heart that drives the whole of human life, so religious questions cannot be isolated in a religious category of knowledge. Religious questions, questions about the order and meaning of life, are implicit in all knowledge. Scientific knowledge is not an exeption" (Fowler 1991: 34). ’n Onderskeid tussen natuur en genade ontken die taak en roeping van die amp van die gelowige in die wêreld. Hierdie roeping kan nie uitgeleef word in ’n onderskeid tussen twee terreine nie aangesien dit die geloof van die agent vir verandering in die samelewing beperk tot ’n irrelevante ritueel wat in die ruimte van "genade" op Sondae alleen waarde het (Gibbs en Coffey 2001: 89). Teologie en wetenskapsteorië kan egter nie gewoon as eenheid aangebied word nie. Die probleem hiermee is dat ’n wetenskap soos fisika nie kan ontwikkel as dit teologies verantwoordbaar moet wees nie. Daar is in elke dissipline van wetenskap ’n religieuse

dimensie aangesien dit deel uitmaak van die roeping van die mens om as God se verteenwoordiger die aarde te "bewoon" en te "bewerk" (Gen 1:28) maar elke dissipline van wetenskap het nie 'n intensie om religieus besig te wees nie. Daar is wel 'n duidelike onderskeid tussen teologie en die algemene wetenskappe en die twee is nie te vermeng nie. Die wisselwerking tussen teologie en wetenskappe maak deel uit van een van die multi dimensies waarmee die kerk, op grond van die *Missio Dei*, 'n boodskap van hoop kan bring in 'n wêreld wat, ook in sy wetenskap, onder die gevolge van sonde ly. Teologie is 'n selfstandige wetenskap te sien. "Teologie is die wetenskaplike en die deur die tyd bepaalde antwoord op die openbaring van God aangaande Homself en sy direkte verhouding met die kosmos" (Heyns en Jonker 1974: 137). Teologie beskik oor eiesoortige metodes, bied kennis wat verifieerbaar is en gaan, soos alle ander wetenskappe, uit van talle vooronderstellinge. "Ever since the fading of its illusory splendor as a leading academic power during the Middle Ages, theology has taken too many pains to justify its own existence. It has tried too hard, especially in the nineteenth century, to secure for itself at least a small but honorable place in the throne room of general science. This attempt at self-justification has been no help to its own work. The fact is that it has made theology, to a great extent, hesitant and halfhearted; moreover, this uncertainty has earned theolgy no more respect for its achievements than a very modest tip of the hat" (Barth 1963, 1963: 15).

"It is important now to note that each scientist's small field of investigation in his research, or the theme of a lecture, cohere organically with a larger context, and should only be understood within the framework of this context" (Duvenhage 1983: 17). Die verskillende vlakke of kontekste waarbinne die navorser werk is in eerste instansie die "mikrovlak" wat die klein geselekteerde ondersoekgebied is waarmee die navorser werk. Die volgende, "mesovlak", word bepaal deur die raamwerke wat die vakfilosofiese perspektiewe gee op die nagevorsde veld. Wanneer die studie kontekstueel beskou word vanuit 'n "makrovlak" word die navorsing geplaas binne die filosofiese samelewingsbeskouing, die werklikheidsbeskouing en ook die voor-wetenskaplike werklikheidsbeskouing (Duvenhage 1983: 21). "These three levels are linked in a spiral fashion. This has the implication then that the scientist is not regarded as moving outside his field of investigation when he keeps account of larger contexts and frameworks" (Duvenhage 1983: 22).

In konklusie kan daar tot die volgende gevolgtrekking gekom word in sake "wetenskap":

**Gevolgtrekking 6.3:**

"Wetenskap" is:

- Die **Sistematiese versameling van kennis** van 'n gedefiniëerde objek deur 'n subjek wat vasgestelde metodes daarvoor gebruik, met bepaalde doelstellings;
- Die **objek** maak deel uit van die hele waarneembare skepping van God, sigbaar en onsigbaar, en word ondersoek in verband met ander objekte wat deel uitmaak van die geskape werklikheid;
- Die **subjek** beoefen wetenskap vanuit 'n eie lewens- en wêreldbeskouing en ander vooraf definiëerbare voorveronderstellings;
- Die **metodes** vir die beoefening van wetenskap moet verifieerbaar wees en word nie beoefen in afsondering van ander dissiplines van wetenskap nie;

## 6.5 Die Metodes van Teologie

Teologie moet, na aanleiding van die definisie vir "wetenskap", in sy metodes gesistematiseerd op 'n verifieerbare wyse geskied. Teologie dink meer krities na oor geloof en geloofsdade van gelowiges as wat die voor-wetenskaplike omgang met die objek van teologie dit sou doen. Geloof maak nie net deel uit van die objek van teologie nie maar is tegelykertyd die voorveronderstelling daarvan. Die objek van teologie as wetenskap is die geloof in die God van die Bybel, die inhoud van die geloof, die geloofshandelinge van gelowiges en die wyse van oordrag van hierdie geloof. Die Bybel en die vasstelling van 'n betroudare teks daarvan maak deel uit van die objek van teologie. Kritiese nadenke word beskikbaar gestel aan ander teoloë wat hierdie gedagtes opnuut krities deurdink en langs hierdie weg verifieer. Kritiese nadenke word gesistematiseer sodat die gedagtes oor die objek van die teologie geordend is. Omdat dit in teologie gaan om die geloof en geloofshandelinge van sondige mense is teologiese nadenke en metodes altyd beperk. "Elke menslike woord, begrip en metode is as sodanig vir die verstaan van die werklikheid van God inadekwaat" (Heyns en Jonker 1974: 147). Teologie is daarom altyd in beweging en op soek na wyses om dit wat vir menslike vermoëns onbevatlik is en vir menslike woorde onuitspreekbaar is, beter te begryp en te omskryf. Teologie geskied binne 'n eie tydsbepaalde konteks, daarom is dit gebonde aan sy tyd en vermoeëns. Die mens se teologiese nadenke is altyd kultuurhistories gebonde en die boodskap van God se openbaring

word telkens vir elke historiese tydperk opnuut ondersoek en geïnterpreteer (Heyns en Jonker 1974: 149).

Die sentrale rol van die Woord in teologie word alreeds geïmpliseer in die benaming van die wetenskap as *logia* of taal en woorde oor *theos*. "The inescapable meaning of logos is 'word' … The Word is not the only necessary determination of the place of theology, but it is undoubtedly the first" (Barth 1963: 16). Teologie is insigself ook 'n "woord" maar dan in die sin van 'n "ant-woord" op die Woord van God. "Theology stands and falls with the Word of God, for the Word precedes all theological words by creating, arousing, and challenging them" (Barth 1963: 17). Indien teologie nie die element behou dat dit 'n antwoord op die inisiërende Woord van God is nie is teologiese nadenke inhoudloos en leeg. Hóé daar geantwoord word op die Woord van God wissel van persoon tot persoon. In sy bespreking van die benutting van die Bybel in die beofening van die missiologie as wetenskap beskryf Van Engen (1996 35 – 43) 'n aantal hermeneutiese metodes waarop daar met die Bybel omgegaan word:

Die **eerste**, wat hy afkeur, is die sogenaamde "van Bo" standpunt in die hermeneutiek. Hiervolgens is die korrekte interpretasie van die Bybel afhanklik van die kerk se amptelike begrip, uitleg en verkondiging daarvan. Die Skrif word dan 'n "van Bo" gegewe reël- of wetboek wat deur alle gelowiges slegs nagevolg moet word. "The basic problem … is that the Scriptures themselves are not allowed to interact with the present context … we reduce the impact that Scripture can have in transforming the way we understand, exercise and evaluate our missional action" (Van Engen 1996: 37) of ander teologiese werskaamhede.

'n **Tweede** hermeneutiese sleutel wat, moontlik in reaksie op die eerste, sy ontstaan het vanuit die feit dat die kerk meer relevant wou wees in die tyd na die Tweede Wêreld Oorlog, verskuif die klem na allerlei dade van geloofsgehoorsaamheid. "The starting point is not the Bible, but rather particular contextual agendas. Once these agendas have been determined, exemplary cases and useful proof-texts are sought in the Bible to illustrate and validate the predetermined course of action" (Van Engen 1996: 38). Alhoewel die kontekstuele aard van hierdie wyse van verstaan van die Skrif 'n verbetering is op die vorige, verloor die Skrif sy normatiwiteit en staan die mens so sentraal dat die teologie nie meer 'n respons is op die Woord van God nie maar

eerder ’n antwoord op die noodroep van medemense. Die Bybel is slegs noodsaaklik as regverdiging van sekere geloofsaktiwiteite.

’n **Derde** sleutel steun baie swaar op die Rasionalisme se “redelike suspisie”. Die “stappe” van hierdie proses behels in die eerste plek ’n “ideological suspicion” ten opsigte van die konteks van die teoloog. Hierdie idiologiese onderbou word dan in die tweede plek aangewend om die Bybel en die teologie te ontsluit. In die derde plek lei dit dan tot “exegetical suspicion” wat ’n nuwe verstaan van die Skrif teweeg bring wat in die vierde plek lei tot ’n nuwe uitleg binne die konteks van die teoloog. In hierdie nuwe konteks begin die proses dan weer by stap een. Alhoewel hierdie wyse van benadering tot die bestudering van die Bybel baie kreatief is, verskraal dit die begrip van God se Woord tot ’n begrip van sosio-ekonomiese en politieke agendas. “This in turn shrinks the basis on which the Bible is being read. The method would look different if the analysis of reality were itself governed by biblical perspectives” (Van Engen 1996: 39).

Die **Vierde** wyse waarop die Bybel teologies benader kan word is die sogenaamde Kritiese Hermeneutiek deur middel van paradigmas, waarvan David Bosch ’n voorstander is. Hy benut veral die missionêre fokus van die Bybelse teks as sy sleutel-paradigma. Met hierdie metode moet die navorser of Bybelleser die selfdefinisies van die Bybelse teks en die huidige konteks by mekaar uitbring. Die verstaan van die Skrif geskied dan in ’n interaksie tussen die selfdefinisies van die vroeë outeurs van die teks en die selfdefinisies van die gelowiges van vandag. “This in turn would move us to reread the biblical text, incorporating the newer sociological analysis of the Bible in its various contexts, then going beyond to a series of self-definitions of mission for today’s context” (Van Engen 1996:40). Die verskillende missionêre paradigmas in die Nuwe Testament en die self-definisies van vandag, wat soms in spanning met mekaar is, kan in samehang met mekaar nuwe alternatiewe daarstel vir ’n begrip van die roeping van die kerk se sendingtaak in die wêreld. Hierdie model blyk volgens Van Engen ’n onvolledige een te wees en tog ’n model wat die vorige voorstelle tot ’n kontekstuele hermeneutiek inkorporeer en verbeter.

Van Engen stel daarom self ’n **vyfde** teologiese benadering tot die benutting van die Bybel as bron in die teologie as wetenskap en spesifiek die Missiologie, voor. “One way to build on

Bosch’s hermeneutical method is to approach Scripture from the perspective of a number of themes and subthemes (or motifs) of God’s action in the world” (Van Engen 1996: 40). Die Bybel is soos ’n tapeserie met ineengeweefde temas en motiewe in die historiese kontekste waarin elke teks sy ontstaan het en gelees word. Langs hierdie weg kan die “van Bo”-aard van die Woord en die “van onder” konteks waarin dit telkens gelees word in interaksie met mekaar lei tot ’n begrip van die Woord. Die temas is van bo en van onder. “Van bo” dui op die ingrype van God in die geskiedenis en “van onder” wys daarop dat hierdie ingrype in die geskiedenis van die wêreld geskied en afspeel in die konteks van die lewens van mense (Van Engen 1996: 41). Langs hierdie weg word daar van die eksegeet verwag om die uniekheid van die konteks van elke gedeelte van die Skrif te vereken in sy of haar eie kontekstuele studie van die Bybel. Die eenheid te midde van die verskeidenheid word so bevestig. Hierdie standpunt sluit baie nou aan by dit wat reeds gesê is oor die Bybel as objek van studie vir die teologie. Die konteks van die ontstaan van die Bybel asook die konteks van die teoloog moet beide verreken wees wanneer die Bybel gebruik word as bron vir teologie.

Van Engen se “tapeserie benadering” laat vir die hermeneutiek die ruimte om te ontdek of daar aan alles wat in die Bybel staan noodwendig dieselfde waarde toegeken moet word. In die hermeneuse van die Skrif word daar gesoek na die sentrale waarheid in die Skrif. Daar is ’n skopus of konsentrasie in die Skrif wat soos ’n goue draad deur die hele tapeserie van God se openbaring loop. “Hoe die sentrale boodskap van die Skrif ookal geformuleer word, *dat* daar ’n konsentrasie in die Skrif aanwesig is staan vas, en aan hierdie feit sal wel deeglik in die teologie aandag gegee moet word” (Heyns en Jonker 1974: 171). In die soeke na die skopus van die Skrif moet daar egter gewaak word teen die twee uiterstes van objektivisme (wat fokus op God alleen) en subjektivisme (wat alles laat draai om die mens alleen). Sentrale gedagtes moet sentraal staan in teologie en sake wat vir die Skrif op die periferie is moet daar sy plek vind in teologiese nadenke. Daar moet deurentyd met groot piëteit met die Skrif omgegaan word want: “Wie die Bybel tot kenbron vir sy wetenskaplike bemoeienis maak, hanteer die genadegeskenk van God aan sy kerk” (Du Toit 1986: 393). Sonder dat dit ’n wetenskaphandboek is het die Bybel ’n unieke bydrae te lewer tot die wetenskap. Die hantering van die Bybel as bron in wetenskap en teologie moet beide die konteks waarbinne dit geskryf is en die konteks waarbinne dit gelees word deeglik verreken.

Teologie is die kontekstualisering van God se openbaring van Homself. Teologiese navorsing is daarom nie herhaalbaar nie maar elke keer nuut. In die verifieerbaarheid van die teologie gaan dit nie oor die herhaalbaarheid van navorsing wat gedoen is nie maar speel ander vrae ’n groter rol. “The question of validity must be transformed into one of *trust*, and the matter of reliability must be seen as one of *truth*” (Van Engen 1996: 30).

Ten opsigte van die vertroue in die metodes vir teologie speel die volgende vrae ’n belangrike rol (Van Engen 1996: 30):

- Het die navorser oor die onderwerp van studie die regte skrywers en bronne geraadpleeg?;
- Het die navorser wyd genoeg oor die onderwerp nagelees en al die perspektiewe oor die onderwerp in sy of haar studie geïnkorporeer?;
- Is ander standpunte korrek hanteer in die studie?
- Het die navorser die materiaal wat benut is begryp en korrek geïnterpreteer? en
- Is daar nie weersprekings in die aanhalings van ander skrywers of die benutting van hulle standpunte in die onderneemde studie nie?

Wanneer die waarheid van ’n studie getoets word, word die volgende vrae gevra (Van Engen 1996: 30):

- Is daar genoegsame Bybelse gronde gegee vir die standpunte van die studie?;
- Is daar toepaslike kontinuïteit in die navorser se stellings en die historiese nadenke van teoloë oor die toepaslike objek?;
- Het die navorsing enige kontradiksies met vorige standpunte wat deur die studie ontstaan het deeglik gekwalifiseer en is enige nuwe standpunte van ’n deeglike basis voorsien?; en

- Hoe maak hierdie nuwe bevindinge ’n impak op teologie of, meer spesifiek, op die missiologie en die begrip van die *Missio Dei* binne die spesifieke konteks waarin die studie onderneem is?

Indien die teoloog in sy of haar navorsing aan hierdie vrae deeglike en weldeurdagte antwoorde gegee het, is die studie metodologies verifieerbaar.

**Gevolgtrekking 6.4:**

Die metodes van teologie is hoofsaaklik die kritiese nadenke en sistematisering van nadenke oor die objek van studie op so ’n wyse dat dit verifieerbaar is.

## 6.6 Die wisselwerking tussen Teologie en Algemene wetenskappe

Tussen die twee standpunte dat teologie en die algemene wetenskappe óf heeltemal van mekaar verwyderd gehou moet word óf met mekaar in ’n eenheidsgesprek moet wees, lê vir baie die goue middeweg (Heron 1980: 197; Heyns en Jonker 1974: 73, Duvenhage 1983: 26; Van Huysteen 1998: 55). “Only a theology that takes contemporary science completely seriously will have the ability to develop this kind of complementary view between theology and science” (Van Huyssteen 1998: 160). Dit kan nie betwyfel word nie dat die wêreld van natuurwettenskappe nuwe vergesigte vir die teologie ontsluit het nie. Dit kan ook nie anders nie. Die geloof wat deur teologie ondersoek word is in ’n God wat die hemel en die aarde geskep het en die algemene wetenskappe het juis hierdie geskape werklikheid as onderwerp van studie. Die algemene wetenskappe kan nie uit teologiese nadenke geweer word nie, “nor can the impact of science and technology on the shape of modern life be treated as if it were without theological significance – at any rate, not without a disasterous narrowing of theological vision” (Heron 1980: 197). Enige onderskeid wat daar tussen die verskillende wetenskappe is, maak deel uit van verskillende differensiasies binne ’n komplekse eenheid.

In ’n wisselwerking tussen teologie en nie-teologiese wetenskappe is die vraag, volgens Heron (1980: 198), nie of teologie en wetenskap in gesprek moet wees met mekaar nie maar liewer waarom dit so wyd aanvaar sou word dat die twee nie met mekaar in gesprek kan of behoort te wees nie. Die antwoord mag lê in die feit dat die algemene wetenskappe ’n baie hoë premie plaas op bewysbaarhede en die menslike rede – twee aspekte wat in die teologie nie die hoogste prioriteit kan hê nie as gevolg van die feit dat teologie “geloof” as onderwerp van studie het en hierdie “geloof” het juis te make met dinge wat nie altyd met die rede tas- of bewysbaar gemaak kan word nie (Vgl Heb 11:1).

“Science, it is said, is concerned only with the mathematical processing and logical organisation of phenomena and facts. To be scientific is to exclude all questions of ultimate meaning” (Fowler 1991: 35). Daar is egter tog duidelike raakvlakke tussen teologie en algemene wetenskap want “… the nature of human rationality – in the most general sense of the word – consists of certain epistemic values, of which coping with our world intelligibly is possibly the most important. This reveals a close connection between intelligibility (our attempts to understand at the deepest possible level) as the epistemic goal of both theology and science, and human intelligence” (Van Huyssteen 1998: 139).

Vanuit ’n teologiese hoek gesien mag een van die redes vir die spanning tussen teologie en die algemene wetenskappe gevind word in die feit dat beide teologie en wetenskap deur sondige mense beoefen word maar dat die beoefenaars van laasgenoemde nie noodwendig, soos in die teologie, aan die Drie-enige God die plek gee wat Hom toekom nie. Alle wetenskaplikes is sondaar mense met beperkte insigte en vermoëns wat deur sonde nog meer ingeperk is. Hierdie spanning hoef egter nie te bestaan nie aangesien beide teologie en algemene wetenskap deel uitmaak van die skepping van God. Wetenskapshandelinge van alle dissiplines maak opsigself deel uit van die skepping en het die uiteindelike doel om te begryp. “The question of the relation between science and the ultimate source of meaning is internal to science, in the sense that it is not imposed on science from outside, by theology or philosophy or any other discipline . It is implicit in the practice of any scientific discipline” (Fowler 1991: 35). Die vraag na die sin van alles wat bestaan kan egter nie deur die wetenskap beantwoord word nie aangesien wetenskap deel uitmaak van dit wat bestudeer word. Fowler, ’n voorstander daarvan dat teologie en wetenskap van mekaar duidelik geskei word, moet egter toegee: “It is imposible to

practise science without implicit answers to fundamental religious questions. To pursue the practice of a science without critical examination of these questions, and the answers to them implicit in scientific practice, can only result in an uncritical dogmatism in science that violates the very spirit of scientific enquiry" (Fowler 1991: 36). Dieselfde kan van teologie as wetenskap verwag word, naamlik dat, soos die algemene wetenskappe die religieuse nie kan negeer in sy praktyke nie, net so kan die teologie nie die bevindinge en navorsing van hierdie wetenskappe negeer nie. Van Huyssteen neem in hierdie noodsaaklike wisselwerking tussen teologie en algemene wetenskappe die kosmologie as voorbeeld wanneer hy sê: "Because theology and cosmology often ask the same ultimate questions concerning the origin, history and the future of our universe and of our own place in this ongoing cosmic event, science can and should directly influence theology, and this influence happens when the results of scientific investigation or the methodologies of science directly impact on methodology. The natural sciences directly impact on theology through new images, perspectives, symbols and stories. These images, perspectives and new myths can either enhance and purify religion when properly relativized and integrated, or they can destort and even destroy it when they are not acknowledged and properly engaged by religion in its dialogue with science and scientific culture" (Van Huyssteen 1998: 55). Die bevindinge van die algemene wetenskap is nie sito-sito na die teologie oordraagbaar nie. Dit moet behoorlik deurdink ("relativized and integrated") word, voordat dit in die teologie waardeer kan word.

In die wisselwerking tussen teologie en algemene wetenskap is daar daarom gevare en probleme vir die wetenskaplike en hiervan moet daar behoorlik kennis geneem word. Vir die teologie is die Bybel die primêre bron van navorsing. Elke woord wat die mens hierop sê is gewoon net 'n ant-woord op God se Woord. "Die teologie moet die spreke en handelinge van die lewende God in teoretiese begrippe sistematies weergee" (Heyns en Jonker 1974: 76) sonder toevoegings of spekulasie en sonder weglatings of reduksie. Die Bybel kan egter nie vir die teoloog die enigste bron van kennis wees nie. Dit sou die werk en leiding van die Heilige Gees buite die Bybel ontken. Die Bybel kan daarom nie'n handboek wees vir die wetenskap nie aangesien waarhede en beginsels vir die wetenskap nie nét in die Bybel alleen gevind word nie. Standpunte wat die Bybel isoleer van waarhede met 'n buite-Bybelse oorsprong lei uiteindelik tot 'n onaanvaarbare biblisisme. "Teologies is biblisisme die erkenning van die Heilige Skrif alleen as bron van kennis, dit wil sê die ontkenning van die Heilige Gees buite die Skrif om" (Heyns en Jonker 1974: 77).

In die soeke na 'n gesonde wisselwerking tussen teologie en algemene wetenskappe moet kennis geneem word van Johannes Calvyn se standpunt omtrent die twee-terreine-leer. Hy het klem gelê, nie net op die geestelike nie, maar op die feit dat God oor sy ganse skepping soewerein is. "Die gevolg hiervan is dat die Calvinisme die kerstening van die ganse lewe eis. Die ganse wêreld is Gods wêreld, het deur Hom ontstaan en bestaan ook tot Hom. Maar die ganse wêreld gaan ook onder die sonde gebukkend, daarom moet die ganse wêreld gered word en staan die redding van die individuele mens nie in die sentrum nie. Elke lewensuiting: kerk, staat, maatskappy, wetenskap, kuns, word gesien as in konstante relasie met God" (Heyns en Jonker 1974: 90). Dit lei Calvyn daartoe om te erken dat, alhoewel die mens in sonde geval het en sy verstand, wat met "uitnemende gawes van God beklee en getooi is", daardeur geskend is, nie alles van hierdie in sonde gevalle verstand sleg is nie. "As ons die Gees van God as die enigste bron van die waarheid beskou, sal ons die waarheid self nie verwerp of verag nie – waar dit ook al te voorskyn kom -, behalwe as ons die Gees van God wil krenk" (Calvyn 1991: 387). Calvyn (Inst 2.2.15) noem dan as voorbeelde in die wetenskap waarin daar ook iets van die openbaring van die waarheid van die Heilige Gees te vinde is die werk van regsgeleerdes, filosowe, redenaars, boefenaars van die "mediese kuns" en wiskundige uitvinders. Hy herinner lesers daaraan dat sulke wetenskaplike arbeid "uitnemende seëninge van die Gees van God is wat Hy tot algemene voordeel van die hele mensdom uitdeel aan wie Hy wil" (Calvyn 1991: 389) en verwys na Besaleël en Oholiab (Eks 31) wat van die Heilige Gees die "kennis en wetenskap wat vir die vervaardiging van die tabernakel nodig was" ontvang het. Hierby voeg hy: "Maar as dit die Here se wil was dat ons bygestaan moet word deur die werk en dienste van goddelose mense in die natuurwetenskappe, dialektiek, die wiskundige kunste en ander van dieselfde aard, dan moet ons daarvan gebruikmaak om nie met reg vir onverskilligheid gestraf te word as ons die gawes van God, wat bowendien spontaan in sulke mense vir ons aangebied word, sou versmaai nie (Calvyn 1991: 349). Al hierdie kennis is egter verganklik aangesien hierdie natuurlike gawes deur die sondeval bedorwe is. Dit is dus vir die christen wetenskaplike nodig om sy vak met die geloof in die Drie-enige God te benader. Die deur is hiermee wyd oopgelaat vir gelowiges om op die terrein van die algemene wetenskap die roeping in die algemene ampuit te leef. "The Christian form of science is the result of the knowing and intellectual activity of the Christian scholar who, in homage to his faith in the Trinitarian God and his Word, directs his efforts towards a spesific field of study with the aid of suitable methods of study (this field then being a sub-division of created reality) with a view to arriving at a complete, welfounded, systematic and reliable unit of knowledge which describes the field of

study in the context of the whole of created reality, which explains it and which indicates to what extent it is of service in the framework of stewardship of creation" (Duvenhage 1983: 26). Deur die amp van gelowige het christene op alle terreine van die lewe 'n roeping om hulle verhouding met God prakties uit te leef. Die terrein van algemene wetenskap is nie uitgesluit as ruimte waar gelowiges sout en lig vir die wêrel moet wees nie. Die teoloog kan op sy of haar beurt, op dieselfde wyse as die gelowige wetenskaplike, die bevindinge van die algemene wetenskappe en die impak of die moontlike impak daarvan op die teologie, geloof en geloofshandelinge van gelowiges bestudeer. Die teoloog kan hierdie impak beskryf, terwyl hy of sy in ag neem dat bevindinge van die algemene wetenskappe nie gelykstaande is aan die geopenbaarde Woord van God nie. Die Bybel is die sentrale bron van teologiese navorsing en indien daar 'n interaksie tussen teologie en ander wetenskappe is moet hierdie interaksie altyd weer die toets van die teologiese tradisie kan deurstaan. Daar moet verder in gedagte gehou word dat waarhede vanuit natuurwetenskappe, wat welliswaar gawes van die Gees is, nie deur die sondeval onaangeraak is nie.

'n Wisselwerking tussen teologie en wetenskap is moontlik aangesien beide deel uitmaak van 'n studie van die geskape werklikheid. Beide se taak word egter, bo en behalwe grense wat elke wetenskap of dissipline aan homself stel, begrens deur die sondeval. Hierdie erkenning hou in dat die teologie nie beskou kan word as 'n wetenskap bo ander wat uitsprake en oordele fel wat buite sy veld van kennis en fokus val nie. In die benutting van kennis wat opgedoen is deur ander wetenskappe sal teologie deurentyd moet fokus op die Bybel as sy hoogste bron van kennis. Deur eksegese en uitleg van die Bybel binne die tyd en kultuurhistoriese konteks van die teoloog mag kennis van die algemene wetenskappe die teoloog van onskatbare hulp wees in die bestudering van God se openbaring van Homself in sy Woord en skepping. Teologie en algemene wetenskap is nie in kompetisie of vyandskap met mekaar nie. Indien 'n middeweg gevind kan word in hierdie verhouding kan die positiewe standpunt van Bosch gedeel word as hy sê "many of the old battles between science and religion have become pointless and that religion can indeed look forward to playing a more vital role in society than was possible when the Enlightenment paradigm still reigned supreme, one has to recognize that tensions will remain and that religion's role in the future will be a diffuse one" (Bosch 1991: 354). Die rol van teologie in wetenskap sal nie groot belydenisse van absolute waarhede kan wees nie maar sal eerder 'n nederige getuienis moet wees van die uiteindelike oorsaak agter alles wat deur die wetenskap ondersoek word, naamlik die Drie-enige God alleen.

Wat Pieterse (2001: 9) in sake praktiese teologie sê raak daarom uiteindelik teologie in al sy vakdissiplines. “Die praktiese teologie het dus as studieveld die oordrag van die geloof, die mediale (bemiddelende) handelinge, of anders gesê, die kommunikasie van die geloof in hierdie mediale handelinge.” Dit mag wees dat elke dissipline in teologie nie die “mediale handelinge” van geloof ondersoek nie maar uiteindelik wil teologie die gevolgtrekkings waartoe dit kom, tot die eer van God, aan die wêreld meedeel. “Theology, however, is not in itself proclamation of the message, but reflection on that message and on its proclamation” (Bosch 1991: 498). “As theologians we should be able to enter this pluralist, cross-disciplinary conversation with our religious convictions intact and at the same time be theoretically empowered to step beyond the limitations and boundaries of our own religious and disciplinary contexts” (Van Huyssteen 1998: 164). Langs hierdie sogenaamde “epistemological option for theological reflection” word die wetenskaplike werk van die teoloog in sy bestaanswêreld gekontekstualiseer. In die kontekstualisering van die teologie moet die waarskuwing van Janse van Rensburg (2000: 94) in gedagte gehou word dat daar nie ’n oordrewe klem gelê moet word op empiriese en fenomenologiese navorsing nie aangesien hierdie navorsing nie die waarde en inherente werk van geloof, verlossing en die Heilige Gees kan bereken nie.

Indien die definisie vir “sending” waartoe daar reeds gekom is in gedagte gehou word, naamlik dat “sending” daardie multi-dimensionele aktiwiteite is waarmee die hele kerk, op grond van die *Missio Dei*, die wêreld so bedien dat God se eskatologiese hoop en verlossing in Jesus Christus alleen, vandag reeds realiseer vir diegene wat onder die gevolge van sonde ly, kan die wisselwerking tussen teologie as wetenskap en die algemene wetenskappe ook missionêr wees. In ’n wêreld van rede en wetenskap kan teologie, sonder om homself te verhef as enigste waarheid, so in gesprek met wetenskappe wees – wat die skepping van die God van die Bybel bestudeer – dat hierdie wisselwerking nuwe hoop kan bring in die navorsing van algemene wetenskappe. In die bring van hoop aan die hele wêreld behoort die kerk wetenskaplik om te gaan met die ondersoek van die konteks waarin die kerk hom bevind. Die ondersoek na wat “sending” is moet wetenskaplik die missionêre konteks van die kerk ondersoek. Vir teologie is dit onmisbaar aangesien die missionêre konteks waarbinne die kerk is, teologie help in die kontekstualisering van resultate.

**Gevolgtrekking 6.5:**

Die teoloog kan die resultate van die natuur- of algemene wetenskappe bestudeer en benut om te bepaal watter impak dit het of kan hê op die teologie, geloof en geloofshandelinge van gelowiges aangesien beide teologie en algemene wetenskappe deel uitmaak van die skepping van God en beide ’n gawe is van die enigste bron van kennis, naamlik die Heilige Gees. Die teoloog mag wetenskaplike resultate nie bo die openbaring van God in sy Woord verhef nie aangesien beide teoloog en algemene wetenskaplike aan die sondeval onderworpe is. Die benutting van algemene wetenskappe is ’n wyse waarop die missioloog die boodskap van die Bybel kan kontekstualiseer in sy eie tyd en ’n manier om in gesprek met die wêreld ’n boodskap van hoop te kan bring. Die boodskap van hoop handel oor God wat die hemel en aarde geskep het en steeds versorg en in stand hou.

## 6.7 Die plek en rol van Sendingwetenskap in die Teologie

### 6.7.1 “Sending” as onmisbare deel van Teologie

Oor die plek van sendingwetenskap in teologie voor die sestigs van die vorige eeu sê Bosch (1991: 492), “But since the church was not understood as being ‘missionary by its very nature’, mission and, by implication, missiology, remained an expendable extra.” Dit het natuurlik nie ontbreek aan teologiese insigte ten opsigte van die missionêre taak van die kerk nie. Daar is egter nie sistematies nagedink oor hierdie kernaspek van kerkwees nie. In teologiese werke voor die sestigs is “die algemene indruk” “dié van haas om by die praktyk van die sending uit te kom – die teologiese besinning vind ‘op pad’ plaas soos die vrae uit die praktyk opduik” (Smit Sept 1989: 551). Na die sestigs het die besef dat die kerk in al sy aktiwiteite missionêr is, gelei tot die besef dat alle teologie in ’n missionêre konteks beoefen word. In die sestigers het Gerald Anderson onskatbare werk verrig in die herdefiniëring van wat die taak of plek van sendingwetenskap in die teologie is. Hy het die taak van die teologie van sending beskryf as “the basic presuppositions and principles which determine, from the standpoint of Christian faith, the motives, message, methods, strategy and goals of the Christian world mission … . The source of mission is the triune God who is himself a missionary … .” Hy voeg hierby: “In this

'post-Constantinian' age of church history, mission is no longer understood as outreach beyond Christendom, but rather as 'the common witness of the whole church, bringing the whole gospel to the whole world'" (Van Engen 1996: 18). Die definieëring van die wetenskaplike waarde van missiologie moet meewerk tot 'n nuwe besef vir die teologie dat dit vir die hele kerk van lewensbelangrike waarde is dat teologie in kontak moet wees met sending en die sendingtaak van die kerk in die hele wêreld in elke konteks. "We are in need of a missiological agenda for theology rather than just a theological agenda for mission; for theology, rightly understood, has no reason to exist other than critically to accompany the *Missio Dei*" (Bosch 1991: 494).

Van Engen (1996: 98) definiëer as volg: "The mission theologian does biblical and systematic theology differently from the biblical scholar or dogmatician in that the mission theologian is in search for the 'habitus', the way of perceiving, the intelectual understanding coupled with spiritual insight and wisdom, which leads to seeing the signs of the presence of the movement of God in history, and through his church in such a way as to be affected spiritually and motivationally and thus be committed to personal participation in that movement …". Die missioloog ondersoek en formuleer die speerpunt van die kerk se roeping om die grense tussen die kerk en die wêreld oor te steek op so 'n wyse dat dit 'n invloed uitoefen op die volle spektrum van die teologiese arbeid van die kerk. "Each formulation supports or calls into question different aspects of all the other disciplines … . The centre therefore, serves as both theological content and theological process as a disciplined reflection on God's mission in human contexts" (Van Engen 1996: 99). Die rol van missiologie is om die kern van die kerk se roeping te artikuleer en te beskerm terwyl dit die implikasies van hierdie sentrale rede vir die kerk se bestaan voortdurend aan die ander dissiplines in die teologie uitspel. Dit is die missiologie wat die konteks waarbinne die dissiplines van die wetenskap van teologie gepraktiseer word, uitwys en navors. "Mission theology seeks to be multidisciplinary, integrative, definitional, analytical, and truthful" (Van Engen 1996: 17).

Die taak van die sendingwetenskaplike is meer as net 'n prinsipiële begronding van "sending". Indien missiologie slegs op 'n prinsipiële vlak sou werk veroorsaak dit die probleem dat "die begrip sending verlore en versplinter raak in 'n kaleidoskoop van praktiese aktiwiteite" (Smit Sept 1989: 551). In plaas van net 'n Bybelse begronding van "sending" is die taak van die missiologie om die Woord van God telkens te her-lees in die konteks waarbinne die kerk hom

bevind. In die herlees van die teks in elke nuwe konteks help sending-teologie die kerk om in elke nuwe konteks naby aan die kernboodskap van die kerk, naamlik Jesus Chistus, te bly. "Mission theology helps us integrate who we are, what we know, and what we do in mission. It helps us bring together and relate to the cognate disciplines of missiology our faith relationship with Jesus Christ, our spirituality, our conciousness of God's presence, the church's theological reflection throughout the centuries, a constantly new rereading of Scripture, our hermeneutic of God's world, our sense of participation in God's mission and the ultimate purpose and meaning of the church" (Van Engen 1996: 21). Missiologie is 'n dinamiese beweging vanaf eerstens die studie en nadenke van die Bybelse teks wat dan tweedens na die geloofsgemeenskap deurgegee word waarna dit derdens uitgeleef en toegepas word binne die konteks van die tyd deur diegene in die amp en deur gelowiges wat nie in 'n besondere amp staan nie.. Vanuit 'n kontekstuele hermeneuse van die Bybel word relevante insig in die openbaring van God van Homself deur missiologie herverwoord en in kontekstuele dade omgesit deur gelowiges in die spesifieke tyd en konteks waarbinne God se sending op daardie tydstip in die wêreld geskied (Van Engen 1996: 26). "Die groot behoefte vandag is om die sending sy regmatige plek binne 'n teologiese raamwerk te gee" (Smit Sept 1989: 551).

Om die konteks van teologie te kan navors en uit te spel is dit vir die missiologie noodsaaklik om multidissiplinêr te wees. "As a multidisciplinary discipline, missiology draws from many areas of skill, cognite disciplines, and bodies of literature. The list of cognate disciplines from which missiology draws to describe, understand, analyze, and prescribe the complex nature of mission is long" (Van Engen 1996: 19). In die lang lys van voorbeelde van multidissiplines wat deel uitmaak van die missioloog se ondersoek noem Van Engen, saam met temas wat te wagte is in missionêre teologiese studies, onder andere ook "social psychology", "urban studies/anthropology", "socioeconomic and political analysis", "statistics and futurology" en "psychological issues of many types". Deur die benutting van ander wetenskappe as net die teologiese is sendingwetenskap besig met 'n ondersoek na die konteks waarbinne die "hele kerk" met die "volledige evangelie" die grens na "die hele wêreld" oorsteek. "As ons sending definieer as die aksie van die kerk waar hy die grens na die wêreld oorsteek, dan is dit voor-die-hand-liggend dat hy in ons dag in botsing gaan kom met die ideologie. Dit is algemene kennis dat daar vandag geen land of volk is waar die een of ander '-isme' nie 'n groot rol speel nie. Die sendingwetenskap wat tot taak het om die kerk krities te begelei waar hy die grens tussen geloof en ongeloof oorsteek, moet in ons dag hierdie ideologieë ontleed en die kerk van raad bedien"

(Van der Merwe G  1989:  456).  Die wyse van oordra van die evangelie in die konteks van die verskillende ideologieë van die wêreld is ’n onderwerp van groot belang vir die missiologie. “Kommunikasie, en dan veral transkulturele kommunikasie, sowel as die kommunikasie van die evangelie oor die grens van geloof en ongeloof heen, is ook ’n onderwerp van groot belang vir die sendingwetenskap”  (Van der Merwe G  1989:  459).  Onderwerpe soos die vestiging van jongkerke en wat die verhoudinge behoort te wees tussen die “sturende kerk” en die kerk in die sendingveld en ondersoeke na tradisionele religieë van diegene na wie toe die evangelie gebring word, maak deel uit van die studieterrein van sendingwetenskap  (Van der Merwe G  1989: 453).  In die wisselwerking en gesprek tussen teologie en algemene wetenskappe behoort sendingwetenskap ’n leidende rol te vervul.

**Gevolgtrekking 6.6:**

Missiologie is daardie wetenskaplike handeling waarmee die sendingteoloog alle aspekte van die kerk se sendingtaak en die uitvoering daarvan deurdink vanaf die voor-wetenskaplike voorveronderstellings tot die uiteindelike uitdagings in die praktyk van sendingwerk.  Deur die missiologie word die konteks waarbine die teologie gepraktiseer word so ondersoek dat dit behulpsaam is in die kontekstualisering van die bevindings van teologie.  Vir die navorsing van die konteks waarbinne die kerk hom bevind en ter wille van die kontekstualisering van die teologie benut die missioloog ook nie-teologiese of algemene wetenskappe.

### 6.7.2 Missiologie in wisselwerking met Algemene Wetenskappe

Dit wat teologie en missiologie kan bydra tot die algemene wetenskappe mag in ’n sekere sin self deel uitmaak van die sendingtaak van die kerk.  Deur die teoloog se gesprek met die algemene wetenskap kan die hoop wat daar is in die geloof in God wat geskep het en deur die koms van sy Seun herskep, in die algemene wetenskappe beslag kry.  “… the theological redescription of the world, therefore, can never be merely a mirroring of the world of science.  It is always, rather, a complementary view in which the very special epistemological focus, distinct experiential dimension and heuristic apparatus of theological reflection creatively illuminate not only the world of science, but also the larger world around it.  For the Christian believer, God is

never deistically hidden behind life-processes, but is, rather, creatively present in these processes because God's creation and sustenance take place within the individual organisms of these processes" (Van Huyssteen 1998: 161). Die bydrae wat die missiologie kan lewer tot die algemene wetenskappe word nie gelewer vanuit 'n houding van beterweterigheid nie maar een van nederigheid. "Theology, cannot, therefore, ever claim to be capable of scientific theory-appraisal, but should rather be seen as one (important) voice in the constructing of broader and interdisciplinary world-views" (Van Huyssteen 1998: 78).

Die algemene wetenskappe se bydrae in die missiologie help laasgenoemde om die konteks waarbinne die boodskap van hoop uitgedra word en die metodes van oordrag beter te begryp en te omskryf. "When we become aware of the fallibilist nature of all human knowledge – also scientific knowledge – it also becomes reasonable to accept the fact that science cannot be expected any more ever to grant us a 'theory of everything' in the true, comprehensive sense of the word. Scientific inquiry certainly provides us with excellent acounts of certain important aspects of reality: it cannot, however, provide us with an account of every aspect of reality" (Van Huyssteen 1998: 76).

Die wisselwerking tussen missiologie en algemene wetenskap geskied op so 'n wyse dat die integriteit van die objek van studie steeds in plek bly. " In this exciting duet with science, theology retains its intellectual integrity as a discipline precisely by maintaining its uniquely religious viewpoint in interdiciplinary discussion" (Van Huyssteen 1998: 161).

**Gevolgtrekking 6.7:**

Die missioloog is voortdurend in gesprek met die wêreld waarbinne die boodskap van hoop gebring moet word. Die benutting van algemene wetenskappe is tegelykertyd sending en kontekstualisering van die boodskap van hoop.

## 6.8 Samevatting:

Alhoewel die term "bemagtiging" al hoe meer benut word om die taak van die ampte ten opsigte van die amp van gelowige mee te omskryf is dit nie 'n woord wat sonder misverstand gebruik kan word nie en daarom moet die term goed omskryf word voordat dit in die kerk gebruik word

of selfs heeltemal vervang moet word met ander terminologie. In die gesprek tussen teologie en die algemene wetenskappe word die *bona fides* van beide wedersyds soms in twyfel getrek en daarom is die resultate van die een nie sondermeer bruikbaar in die beoefening van die ander nie. “Wetenskap” is:

- Die **Sistematiese versameling van kennis** van ’n gedefiniëerde objek deur ’n subjek wat vasgestelde metodes daarvoor gebruik, met bepaalde doelstellings;
- Die **objek** maak deel uit van die hele waarneembare skepping van God, sigbaar en onsigbaar, en word ondersoek in verband met ander objekte wat deel uitmaak van die geskape werklikheid;
- Die **subjek** beoefen wetenskap vanuit ’n eie lewens- en wêreldbeskouing en ander vooraf definiëerbare voorveronderstellings;
- Die **metodes** vir die beoefening van wetenskap moet verifieerbaar wees en word nie beoefen in afsondering van ander dissiplines van wetenskap nie;

Die metodes van teologie is hoofsaaklik die kritiese nadenke en sistematisering van nadenke oor die objek van studie op so ’n wyse dat dit verifieerbaar is. Die teoloog kan die resultate van die natuur- of algemene wetenskappe bestudeer en benut om te bepaal watter impak dit het of kan hê op die teologie, geloof en geloofshandelinge van gelowiges aangesien beide teologie en algemene wetenskappe deel uitmaak van die skepping van God en beide ’n gawe is van die enigste bron van kennis, naamlik die Heilige Gees. Die teoloog mag wetenskaplike resultate nie bo die openbaring van God in sy Woord verhef nie aangesien beide teoloog en algemene wetenskaplike aan die sondeval onderworpe is. Die benutting van algemene wetenskappe is ’n wyse waarop die missioloog die boodskap van die Bybel kan kontekstualiseer in sy eie tyd, en ’n manier om in gesprek met die wêreld ’n boodskap van hoop te kan bring. Die boodskap van hoop handel oor God wat die hemel en aarde geskep het en steeds versorg en in stand hou. Missiologie is daardie wetenskaplike handeling waarmee die sendingteoloog alle aspekte van die kerk se sendingtaak en die uitvoering daarvan deurdink vanaf die voor-wetenskaplike voorveronderstellings tot die uiteindelike uitdagings in die praktyk van sendingwerk. Deur die missiologie word die konteks waarbine die teologie gepraktiseer word so ondersoek dat dit behulpsaam is in die kontekstualisering van die bevindings van teologie. Vir die navorsing van die konteks waarbinne die kerk hom bevind en ter wille van die kontekstualisering van die teologie benut die missioloog ook nie-teologiese of algemene wetenskappe. Die missioloog is voortdurend in gesprek met die wêreld waarbinne die boodskap van hoop gebring moet word. Die benutting van algemene wetenskappe is tegelykertyd sending en kontekstualisering van die boodskap van hoop.

# *Hoofstuk 7*

## *'n Definisie vir die term "bemagtiging"*

**Abstract: A Definition for the term "Empowerment"**

Empowerment is those acts and processes that liberates an individual or group of individuals from an oppressing culture or structure and enables the individual or group of individuals to become part of a new community with a sense of belonging. In the new structure the formerly oppressed individual or group of individuals takes part in the processes of the new community with his, her or their values and norms in tact without again being suppressed.

Before a type or model for empowerment can be decided upon thorough attention must be given to the following questions:

- What lead to the need for empowerment and what caused the absence of a sense of belonging?;
- What does the power structure looks like or what are the perceptions about the power structure within which empowerment is going to take place?;
- Who are the people with authority within the perceived power structure? Empowerment within the given structure will have to start with those with authority.

Empowerment happens through structural changes which leads to changes in disposition, opinions and perceptions. Empowerment is not a quick fix solution for any organisation or structure but a long term process. Equipment and training are important parts of empowerment and empowers but it is not in itself empowerment. The more empowerment expands the sphere of influence of the object of empowerment the more it will enhance the object of empowerment's involvement, demeanour, focus and commitment to the structure within which empowerment is practised. Empowerment is mostly managed by people with authority within the structure and this accentuate the submissiveness of the object of empowerment and can lead to even more feelings of impotence. Empowerment happens in interaction between the object of empowerment, as the specialist of his or her own situation, and the subject of empowerment, as the facilitator for the improvement of the object's situation. The interaction between the subject and the object happens within the parameters of the values and norms of the structure within which empowerment is practised. This interaction aims at obtaining a more valued role for the object of empowerment, within the given structure or community. The concept of "empowerment" holds, for some, a dream of a political utopia, but true empowerment is not the shifting of a constant amount of power in a structure or community but is the creation of more power and energy. Empowerment is a process of participation and delegation which leads to an improvement in the object's achievements within the structure. This improvement is because of the object's experience of worth and control. The reasons why management or those with authority gets involved with empowerment schemes must be spelled out clearly or else it will lead to suspicion. The distribution of information within the structure where empowerment is practised is very important. In the process of empowerment the micro and macro contexts of the object must be taken into account. Support, the availability of resources and contextual management systems all play a very important role in the immediate or micro context of the object of empowerment. Empowerment must enhance the involvement and meaningful participation of all role players. Human resources, skills and the improvement of admission to the activities of the structure within which empowerment is practised is very important for the success of empowerment. A very high level of trust, sincerity,

creativity and simplicity is of great value for constructive change in structures with the aim of empowering the disempowered. A thorough description of the role of the different parties involved and a process of mentorship can help with the measurable accountability of the process. The focus on the interests of the individual within the context of the interests of the collective structure may lead to successful empowerment only if a strong core of values is unchanged by the whole process of empowerment.

## 7.1 Inleiding:

Daar is reeds aangedui dat die term “bemagtig” of “bemagtiging” eeue lank al bestaan. Dit het egter in die laaste dekade of meer ’n modewoord geword op verskillende terreine van die lewe. “… the power idiom and thinking began to infiltrate from the political arena into the human service and advocacy culture in the 1970s, it did not become commonplace there until the late 1980s” (Wolfensberger 2002: 252). Die term word egter so dikwels en so gevariëerd gebruik dat dit baie aan sin en betekenis verloor. “Empowerment has aquired a buzzword quality which leads many academics and managers to use it superficially or ignore it altogether” (Lincoln, Travers, Ackers & Wilkinson 2002: 281). Die benutting van die term op die terreine van hulp aan vroue, aan minderheidsgroepe, aan voorheen benadeeldes, aan diegene wat in die gemeenskap gemarginaliseer is en vele meer, maak van “bemagtiging” ’n plooibare woord wat in vele kontekste aangewend kan word. “Bemagtiging” het selfs in kerklike kringe ’n gewilde woord geword. ’n Eenvoudige internet-soektog na die term “bemagtig” of verbuigings daarvan laat gou blyk in watter mate ’n groot hoeveelheid gemeentes, kerkgenootskappe en denominasies daar in die Afrikaanse konteks alreeds is wat “bemagtiging”, op watter wyse ookal, op die een of ander manier as doelwit van gemeente- of kerkaktiwiteite stel. “Today empowerment is everywhere. It is popular in adult education, management and, resource development. There is empowerment for everyone … the deceptive allure of empowerment can be observed everywhere” (Mandefrot 2003: 1). Indien dit in gedagte gehou word dat “bemagtiging” as tegniese term vir die beskrywing van handelinge met die oog op sekere vaste uitkomste, ’n term is “fraught with misunderstanding and tension” (Lincoln *et al.* 2002: 271) en dat die saak waaroor dit gaan, in verskeie kontekste, ’n “contested concept” is, sal die kerk, voordat die term in die kerklike konteks aangewend word homself moet verantwoord oor die benutting daarvan. “Bemagtiging” moet behoorlik omskryf word in werkbare terme in plaas van vae en algemene taal wat as lokaas moet dien vir ongeïdentifiseerde individue of groepe van mense wat met die een of ander optrede tot ’n verbetering in ’n spesifieke situasie moet kan lei.

“Bemagtiging” kan beteken om vaardighede oor te dra, om sekere handelinge toe te laat of om daarvoor ruimte te skep, om gesag te verleen, om mag te gee, om te energeer of nuwe dinamiek los te maak of om onderdrukkende situasies reg te stel (Mandefrot 2003: 1). Deur egter net vaagweg na “bemagtiging” te verwys beteken dat die verantwoordelikheid om bemagtigende kennis te verwerf of om daarmee verandering teweeg te bring, deur die gebruiker van die term gedelegeer word na ’n moontlik selfs ongedefinieërde tweede party wat die blaam sou kon dra wanneer die konsekwensies van die aksies nie is wat dit vooraf aangedui is om te wees nie. “Empowerment has different meanings and overlapping definitions” (Mandefrot 2003: 2). Melkote en Steeves (2001: 36) dui aan dat bemagtiging drie oorvleuelende dimensies het. In die eerste dimensie, persoonlike bemagtiging, ontwikkel mense individuele bewussyn en selfvertroue om onderdrukking teë te staan. Die tweede dimensie is relasionele bemagtiging. Relasionele bemagtiging gaan oor verhoogde vermoeëns om binne verhoudinge beter te kan onderhandel en beter besluite binne die verhouding te kan inisïeer. Die laaste dimensie van bemagtiging, kollektiewe bemagtiging, gaan oor kollektiewe optrede op plaaslike of hoër vlak om onderdrukkende sosiale strukture teen te staan. Vir die drie genoemde dimensies kan daar twee modelle geïmplimenteer word, naamlik, bemagtging op individuele vlak of bemagtiging as radikale sosiale aksie. Bemagtigingsliteratuur gee meestal aandag aan die derde dimensie en die tweede model, te wete: kollektiewe optrede as radikale sosiale aksie. Melkote en Steeves (2001: 37) definieër daarom bemagtiging as “the process by which individuals, organizations and communities gain control and mastery over social and economic conditions; over democratic participation in their communities; and over their stories.”

Bemagtiging geskied op verskillende vlakke, intern en ekstern, met verskillende objekte vir bemagtiging. Tussen die onderskeie vlakke en objekte is daar ’n duidelike interaksie. Bemagtiging op individule vlak het ’n invloed op maatskaplike vlak en omgekeerd (fig. 1).




Fig 1

**Gevolgtrekking 7.1:**

Die term "bemagtiging" is vaag en algemeen met selfs 'n moontlike negatiewe agtergrond. Voordat die kerk die term benut moet dit behoorlik omskryf word sodat daar nie misverstande en ruimte vir verdraaiings is nie.

## 7.2 'n Voorlopige formulering van die betekenis van "bemagtiging"

Die term bemagtiging is "a highly elusive theoretical concept – it has no single guru, nor does it define a clearcut set of policy initiatives" (Lincoln *et al.* 2002: 272). Dit is 'n term wat nie maklik in een, enkele definisie vasgevat wil word nie. "The empowerment literature lacks a set of well-accepted and consistently applied definitions of the important elements in the empowerment process. For example, the definitions of empowerment itself vary widely across scholars" (Robbins, Crino en Fredendall 2002: 3). Die feit dat die term nie maklik in een raampie pas nie mag een van die redes wees waarom dit so geredelik deur mense op vele terreine aanvaar word. Dit het wortels in 'n liberale geskiedenis maar het deur 'n verskeidenheid van prosesse 'n aantal betekenisse gekry wat dit aanvaarbaar maak, selfs vir die meer konserwatiewe gebruiker daarvan. "As a result, the meaning of empowerment and what it looks like to be empowered … is still full of ambiguities, contradictions, inconsistencies, and open to different interpretations" (Mandefrot 2003: 1).

Een van die redes waarom "bemagtiging" nie maklik omskryf kan word nie mag die feit wees dat die term nie meer aangewend word in slegs die tradisionele konteks wat aanvanklik gedui het op "mag" of gesag wat van een party na 'n ander verwissel nie. "Perceiving the appeal of a power construct and idiom, people began to incorporate it indiscriminantly and almost everywhere, and issues that once would have been framed in very different terms began to be widely framed as issues of power. Even issues of competence are now commonly framed this way" (Wolfensberger 2002: 252). 'n Voëlvlug blik oor die stukke van die Algemene Sinode van 2002 en 2004 asook die stukke van die NGK in die OVS se sinodesittings van 2003 en 2005 bevestig hierdie uitspraak. Vir hierdie vergaderings kan "bemagtiging" of verbuigings daarvan, enige iets beteken van geletterdheidsklasse, aanmoediging van vroue om hulle vir MIV te laat toets, 'n toerustingskursus vir vrouelidmate, tot 'n CD-skyf met inligting wat die leraar in sy werk in die gemeente tot nut kan wees. "Obviously, a term or construct that can mean anything eventually will mean nothing" (Wolfensberger 2002: 252). Daar is 'n baie duidelike behoefte

daaraan om na te dink oor wat “bemagtiging” beteken en waarvan daar gepraat word wanneer hierdie term gebruik word.

Daar kan op verskillende wyses gekyk word na die definiëring van wat “bemagtiging” is. Indien die grondwoord “mag” as uitgangspunt gebruik word is bemagtiging ’n wyse van kyk na ’n organisasie, struktuur of samelewingsverband waarin daar sommige mense met mag is en ander daarsonder. Bemagtiging is dan die proses waardeur diegene wat sonder mag is gehelp word om bewus te raak van die feit dat ander oor hulle mag het. In ’n tweede fase is bemagtiging dan om aan diegene sonder mag vaardighede te gee waarmee die mag van moontlike onderdrukkers ontneem kan word om mense sonder mag meer reg te gee oor hulle eie lot. In hierdie definisie is “magteloosheid” en “onderdrukking” die twee pole waarin ’n wanbalans reg gestel moet word. Die regstelling is ’n aanbied van alternatiewes vir mense wat in ’n groef van onderdukking verval het. Die alternatiewe styl wat aangebied word is “bemagtiging”. “Not only is the term politically loaded, used as it is to pertain to the revolt of the oppressed, but also politics is itself an area in which ‘empowerment’ has taken effect” (Lincoln *et al.* 2002: 273).

In hierdie konstruksie van wat “bemagtiging” is speel post-modernisme ’n baie belangrike rol. Daar is reeds gewys op die klem wat modernisme gelê het op die individu en menslike rede. Die klem op individualiteit het egter gelei tot die vereensaming van mense. As gevolg van vereensaming ontdek mense dat, ten spyte van die vreugdes wat die bevrydende gedagtes van modernisme gebring het, hulle steeds ’n sterk behoefte aan sosiale kontak het. Die mens is ’n sosiale wese wat iewers wil “behoort”. In sy soeke na ’n plek om te behoort soek die mens daardie strukture of kultuur op waar hy of sy met sy of haar individuele waardes en norme tuis voel. “If the culture fails to meet these needs, an alternative culture which holds greater authenticity will be sought and through this ‘dissident’ culture individuals will seek the collective goals of their members in the face of indifference from wider society” (Lincoln *et al.* 2002: 273). Die proses waardeur die individu wissel van een struktuur of kultuur waar hy of sy ontuis voel en nie ’n gevoel van “behoort” ervaar nie, na ’n ander struktuur wat die behoefte om te behoort wel aanspreek, vereis emansipasie, bevryding en bemagtiging. “Bemagtiging” spreek die “gevoel van behoort” van mense aan. Strukture wat in die derde millenium nie bevrydend is nie sal nie mense daarheen aantrek nie en strukture wat nie bemagtigend is nie se voortbestaan is nie verseker nie. “Emancipation involves attracting people to a culture for fulfilment” (Lincoln *et al.* 2002: 274). Bemagtiging is in die kultuur van vervulling die aanbied van vorme van gedrag wat tot gemeenskaplike krag en gesamentlike besluitneming bydra.

Indien prosesse "om te behoort" as 'n inhoud van die gebruik van "bemagtiging" in die tyd na modernisme aanvaar word, beteken dit dat die oordra van (politieke) gesag soos wat dit aanvanklik verstaan is, nie meer die primêre konteks is waarbinne die term gebruik word nie. Ongeag van die konteks waarbinne die term gebruik word is daar egter steeds vir vele wat dit benut die aanvanklike betekenis van 'n utopiese bevryding en oordrag van mag aanwesig. In 'n post-moderne konteks is "bemagtiging" egter nie net meer die oorhandiging of verwerwing van mag nie. "For empowerment is not a revolutionary act or seizure of power by one group. Rather empowerment eradicates oppresive power altogether and enables the whole population to enter a free and fair world" (Lincoln *et al.* 2002: 274).

'n Eertse poging om "bemagtiging" mee te beskryf sal dus die volgende elemente moet bevat:

Bemagtiging is …

- bevryding. Hierdie bevryding mag wees bevryding van onderdrukkende gesag of selfs bevryding van 'n kultuur van onderdrukking of van 'n kultuur waar die "onderdrukte" nie sy of haar vryheid van menswees beleef nie en daarom nie 'n "gevoel van behoort" ervaar nie;
- die daarstel van 'n nuwe kultuur of struktuur waar die individu met sy of haar waardes, norme en vryheid tuis kan kom en 'n "gevoel van behoort" ervaar;
- individueel en korporatief of 'n belewenis van gemeenskap;
- die daarstel van 'n nuwe gemeenskap waar daar nie 'n oorheersing oor individue is nie maar waar elkeen, relasioneel, seggenskap het.

Hieruit kan afgelei word:

| |
|---|
| Bemagtiging is daardie handelinge of prosesse wat 'n individu bevry van 'n onderdrukkende kultuur of struktuur en wat die individu met sy of haar waardes en norme so laat deel word van 'n nuwe gemeenskap dat die individu beleef dat hy of sy behoort en nie in die nuwe gemeenskap oorheers word nie maar self deel het aan die prosesse van die gemeenskap (fig 2). |




*Fig 2*

Hierdie eerste poging om "bemagtiging" te definieër probeer die kontradiksie van die post-moderne mens inkorporeer in sy en haar soeke na individuele vryheid en privaatheid en 'n gelyktydige behoefte aan sekuriteit in 'n gemeenskap waar hy of sy tuisvoel in 'n "sense of belonging".

Die voorlopige definisie vir wat bemagting kan beteken word getoets deur na 'n aantal velde te kyk waar die term "bemagtiging" gereëld gebruik word. Daar moet met groot omsigtigheid gewerk word om langs hierdie weg 'n definisie te soek aangesien so 'n baie wye blik noodwendig veralgemenend is. Verder moet die waarskuwing van Kuhn in gedagte gehou word dat daar nie noodwending een globale paradigma is vir enige studieveld nie (Kuhn 1996: 43) – veral nie in die velde van sosiale wetenskappe nie (Kuhn 1996: 15). Daar is binne die groter wetenskaps- of sosiale paradigmas ook "professional subspecialities" (Kuhn 1996: 49). In die gang van gespesialiseerde navorsing ontstaan daar gedifferensiëerde en gespesialiseerde paradigmas. Dit sou kon beteken dat die omskrywing van "bemagtiging" in die een gespesialiseerde rigting nie dieselfde betekenisse kan hê as wat dit in 'n ander het nie. Daar mag egter wel raakvlakke of punte van ooreenkoms wees. Met hierdie waarskuwings in gedagte kan daar nou gekyk word na verskillende velde waar die begrip "bemagtiging" dikwels voorkom en wat die betekenis van die term in die verskillende velde is.

### 7.3 Bemagtiging in Genderspesifieke konteks:

"Modern science developed in Europe at a time when the social, economic, and political contexts were governed by a strong patriarchal order" (Melkote en Steeves 2001: 186). Vroue was uitgesluit van wetenskapshandelinge omdat daar geglo is dat hulle meer geneig was om toe te gee aan subjektiewe gevoelens en emosies, terwyl mans beter toegerus is om die objektiewe rede te benut. "Women and nature were relegated to the categories constructed for them" (Melkote en Steeves 2001: 186). In die derde millenium is vroue steeds besig om hierdie konstruksie te ontworstel. "It is a basic assumption of feminist literature that women are subject to oppression by men who, through the ages, have achieved domination through power" (Lincoln *et al.* 2002: 274). Die gesag wat die manlike oor die vroulike geslag uitoefen is nie net as gevolg van fisieke vermoeëns nie maar as gevolg van samelewingsordes wat oor eeue heen strek. Om die onderdrukking van vroue te beveg gaan dus oor beide 'n persoonlike en 'n breër sosiale konteks. Die bevrydingsaspek van die bemagtiging van vroue het spesifieke verwysings na die areas van fisieke geweld, seksuele gedrag en die plek van die vrou in die werkplek en die gesin. "Women

were assumed best suited for the private sphere of home and children" (Melkote en Steeves 2001: 186). Bemagtiging in gender-konteks handel daarom dikwels oor die afbreek van die stereotipering van genderrolle en die patriargale vooroordele eie aan die moderne samelewing. In gender spesifieke bemagtiging wys die literatuur daarop dat bemagtiging nie tot nuwe vorme van onderdrukking mag lei van ont-magtigde, manlike persone nie. Dit sou lei tot 'n kringloop van bevryding en onderdrukking. Die ontwikkeling van vroue se mag moet gebeur terwyl mans leer om die mag waaroor hulle beskik nie te misbruik nie. Bemagtiging is daarom 'n proses wat nooit 'n einde kry nie maar gereeld herbevestig moet word. Bemagtiging is veel meer as net om vrouens te betrek by die aktiwiteite van mans en om hulle te laat deel aan besluitneming.

### 7.4 Bemagtiging as eksternalisering van hindernisse in strukture

Indien die lesse te leer uit gender-spesifieke bemagtiging in 'n breër algemene trant gestel word blyk dit dat dit vir bemagtiging noodskaaklik is dat die situasie wat aanleiding gegee het tot die behoefte vir bemagtiging ge-eksternaliseer moet word sodat dit 'n probleem is wat objektief benader kan word sonder dat daar blaam of skuldgevoelens ontstaan wat die proses kan kelder. Bemagtiging raak almal wat deel uitmaak van die spesifieke struktuur waarbinne dit geskied. In die strukuur waarbinne bemagtiging geskied is daar sub-groepe of –kulture wat verskillend benader moet word om die einddoel van bemagtiging te kan behaal. Sub-groepe bestaan omdat die verskillende groepe verskillende rolle speel in die organigram van 'n samelewingsverband of -struktuur. In die onderskeie groepe binne 'n sekere struktuur kan 'n sub-groep die belewenis van onderdrukking deur 'n ander ervaar. Vir die behoud van die struktuur is dit nodig om bemagtiging as proses by die sub-groep van "onderdrukkers" te begin. Indien dit andersom gebeur sal dit die struktuur verdeel en sal dit lei tot vyandighede en versplintering. Mandefrot (2003: 5) dui byvoorbeeld aan dat werkers wat aan die ontvangkant van bemagtiging was aandui dat daar by hulle groot wantroue in die proses was aangesien dit net nogeens onderstreep het dat hulle nie mag het nie. Bemagtiging is "iets" wat met hulle gebeur waaroor hulleself geen mag het nie. Hy bevestig daarom "empowerment is about management, not workers at the lower end …" (Mandefrot 2003: 5).

In die kerk word daar nie onderskei tussen "onderdrukker" en "onderdrukte" nie. Die kerk is die volk van God waar elkeen onder die heerskappy van die Koning gelykes is, en tog word die term "bemagtiging" al hoe meer in die kerk gebruik. Daar is reeds aangedui dat daar bepaalde gesag setel in die ampte van die kerk en deur navorsing is dit aangetoon dat een van die ampte van die

kerk bo die ander uitstaan in gesag, al is dit net in die waarneming van lidmate. “In die Christendom-paradigma is van bo na onder gedink en gedoen. Die evangelie is van bo, vanaf die instituut oorgedra na die gewone lidmaat. Daar was genoeg outoriteit en dissipline om die ‘van bo’ – gesag te handhaaf” (Hendriks 1997: 28). “In die tye waarin die sisteem ‘top-down’ werk, het leierskap ’n bepaalde karakter. Daar word gewoonlik daarna verwys as die domineeskerk of ‘clerical paradigm’. In die hoogbloei van ’n modernistiese sisteem is die professionele beeld van die predikant die aantreklike en mees aanvaarbare model. Leierskap word dan gedefinieer in terme van ander professionele beroepe, maar verloor in die proses sy Christelike identiteit” (Hendriks 1997: 33). Dit blyk hieruit dat daar in die strukturele organisasie van die kerk wel ’n verskeidenheid van verdelings in “sub-kulture” moontlik is. Daar is byvoorbeeld moontlik ’n verdeling tussen ampte en diegene wat nie in die besondere amp staan nie en onder die ampte is daar weer ’n verdeling tussen lidmate wat “vrywillig” diens doen as ampsdraers in die gemeente en die leraar as ampsdraer wat in diens van die gemeente is en daarom vergoed word vir sy of haar ampsdiens. Dit is slegs een wyse van kyk na die kerk. In hierdie verdeling is die dominee aan die een kant en die res van die gemeente aan die ander. Die gemeente-kant word verdeel in sub-groepe naamlik ouderlinge, diakens, dienswerkers en lidmate. Elke groep kan verder verdeel word in betrokkenes en onbetrokkenes. ’n Eindelose hoeveelheid sub-groepe kan in ’n gemeente bestaan. Die bepaling van ’n sub-groep is in die omskrywing van die objek van bemagtiging en die konteks waarbinne bemagtiging gebeur baie belangrik. Daar moet verder rekening gehou word daarmee dat sub-groepe baie vloeibaar is. “The emphasis in the post-industrial and post-millennial world should be on temporary and mobile coalitions of like-minded participants that are build on a foundation of common interests” (Melkote en Steeves 2001: 191). Indien “bemagtiging” as proses dus in die kerk geïmplimenteer word, moet daar baie duidelik in gedagte gehou word wie die sub-groep of objek van bemagtiging is voordat dit toegepas word. Indien daar aan die “verkeerde kant” van die gesagstruktuur aandag gegee word sonder die meewerking van die ander, kan dit tot versplintering in die kerk lei. “Bemagtiging’ moet in die kerk begin by die “gesagstruktuur” waarvan die leraar en meerdere vergaderings deel uitmaak. Dit moet hier begin, nie sodat enige mag ontneem word nie, maar sodat die integriteit van die proses in plek kan bly sonder om die Godgegewe gesag van die amp af te takel of die kerk as gemeenskap van gelowiges te versplinter in on-Bybelse sub-groepe wat die eenheid van die kerk bedreig. Die bemagtiging van gelowiges moet as proses alreeds by sinodale strukture en leraars begin. Van die aanvang van die proses af moet daar in gedagte gehou word dat bemagtiging beide persoonlik en in groter groepsverbande gebeur. Van meet af aan moet diegene aan die “gesagskant” van die struktuur tot die besef gebring word dat bemagtiging nie

gaan oor die ontmagtiging van bestaande strukture nie maar oor die soeke van diegene wat tans nie ’n “sense of belonging”, in die struktuur waarbinne bemagtiging moet plaasvind, ervaar nie. Bemagtiging gaan nie oor die afbreek van iets wat kosbaar is vir die leiers nie, maar eerder oor verandering wat tot groter potensiaal kan lei.

**Gevolgtrekking 7.2:**

Voordat daar op ’n tipe of model vir bemagtiging besluit word moet daar deeglik vasgestel word:

- wat die spesifieke situasie is wat aanleiding gee tot die behoefte aan bemagtiging of wat aanleiding gee tot ’n belewenis van gevoelens van nie-behoort nie;
- hoe die gesagstruktuur lyk of wat die persepsies is rondom die gesagstruktuur waarbinne bemagtiging moet plaasvind;
- wie die gesagsvolle persone is in die waargeneemde gesagstruktuur, sodat bemagtiging by hierdie persone kan begin

### 7.5 Bemagtiging in die konteks van minderheidsgroepe:

“Membership of a minority may bring with it automatic powerlessness in a society led by a majority” (Lincoln *et al.* 2002: 275). Wette, reëls en regulasies reflekteer meestal die meerderheidsgevoel in enige struktuur of samelewing. “Bemagtiging” is vir hierdie rede ’n aanloklike tema in ’n minderheidsgroep waar ras, geslag, ouderdom, gebrek of geloof ’n individu van die meerderheid uitsluit. Die minderheid het dikwels nie ’n “gevoel van behoort” nie. “There is an assumption here that the oppressed are somehow ‘driven’ to right the injustices that they have suffered” (Lincoln *et al.* 2002: 276). Die strewe na bemagtiging is tegelykertyd ’n versmagting na bevryding gekombineer met die behoefte aan gemeenskap of ’n gevoel van tuishoort. Die grootste strewe na bemagtiging in die minderheidskonteks is groepe wat hulleself in rasseminderhede bevind. In ’n minderheidsgroep is gevoelens van magteloosheid te koppel aan die feit dat minderhede in die gemeenskap waarin dit ’n minderheid is, beperkte toegang het tot die meerderheid se bronne. Toegang tot hierdie bronne sou minderhede se situasie as groep kon verbeter. Afgesien van hierdie groepsgevoel van ontmagtiging in minderheidsgroepe is daar verder individuele belewenisse van magteloosheid. In terme van minderheidsgroepe sou bemagtiging nie noodwendig op die strukturele vlak van ’n organisasie of struktuur lê nie. Deur maatskaplike dienste kan die individu van gemarginaliseerde gemeenskappe geleer word om hulle eie waarde te besef en kan hierdie individue gehelp word om self-bepaalde doelwitte te stel

en te behaal. "The ability to meet self-determined goals, self-knowledge and the link with resources, all these may appear as important qualities of an empowered employee" (Lincoln *et al.* 2002: 276). Die waarskuwing van Mandefrot (2003: 5) moet egter gehoor word: "To promote a depoliticized prepackaged efficiency-oriented world based on individual freedom or psychology, may be more disempowering."

In Suid Afrika het daar as gevolg van die vorige politieke bedeling die unieke situasie ontstaan waar die minderheidsgroep die meeste gesag gehad het en die bronne besit en beheer het en die meerderheid nie hiertoe toegang gehad het nie. Hierdie toedrag van sake is een van die aanleidende oorsake van die huidige regering se beleid van Broadbased Black Economic Empowerment of "Triple BEE", waarby daar later weer stilgestaan word. Wat in die lektuur in sake bemagtiging van minderheidsgroepe gesê word geld daarom paradoksaal in Suid Afrika tans vir beide die minderheid en die meerderheid. In die veranderings wat die samelewing ondergaan is die ewewig besig om so te draai dat die voorheen bevoordeelde minderheidsgroep tans al hoe meer druk ervaar van die meerderheidsgroep wat lei tot ’n verlies van ’n "sense of belonging" en dus is wat gesê word in sake die bemagtiging van minderhede vir hierdie groep net so geldig.

Uit die bemagting van minderheidsgroepe blyk dit dat bemagtiging nie plaasvind voordat gesindhede en opinies wat oor jare gevestig is, nie verander nie. Bemagting in die individuele konteks het nie baie waarde indien dit nie bevestig word deur veranderings in die breë konteks nie. Vir kerk kan daar hieruit afgelei word dat die bemagtiging van die gelowige wat nie in die besondere amp staan nie ’n langtermyn proses is en nie ’n vinnige oplossing is vir die kontekstualisering van die kerk se boodskap in veranderende tye nie. Bemagtiging sal nie gebeur deur net die toepas van toerustingsprogramme of die oordra van inligting aan lidmate nie. Veranderings wat bemagtigend is moet geskied van "sinodale vlak" af wat deur die leraars en ampsdraers "deursuur" tot op "voetsoolvlak" voordat die lidmaat – wat beleef dat hy of sy op "grondvlak" in die kerk verkeer – sy of haar verantwoordelikhede as gestuurde sal begin nakom. Hierdie veranderings sou beteken dat lidmate betrek word by besluitnemingsprosesse en selfs by meerdere vergaderings van die kerk. Voordat individuele bemagtiging plaasvind moet die struktuur waarbinne dit geskied ’n verandering ondergaan om ’n "kultuur" van bemagtiging mee te werk.

**Gevolgtrekking 7.3:**

Bemagtiging geskied deur veranderings wat die lidmaat betrek by al die prosesse van die kerk in sy vergaderings en besluitneming. Deur hierdie veranderings kan gesindhede, opinies en persepsies verander en is dus is bemagtiging ’n langtermyn proses en nie ’n vinnige oplossing vir die kontekstualisering van die kerk se boodskap in veranderende tye nie.

### 7.6 Bemagtiging in die konteks van opvoeding en geletterdheid:

“Empowerment is inextricably linked to education” (Lincoln *et al.* 2002: 276). Opvoeding, opleiding, geletterdheid en toerusting is nie net ’n uiters belangrike onderdeel van bemagtiging nie, die ontvangs van opvoeding en opleiding is op sigself bemagtigend. Opvoeding lei tot ’n besef van selfwaarde en selfwaarde lei tot bemagtiging. In die konteks van onderrig kan bemagtiging substantief of simbolies wees. “The idea is that empowerment can refer both to a substantive form of change at the individual level and a more symbolic form of change at the societal level” (Lincoln *et al.* 2002: 277). Die vraag ontstaan hieruit wie of wat die objek van bemagtiging is. Is dit die individu of is dit die groep waartoe die individu behoort wat bemagtig word? In die konteks van onderrig moet daar aanvaar word dat beide individue en groepe bemagtig kan word. Deur opleiding word die individu gehelp om met persoonlike waardigheid doelwitte te behaal in sy of haar eie lewe en merkbare veranderings in die individu lei noodwendig tot veranderings op ’n sosiale vlak in die groep.

“In the educational literature, empowerment has tended to focus either on the teachers, or to a smaller extent, on students” (Lincoln *et al.* 2002: 277). Op onderwysers, as gesagsvolle persone in die opvoedingstruktuur, word gefokus wanneer daar van tegnieke van bemagtiging gepraat word. Wanneer daar oor die leerder as objek van bemagtiging gehandel word, blyk dit dat skrywers nie altyd eens is oor wat die doelwit van bemagtiging is nie. Doelwitte van bemagtiging deur onderrig kan wissel van die oordra en aanleer van individuele vermoeëns tot die beter betrokkenheid van die individu by die soeke na die voordeel van die subjek van bemagtiging. Indien die voordeel van die subjek meestal die rede vir bemagtiging is kan die objek die saak van bemagtiging sien as iets oppervlakkig wat baie tydsgebonde is. Wanneer die subjek se doelwitte en die objek se redes vir betrokkenheid by bemagtiging van mekaar verskil lei dit tot teleurstelling en moontlik selfs tot verdere onderdrukking van diegene wat beleef dat hulle nie oor mag beskik nie. Ware bemagtiging geskied nie waar diegene met gesag besluite

neem wat diegene wat bemagtig moet word raak, sonder dat laasgenoemde betrokke is nie. Hierdie gedagte word bevestig deur Meyer (1991). Onderrig het ’n rimpeleffek in ’n struktuur, groter as net die subjek of objek van bemagtiging en daarom moet die subjek deurentyd betrek word by die beplanning van bemagtiging. Volgens ’n sistemiese siening kan bemagtiging in die onderwysstelsel ’n uitwerking hê, nie net op die onderwysers en leerders nie, maar selfs op ouers en gemeenskappe (Meyer 1991: 22). In ’n bestuurswetenskap-konteks bevind Robbins *et al.* (2002: 11) dat hoe groter die moontlikheid van invloed buite die spesifieke veld van bemagtiging is, hoe beter is die uitkomste in die proses. “This opportunity to influence outcomes beyond the local level will likely enhance employees’ percieved opportunity to influence workplace outcomes.” Hoe breër die invloed van die bemagtigde kan raak hoe wyer sal hy of sy betrokke raak by die proses en die soeke na verbetering in die stelsel. Die verhoging van die invloed van die objek van bemagtiging verhoog die objek se betrokkenheid, houding en ingesteldheid en uiteindelik verbintenis. Die proses begin by die verbintenis van die werkgewer of subjek van bemagtiging. “Higher employer commitment should lead to more positive perceptions regarding the company’s willingness to support the employees to exercise authority and power effectively” (Robbins *et al.* 2002: 11). Bemagtiging in onderwys-konteks gaan egter steeds oor die gesagstruktuur binne die onderwys. In die kleurlinggemeenskap voor die demokratiese verkiesing van 1994 is daar ’n ondersoek gelas na onrus wat toe in skole geheers het. Die De Lange-ondersoek van 1981 het bepaal dat ’n verandering in die gesagstruktuur van onderwys ’n verskil kan bring (Meyer 1991: 23). Die verandering wat Meyer voorstel is dat rolspelers in die onderwysstelsel bemagtig moet word deur ’n humanisties-geöriënteerde opvoedingstelsel. Hierdie opvoedingstelsel is ’n vorm van “sielkundige bemagtiging van leerkragte, leerlinge en hulle ouers” (Meyer 1991: 26). Al die rolspelers moet egter in die beplanning van die stelsel betrokke wees. Dit is belangrik dat “programme spesifiek vir bepaalde goed gedefiniëerde teikengroepe in samewerking met die teikengroepe ontwikkel en aangebied word ten einde doeltreffendheid te optimaliseer en bemagtiging te bewerkstellig” (Meyer 1991: 238). Lede van die teikensisteme sal vir hulle betrokkenheid by die proses opleiding moet ontvang.

Vir die kerk kan die insigte wat verwerf is in die konteks van onderrig ’n groot bydrae lewer wanneer daar van lidmaat-bemagtiging gepraat word. Die kerk sal byvoorbeeld baie duidelik moet uitspel wie die subjek en wie die objek van bemagtiging is. Indien lidmate nie self betrek word by die vasstelling van die bemagtigingsproses vir lidmate nie, sal die kerk nie suksesvol wees in sy ideaal van bemagtiging van lidmate om langs hierdie weg die evangelie van hoop aan

die wêreld te bring nie. Daar moet baie duidelik uitgespel word wat die kerk se motivering is vir die bemagtiging van lidmate. Bemagtiging kan byvoorbeeld nie net handel oor die denominasie of gemeente en die behoud van die kerk se gesag in die lewens van lidmate of potensiële lidmate nie aangesien dit dieselfde kritiek op die hals sal haal as die sogenaamde "top-down management empowerment schemes". Bemagtiging moet by die verandering van gesindhede van die "bestuursvlak" begin om op "grondvlak" sinvol te kan wees. Indien bemagtiging iets is waaroor "bestuur" alleen besluit het en dan in die "middel-" en "laervlak" van die organisasie moet gebeur sodat die "topvlak" nog veiliger in hulle mag kan setel, is bemagtingsaktiwiteite uiteindelik onsuksesvol.

**Gevolgtrekking 7.4:**

Toerusting en opleiding is 'n belangrike onderdeel van bemagtiging en is bemagtigend maar is nie gelykstaande aan bemagtiging nie.

**Gevolgtrekking 7.5:**

Hoe meer bemagtiging die invloedsfeer van die objek van bemagtiging vergroot hoe meer verhoog die objek se betrokkenheid, houding, ingesteldheid en verbintenis aan die struktuur waarbinne bemagtiging geskied.

**Gevolgtrekking 7.6:**

Bemagtiging word meestal bestuur deur diegene in die struktuur met mag en dit beklemtoon juis die onderdanigheid van die objek van bemagtiging en pogings tot bemagtiging lei tot gevoelens van magteloosheid.

### 7.7 Bemagtiging in die konteks van Maatskaplike- en Gemeenskapsdiens:

In die soeke na 'n gemeenskapsmodel vir berading werk Lewis *et al.* (2003) met 'n definisie wat bemagtiging omskryf as 'n proses waardeur individue, organisasies of groepe wat sonder mag is of gemarginaliseerd is bewus raak van

(a) die dinamiek van mag wat in hulle eie konteks figureer;

(b) die vermoeëns en kapasiteit ontwikkel om sekere redelike beheer oor hulle eie lewe te bekom;

(c) beheer wat hulle dan wel uitoefen;

(d) sonder om die regte van ander te benadeel;

(e) terwyl hulle die bemagtiging van ander in die gemeenskap aktief ondersteun (Lewis, Lewis, Daniels en D'Andrea 2003: 22).

In die konteks van maatskaplike- of gemeenskapsdiens kan berading bemagtigend wees indien dit indiwidiuele en sistemiese veranderings teweegbring (Lewis *et al.* 2003: 22).

Robbins *et al.* (2002: 6) stel voor dat sielkundige bemagtiging ("psychological empowerment") vier dimensies het wat spesifiek fokus op die individu se taak of rol. Hierdie dimensies sluit dan in: (1) "meaning" of betekenis van die werksdoelwit gemeet aan die individu se eie geloof, waardes, gedrag, ideale en standaarde; (2) "competence" of vlak van vermoë van eie persoonlike bemeestering van die taak; (3) "self-determination" of die individu se uitoefening van keuses of die outonomie in die bestuur van werksgedrag en prosesse; (4) "impact, which refers to an individual's perceived degree of influence over outcomes in one's work environment. … employees must want to do the task, or … feel that it is worthwile (meaning). In addition they must feel that they are competent to engage in the behaviours required by the environment (competence), must perceive the opportunity to make a choice (self-determination), and must believe that their behavior will have some influence on what happens in this environment (impact)" (Robbins *et al.* 2002: 6). Sielkundige bemagtiging hang dus baie nou saam met die persepsies van die objek van bemagtiging. "In sum, we propose that psychological empowerment reflects the ongoing eb and flow of people's perceptions and attitudes about their work environment (both local and broader organization context) in relation to themselves" (Robbins *et al.* 2002: 8). Diegene wat bemagtig word moet beleef dat hulle gesag het om sekere take af te handel en verder 'n belewenis hê daarvan dat hulle die ondersteuning het om die geleenthede wat daar is te kan gebruik.

"… empowerment in community care gives rights to its users and those that care for them" (Lincoln *et al.* 2002: 278). Soos in ander kontekste waarin die term gebruik word is daar in gemeenskapdiens 'n mikro en 'n makro konteks waarbinne bemagtiging kan plaasvind. "Here the dichotomy re-emerges between individual and social factors" (Lincoln *et al.* 2002: 278). In gemeenskapsdiens gaan bemagtiging nie net oor die vryheid van keuses nie maar sluit dit in of die objek van bemagtiging in staat is om hierdie keuses fisies te kan uitvoer. Aangesien die

objekte van bemagtiging in gemeenskapsdiens se vermoeëns drasties van mekaar kan verskil moet bemagtiging op persoonlike en groepsvlak aangespreek word. In gemeenskapsdiens is die objek van bemagtiging te onderskei in die bemagtiging van die persoon wat gemeenskapsdiens ontvang en diegene wat die dienste lewer. Die oogmerke met die bemagtiging van diegene wat gemeenskapsdiens lewer is sodat hierdie persone se houding teenoor die dienste wat gelewer word positief verander. Om hierdie verandering teweeg te bring moet die verbintenis tot bemagtiging van bestuursvlak uitgaan. Bestuurders is in die posisie om nie net bemagtiging te vereis nie maar om self verbind te wees daartoe.

Baie skrywers is van mening dat indien die objek van bemagtiging die persoon is wat gemeenskaps- of maatskaplike dienste ontvang, dit belangrik is om in gedagte te hou dat daardie persoon die ekspert is op die terrein van dienste wat hy of sy benodig (Lewis *et al.* 2003: 207). Die persoon wat dienste lewer moet die een wat die dienste ontvang begelei tot insig in sy of haar situasie sodat hy of sy gehelp kan word om meer selfstandig en bemagtig te wees. “This recognition, that those more in touch with a particular situation are more likely to be the expert in that situation, is particularly central to empowerment in Community Care” (Lincoln *et al.* 2002: 279). Reyneke (2004: 121) stel daarom voor dat navorsing wat kan lei tot maatskaplike dienslewering in ’n gemeenskap “deelnemende aksienavorsing” moet wees om by te dra tot die bemagtiging van daardie gemeenskap. “ ‘Deelnemende Aksienavorsing’ werk vanuit die aanname dat die agtergesteldes self betrokke moet wees by die hele navorsingsproses” (Reyneke 2004: 116). So word mense bemagtig “wat nie oor mag beskik nie, om hulle ’n stem te gee en om hulle keuses uit te brei” (Reyneke 2004: 121). Hy definieër bemagtiging daarom as “daardie aksie wat daarop gerig is om groepe wat oor minder geleenthede beskik te help om hulle potensiaal te identifiseer, en dit uit te brei en te ontwikkel” (Reyneke 2004: 121). Die subjek van bemagtiging is eerder ’n fasiliteerder as ’n ekspert. Die gemeenskap moet self eienaarskap vir die dienste aanvaar.

Alhoewel daar baie geleer kan word uit die feit dat die objek van bemagtiging betrek moet word by die proses sonder dat bemagtiging van “bo” met hom, haar of die groep gebeur, moet daar hier ’n woord van waarskuwing gehoor word. Die persoon of groep van persone wat bemagtig word is nie altyd beter geposisioneer om te weet wat hy of sy benodig om binne die een of ander situasie ten beste te funksioneer nie. “It is difficult to reconcile the adjectives used to identify empowerment in the literature with the world and experience of participants. The experiences of these participants shows more dissatisfaction and confusion with empowerment programs”

(Mandefrot 2003: 6). Dit is een van die redes waarom Wolfensberger (2002: 256) die gedagte van bemagtiging in sosiale dienste verwerp, veral in die konteks van mense wat inrigtingsorg benodig. In die kader van geestesgesondheid verkies hy om in plaas van bemagtiging te praat van "Social Role Valorization" of SRV.

"SRV is an empiricism-based body of theory (actually, an amalgam of multiple theories) that can describe, explain, and predict phenomena, but that does not prescribe, even though SRV was created with the hope that it would be used as a basis for role-valorizing actions" (Wolfensberger 2002: 253). Die uitgangspunt van SRV is dat 'n individu se situasie sal verbeter indien hy of sy daarna sou strewe om die een of ander sosiale rol te vervul wat deur ander lede van die gemeenskap hoog aangeskryf word. In hierdie uitgangspunt word die "competency impairments" van die objek in gedagte gehou. Die doelwit van SRV is die verbetering van bevoegdhede van gemarginaliseerdes. Dit gaan daarom nie oor regte en magte waarop die individu aanspraak maak of wat op die individu afgeforseer word nie. Deur SRV kry die waardes en norme van die hele gemeenskap 'n sentrale plek in die mate waarin enige persoon 'n meer gewaardeerde rol kan vervul. Die begeerte van die mens "om te behoort" is dalk hier selfs 'n groter dryfkrag as by bemagtiging. Om die gevaar van verkeerde keuses van die objek van bemagting in sosiale dienste te beskryf vertel Wolfensberger die volgende verhaaltjie:

> *"For two days in December, a hardy fly survivor had been buzzing at my office window, trying to find a way out into the light. Finally I opened the window a crack, and with a piece of paper gave the fly an assist to fly out to liberty – where there was a raging ice storm. Knowing full well that the fly would die within a matter of minutes, I rationalized the whole thing by reminding myself that the fly had given ample evidence of 'wanting' to get out, and that I had done nothing directly to kill it. But then it suddenly occurred to me how comparable all this rationalizing was to a certain class of modernistic people asserting vehemently that the duty of service workers or advocates was to find out what persons of impaired mental competency wanted, and then giving it to them, enabling them to do/be it, or doing it for them. Thus, when a mentally retarded person 'wants out' from anyone's control and subsequently becomes homeless and freezes to death on the streets, the advocates can blithely assert that after all, the person wanted to be free rather than being under supervision, experienced the dignity of risk, and had every right to 'die with his rights on' "* (Wolfensberger 2002*: 256)*

Wanneer die objek van bemagtiging die ekspert is wat die inhoud daarvan kan bepaal herinner dit aan die sogenaamde "contructivism" van pastoraat waarna Janse van Renburg (2000: 50)

verwys. Die waarskuwing wat hy in sake die pastoraat laat hoor moet in die kerk se vasstelling van prosesse van bemagtiging vir lidmate ter harte geneem word. Die objek as ekspert vra nie noodwendig na Bybelse waarhede en inhoude vir bemagtiging nie. Sonder ’n Bybelse inhoud word bemagtiging in die kerk ’n humanitêre daad wat nie baie verskil van soortgelyke aksies buite die kerk nie.

Alhoewel hierdie waarskuwing in die kerk se pogings tot bemagtiging verreken moet word dring literatuur in sake bemagtiging in maatskaplike of gemeenskapsdiens daarom aan om gehoor te word. Indien die objek van bemagtiging geen rol te speel het in die proses nie kan hy of sy die proses van bemagtiging soms selfs as nuwe, meer subtiele vorme van onderdrukking en die ontneming van mag ervaar! Hierteen moet die kerk eweneens waak. “Empowerment leaders, as social engineers, come to help the weak and the devastated, with their own blueprints (read empowerment manuals) of their own choosing” (Mandefrot 2003: 5). Lidmate, as die objekte van bemagtiging, mag in die kerk nie so, magteloos aan die ontvangkant van die bemagtigingshandeling staan nie.

**Gevolgtrekking 7.7:**

Bemagtiging geskied in wisselwerking tussen die objek van bemagtiging as spesialis van sy of haar situasie, en die subjek van bemagtiging as fasiliteerder in die verbetering van hierdie situasie. Die interaksie tussen subjek en objek geskied met in ag neming van die waardes en norme van die gemeenskap of struktuur waarbinne dit geskied op so ’n wyse dat die objek van bemagtiging ’n meer gewaardeerde rol kan vervul in die spesifieke gemeenskap of struktuur.

### 7.8 Bemagtiging in ’n politieke konteks:

Die gebruik van die term bemagtiging in ’n politieke konteks het, meer as in ander kontekste, ’n revolusionêre trant wat die gebruikers van die term aanwend om aan hoorders die idee te skep dat utopiese drome bereik kan word deur die aanvaarding van die een of ander bemagtigende stelsel of struktuur. Bemagtiging in ’n politieke konteks vind op drie vlakke plaas. Dit vind plaas op óf ’n nasionale, óf ’n plaaslike, óf ’n individuele vlak (Lincoln *et al.* 2002: 281). Op nasionale vlak beteken politiese bemagtiging die mobilisering van ’n andersdenkende groep wat die bestaande leierskap omverwerp in ’n revolusie. Dit is in so ’n konstruksie nie die revolusie *per se* wat bemagtigend is nie maar eerder die gevolge van rewolusie soos die herverdeling van

rykdom en uitwissing van imperialisme wat uiteindelik kan lei tot individuele bemagtiging. Op plaaslike vlak verwys politieke bemagtiging na die pogings van die nasionale regering wat deur sy programme op voetsoolvlak deur openbare beleid meer erkenning, respek en betrokkenheid gee aan plaaslike werksaamhede van gemeenskappe. In die politieke konteks word die individu as verbruiker bemagtig wanneer politieke stelsels so ontwerp word dat die behoeftes van die individu sentraal staan. In so ’n konteks word die stemgeregtigde ’n verbruiker wat op sekere standaarde van diens aanspraak kan maak aangesien dit sy of haar individuele reg is. “In short, the use of empowerment in the political literature can be seen to relate to the existence of, and problems with, governmental control within a pluralist society. As has been emphasized, empowerment is not the shifting around of a constant amount of power, rather it is the creation of more power …” (Lincoln *et al.* 2002: 281).

Die kerk moet in die gebruik van die woord “bemagtiging” weet dat hy hom op ’n speelveld bevind waar die politieke inhoud van die woord baie sterk deur die propaganda van politici gekleur word. Mense het daarom ’n baie spesifieke inhoud wat hulle aan die term gee. Hierdie inhoud is dikwels polities gekleur en gaan vir baie nog oor die aanvanklike gedagte van “mag” wat steeds die stamwoord van die term “bemagtiging” is.

**Gevolgtrekking 7.8:**

Die term “bemagtiging” hou vir sommige hoorders die gedagte van ’n politieke utopia in.

**Gevolgtrekking 7.9:**

Bemagtiging is nie die verskuiwing van ’n konstante hoeveelheid van mag in ’n gemeenskap of struktuur nie maar is die skep van meer mag en energie.

## 7.9 Bemagtiging in die konteks van Bestuurswetenskappe

In die konteks van bestuurswetenskappe kan gesê word: “The ultimate goal in empowerment is to leave employees optimistic, involved, committed, able to cope with adversity and willing to perform independently and responsibly” (Mandefrot 2003: 5 & 6). Bemagtiging is “a means of locating opportunities for hope.” In bestuursterme is bemagtiging ’n stelsel van deelname en delegasie wat deur ’n proses van opheffing die selfwaarde en doeltreffendheid van werkers

opskerp. Dit gebeur deur die identifisering van toestande wat gevoelens van magteloosheid voed, waarna daar deur die verspreiding van inligting oor die doeltreffendheid van die organisasie, hierdie toestande verwyder word. Die bemagtigingsproses word versterk deur formele organisatoriese praktyke en informele tegnieke. "The implication is that empowerment is an end product and that the 'process' … is essentially a mixture of employee involvement techniques" (Lincoln *et al.* 2002: 282). Bemagtiging in die werkplek is die meedeling van mag en inligting sodat die werknemer meer vertroue moet hê in sy of haar eie vermoeëns sodat hy of sy effektief kan wees. "… empowerment is the sharing of information with employees about the organisation's performance, knowledge that enables employees to understand and contribute to the company's performance, and power to make decisions that influence organisational direction and performance" (Mazibuko en Boshoff 2003: 36 & 37).

Op die oog af lyk dit meestal asof bestuur by aktiwiteite van bemagtiging betrokke is tot die voordeel van die werkers. By nadere ondersoek blyk dit soms dat stelsels vir bemagtiging in organisasies geïmplimenteer word ter wille van die organisasies self, soos byvoorbeeld om die afwesigheid van werkers te bekamp of om die hoë omset van werknemers te bestry. "The organization context (e.g., top management commitment, the history and range of involvement) will influence empowerment elements in the local work environment" (Robbins *et al*. 2002: 10). Die redes waarom bestuur by bemagtiging betrokke raak moet baie goed uitgespel word. "In theory, organizational empowerment should be a way of removing oppression but, in practice, it can be seen as reaserting the oppression due to the fact that redistributing power is not management's real concern" (Lincoln *et al.* 2002: 282). Bemagtiging moet nie verwar word met delegasie nie. Met eersgenoemde word die een of ander taak of projek so volledig aan iemand anders oorgedra dat daar "afstand" kom tussen die een wat die taak gegee het en die uiteindelike wyse waarop die opdrag uitgevoer word. Bemagtiging is, anders as delegasie, nie werk wat gedoen word net omdat bestuur dit van die werker verwag nie. Bemagtiging is eerder die emosionele respons van die werker op opdragte. Met die oog op 'n positiewe emosionele respons het die onmiddelike konteks, ondersteuning, menslike hulpbronne en kontekstuele bestuurstelsels waarbinne die werknemer hom- of haarself bevind 'n baie groot uitwerking op die sukses van bemagtiging. Die mate waarin die individu self kontrole uitoefen of toegelaat word om inisiatief te mag neem sal 'n direkte invloed uitoefen op die waardes wat geheg word aan die betekenis van werk.

Robbins *et al.* (2002: 28) dui aan dat daar in die bestuurswetenskappe steeds baie groot onsekerheid heers oor die prosesse wat gevolg moet word sodat dit 'n verbetering kan bring in enige organisasie se prestasie. Hulle dui egter wel aan dat daar spesifieke verbintenisse is tussen "the organization context, the local work environment, employee perceptions and attitudes, and specific components of psychological empowerment" (Robbins *et al.* 2002: 41).

**Gevolgtrekking 7.10:**

Bemagtiging is 'n proses van deelname en delegasie waarin delegasie lei tot 'n verbetering in die werker se werksprestasie aangesien hy of sy ervaar dat hy of sy in beheer is.

**Gevolgtrekking 7.11:**

Die redes waarom bestuur by bemagtiging betrokke is moet baie duidelik uitgespel word sodat dit nie lei tot suspisies by die objek van bemagtiging nie.

**Gevolgtrekking 7.12:**

Die verspreiding van inligting in die strukture waarbinne bemagtiging gebeur is baie belangrik.

**Gevolgtrekking 7.13:**

In bemagtiging moet die mikro en makro konteks van die objek in berekening gebring word. In die onmiddelike of mikro konteks speel dinge soos ondersteuning, die beskikbaarheid van hulpbronne en kontekstuele bestuurstelsels 'n baie belangrike rol.

## 7.10 Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBBEE)

In Suid Afrika word die term "bemagtiging" sedert die 1994 verkiesing dikwels gehoor in dieselfde asem as "regstellende aksie" en "grondhervorming". Beide hierdie sake vorm deel van 'n regeringstrategie vir die bemagtiging van voorheen benadeelde individue en gemeenskappe. BBBEE maak saam met ander programme deel uit van die regering se pogings om die Suid Afrikaanse gemeenskap in 'n nie-rassige nasie te hervorm. Mandla Gantsho, Hoof Uitvoerende en Besturende Direkteur van die Ontwikkelingsbank van Suid Afrika Beperk sê hieroor:

“Although broad-based black economic empowerment is but one ingredient of an array of interventions required to redress the socioeconomic legacy of apartheid, it can, and should, go a long way towards ensuring the entry and ascendance of historically disadvantaged individuals and groups into the mainstream of the country’s economy” (Balshaw en Goldberg 2005: 13).

BEE “is a government initiative to promote economic transformation in order to enable meaningful participation in the economy by black people” (Balshaw en Goldberg 2005: 16). Die demokratiese regering van 1994 is verkies met die duidelike mandaat om die ongelykheid in die samelewing van Suid Afrika aan te spreek. Hierdie ongelykhede bestaan in die politieke, ekonomiese en sosiale sfere van die land. As gevolg van die geskiedenis van apartheid is die meeste van die land se produksie bates meestal in die hande van blanke eienaars. Vir baie is die begrip BEE (“Black Economic Empowerment”) om die eienaarskap of gedeeltes van sakeondernemings gewoon oor te plaas in swart besit (Balshaw en Goldberg 2005: 17). Hierdie eng siening van swart ekonomiese bemagtiging lei egter tot praktyke wat nie deel uitmaak van die regering se doelwit met BEE nie. Die doel van BEE is nie “briefhoof venote” wat vir sommige slegs beteken dat die sakeonderneming se briefhoof ’n swart vennoot se naam moet bevat om te kan kwalifiseer as bemagtigend nie. Die regering het vir hierdie rede van BEE af na BBBEE beweeg. “The reason for the broad-based approach has been the percieved failure of economic tranformation due to the problem that many role-players, including government, have viewed broad-based BEE from the narrow ownership perspective” (Balshaw en Goldberg 2005: 18). Eienaarskap alleen is nie bemagtigend nie. “BEE-driven transformation is broad-based and will entail the genuine involvement of all stakeholders, led in particular by the incumbent owners and managers” (Balshaw en Goldberg 2005: 18). Die regering het in die wet in sake swart bemagtiging (BBBEE Act 53 of 2003) baie duidelik uitgespel wat breë basis swart bemagtiging is en hoe dit moet geskied.

Sommige van die waardes van BBBEE is volgens Balshaw en Goldberg (2005: 36) grootse leierskap, sterk etiese waardes, ’n baie hoë vlak van vertroue tussen die onderskeie partye, eenvoud, eksplisiet gekommunikeerde doelwitte, die ontwikkeling van ’n gemeenskaplike “creed or code of conduct”, die omarming van konstruktiewe verandering, die behoorlike omskrywing van rolle in ’n konteks van transparansie en toerekenbaarheid, meetbaarheid en ’n proses van mentorskap. Baie van hierdie waardes behoort deel uit te maak van die kerk se prosesse van bemagting van gelowiges.

BBBEE is ’n poging om die ekonomie van die land op ’n afro-sentriese wyse te reformeer. In hierdie siening van die werklikheid word breër gemeenskapswaardes opgeweeg teen ekonomiese effektiwiteit. ’n Klem word geplaas op “ubuntu” wat die belange van die individu slegs meet binne die kollektiewe belange van die gemeenskap (Balshaw en Goldberg 2005: 45). In die lig hiervan kan bemagtiging omskryf word as “a ‘permission to play’ set of fundamental, strategically sound beliefs and values” (Balshaw en Goldberg 2005: 48). Hierdie waardes is daardie sentrale kern wat te midde van verandering en aanpassing onveranderd bly. In ’n post-moderne wêreld wat teen ’n baie vinnige pas verander sal die enigste vorm van stabiliteit gevind word in hierdie onveranderlike kern-waardes. Die fokus van BBBEE het verskuif daarvan om een swart persoon as vennoot te betrek tot die benutting van ’n hele sakeonderneming om so breed as moontlik swartmense toegang te verleen tot die land se ekonomie. Die doel het verskuif van net die herstel van vorige ongeregtigheid in die Suid Afrikaanse samelewing na die groei van die land se ekonomie tot voordeel van elke inwoner van die land. In hierdie veband het Gill Marcus, voormalige adjunk goewerneur van die SA Reserwe Bank gesê: “If we change the ownership in the economy, but the economy is still the same size, we have achieved only one level of success, but have not succeeded in what we want to do with the economy” (Balshaw en Goldberg 2005: 17).

Die kerk kan baie leer van die beginsels van wat bemagtiging is , soos toegepas in BBBEE. In die regering se hantering van swart bemagtiging speel duidelike, eenvoudige omskrywings ’n belangrike rol. Die doelwitte van bemagtiging is duidelik omskryf terwyl die subjek, objek en metodes van bemagtiging duidelik gereguleer word. Bemagtiging is nie ’n lukrake beginsel nie maar het meetbare uitkomste. Die gedagte dat bemagtiging handel oor ’n proses om persone wat ’n belewenis het van nie-behoort nie te laat beleef dat hulle wel behoort word onderstreep deur BBBEE.

**Gevolgtrekking 7.14:**

Bemagtiging moet onder andere die volgende elemente bevat:

- die betrokkenheid en betekenisvolle deelname van alle rolspelers;
- die ontwikkeling van menslike hulpbronne en vaardighede;
- die verbetering van toegang tot die aktiwiteite van die struktuur waarbinne bemagtiging plaasvind;

- ’n baie hoë vlak van vertroue tussen die betrokke partye;
- egtheid, kreatiwiteit en eenvoud;
- konstruktiewe verandering van strukture;
- die behoorlike omskrywing van die rolle van alle betrokke partye;
- die meetbaarheid van die proses;
- ’n proses van mentorskap;
- die fokus op die belange van die individu binne die konteks van die kollektiewe belange van die struktuur;
- die bepaling van ’n sterk kern van waardes wat te midde van die veranderings wat deur bemagtiging teweeggebring word onveranderd bly.

## 7.11 Bemagtiging soos dit alreeds in ’n kerklike konteks benut word

In ’n poging om die kerklike gebruik van die term “bemagtiging” te omskryf word die leser oorval met materiaal waaruit dit nie altyd maklik af te lei is wat die betekenis van “bemagtiging” in hierdie konteks is nie. Om die ondersoek te beperk is daar gekies om die term te ondersoek soos wat dit gebruik is in die amptelike stukke van vier sinodes sedert die draai van die millenium. Die Agendas en Handelinge van die Algemene Sinodesittings van 2002 en 2004 en van die Kerk in die Oranje Vrystaat van 2003 en 2005 is vir hierdie ondersoek gebruik. Na die Algemene Sinode van 2004 het die Algemene Diensgroep vir Gemeente Ontwikkeling (ADGO) ’n sub-komitee vir Lidmaatbemagtiging tot stand gebring. Dokumente wat hierdie komitee die lig laat sien het word in die veld van studie ingesluit.

### 7.11.1 “Bemagtiging” soos benut in die Agenda en Handelinge van die Algemene Sinode - 2002

In die stukke wat die Algemene sinodesitting van 2002 voorafgegaan het is daar nie ’n eenduidige omskrywing van wat die kerk op hierdie stadium onder die term “bemagtiging” verstaan nie. Die volgende verwysings na bemagtiging is wel gevind:

- **“**Bemagtiging” is die benutting van nuwe kommunikasiemetodes. “Die IT-bediening wil die kerk as geheel bemagtig om kommunikasiemetodes soos internet, e-pos, SMS, videoprojektors en ander multimedia tegnieke te gebruik om die evangelie te versprei” (Agenda, Alg Sinode, 2002: 167);

- In ’n stuk oor grondhervorming stel AKLAS dat “bemagtiging” ’n politieke saak is wat saamhang met die besit van ’n eie grondgebied. “By alles is daar in die reël ook ’n verband tussen ’n eie grondgebied en politieke bemagtiging” (Agenda, Alg Sinode, 2002: 220);
- Die bemagtiging van gelowiges word gesien as een van die bene waarop Arbeidsbediening staan. “Industriële Sending” het plek gemaak vir “Arbeidsbediening” wat die arbeidswêreld ekumenies betree met die fokus op twee terreine. “Enersyds om kundige professionele kerklike (geestelike en etiese berading, en ander opdragte) aan die bedryf (beide bestuur en werkers) te lewer, en andersyds om die gelowiges in en vir die werkplek te bemagtig” (Agenda, Alg Sinode, 2002: 327). Hoe hierdie bemagtiging moet gebeur word nie omskryf nie;
- Dit is nie net individue of groepe van mense wat bemagtig word nie. Dit blyk dat die sinode, in die hantering van ’n beskrywingspunt wat ontvang is van die Sinode van Noord-Transvaal (Agenda, Alg Sinode, 2002: 442), gemeentes kan “bemagtig”. Deur ’n nuwe indeling van sinodale grense volgens “staatkundige (provinsiale) grense” kan die kerk se skakeling met die owerheid verbeter en kan dit meewerk tot “die bemagtiging van gemeentes van plattelandse gebiede” (Agenda, Alg Sinode, 2002: 364). Wat presies hier met bemagting of die bemagtiging van gemeentes van plattelandse gebiede bedoel word is ongelukkig nie uit die konteks af te lei nie. Die beskrywingspunt vermeld “skakeling met die owerheid” en dus kan hieruit afgelei word dat “bemagtiging” ’n politieke konotasie moet hê. Hoe die nuwe sinodale grense tot “bemagtiging” sal lei is egter onseker;
- Bemagtiging kan gender-spesifieke behoeftes aanspreek. Die Vrouediens rapporteer dat hierdie kommissie veral die “vrouelidmate” wil “bemagtig om met die nodige kennis en toerusting ’n daadwerklike bydrae tot die vigspandemie te lewer” (Agenda, Alg Sinode, 2002: 424). Dit blyk dat “bemagtiging” in hierdie konteks die oordra van “kennis en toerusting” is;
- “Geletterdheidsprogramme” kan armes wat ongeletterd is “bemagtig om vir hulle regte op te staan” (Agenda, Alg Sinode, 2002: 27). Bemagtiging het hier moontlik beide die betekenis van die oordra van vaardighede en die aandrang op politieke mag;
- Die oordra van kennis en ander vaardighede maak deel uit van ’n strategie vir die versorging van kinders wat as gevolg van Vigs, wees gelaat is. “’n Moontlikheid is om hierdie vigswesie-huishoudings met die nodige kundigheid te bemagtig, sodat hulle as deel van die gemeenskap kan bly funksioneer” (Agenda, Alg Sinode, 2002: 29). Die oordra van “kundigheid” wat moontlik kan dui op die oordrag van sogenaamde “soft-skills” soos kennis en die aanleer van vaardighede, is hier die kern betekenis van “bemagtiging”;

- Die term "bemagtiging" word soms so deur die kerk gebruik dat dit geen betekenis of inhoud het nie. As een van die doelwitte van die Nasionale Kerklike Maatskaplikediensteraad word daar byvoorbeeld genoem: "Die organisasie beywer hom vir onderlinge bemagtiging strategiese besinning ontvangs, versameling, verwerking en deergee van inligting" (Agenda, Alg Sinode, 2002: 36). Met die afwesigheid van leestekens in hierdie paragraaf lees dit baie moeilik en is dit moeilik om af te lei wat die doelwit met "bemagtiging" kan wees. Dit mag wees dat onderskeie streeksinodes mekaar onderling bemagtig deur die aktiwiteite van versameling en deurgee van inligting. Die saak word hier nie gedien deur 'n term aan te wend wat glad nie omskryf word of binne die konteks sin maak nie;
- Die omvattendste omskrywing van wat "bemagtiging" in die kerklike konteks kan beteken word gevind in die Algemene Sinode se verslag "Predikantsbediening as Woordbediening in die Koninkryk van God" (Agenda 2002: 125 – 128). Uit hierdie verslag blyk dit dat die erediens en veral die Woordverkondiging vir die gelowige wat nie in 'n besondere amp staan nie bemagtigend kan wees. Die predikant, as bedienaar van die Woord, speel in hierdie bemagtiging 'n leidende rol. "Die predikant is in die gees van Efesiërs 4:11 een van die **gawes wat die Gees aan die gemeente gee.** Die Gees gee die predikant as gawe aan die gemeente om die lidmate vir hulle dienswerk bekwaam te maak. Hierdie bekwaammakings- of opleidingsperspektief (*katartismos* – Ef 4:12) is 'n belangrike aspek van die predikant se roeping tot Woordbediening. Dit onderskei die predikant se roeping tot Woordbediening van dié van die ander lidmate. Die predikant lei ander lidmate op om met Jesus se hart die mense te verstaan en vir hulle om te gee, om met sy ore na hulle te luister, om met sy lippe vir hulle woorde te sê wat genesing kan bring en hoop kan bied, en om hulle met sy hande prakties te versorg. Onder leiding van die predikant kom die twee wêrelde van God se koninkryk en die alledaagse leefwêreld ook in die lewe van die gemeente tot 'n hermeneutiese ontmoeting. So word die lidmate bemagtig om te leef wat hulle in Christus reeds is" (Agenda, Alg Sinode, 2002: 126). In hierdie paragraaf is die betekenis van "bemagtiging" baie duidelik omskryf. Dit is duidelik dat predikante die subjek van bemagtiging is. Die metodes vir die "bemagtiging" van lidmate is Woordbediening wat benut word met 'n "bekwaammakings- of opleidingsperspektief". Bekwaammaking en opleiding is hier meer as net die oordra van kennis. Dit gaan hier oor die vermoeëns wat lidmate in staat stel om "met Jesus se hart die mense te verstaan", vir hulle om te gee, na hulle te luister en om woorde te sê wat "genesing kan bring en hoop te kan bied". Die doel vir bemagtiging is om mense "prakties te versorg". Die objek van bemagtiging is volgens hierdie studiestuk "die gemeente as geheel" sodat hulle "hulle dienswerk … kan doen" (Agenda, Alg Sinode, 2002: 126);

- Na hierdie omvattende en positiewe beskrywing van “bemagtiging” kan bemagtiging volgens dieselfde sinode die negatiewe gevolg van modernisme se demokratisering van die samelewing met eise ten opsigte van die regte van die individu wees. In ’n beoordeling van die waarde van ’n kleingroepbediening in die Ned Geref Kerk word die ontwikkeling van ’n groter behoefte aan kleingroepe in die verslag “Kleingroepbediening” (Agenda, Alg Sinode, 2002: 151 – 157) toegeskryf aan mense se reaksie op Modernisme. In dié era het die klem op menslike rede gelei tot “gevoelens van individualiteit” (Agenda, Alg Sinode, 2002: 152) en ’n “proses van demokratisering” het in die samelewing plaasgevind. In hierdie proses het die mens sy wil meer laat geld en het woorde soos “mondigheid” en “bemagtiging” sleutelwoorde geword. Alhoewel die sinode positief oordeel oor die benutting van kleingroepe as antwoord op die era waar “hiërargiese strukture nie meer so sterk soos vroeër funksioneer nie”, oordeel dit negatief oor “bemagtiging” as modewoord uit die moderne era.

Uit bogemelde uittreksels is dit duidelik dat daar vir die Algemene Sinode van 2002 nie ’n baie duidelik omlynde definisie is vir “bemagtiging” nie. In die een verslag aanvaar die sinode dat “bemagtiging” die taak van die dominee in die gemeente is terwyl dit in die ander afgemaak word as ’n modewoord uit die modernisme. Van ware bemagtiging kan daar nie sprake wees indien die term en proses en die moontlike uitkomste nie goed omskryf is nie.

**Gevolgtrekking 7.15:**

As die kerklike gebruik van die term “bemagtiging” nie goed omskryf word nie mag die benutting daarvan waargeneem word as bloot ’n modewoord uit die modernisme.

**Gevolgtrekking 7.16:**

In kerklike konteks kan “bemagtiging” onder andere die volgende elemente bevat:

- Die predikant as subjek;
- Die lidmaat as objek;
- Die erediens, Woordverkondiging, die oordra van kennis en “soft skills” as metode;
- Die hermeneutiese ontmoeting tussen die twee wêrelde van God se koninkryk en die alledaagse wêreld as doelwit vir bemagtiging. Hierdie ontmoeting het ten doel om te hoor, genesing te bring, praktiese versorging en die bring van hoop.

### 7.11.2 "Bemagtiging" soos benut in die Agenda en Handelinge van die Algemene Sinode - 2004

Tydens die sitting van die Algemene Sinode van 2004 is daar nie groter duidelikheid oor wat die betekenis van die term "bemagtiging" in 'n kerklike konteks is nie.

- Die "Goeie Herder-Strategie" waarmee die sinode die uitdagings wat die MIV/Vigs pandemie wil aanspreek definieër die rol van die Algemene Sinode as, onder andere "om bemagtingsprosess te fasiliteer en te ondersteun" (Agenda, Alg Sinode, 2004: 26). Wat hierdie prosesse is en hoe die sinode dit moet fasiliteer en ondersteun word nie vermeld nie;
- Uit die res van die dokumentasie van die "Goeie Herder-Strategie" blyk dit dat "bemagtiging" vir die Sinodale Kommissie vir Diensgetuies inhou "die opbou van Bybelse waardes en die ontwikkeling van lewensvaardighede" (Agenda, Alg Sinode, 2004: 29). Hierdie waardes en vaardighede "bemagtig (lidmate) om Bybels-verantwoordbare keuses uit te oefen" (Agenda, Alg Sinode, 2004: 29). "Sosiale en ekonomiese bemagtiging van vroue en kinders" is een van die "intervensies wat afgestem is op die ontwikkeling of handhawing van lewensomstandighede waarbinne lidmate eb andere die regte keuses kan maak" (Agenda, Alg Sinode, 2004: 29). "Ekonomiese bemagtiging" maak deel uit van "die kerklike in versorging" (Agenda, Alg Sinode, 2004: 30) van mense met MIV/vigs of deur die pandemie geraak word. Dit is 'n tekrotkoming van hierdie verslag dat dit nêrens die betekenis van bemagtiging omskryf nie. In die verslag is "bemagtiging" tegelykertyd die oordrag van vaardighede, die oordrag van gesag en instaatstelling tot aksies;
- Die benutting van die term "bemagtiging" onder die hofie "Gestuurde Gemeentes" is ook vaag, sonder 'n duidelike omskrywing van wat dit mag beteken. "Gestuurde gemeentes verg ook 'n heel nuwe verstaan van leierskap. … Ruimte word geskep vir 'n gesamentlike leierskap, die bemagtiging van lidmate en gedeelde verantwoordelikheid" (Agenda, Alg Sinode, 2004: 36). Die verslag brei egter nie uit op wat die bemagtiging van lidmate beteken nie;
- In 'n bekendstelling van **Hartklop**, 'n artikel 21 Maatskappy wat fokus op kinders wat as gevolg van Vigs wees gelaat is, word een van die organisasie se doelwitte omskryf as "kapasiteitsbou en bemagtiging van gemeenskapsorganisasies, geloofsgebaseerde organisasies, en nie-regeringsorganisasies, om met Hartklop beginsels, weeskinder-programme op te rig" (Agenda, Alg Sinode, 2004: 63). Hiervoor het hierdie organisasie "'n mentorskap-program" ontwikkel. Alhoewel dit waardeer moet word dat daar in hierdie

verslag uitgebrei word op die praktyk van bemagtiging, naamlik deur mentorskap, is dit nie duidelik wie gementor word nie. Die vraag ontstaan of dit die genoemde organisasies is wat gementor word om by Hartklop se programme betrokke te raak, of is Hartklop se program een van mentorskap aan weeskinders? Die bydrae wat die verslag egter wel maak is dat mentorskap bemagtigend is;

- In die verslag van die Algemene Kommissie vir Fondse (AKF) word "bemagtiging" in sy oorspronklike betekenis, naamlik die oordra van gesag, aangewend. Fondse van die Algemene Sinode word uitsluitlik deur die Algemene Sinodale of deur die Algemene Sinodale Kommissie op aanbeveling van die beheer. Die AKF word deur die Kerkorde "in terme van Reglement 9 daartoe bemagtig … " (Agenda, Alg Sinode, 2004: 94);
- Wanneer die Sinode 'n "Nasionale Byeenkoms van Gelegitimeerdes" bespreek, word daar voorgestel dat die program, onder andere moet fokus op "motivering" van die gelegitimeerdes (Agenda, Alg Sinode, 2004: 105). "Motivering" word in hakkies nader aangedui as "roepingsbewustheid, identiteit, bemagtiging" (Agenda, Alg Sinode, 2004: 105). Die hulp aan iemand om sy of haar taak beter te kan uitvoer is bemagtigend;
- In die verslag van die Algemene Jeugkommissie (AJK) word aangedui dat "nadenke" oor die "gesin" sal lei tot "groter Bybels-teologiese duidelikheid" oor die gesin "sodat kerke meer bemagtig sou wees om hulle stem te laat hoor oor familie-aangeleenthede" (Agenda, Alg Sinode, 2004: 109). "Bemagtiging" is in hierdie verband die opdoen van meer kennis en inligting waarop gemeentes tot positiewe handelinge kan oorgaan. In die AJK se verslag word "bemagtiging" in dieselfde sin gebruik as "motivering" en mag dit die betekenis inhou van praktiese instaatstelling van jongmense om "die onderwys as loopbaan te oorweeg" deur "'n studietrust vir die doel" (Agenda, Alg Sinode, 2004: 115);
- Die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (AKLAS) moedig gemeentes aan om 'n positiewe rol te speel in die nuwe staatkundige bedeling (Agenda, Alg Sinode, 2004: 131 – 138). In hierdie verslag word daarvan melding gemaak dat die "effektiwiteit van die kerklike deelname aan die openbare gesprek" onder andere sal afhang van die "omvang van netwerke en die vermoeë om vennootskappe te stig wat met invloedryke persone in die verskillende samelewingsverbande gevorm word … om gemeentes te bemagtig om te weet hoe om deel te wees van hierdie transformasieprosesse" (Agenda, Alg Sinode, 2004: 136). Bemagtiging in hierdie sin mag dan wees die oordrag van invloed aan gemeentes deur middel van persone en netwerke;
- In die verslag van die Kommissie vir Vrouelidmate word "bemagtiging" moontlik net as wisselterm benut vir "toerusting" (Agenda, Alg Sinode, 2004: 202);

- In die “visionering rondon roepingsverklaring” rapporteer die Taakspan Strategie, Kommunikasie en Stelsels (Taakspan) dat die Sinode van Noord-Transvaal “die groot vrae van ons tyd” onder andere wil aanspreek “onder leiding van bemagtigde leiers” (Agenda, Alg Sinode, 2004: 229). Die praktyk van hoe hierdie sinode die ideaal gaan bereik, word egter nie vermeld nie. In die res van die verslag vermeld die Taakspan dat een van die “kerntake van die Algemene Sinode” onder andere is om deur “taakspanne en kommissies” “netwerke” te skep “as koördinerende strukture om streke te stimuleer en te bemagtig in die uitleef van ons gesamentlike roepingsverstaan” (Agenda, Alg Sinode, 2004: 234). Daar word weer eens geen leidrade gegee van die praktiese implementering van hierdie ideaal nie. Wat wel vermeld word is dat “leierskap bemagtiging” voorkeur moet kry as ’n noodsaaklike strategie (Agenda, Alg Sinode, 2004: 236);
- Die Taakspan meld in sy verslag dat die kerk aksies moet loods “om die lewenskwaliteit van mense te verbeter” (Agenda, Alg Sinode, 2004: 242). “Die klem van verwagte aksies wat die kerk kan loods om die lewenskwaliteit van mense te verbeter val op die verligting van nood by hulpbehoewendes, bemagtiging deur kennis en geestelike uitreiking” (Agenda, Alg Sinode, 2004: 242). Hieruit blyk dit dat bemagtiging die oordrag van “sagte vaardighede” soos kennis kan wees, wat mense in staat stel om self hulle lewenskwaliteit te kan verbeter;
- Die Taakspan gebruik “bemagtiging” ook in sy oorspronklike betekenis naamlik die oordrag van gesag. “Leierskap bemagtiging: leiers moet bemagtig word om die take wat aan hulle toevertrou is, af te handel” (Agenda, Alg Sinode, 2004: 251). Net so word die Algemene Sekretaris bemagtig deur die Algemene Sinode. Hierdie bemagtiging verskil egter van dié van die Algemene Sinode (Agenda, Alg Sinode, 2004: 253);

Net soos met die Algemene Sinode van 2002 het die Sinode van 2004 nie ’n baie duidelik omlynde definisie vir “bemagtiging” nie. Omdat daar nie ’n duidelike definisie is nie kan die benutting van die term lei tot misverstand.

### 7.11.3 “Bemagtiging” soos benut in die Agenda en Handelinge van die OVS Sinode - 2003

- In die voorwoord tot die Handelinge van die Sinode van die NG Kerk in die OVS, September 2003, sê die skriba van die sinode, Ds HJ Kleynhans, dat die kerkverband se “primêre taak en rol stééds moet wees om die lidmate van die plaaslike gemeentes te bemagtig om béter kerk van die Here in die wêreld te wees.” Besluite van “’n meerdere vergadering” wat “nie uiteindelik hiérop afgestem is nie, mis sy roeping.” Die “resultate” van die sinodesitting

moet na afloop van die vergadering "dinamies-innoverend en met ware integriteit só gaan implementeer" word "dat ons deur die bemagtiging van lidmate en gemeentes die Here beter sal dien en 'n al-groter geloofwaardige verskil in die wêreld rondom ons sal maak". Die verwagting word hierdeur geskep dat daar tydens hierdie sinode omskryf is wat "bemagtiging van lidmate en gemeentes" is en wat die praktyk van bemagtiging behoort te wees. Uit die Agenda en Handelinge is dit egter, net soos in die geval van die Algemene Sinode, nie baie duidelik wat hierdie sinode onder "bemagtiging" verstaan nie;

- 'n Sinodale Kommissie kan beide gemeentes en die sinode self bemagtig. Die SKDB se taak in die Vrystaat is om te "besin oor die rol en roeping van die kerk in die huidige konteks" en "die sinode en gemeentes dienooreenkomstig" te "adviseer, oortuig en bemagtig" (Agenda, OVS Sinode, 2003: C1-25, Hand.: 122). Dit blyk dat bemagtiging in hierdie verband dui op die oordra van inligting, kennis en selfs vaardighede aan die sinode en gemeentes;
- Volgens die verslag van NGMD, Vrystaat (D2-2 – D2-18) maak "bemagtiging" deel uit van "maatskaplike programme" saam met ander programme soos "bejaardesorg, gestremdesorg, kinder- en gesinsorg, residensiële sorg" en nog meer. "Bemagtiging" is saam met ander genoemde programme dienste wat NGMD lewer ten opsigte van "maatskaplike nood wat die organisasie van tyd tot tyd mag identifiseer as 'n moontlike terrein om diens te lewer" (Agenda, OVS Sinode, 2003: D2-1, Hand.: 136). Bemagtiging is in hierdie sin 'n "program" van dienslewering deur 'n geregistreerde welsynsorganisasie. In dieselfde verslag is "bemagtiging" egter die oordra van gesag aan die bestuur van NGMD se programme sodat hierdie besture die genoemde programme kan uitvoer (Agenda, OVS Sinode, 2003: D2-2, Hand.: 136). Die bestuur van die program vir bemagtiging van noodlydendes moet deur NGMD bemagtig word om bemagtigingswerk te doen! In hierdie verslag dui "bemagtiging" skynbaar op die oordra of delegering van gesag aangesien bemagtiging op bl D2-13 (Hand.: 145) voorafgegaan word deur "oriëntering, opleiding en ontwikkeling". Hierdie proses van bemagtiging benodig volgens die verslag "baie geld en tyd";
- Die sinode dui aan dat daar 'n behoefte bestaan aan'n eenheid wat tot stand moet kom "waar kundigheid gesentreer word om leraars en gemeentes te begelei en te bemagtig" (Agenda, OVS Sinode, 2003: I1-8). Die betekenis van "begelei en bemagtig" is moeilik uit die verslag te bepaal. Dit mag wissel van ondersteuning tot instaatstelling en kennisoordrag. Hoe die eenheid predikante gaan bemagtig word nie genoem nie. Aangesien dit 'n besluit is wat volg op 'n verduideliking van die werking van die *pastor pastorum* –beginsel mag dit wees dat die "bemagtiging" wat die sinode hier in gedagte het, pastorale versorging in die oog het;

- Vir die Sinodale Kommissie vir Vrouelidmate is "bemagtiging" niks meer nie as 'n modewoord vir "toerusting" en daarom word die twee terme in afwisseling met mekaar in hierdie verslag benut (Agenda, OVS Sinode, 2003: K1-1 – K1-4, Hand.: 253 – 255). Vir die gender spesifieke behoefte van dames blyk dit dat veral geestelike toerusting noodsaaklik is;
- In die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake se verslag "Die Morele aspek van die voorkoming van Vigs" (Agenda, OVS Sinode, 2003: N3-1 – N3-4, Hand.: 267 - 279) beteken "bemagtiging" hulp aan vroue, "veral in onderontwikkelde gemeenskappe" om "verantwoordelike keuses ten opsigte van seksuele gedrag" te kan uitoefen. Hierin het "inheemse kerke 'n groot verantwoordelikheid". Wat die NG Kerk in die OVS se rol in bemagtiging van vroue is rondom die Vigspandemie is nie uit die verslag af te lei nie. Wat wel moet gebeur is dat vrouens "aangemoedig" moet "word om klinieke en ander fasiliteite waar sodanige bemagtiging kan plaasvind, te besoek. Mans moet ook by hierdie aksies betrek word" (Agenda, OVS Sinode, 2003: N3-4, Hand.: 278). In hierdie sin is "bemagtiging" gelyk aan die aanmoediging om verantwoordelike keuses rondom seksuele gedrag uit te oefen en gereëld MI-status te toets;
- Vir die Kuratorium van die Kweekskool van Stellenbosch is die verskaffing van 'n Leesrooster bemagtigend vir "talle leraars, lidmate en gemeentes" (Agenda, OVS Sinode, 2003: U1-7, Hand.: 410). Presies hoe die Leesrooster leraars, lidmate en gemeentes bemagtig word nie aangedui nie. Dit mag wees dat latere vermeldings van "teologiese groei", die byeenbring van "navorsingsgroepe" en die gevolglike "breë, vernuwende gesprek" en die "bruikbare produk" wat dit lewer die gevolg van die bemagtiging deur die beskikbaarstelling van 'n Leesrooster is;
- Volgens die verslag van die Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys (Agenda, OVS Sinode, 2003: V1-1 – V1-4, Hand.: 418 - 429) is die oogmerke van bemagtiging "die vergestalting van Christelike onderwys". Die sinode wil deur sy jeugkommissie "kerkrade, leraars, beheerrade, Christen-skoolhoofde, -onderwysers en –ouers" bemagtig om Christelike onderwys te laat vergestalt. Die praktyk van hierdie begeerte tot bemagtiging word nie uitgespel nie;
- Tydens 'n konferensie van afgevaardigdes kon deur middel van groepsbesprekings afgevaardigdes aandui hoe hulle dink "die sinodale verband" se bediening aan "gemeentes en predikante in hierdie tyd" behoort te lyk. As respons is daar van een van die besprekingsgroepe ontvang dat die sinode se taak is om leraars verder te "bemagtig" en te

"versorg" (Hand. OVS Sinode, 2003: 76). Wat die besprekingsgroep onder "bemagtig" of "versorg" verstaan het is egter nie duidelik uit die res van die dokument nie;

- In die verslag van die Jeugsinode word aangedui dat jongmense 'n behoefte aan bemagtiging het. "Jongmense wil bemagtig word om te dien en is bereid om te dien indien hulle die geleentheid gegee word bv by kinderbediening" (Hand. OVS Sinode, 2003: 268). Uit die konteks wat die gebruik van die term "bemagtiging" voorafgaan wil dit lyk asof dit geskied vanuit 'n beter kennis "aangaande die Woord en gebruike." Dat bemagtiging in dié verslag egter nie kennisoordrag is nie is duidelik uit die versugting wat jongmense uitspreek om 'n geleentheid en ruimte, soos "kinderbediening" te kry waar hulle kan "dien". Dit wil voorkom asof bemagtiging in die Jeugsinode se verslag gebruik word in terme van die pasiewe ontvangs van gesag, geleenthede en diensruimtes;

#### 7.11.4 "Bemagtiging" soos benut in die Agenda en Handelinge van die OVS Sinode - 2005

Terwyl daar in 2003 in die handelinge van die Vrystaatse Sinode vermeld is dat "bemagtiging van gemeentes en lidmate" die "primêre taak en rol" van die kerkverband is, word daar in 2005 teleurstellend min van "bemagtiging" gemaak en word daar trouens nie veel gemaak van die bemagtiging van die amp van gelowige nie.

- Die enigste verwysing na "bemagtiging" in die verslag van die Moderamen is 'n verwysing na die verloop van Swart Ekonomiese Bemagtiging en hoe dit landbou in die Vrystaat raak (Agenda, OVS Sinode, 2005: 42). In die res van die verslag word daar geen aandag aan bemagtiging gegee nie;
- In die verslag van die Getuieniskommissie kom die gedagte van "bemagtiging" voor in die riglyne vir "gestuurde gemeente-wees" van elke plaaslike gemeente. "Gestuurde gemeentes verg ook 'n heel nuwe verstaan van **leierskap**. Die roeping en rol van byvoorbeeld die leraar kry 'n nuwe inkleding. Ruimte word geskep vir 'n gesamentlike leierskap, die bemagtiging van lidmate en gedeelde verantwoordelikheid" (Agenda, OVS Sinode, 2005: 56). Dit blyk hieruit dat bemagtiging handel oor veranderings in die nadenke oor die rol van leraars as leiers in die gemeente. Deur bemagtiging kry lidmate deel aan "gesamentlike leierskap" en deel hulle dan in die verantwoordelikhede wat met leiding gepaardgaan. Lidmate is die objekte van bemagtiging en leraars die subjekte. Die doel vir bemagtiging is gesamentlike leierskap en gedeelde verantwoordelikheid;

- In die verslag van NGMD aan die vyftigste vergadering van die Vrystaatse Sinode is die gebruik van die term "bemagtiging" meer getemperd as met die verslag aan die vorige vergadering. In hierdie verslag word dit slegs een keer gebruik in die sin van die oordra van gesag aan "programbesture" wat "bemagtig" word vir "uitvoer van die programme" (Agenda, OVS Sinode, 2005: 72);
- In sy verslag lig die Sinodale Kommissie vir Bedieningsbegeleiding die sinode in oor die Algemene Sinode se stigting van 'n gemeentedienste-netwerk (GDN) in Maart 2004. Die visie van die GDN is "Gemeentes en gemeenteleiers in Suidelike Afrika gebruik GDN as voorkeur toegangspunt tot bedieningshulp" (Agenda, OVS Sinode, 2005: 93). As een van die strategieë om hierdie visie te behaal stel die GDN hom ten doel om "verskillende media as bemagtigings- en bemarkingsinstrumente" te benut. Vir die GDN is die oordra van kennis en inligting aan gemeenteleiers deur "Kruisgewys tydskrif, publikasies, CD's, DVD's, video's" (Agenda, OVS Sinode, 2005: 93) bemagtigend;
- Uit die verslag van die Sinodale Kommissie vir Vrouelidmate blyk dit dat hierdie kommissie, konsekwent met die vorige verslag, "bemagtiging" gebruik as 'n modewoord wat die holrug-geryde term "toerusting" soms kan afwissel. Vir hierdie kommissie is toerusting deur "werkersklasse" (Agenda, OVS Sinode, 2005: 115) en die aanbied van 'n "toerustingskursus" (Agenda, OVS Sinode, 2005: 116) bemagtigend. In eersgenoemde geval is die objek van bemagtiging of toerusting "werkloses" terwyl "alle vrouelidmate" vir laasgenoemde die objek van bemagtiging is. Tydens die toerustings-/bemagtigingskursus geskied bemagtiging deur "bekwame sprekers en aanbieders" wat "ons vrouelidmate geestelik" bemagtig (Agenda, OVS Sinode, 2005: 116). Die sinode se Kommissie vir Vrouelidmate hou hierdie toerustingskursus aangesien daar by die kommissie die vermoede is dat daar nie in gemeentes genderspesifieke toerusting vir dames gebied word nie;
- Wanneer die Sinode se Kommissie vir Administrasie en Finansies die term "bemagtig" gebruik is dit slegs in die tradisionele sin, naamlik die oordra van gesag. In die eerste benutting van die term gaan dit oor 'n besluit wat die sinode so moet verwoord dat die sinode aan die kommissie gesag gee sodat laasgenoemde sekere besluite wat geneem is na afloop van die sitting op gemeentes "af te dwing" sonder dat gemeentes hulle daarteen kan verset (Agenda, OVS Sinode, 2005: 195). In die tweede gebruik van die term "bemagtig" dui dit weer eens op die oordra van gesag of mag. In hierdie geval is twee individue deur 'n vergadering "bemagtig" om mede-ondertekenaars van tjeks te kan wees (Agenda, OVS Sinode, 2005: 199);

Afgesien van die genoemde verwysings na die term “bemagtiging” in die agenda is daar een nuwe saak by die sinode aangeroer wat behulpsaam kan wees in die wyse waarop die kerk die term tans gebruik.

- Die sinode neem kennis van ’n Sentrum vir die begeleiding van geestelike leiers wat by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat tot stand gekom het. Die Sentrum wil “fokus op die persoon van die geestelike leier” (Hand, OVS, 2005: 541). In die “eenstopdiens aan geestelike leiers binne die Christelike tradisie” is die “prioriteit” van die Sentrum om “geestelike leiers so te bemagtig dat hulle die uitdagings die hoof kan bied, geleenthede benut en beter diens lewer” (Hand, OVS, 2005: 541). Hierdie bemagtiging geskied deur “kursusse en berading, saam met die kerknetwerk van nasionale en internasionale konsultante” (Hand OVS, 2005: 541). Die beoogde Sentrum sal aan die NG Kerk se behoefte vir Verdere Teologiese Opleiding vir sy leraarskorps beantwoord. Uit hierdie verslag blyk dit dat die sinode aandag wil skenk aan die bemagtiging van leraars van gemeentes sodat die leraars hulle taak en roeping beter kan uitvoer. Die bemagtiging van leraars geskied deur berading, retraites en kursusse wat ’n wye veld dek. In hoofsaak is die bemagtiging waarvan hier gepraat word toerusting en die oordra van kennis met die oog op die aanleer van nuwe vaardighede. Daar word aangedui dat die Sentrum toerusting wil aanwend “wat ontwerp is om geestelike leiers te bemagtig deur probleme op te los wat hulle doeltreffendheid en effektiwiteit aantas” (Hand, OVS, 2005: 542). Later in die Handelinge word daar weer van die die bemagtigingswerk wat die Sentrum beoog melding gemaak in die verslag van die Visionêre Taakspan (Hand OVS, 2005: 547).

**Gevolgtrekking 7.17:**

Die leraar kan die objek vir bemagtiging in kerklike konteks wees. Die metodes vir bemagtiging van leraars is meestal gefokus op kennis of vaardigheidsoordrag deur middel van berading, retraites en kursusse.

**Gevolgtrekking 7.18:**

Die doelwit vir bemagtiging in die kerk kan gesamentlike leierskap en gedeelde verantwoordelikheid wees.

### 7.11.5 Lidmaatbemagtiging – Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling (ADGO)

In *Kerkbode* (23 Sept 2006) kondig die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling (ADGO) aan dat daar ’n behoefte geïdentifiseer is vir die totstandbring van ’n werksgroep vir lidmaatbemagtiging. Wanneer hierdie diensgroep sy werksaamhede bekendstel (*Kerkbode*, 26 Mei 2006: 9) word in die artikel “Wanneer lidmate bemagtig word …”, lidmaatbemagtiging vergelyk met ’n trein wat op eie stoom kan beweeg wanneer lidmate hulle roeping begryp en inisiatief begin neem. “Gelukkig is die tyd verby dat die arme predikant as betaalde amptenaar van die kerk al die dienswerk in ’n gemeente moet doen.” Die predikant se werk is om die gemeente te help en toe te rus vir die dienswerk wat elkeen in die wêreld moet doen. Die rede waarom lidmate nie in die verlede hulle dienswerk in die wêreld gedoen het nie is omdat lidmate “ongelukkig … in die verlede nie altyd behoorlik hiervoor bemagtig” is nie “en soms het predikante selfs lidmate se dienswerk van hulle weerhou.” Die rede vir hierdie stelling word gegee: “Ampswerk is só beklemtoon dat ons vergeet het elke gelowige is gedoop tot koning, priester en profeet.” ’n Volgende rede wat die diensgroep identifiseer waarom die amp van gelowige verwaarloos is, is dat die kerk “waarskynlik ook te veel waarde geheg (het) aan ’n bepaalde bedieningspatroon en vaste reëls wat in alle gemeentes moes geld. Hierdie groot klem op eenvormigheid en ordelikheid het tog maar lidmate se inisiatief en entoesiasme gedemp.” Hierdie toedrag van sake het volgens die diensgroep nou begin verander. “Oral waar leraars en kerkrade die lidmate bemagtig, kom gemeentes tot nuwe lewe.” Die dominee is nie meer die dryfkrag van die aksies van die gemeente nie. “Die gemeente word self ’n gevaarte wat niemand meer kan stop nie.”

Uit hierdie artikel blyk dit dat die doelwit van bemagtiging die lidmaat moet begelei tot ’n insig in sy of haar “roeping” en dat hierdie insig moet lei tot “insisiatief”. Waarin lidmate “insisiatief” moet neem is in “dienswerk” waarvan hulle voorheen weerhou is. ’n Ooraksentuering van “ampswerk” word geïdentifiseer as ’n bedreiging vir bemagtiging. Die gevaar wat hierdie artikel inhou is dat dit baie algemeen geskryf word. Wat is die dienswerk waartoe lidmate met roepingsbewustheid en entoesiasme moet toetree? Hoe word lidmate bemagtig? Uit die artikel kan afgelei word dat bemagtiging die aftakeling van ’n oud-modiese ampsbeskouing kan wees en die prysgawe van kerklike orde. Die roeping van die lidmaat word begrond in sy of haar doop maar indien daar nie ’n spoorlyn gebou word vir die lidmaat om as koning, priester en profeet sy of haar dienswerk te verrig nie word die gemeente inderdaad “’n gevaarte wat niemand meer kan stop nie.” Wat in hierdie uiteensetting van die bemagtiging van lidmate kortkom is dit wat reeds

uitgespel uitgewys is toe bemagtiging in die konteks van BBBEE bespreek is, naamlik: die bepaling van ’n sterk kern van waardes wat te midde van die veranderings wat deur bemagtiging teweeggebring word onveranderd bly.

In ’n tweede artikel, “Van toeskouers tot deelnemers” (*Kerkbode*, 26 Mei 2006: 9) word die “ideaal vir enige gemeente” beskryf as “dat elke lidmaat aktief betrokke sal wees.” Aktiewe lidmaatskap is vir baie lidmate egter beperk tot die bywoning van eredienste en ’n finansiële bydrae. “God het veel groter verwagtings van elke Christen. Hy vra dat ons ons gawes beskikbaar stel vir diens in sy koninkryk.” Elke gelowige is tot diens geroep. In hierdie artikel word weer verwys na die “tradisionele” standpunt dat dit net die ampte is wat hulle gawes benut om die nood van die wêreld mee te bedien. Nou is dit besig om te verander. “Lidmate moet die wêreld se nood raaksien, leer omgee en hulle gawes gebruik om hoop te bring en ’n verskil aan ander se lewens te maak.” In kort word dit saamgevat: “Die vrug van die Gees moet in elke lidmaat sigbaar word.” Lidmate het “verleer om hulle gawes te gebruik. Toerusting is nodig sodat lidmate opnuut die vaardighede wat hulle verloor het, kan aankweek en inoefen. Onbenutte talente verroes en die gawe gaan verlore.” Die antwoord op hierdie toedrag van sake is “vernuwing” wat moet geskied in “’n proses” wat deur “die leierskap” aanvaar word sodat “gemeente- of bedieningsvernuwing” kan geskied. Hierdie proses moet geskied in ’n veranderde kerkstruktuur. As riglyn vir ’n struktuur wat ’n proses van vernuwing teweeg sal bring, word daar verwys na leidrade wat Rick Warren van die Saddleback-gemeente in Amerika gevolg het. Sake wat moet aandag kry is ’n duidelike missie- en visiestelling vir die gemeente, die aanvaarding van die liggaamsmodel van bediening en die toesien dat elke lidmaat “weet waar hy in die liggaam inpas”, elkeen moet weet hoe sy of haar gawe bydra tot die bereiking van die visie, daar moet in die gemeente ruimte gemaak word vir die lidmate om hulle gawes te kan benut, die predikant moet lidmate afrig vir hulle dienswerk en daarom is hy “heeltyds besig met opleiding en toerusting”, “lidmate moet begelei word om hulle gawes en passie te ontdek”, die kerkraadstruktuur moet lidmate aanmoedig om hulle gawes te benut en dit nie vir hulle moeilik te maak nie, daar moet ruimte wees vir die ontwikkeling van “spontane gawegroepe” en “die bestuur van gemeentes behoort al hoe minder mense te betrek sodat al hoe meer lidmate by bediening betrokke kan raak.” Die doelwit agter dit alles is “selfgemotiveerde dissipels in die gemeenskap”.

Alhoewel daar in hierdie artikel meer riglyne gegee word vir hoe die werksgroep “bemagtiging” verstaan is daar steeds nie meer duidelikheid oor wat “bemagtiging” dan eintlik is nie. Hierdie

artikel dui aan dat die ampsbeskouing van die NG Kerk in die verlede ontmagtigend was en dat die toedrag van sake herstel kan word deur strukturele veranderings aan die gemeente se bestuur. Binne so ’n nuwe struktuur is lidmaatbemagtiging dan niks anders as toerustingskursusse waartydens lidmate hulle gawes ontdek en dan leer hoe om dit toe te pas nie. Rondom die gawes wat lidmate moet benut is daar in die artikel nie duidelikheid nie. Bemagtiging kan die gawe van die Heilige Gees, “die vrug van die Gees”, of die individuele gawes wat die Gees gee, wees. Hierdie gawes (of die Gees self?) kan volgens hierdie artikel weer verloor word. Om die gawes beter te kan benut moet lidmate toegerus word en moet daar vir hulle ruimte geskep word om hulle gawes te kan aanwend.

Alhoewel daar in die twee artikels ’n poging is om lidmaatbemagtiging te omskryf blyk dit dat dit in so ’n algemene taal is dat die inhoud van wat “bemagtiging” is oorgelaat word aan die eie konteks van elke gemeente. Dit wil voorkom asof “bemagtiging” vir die werkgroep nie veel meer is nie as lidmaat-toerusting, met die verdere toevoeging dat daar vir toegeruste lidmate ruimte vir bediening geskep moet word. Die werkgroep vir Lidmaatbemagtiging klaar nie die onduidelikheid wat daar heers oor wat “bemagtiging” in kerklike konteks beteken, uit nie. Dit laat lidmaatbemagtiging klink asof dit gewoon net groter betrokkenheid beteken van lidmate wat nou werk doen wat “tradisioneel” deur “predikante en die kerkraad” gedoen is.

**Gevolgtrekking 7.19:**

Bemagtiging moet geskied aangesien lidmate ontmagtig is as gevolg van:

- ooraksentuering van “ampswerk” wat die algemene amp negeer;
- die toepassing van ’n rigiede bedieningsprogam wat die klem plaas op eenvormigheid en ordelikheid en sodoende entoesiasme en inisiatief demp.

**Gevolgtrekking 7.20:**

Uit die dokumente van ADGO blyk dit dat:

- leraars en kerkraadslede die subjekte is vir bemagtiging in die kerk;
- lidmate wat nie in die besondere amp staan nie is die objekte vir bemagtiging;
- lidmate wat diensbaar is en die nood van die wêreld raaksien is die doelwit vir bemagtiging;
- missie- en visiestellings, die toepassing van die liggaamsmodel vir kerkwees, die benutting van gawes en die verandering van die kerkstruktuur is die metodes vir bemagtiging.

### 7.11.6 ’n Breë begrip van hoe “bemagtiging” in kerklike konteks begryp word

Uit die voorafgaande ondersoek kan daar bevind word dat die term “bemagtiging” te maklik as ’n gonswoord in die kerk aangewend word en dit laat dikwels baie ruimte vir misverstand. As die benutting van die term nie goed omskryf word nie mag die gebruik daarvan waargeneem word as bloot ’n modewoord uit die modernisme.

In kerklike konteks kan “bemagtiging” onder andere die volgende elemente bevat:

- leraars en kerkraadslede die subjekte is vir bemagtiging in die kerk. Vergaderings soos sinodes of toerustingsentra kan die subjekte van bemagtiging wees;
- lidmate wat nie in die besondere amp staan nie is die objekte vir bemagtiging;
- die metode van lidmaatbemagtiging geskied deur die erediens, Woordverkondiging, die oordra van kennis en “soft skills”;
- Die doelwit van bemagtiging is die hermeneutiese ontmoeting tussen die twee wêrelde van God se koninkryk en die alledaagse wêreld. Hierdie ontmoeting het ten doel om te hoor, genesing te bring, praktiese versorging en die bring van hoop. Die uitkoms wat bemagtiging in die kerk kan hê is gesamentlike leierskap en gedeelde verantwoordelikheid. Die doelwit vir bemagtiging is lidmate wat diensbaar is en die nood van die wêreld raaksien en betrokke raak;
- missie- en visiestellings, die toepassing van die liggaamsmodel vir kerkwees, die benutting van gawes en die verandering van die kerkstruktuur is tans metodes vir bemagtiging in die kerk;

Die leraar kan in sommige gevalle die objek vir bemagtiging wees. Die metodes vir bemagtiging van leraars is meestal gefokus op kennis of vaardigheidsoordrag deur middel van berading, retraites en kursusse.

Bemagtiging moet in die kerk geskied aangesien lidmate ontmagtig is as gevolg van:

- ooraksentuering van “ampswerk” wat die algemene amp negeer;
- die toepassing van ’n rigiede bedieningsprogam wat die klem plaas op eenvormigheid en ordelikheid en sodoende lidmate se entoesiasme en inisiatief demp.

## 7.12 Samevatting

Bemagtiging is daardie handelinge of prosesse wat ’n individu bevry van ’n onderdrukkende kultuur of struktuur en wat die individu met sy of haar waardes en norme so laat deel word van ’n nuwe gemeenskap dat die individu beleef dat hy of sy behoort en nie in die nuwe gemeenskap oorheers word nie maar self deel het aan die prosesse van die gemeenskap. Voordat daar op ’n tipe of model vir bemagtiging besluit word moet daar deeglik vasgestel word:

- wat die spesifieke situasie is wat aanleiding gee tot die behoefte aan bemagtiging of wat aanleiding gee tot ’n belewenis van gevoelens van nie-behoort nie;
- hoe die gesagstruktuur lyk of wat die persepsies is rondom die gesagstruktuur waarbinne bemagtiging moet plaasvind;
- wie die gesagsvolle persone is in die waargeneemde gesagstruktuur, sodat bemagtiging by hierdie persone kan begin

Bemagtiging geskied deur strukturele verandering waardeur gesindhede, opinies en persepsies verander en is daarom ’n langtermyn proses en nie ’n vinnige oplossing vir uitdagings wat aan enige struktuur gestel word nie. Toerusting en opleiding is ’n belangrike onderdeel van bemagtiging en is bemagtigend maar is nie gelykstaande aan bemagtiging nie. Hoe meer die invloedsfeer van die objek van bemagtiging vergroot hoe meer verhoog die objek se betrokkenheid, houding, ingesteldheid en vebintenis aan die struktuur waarbinne bemagtiging geskied. Bemagtiging word meestal bestuur deur diegene in die struktuur met mag en dit beklemtoon die onderdanigheid van die objek van bemagtiging en pogings tot bemagtiging lei tot gevoelens van magteloosheid. Bemagtiging geskied in wisselwerking tussen die objek van bemagtiging as spesialis van sy of haar situasie en die subjek van bemagtiging as fasiliteerder in die verbetering van hierdie situasie. Die interaksie tussen subjek en objek geskied met in agneming van die waardes en norme van die gemeenskap of struktuur waarbinne dit geskied op so ’n wyse dat die objek van bemagtiging ’n meer gewaardeerde rol kan vervul in die spesifieke gemeenskap of struktuur. Die term “bemagtiging” hou vir sommige hoorders die gedagte van ’n politieke utopia in maar ware bemagtiging is nie die verskuiwing van ’n konstante hoeveelheid van mag in ’n gemeenskap of struktuur nie maar is die skep van meer mag en energie. Bemagtiging is ’n proses van deelname en delegasie waarin delegasie lei tot ’n verbetering in die werker se werksprestasie aangesien hy of sy ervaar dat hy of sy in beheer is. Die redes waarom bestuur by bemagtiging betrokke is moet baie duidelik uitgespel word sodat dit nie lei tot suspisies by die objek van bemagtiging nie. Die verspreiding van inligting in die strukture waarbinne bemagtiging gebeur is baie belangrik. In bemagtiging moet die mikro en makro

konteks van die objek in berekening gebring word.  In die onmiddelike of mikro konteks speel dinge soos ondersteuning, die beskikbaarheid van hulpbronne en kontekstuele bestuurstelsels ’n baie belangrike rol.  Bemagtiging moet die betrokkenheid en betekenisvolle deelname van alle rolspelers insluit.  Menslike hulpbronne en vaardighede en die verbetering van toegang tot die aktiwiteite van die struktuur waarbinne bemagtiging plaasvind is vir suksesvolle bemagtiging noodsaaklik.  ’n Baie hoë vlak van vetroue tussen die betrokke partye en egtheid, kreatiwiteit en eenvoud is van groot waarde sodat konstruktiewe verandering van strukture die ontmagtigde kan bemagtig.  Die behoorlike omskrywing van die rolle van alle betrokke partye en ’n proses van mentorskap kan meewerk tot die die meetbaarheid van die proses.  Die fokus op die belange van die individu binne die konteks van die kollektiewe belange van die struktuur kan tot suksesvolle bemagtiging lei indien ’n sterk kern van waardes, wat te midde van die veranderings wat deur bemagtiging teweeggebring word, onveranderd bly.


Veranderlike Struktuur (Kollektiewe bemagtiging)
- Gesagstruktuur;
- Kontekstuele bestuur (Kontekssensitief)
A
'n Gevoel van onmag van objek van bemagtiging
Interaksie tussen Subjek en Objek van bemagtiging (Relasionele Bemagtiging)
Meetbare Handelinge en Prosesse
B
'n Ervaring van "behoort" en groter betrokkenheid van objek van bemagtiging
1. Situasie wat lei tot onmag;
2. Ondersoek na gesagstruktuur;
3. Definiëring van sub-groepe.
Vergrote invloedsfeer van objek
Onveranderlike Struktuur
- Kernwaardes en Norme
- Etiek

Fig 3

# *Hoofstuk 8*

## *"Bemagtiging" as 'n missionêre praktyk in die kerk*

**Abstract: "Empowerment" as a practise of missions in the church**

Postmodernisms' rejection of general enforceable truths and the search for truths that only applies to an individual's values has created opportunities for the church within which the empowerment of the office of the believer can enlarge the Christian's sphere of influence in the world. With "power" as a root word of "empowerment" the latter should not be use naïvely in the church. In using the term "empowerment" the church should move away from the idea of power or authority and focus on the process of growing the possibility of service and the sphere of influence of the believer. All power and authority belongs to God, the Creator of the world. He utilizes this power within the context of the covenant with the aim of redeeming fallen man. There is no power except the power of God. He transfers aspects of this power to the members of the faith community. He does this through the living community of faith that Jesus had established, through His tradition of teaching and through the ongoing work of the Holy Spirit. This legacy of Jesus transfers authority to people within the context of Scripture, the church and its traditions, human reason and human experience. To participate in the power of God outside of this structure is destructive. Power that is received from God is internalized through the reception of the gifts of grace and faith. If power is not internalized in this way it will not lead to a better sense of belonging but will lead to feelings of estrangement and disempowerment. Empowerment must always be about God and His glory through the promotion of commitment and discipleship of believers in such a way that they may live out the truth of the gospel and also share it verbally with the world. The purpose of empowerment has two facets. On an individual level it is aimed at creating a sense of belonging for the individual believer. On the corporate level its aim is to equip believers in such a way as the body of Christ in order for them not only to be verbal witnesses of the gospel but also to be a new community in the midst of a broken world. The aim of corporate empowerment as an activity of the church is to lead the church to have a missionary understanding of Scripture, to be a pastoral-prophetic community in the world, to have a congregational and ecumenical life and to have insight in being the church gathered and dispersed. Empowerment is to guide believers into a Christian lifestyle in the public sphere that would enlarge their influence in the restoration of the world. With this in mind the church should focus on a style of worship, Bible study and spiritual equipping that empowers through correction, giving information, inspiration and the support of believers' different ministries. Empowerment consists of measurable actions taken by a congregation to improve the quality of discipleship of believers.

### 8.1 Inleiding:

In die eerste hoofstuk van hierdie studie is daar alreeds gewys op die missionêre waarde van 'n herwaardering van die rol van die lidmaat wat nie in die besondere amp staan nie. Vir die kerk om in die veranderende konteks van die derde millenium na Christus steeds missionêr te wees sal

daar ’n omvattende verandering moet plaasvind om voorsiening te maak vir die gelowige wat nie in ’n besondere amp staan nie se uitreik vanuit die plaaslike gemeente na die gemeenskap en gebroke wêreld. Hierdie meer omvattende gebeurtenis wat tegelykertyd die kerk en die lidmaat raak, is beskryf deur die term “bemagtiging” (Gibbs en Coffey 2001: 23; Van Engen 1996: 100; Hendriks 1997: 36). Postmodernisme se verwerping van ’n algemene geldende waarheid vir almal, skep die geleentheid hiervoor. Die postmodernisme fokus op die soeke van individuele waarheid wat gesagsvol is in die individu se eie lewe. “Each individual has to create his or her own meaning and associate with others to increase his or her powerbase in a fragmented society of competing interests” (Gibbs en Coffey 2001: 29). Indien individue nie self bemagtig word nie maar gesagsvolle standpunte “van bo af” op hulle afgedwing word is dit ontmagtigend. Post-modernisme “reject propositional certainty as the ploy of the powerful, who exert their influence by disempowering those who hold to a divergent view” (Gibbs en Coffey 2001: 29). In hierdie konteks mag bemagtiging nuwe waarde bring aan die kerk se uitreik na die wêreld.

In sake die bemagtiging van gelowiges sê Fowler (1991: 13): “All are called to serve but all are not called to serve in the same way. We guard against oppression not by reducing all offices to one, claiming equal power and authority for all, but by recognition that every office is a calling to serve. The authority and power of an office, so far as it is an authority and power over people, is used only to empower these people, enabling them to serve well in their offices. The use of authority and power of an office in ways that disables others in the exercise of their offices is an abuse of authority and power.” In die post-modernistiese era rebelleer mense daarteen om voorgesê te word wat hulle moet glo of nie moet glo nie. Daar is ’n baie sterk verbintenis tot ’n vryheid van keuse en dus het post-moderne mense ’n eklektiese houding oor godsdiens (Gibbs en Coffey 2001: 125). Gesag in die kerk moet dus so aangewend word dat die gelowige bemagtig word in plaas daarvan dat die gesag van ampte of meerdere vergaderings by die lidmaat ’n gevoel van onmag skep. Alle aspekte van kerkwees word geraak deur die wil om gelowiges te bemagtig.

“Relasionele bemagtiging” (fig. 3: 244) sal daarom in die kerk ’n baie belangrike aspek van bemagtiging wees. Vir bemagtiging om suksesvol te wees moet daar ’n gesonde interaksie wees tussen die besondere en algemene ampte, asook ’n duidelike omskrywing van elkeen se rol en terrein. Daar is reeds aangedui dat die besondere amp se diensterrein die gemeente of geloofsgemeenskap is (Van der Linde 1962: 81, 130; Van Ruler 1952: 53). Die doel en

funksie van die besondere amp fokus op die doel en funksie van die plaaslike gemeente. In hierdie opsig is die taak van die ampte ondermeer om die lidmate mee te neem “in de vaart van de arbeid in het rijk en de wereld” (Van Ruler 1952: 56). Hierdie “meeneem” in die arbeid van die kerk moet die fokus van bemagtigende werk wees in die wisselwerking tussen die besondere en algemene ampte. Indien dit nie gebeur nie mag dit aanleiding gee tot gevoelens van onmag by die objek van bemagtiging (die gelowige wat nie in ’n besondere amp staan nie) (fig. 3: 244). Die Belhar Belydenis bely in Art 2 dat gelowiges “saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid; saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul, mekaar nodig het en opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig.” Met die oog op hierdie gemeenskaplike betrokkenheid by die werk van die kerk is almal deur Christus met die Gees gesalf (Kleynhans 1984: 6). Hierdie salwing lei tot diens deur die algemene en die besondere ampte.

“De dienst (diakonia) van de geordende geestelijke stand, de clerus, en die van de leken zijn beide aspecten van dezelfde diakonia, zij het elk in eigen sfeer en naar eigen roeping” (Kraemer 1960: 136). Die sfeer van die diens van die besondere amp en die algemene amp is beide na binne en buite gerig. Beide is betrokke by diakonia, na binne en buite. Die besondere ampte is egter veral na binne gerig terwyl die algemene amp veral na buite gerig is. Dit is vir hierdie rede dat die algemene amp ’n besondere bydrae te lewer het in die missionêre karakter van die plaaslike gemeente (Bosch 1991: 473). In die priesterskap van alle gelowiges speel gelowiges ’n bemiddelende rol tussen die kerk en die wêreld. In die onderskeie ampte is daar daarom nie ’n status of gesagsverskil nie maar eerder ’n onderskeid in die sfeer waarin diens gelewer word. Deur die band met die besondere ampte en die geloofsgemeenskap word elke gelowige ’n mede-dienaar van die evangelie aan die wêreld (Page 1993: 20; Kol 4:17). Vir hierdie mede-dienaar wees word gelowiges wat nie tans mede-dienaars is nie (“gevoel van onmag” fig 3: 244), “bemagtig”. Die mede betrokkenheid van die ampte en gelowiges lei tot kollektiewe bemagtiging wat tegelykertyd aandag kan skenk aan die gesagstruktuur waarbinne bemagtiging plaasvind, asook aan die konteks waarbinne dit gebeur. Hierdie interaksie lei uiteindelik tot ’n vergrote “ervaring van behoort” en ’n vergrote invloedsfeer van die gelowige in beide die geloofsgemeenskap en in die wêreld. Die einddoel van bemagtiging in die kerk is beslis nie die demokratisering van die kerk of die oordrag van mag van die besondere na die algemene amp nie. Die gedagte dat daar net een, konstante hoeveelheid mag is en dat dit versplinter en verdeel

word in ’n proses van bemagtiging is in elk geval alreeds afgekeur. Die waarskuwing rondom die benutting van die term “bemagtiging” in die kerk moet egter nogeens gehoor word.

**Gevolgtrekking 8.1:**

Postmodernisme se verwerping van algemeen geldende waarhede en die gepaardgaande soeke na individuele waarhede skep geleenthede waarin die bemagtiging van die amp van die gelowige die invloedsfeer van die gelowige in die wêreld kan vergroot.

## 8.2 Die gevaar van die benutting van die term “bemagtiging” in kerklike konteks

Om die term “bemagtiging” in die kerk of teologiese konteks te kan gebruik val vreemd op. In die woordjie “bemagtig” vind ons immers die kernwoord “mag”; ’n gelade term wat in die kerk meestal vermy word aangesien die kerk geroep is om te buig voor Een wat almagtig is. Selfs in die konteks van die algemene wetenskappe in die sekulêre wêreld word die waarskuwing teen die grondwoord “mag” (of “power”) in die woord “bemagtiging” (of “empowerment”) gehoor (Wolfensberger 2002: 252, 257; Mandefrot 2003: 6; Robbins et al 2002: 12; Lincoln et al 2002: 273). “Bemagtiging” bly ’n gelade woord in die kerk en in die wêreld.

Wolfensberger (2002: 257) skryf die al hoe gewilder wordende gebruik van die woord “bemagtiging” toe aan die denke van Nietzshe. Hy sê “empowerment or self-determination schemes seek *only* power and autonomy. *Never* outside of Nietzschean thinking have I seen an analysis accompany demand for power and autonomy that has gone beyond an assertion that these things are a right, or should be a right.” Vir hom is dit ’n feit dat bemagtiging ’n term is wat gewoonlik gehoor word saam met ander terme soos, “radical individualism, self-determination,” en “choice”. Selde word bemagting beskryf in terme soos “duties, mercy, forgiveness, forbearance, virtues of self-denial … or even competency” (Wolfensberger 2002: 257). Hy plaas die term “bemagtiging”, soos die verslag oor kleingroepe aan die Algemene Sinode van 2002 (Agenda, Alg Sinode 2002: 151 – 157) binne die dampkring van postmodernisme. “Also complicating the fact that (especially since the time of Nietzsche) some people have promoted a power construct that is *not* rooted in law of either kind (legal rights or human rights), but in the individual will (as in ‘the will to power’ of Nietzshe)” (Wolfensberger 2002: 257). Hy verwerp daarom die benutting van die woord “empowerment” in die konteks van geestesgesondheid omdat die benutting van hierdie term gebaseer is op “a mentality that

rejects or ignores age-old teachings that there are deep problems with power, and that often the challenge is to curb one's will to power rather than to grab more power" (Wolfensberger 2002: 257).

Nie almal wat waarsku teen die stamwoord "mag" voel egter so negatief soos Wolfensberger oor die benutting van die gedagtes van bemagtiging nie. Lincoln et. al. (2002: 273) stel voor dat daar in die gedagtes van bemagtiging wegbeweeg moet word van die stamwoord "mag" as sulks en meer gefokus moet word op die einddoel van die proses. Sy gee toe dat "power is an essential component of any interpretation of empowerment, not least because it remains its root word" (Lincoln et al 2002: 273). Die gedagte van "mag" het in die konsep "bemagtiging" deur die eeue 'n te swaar klem gekry. In die huidge gebruik van die term moet die leser gedurig herinner word daaraan dat "empowerment is not 'power itself', but a process by which the latter is bestowed to an end or purpose" (Lincoln et al 2002: 273). Die gebruik van "mag" en "bemagtiging" word egter wel in baie literatuur aangewend in terme van dominasie en onderdrukking (Lincoln et al 2002: 273).

Fowler (1991: 13) definiëer "mag" as "the *ability* to do something" terwyl hy voel dat "*authority*" die reg om dit te kan doen, beskryf. "Every office carries with it an authority to do whatever is needed to fulfil the office. However, authority is not enough to fulfil an office. We also need power, the ability to do whatever is needed to fulfil the service of the office " (Fowler 1991: 13). Hieroor is Lincoln dit eens: "… power is the capacity not only to impose one's will but also to set the terms of agreement" (Lincoln et al 2002: 273). "Mag" is so gesien 'n kwaliteit wat individueel of korporatief kan wees. Individuele "mag" is dit wat 'n individu vanweë persoonlike gawes en vermoeëns in staat stel om 'n diens te kan verrig. Korporatiewe "mag" is daardie outoriteit wat deur 'n gemeenskap aan die individu toegeken word wat in 'n sekere diens staan binne die spesifieke gemeenskap. Die grense van gesag of mag word bepaal deur die gemeenskap self en word aan 'n individu verleen sodat hy of sy die gemeenskap tot diens kan wees. Uit Fowler se gebruik van die term blyk dit dat die ampte die subjek van bemagtiging is terwyl die lidmaat of gelowige in die algemene amp, die objek is.

"Om te bemagtig" moet, vanuit die definisies en gebruike van "bemagtiging" nie gesien word as 'n saak wat aan "mag" as sulks verbind is in die sin van mag wat deur 'n eerste party gegee word sodat 'n tweede party mag het of gesagsvol is nie. In die handeling van "bemagtiging" is die rede van die handeling belangriker as net die etimologiese somtotaal van die saamgestelde

woord. "It seems that we must move away from the connection of empowerment to power *per se*, and adress instead its more indirect end, as per the *Oxford English Dictionary*'s more common usage, that is the acknowledgement of power to achieve an end rahter than as an end in itself" (Lincoln et al 2002: 273).

Daar kan soos wat daar in ander kontekste gewaarsku word, in die kerklike konteks nie helder en duidelik genoeg gewaarsku word teen 'n vae, algemene en naïewe gebruik van die term "bemagtiging" nie. "Empowerment may be naïvely viewed by some as a relatively new and uncontaminated management initiative and concept, but it is important to consider how it was used before management adopted the term, how it sounds to everyday common-sense ears, and how this impacts on the use of the concept within the management arena" (Lincoln et al 2002: 273). Vir die kerk geld hierdie waarskuwing nog meer - veral indien "bemagtiging" een van die kerk se antwoorde is op die uitdagings van modernisme en postmodernisme. Die huidige tydsgees "is distrustful of authority. It was born in a movement of emancipation from what were seen as external authorities, and its appeal was to the freedom and responsibility of the individual reason and conscience to judge between rival claims to truth" (Newbigin 1996: 11). Die gevaar is verder wesentlik dat daar in die benutting van die taal van bemagtiging te veel gefokus word op die geloof en geloofspraktyke van die individu ten koste van die geloofsgemeenskap. Bemagtiging is nie self-aktualisering nie, maar 'n nuwe fokus op God. "In pursuing our spritual journey , we need to be clear about the goal. The spiritual life does not consist in self-realization but in the vision of God" (Gibbs en Coffey 2001: 140). Bemagtiging gaan nie oor 'n beheptheid met die self nie maar 'n lewe van gemeenskap en liefde met die naaste (Gibbs en Coffey 2001: 140).

**Gevolgtrekking 8.2:**

Met die kernwoord "mag" is "bemagtiging" 'n gelade term om in die kerk op 'n naïewe wyse aan te wend.

**Gevolgtrekking 8.3:**

In die kerk se benutting van die term "bemagtiging" moet daar wegbeweeg word van mag of gesag en moet daar eerder gefokus word op die einddoel van die proses as die vergroting van die vermoeë tot diens en die invloedsfeer van die gelowige in die wêreld.

## 8.3 Riglyne vir die moontlike benutting van die term "bemagtiging" in die kerklike konteks

### 8.3.1 Alle mag en gesag behoort aan God

Gelowiges glo dat die werklikheid geskep is deur 'n Persoon en dat alle gesag in hierdie geskape werklikheid aan Hom alleen behoort. "The Christian tradition maintains … that authority resides in the One who is the Author of all being" (Newbigin 1996: 1). Omdat Hy die enigste gesagsvolle Persoon is draai dit wat in die kerk en die wêreld gebeur om Hom alleen. "Our highest calling here on earth is to give glory to God in the praise offering of our lips and of our dedicated lives" (Gibbs en Coffey 2001: 174). Alle gesag waarmee gelowiges leef rus op die openbaring van hierdie Persoon van Homself aan mense. Die roeping van die geloofsgemeenskap om te deel aan hierdie gesag geskied op grond van God se genade en beloftes alleen. Hierdie gemeenskap as sulks "brought no power of their own to this choice" (West 1999: 57). Dit is dikwels juis in sy verslaendheid en swakheid dat die geloofsgemeenskap 'n instrument kan wees van die krag van God. As voorbeeld hiervan verwys West (1999: 58) na Israel in ballingskap. "Justice, the fabric of community, is established by the servant, not the master. Through this servant, God reaches out from one people to include all peoples in the community of justice, mercy, and truth, which is God's covenant (Isa. 49:6-12)" (West 1999: 58). Mag en gesag is daarom 'n gawe van God (Joh 19:10 – 11; West 1999: 100). Deur sy verbond met die mense Abraham, Isak en Jakob begin 'n geskiedenis wat die wisselwerking tussen die mag of gesag van mense in 'n gevalle wêreld aan die een kant en die mag van God aan die ander kant, herdefiniëer. Die almagtige God "could – and can – be known only in the encounter, in the history of this relationship, to which the people gave themselves in trust and hope" (West 1999: 103). Die mag van God, waarmee Hy uitreik na die gevalle en magtelose wêreld, is gesetel in die verbond wat Hy met mense het. Israel self was nie geroep om 'n magtige nasie te wees nie maar is geroep om getuies te wees van die almag van die lewende Here. Die volk was die draers van hoop dat in die gevalle wêreld waar mag dikwels misbruik word ten koste van mense, daar steeds 'n almagtige God is wat besig is om met sy mag die wêreld weer te herstel. Die boodskap is: "God, not human power, dominates events" (West 1999: 105). Van hierdie mag van God sê West (1999: 108): "The power of God is the power to cancel the consequences of human sin, to justify and sanctify the sinner, to make human beings new in Christ. It is the power of the new reality present now in the risen Christ, to be fulfilled in the age to come."

Alle mag wat aan God behoort wend Hy in sy verbond aan met die oog op die herstel van alle mense. Die taak van die kerk is daarom om deur middel van sy lewe in die wêreld deel te wees van die mag en gesag van hierdie Missio Dei op so ’n wyse dat die kerk besig is “to discern and respond to the ways of God for the society around us” (West 1999: xiii). Die vraag na die bemagtiging van gelowiges moet daarom deurentyd besig wees met een van die kernvrae van die kerk. “How is the Triune God at work in the nations and cultures – in the rapid, often brutal, changes and the conflicting powers of the world today?” (West 1999: xviii). Bemagtiging moet daarmee rekening hou dat alle mag van die almagtige Skepper kom en dat mag wat aan die kerk of individue oorgedra word steeds die Missio Dei moet dien. “Christians are stewards of this power, witnesses to the plan of God to fulfill all things in Christ” (West 1999: xxi).

**Gevolgtrekking 8.4:**

Alle mag behoort aan God as die Skepper van die wêreld. Hierdie mag wend Hy in die konteks van die verbond aan met die oog op die herstel van alle in sonde gevalle mense.

### 8.3.2 God deel gesag mee aan dienaars van die Missio Dei

“The only ultimate authority in the new creation is its Author” (Newbigin 1996: 23). Die vraag is egter hoe God hierdie gesag aan die kerk van die derde millenium na die vleeswording van sy Seun meedeel. “What, then, are we to say about the intention of Jesus concerning the mediation of his authority to future generations?” (Newbigin 1996: 27). Die eerste bewys van die intensie van Jesus se oordrag van gesag was die feit dat Hy, voor sy arrestasie en dood aan die kruis, ’n gemeenskap van volgelinge gestig het met die oog daarop dat hierdie gemeenskap sy lewe sal voortsit selfs na sy dood. “… there should be a community continuing his life beyond his death, a continuing life together in this world, not just in the age to come” (Newbigin 1996: 28). Die gesag van God is in hierdie geloofsgemeenskap verbondsmatig en daarom geskied die oordrag van hierdie gesag in die konteks van die verbond. Gesag wat gelowiges mag hê “is given them in the light of this divine work, to make it serve God’s covenant in all the variety of its forms” (West 1999: xxi). Gelowiges moet daarom met baie groot verantwoordelikheid omgaan met hierdie gesag wat deur die Almagtige aan hulle meegedeel is. Om hoegenaamd te deel aan hierdie mag sonder die meegaande verbondsverhouding sal destruktief wees vir die mens. Die meedeling van mag geskied in die verhouding wat daar ontstaan tussen God en mens in die gemeenskap wat deur Christus tot stand gebring is.

Jesus se intensie van die oordrag van gesag word verder gesien in die feit dat Hy sy dissipels onderrig het. "It is true that the sayings of Jesus have come to us in variant forms, but the variations are not such as to leave us in the dark about their substance" (Newbigin 1996: 29). Dit wat Hy sy dissipels geleer het was die krag wat die gemeenskap wat Hy tot stand gebring het oor al die eeue heen ondersteun het met die gesag wat Hy oorgedra het. Die derde bewys van die intensie van Jesus om sy gesag oor te dra aan dienaars van die Missio Dei is die belofte wat Hy gemaak het oor die koms van die Heilige Gees. "… without the sovereign activity of the Holy Spirit, people who are outside of Christ and immersed in a neopagan culture are 'dead through the trespasses and sins … following the course of this world, following the ruler of the power of the air, the spirit that is now at work among those who are disobedient … following the desires of flesh and senses' (Eph. 2:1-3)" (Gibbs en Coffey 2001: 172). Dit is die Heilige Gees wat die gestigde, onderrigte gemeenskap met sy soewereine krag tot die volle waarheid sou begelei weg van die magte van hierdie wêreld. Deur die samevoeging van hierdie drie elemente dra die geïnkarneerde God sy gesag oor aan mense. "It is … hard to imagine how there could be any other divine revelation authoritative for the whole of human history except one that embrace the the three element we have noted above: a living community, a tradtion of teaching, and the continuing work of the divine Spirit illuminating the tradition in each new generation and each new situation, so that it becomes the living speech of God for that time, place, and culture" (Newbigin 1996: 31). Deur die samevoeging van die drie elemente van gemeenskap, lering en die Heilige Gees word die gesag van God aan dienaars van die evangelie oorgedra.

Newbigin (1996:25 – 63) dui vier riglyne aan waarbinne die gesag van God aan diensknegte in die Missio Dei oorgedra word. Die vier praktyke waardeur gesag van God aan dienaars oorgedra word is deur die Skrif, die kerk en sy tradisies, menslike rede en menslike ervaring (Newbigin 1996: 31).

- In die post-moderne wêreld word die gesag van die Bybel nie meer aanvaar as 'n universiële objektiewe waarheid wat vir almal geld nie. "Scripture, I suggest, functions … as the cultural-linguistic framework within which the Christian life is lived and Christian doctrine developed" (Newbigin 1996: 37). Die Bybel funksioneer vir die gelowige as die narratief van die wêreld as 'n geskape werklikheid. Die verhaal van die Bybel is "the true story of which our story is a part, and therefor we do not so much look at it as through it in order to understand and deal with the real world" (Newbigin 1996: 42). Die waarheid wat gelowiges as norm vir hulle lewe aanvaar is ingebed in 'n verhaal

waarvan gelowiges uiteindelik self deel uitmaak en dus is hierdie waarheid gebou op geloof in die Outeur van hierdie verhaal. Die Bybel het daarom meer gesag in diegene se lewe wie se "storie" dit vertel en dra daarom gesag oor aan diegene wie se verhaal daarin vertel word. Hierdie Bybelse gesag word aan mense oorgedra in die gemeenskap van gelowiges in gemeenskap met die Heilige Gees. "The Bible cannot function with any authority except through the lives of those whose story it is, those who 'indwell' the story" (Newbigin 1996: 43).

- Daar kan geen sprake wees van Bybelse gesag as daar nie sprake is van 'n geloofstradisie nie. "The story the Bible tells is tied to particular times, places, languages, and cultures. If it were not, it would be no part of human history" (Newbigin 1996: 44). Alhoewel nie alles wat deur tradisie oorgelewer is net so aanvaarbaar is nie moet daar egter erken word dat daar geen appél op die Skrif gemaak kan word sonder inagneming van die voortgesette tradisie van dissipelskap nie. Die verhouding tussen die Bybel en tradisie is wederkerig maar die Skrif bly normatief. Tradisie is daarom slegs normatief in die mate waarin dit getrou bly aan die Skrif. Die Skrif en tradisie alleen kan egter nie die gelowige bemagtig nie. "Neither Scripture nor tradition furnishes us with an authority that releases us from the risky business of making our own decisions in every new situation" (Newbigin 1996: 49). Wat hierby gevoeg moet word is menslike rede;
- Net soos tradisie nie 'n losmaaklike entiteit is as 'n bron van gesag op sy eie, los van die Bybel, nie. Net so is die mens se rede nie los te maak van die Bybel en die meegaande tradisie nie. Rede is nie 'n losstaande bron van inligting nie. "Reason is a faculty with which we try to grasp the different elements in our experience in an orderly way, so that – as we say – 'they make sense'" (Newbigin 1996: 50);
- Die geestelike ervarings van gelowiges kan eweneens nie 'n afsonderlike bron van norme en gesag wees nie aangesien ervarings meestal subjektief is. En tog sê Newbigin (1996: 61): "The word experience certainly stands for something essential in any understanding of authority." Die ervaring van diegene wat hulleself onder die gesag van die Woord, tradisie en redelikheid van die geloof stel doen dit met vreugde en blydskap en nie onder die dwang van slawerny nie. "The Christian believer willingly and joyfully submits to the authority of the One who, in Paul's words, 'loved me and gave Himself for me' (Gal 2:20)" (Newbigin 1996: 61).

"All the four elements we have considered have their place in our recognition of and submision to the authority of God, but only as they are inseparably combined" (Newbigin 1996: 62).

Daar is geen gesag buiten die gesag van God nie en deur die Bybel, tradisie, rede en ervarings van gelowiges dra Hy aspekte van hierdie gesag oor aan gelowiges en die geloofsgemeenskap.

**Gevolgtrekking 8.5:**

Daar is geen gesag buiten die gesag van God nie. Hy dra aspekte van hierdie gesag aan gelowiges en die geloofsgemeenskap oor deur Jesus se nalatenskap van 'n lewende geloofsgemeenskap, sy tradisie van lering en die voortgesette werk van sy Heilige Gees. Hierdie drieledige nalatenskap van Jesus dra gesag oor in die konteks van:

- die Bybel;
- die kerk en sy tradisies;
- menslike rede en
- menslike ervaring.

Om deel te hê aan die mag wat aan God behoort buite hierdie struktuur is destruktief vir die mens.

### 8.3.3 Die gevaar van die misbruik van gesag wat deur God meegeedeel is

Gesag, wat van God alleen kom, word misbruik wanneer daar gepoog word om dit die privaat besit van 'n mens of 'n eksklusiewe gemeenskap te maak, buite die groter gemeenskap van gelowiges en die verbond om. West (1999: 83) sê: "Where faith is based in individual experience and expressed in gathered communities of those who share it, doors are closed to a word of God through the church for their communities in other cultures." Die beloftes van die Here aan die wêreld word deur hierdie optrede aan bande gelê en in plaas daarvan dat die evangelie 'n boodskap is van hoop en bevryding word dit 'n boodskap wat mense vervreem en onderdruk. Die gevaar is wesentlik dat die gesag wat van God af kom so deur 'n individu of 'n gemeenskap aangewend kan word dat dit nie lei tot 'n "gevoel van behoort" by ander nie maar eerder 'n belewenis van vervreemding en dus van ontmagtiging. Modernisme is juis in reaksie hierteen gebore uit 'n soeke na die bevryding van dit wat beleef is as eksterne mag of gesag en die belofte van individuele vryheid om self deel te mag hê aan die keuse tussen dit wat reg of verkeerd is (Newbigin 1996: 11). Gesag wat daarom deur enige iemand misbruik word as 'n entiteit opsigself wat afgedwing word op ander, is nie ware gesag of mag nie. In die verlede het die kerk in die strik getrap om gesag vir homself toe te eien en dit was een van die aanleidende oorsake van die modernisme se wantroue in die gesag van die kerk. "The Christendom synthesis

of Christianity with political power had led to a place where the church had become an oppressor of human freedom" (Newbigin 1996: 64). Die gesag waaroor die kerk sou kon beskik is afgeleide gesag en is gesag wat deur die Skrif, tradisie, rede en belewenis in die kerk deur die Gees gegee is. In hierdie oordrag van gesag aan die kerk en gelowiges speel genade en geloof 'n deurslaggewende rol (Newbigin 1996: 77). Sonder genade en geloof is die aanwending van hierdie afgeleide gesag misbruik en na die sondeval gerig op die mag van die self. Die strewe na mag word gesien in die worstelling van mense rondom 'n waargeneemde, beperkte bron van mag. "The struggle for power was therefore a matter of competition, warfare, and control between human beigns in their tribal or national solidarities for land and for political and cultural dominance" (West 1999: 111). Die motivering hieragter word deur Newbigin (1996: 15) opgesom as hy sê: "We seek a security for ourselves that we were not meant to have, because the only security for which we were made is security in God, security in God's free grace." Bemagtiging wat uiteindelik lei tot valse gerustheid en sekuriteit by die bemagtigde, anders as dit wat God uit sy genade gee is nie ware bemagtiging nie. God se genadige meedeling van gesag en mag aan dienaars van die Missio Dei is die eksterne bron van gesag. Hierdie eksterne bron het egter net ware betekenis vir die bemagtigde persoon as dit in daardie persoon se eie lewe deur geloof en gehoorsaamheid geïnternaliseer is. In die konteks van die verbond kan die mag wat aan mense toevertrou is nie die een viktimiseer en die ander bevoordeel nie. Slegs die doel van goddelike mag kan gedien word.

**Gevolgtrekking 8.6:**

Mag wat van God af kom word deur die gelowige geïnternaliseer deur die ontvangs van genade en geloof. Indien dit nie langs hierdie weg geïnternaliseer is nie sal hierdie mag misbruik word en lei dit nie tot gevoelens van "behoort" nie maar eerder tot 'n belewenis van vervreemding en ontmagtiging.

## 8.4 Bemagtiging as aktiwiteit van die kerk

In bemagtiging as 'n aktiwiteit waarmee die kerk 'n gevoel van behoort aan alle lidmate bied gaan dit nie in die eerste plek om die ervarings van lidmate nie maar oor die eer van God. "What matters is not that I should succeed, but that God should be honored" (Newbigin 1996: 83). Dit is God wat gesagsvol in beheer is en nie mense nie. Wat nodig is om te deel aan hierdie gesag is 'n lewe van dissipelskap en verbintenis. "… we affirm that truth is to be found only in

the personal commitment to a life of discipleship with Him who is himself the truth. We have to tell and enact the story" (Newbigin 1996: 81). Bemagtigende optrede van die kerk moet lidmate begelei tot 'n lewe van verbintenis en dissipelskap. In hierdie verbintenis is die gelowige 'n rentmeester van die mag van God. Hierdie mag is verbondsmatig en word uitgedruk in die verhouding tussen geregtigheid en genade, belofte en vergifnis, en die verhouding tussen God en gelowiges (West 1999: xxi). "Christians are stewards of this power, witnesses to the plan of God to fulfill all things in Christ. They are called to deal responsibly with such human power and authority as is given them in the light of this divine work, to make it serve God's covenant in all the variety of its forms" (West 1999: xxi).

In die verbond kry die gelowige die ervaring van behoort ("sense of belonging") wat hom of haar bemagtig tot deelname aan die uitreik met die goeie nuus van die herskepping van die wêreld deur die almagtige God. "In this new relationship we live by grace, not by our own virtue. We are therefore empowered to risk being witnesses to God's truth in the daily business of life, to name false spirits and unjust powers when we discern them, to invite others to follow Christ, knowing that in so doing we are open to correction and change by God's word and by our fellow human beings, whether believers or not" (West 1999: 49). Gelowiges word bemagtig in die mate waarin hulleself die waarheid van die evangelie in hulle alledaagse lewe uitleef. In die wêreld, gefragmenteer deur gebroke huwelike, gesinne en gemeenskappe, aangedryf deur individualisme en kompetisie, immer bedreig deur konflik waar die een groep se welsyn inbreuk maak op dié van 'n ander, lê die antwoord in 'n daaglikse lewenswyse as 'n "critical Christian ministry" (West 1999: 93).

Die oogmerke van bemagtiging lê dus op twee vlakke: Op die individuele vlak is dit gerig op die gevoel van behoort van elke gelowige. Hierdie gevoel van behoort moet egter lei tot 'n nuwe betrokkenheid by die geloofsgemeenskap. Op die korporatiewe vlak het bemagtiging dit ten doel om gelowiges as die liggaam van Christus in staat te stel om nie net getuies te wees van 'n komende, nuwe Ryk waar Jesus as koning regeer nie maar om in die wêreld hierdie gemeenskap te wees in teenstelling met die ander kulturele en sosiale werklikhede wat die lojaliteit van christene mag opeis (West 1999: 94).. Die bemagtiging van gelowiges is nie net gerig op die individu nie maar gerig op "a more corporate reformation and a more organized witness of the church to the world in all its creative and sinful variety (West 1999: 95). Hierdie werk is die werk van die Heilige Gees. Die kerk is "a social creation of the Spirit within human culture" (West 1999: 94). West (1999: 95 – 97) dui aan dat daar vier tekens is van hierdie

Geesvervulde werk in die kerk.  Hierdie tekens mag aanduidings wees van wat die oogmerke is van korporatiewe bemagtiging as aktiwiteit van die kerk.

- "A missionary understanding of biblical revelation"  (West  1999:  95).
  Gelowiges moet daarvoor begrip kry dat die evangelie nie op individue alleen gerig is nie maar dat dit die ontvouing is van 'n groter verbondsverhaal waarin individue betrek word by God se verhaal met die hele wêreld.  Die kerk word in die ongelowige wêreld ingestuur om daardie wêreld, met al sy volke, te betrek by hierdie verbondsgeskiedenis (West  1999:  95);
- "A community, both pastoral and prophetic"  (West  1999:  95).
  God se deernis is inklusief.  Wat vir die kerk nodig is om merkteken van die Gees te wees is om vanuit 'n pastorale houding teenoor die wêreld, profeties te wees.  'n Pastorale en profetiese houding laat die kerk op so 'n wyse uitreik na die gebroke wêreld dat dit alle grense wat die wêreld en sondeval stel transendeer met die goeie nuus van God se liefde. Hierdie profetiese en pastorale uitreik van die kerk is nie net verbaal nie, maar word geleef in die nuwe geloofsgemeenskap wat die Gees tot stand gebring het  (West  1999: 96);
- "A church, both congregational and ecumenical"  (West  1999:  96).
  "The New Testament preserves a balance between the church local and universal" (Gibbs en Coffey  2001:  159).  Vir die uitvoering van die missionêre roeping van die kerk moet gemeentes noodwendig in gesprek wees met ander gemeentes in dieselfde of ander gemeenskappe.  "Churches, especially local congregations, do and should penetrate the souls of neighborhoods, towns, cities, businesses, labor unions, ethnic groups, cultures, and nations as they bring the gospel to them"  (West  1999:  96);
- "A church, gathered and dispersed"  (West  1999:  97).
  Gelowiges maak elke dag deel uit van die liggaam van Christus.  Ongeag daarvan of dit aan die werk of ontspan is, privaat of sosiaal, gelowiges moet geleer word om te besef dat hulle daaglikse aktiwiteite deel uitmaak van die kerk se betrokkenheid by die Missio Trinitatis in die wêreld.  Die kerk se taak is om hierdie vermenigvuldigde bedieninge van gelowiges in die wêreld, in die kerk byeengekom of verspreid, so te fokus dat elke gelowige daagliks besig sal wees om die volle waarheid van God se goeie nuus aan die hele wêreld in al sy aspekte te bring.

Hierdie vier beginsels wat West in die algemeen op die missionêre kerk toepas is net so toepaslik op daardie kerk en gemeente wat bemagtigend optree teenoor alle gelowiges. ’n Kerk of gemeente wat onder die leiding van die Heilige Gees gelowige lidmate bemagtig is ’n geloofsgemeenskap met ’n misionêre begrip van die Bybelse openbaring, is ’n pastoraal-profetiese gemeenskap in die wêreld, het die oog tegelykertyd op die individuele sowel as ekumeniese roeping van die plaaslike gemeente en is die liggaam van Christus wanneer dit as geloofsgemeenskap bymekaar is of as sout en suurdeeg in die wêreld versprei is.

Indien hierdie vier waardes op die praktyk van kerkwees toegepas word beteken dit dat bemagtigende handelinge in die kerk daarop gerig moet wees om gelowiges in staat te stel om hierdie oogmerke van missionêre kerkwees te haal deur lidmate aan te moedig tot die bestudering en analisering van die gemeenskappe waarvan hulleself daagliks deel uitmaak. Gelowiges moet ondersteun word om in die daaglikse omgang met die wêreld kerkwees te sien as hulle deelname aan die bediening van die goeie nuus en betrokkenheid by die Missio Dei. Lidmate moet die geleentheid gegun word om hierdie bedieninge met die gemeente te deel met die oog op die gemeente se raadgewing, ondersteuning en voorbidding. Lidmate moet begelei word om ’n christelike leefstyl te handhaaf wat van hulle in die openbare lewe mense met groot invloed sal maak. Met die oog hierop moet die kerk fokus op ’n bemagtigende aanbiddingstyl, Bybelstudie en geestelike toerusting wat korrigeer, inlig, inspireer en die bedieninge van gelowiges ondersteun (West 1999: 98). “In short, the oneness we are given in Christ challenges us at every point to discern how God’s reconciliation of the world is working to weave society together despite all the self-centred conflicting structure of human life” (West 1999: 98). Die bediening waarop bemagtigde lidmate moet fokus is die transformasie van alle verhoudinge waarbinne gelowiges staan om deel uit te maak van die herstel van die gevalle wêreld.

**Gevolgtrekking 8.7:**

Bemagtiging gaan in die eerste instansie oor die eer van God deur die verhoging van die verbintenis en dissipelskap van gelowiges in so ’n mate dat hulle die waarheid van die evangelie daagliks in hulle lewens sal uitleef en vertel.

**Gevolgtrekking 8.8:**

Die oogmerke van bemagtiging lê op twee vlakke:

- Op **individuele vlak** is dit gerig op die gevoel van behoort ("sense of belonging") van die gelowige;
- Op **korporatiewe vlak** is dit daarop gerig om gelowiges as die liggaam van Christus in staat te stel om nie net getuies van die evangelie te wees nie maar om 'n nuwe gemeenskap te wees te midde van die gebrokenheid van die wêreld.

**Gevolgtrekking 8.9:**

Die oogmerke van korporatiewe bemagtiging as aktiwiteit van die kerk is om die geloofgemeenskap te begelei tot:

- 'n missionêre begrip van die Bybelse openbaring;
- 'n pastoraal-profetiese teenwoordigheid in die wêreld;
- 'n uitleef van 'n eie sowel as ekumeniese roeping;
- 'n besef van kerkwees in sy bymekaarwees en in sy verspreidwees as sout, lig en suurdeeg in die wêreld.

**Gevolgtrekking 8.10:**

Bemagtiging is om lidmate te begelei om 'n christelike leefstyl te handhaaf wat van hulle in die openbare lewe mense met groot invloed tot herstel van die wêreld sal maak. Met die oog hierop moet die kerk fokus op 'n aanbiddingstyl, Bybelstudie en geestelike toerusting wat bemagtig deurdat dit korrigeer, inlig, inspireer en die bedieninge van gelowiges ondersteun.

## 8.5 Bemagtiging as 'n meetbare handeling en proses in die kerk

Bemagtiging is meer as net die teologiese nadenke oor die rol van lidmate en kerkleiers in die missionêre gerigtheid van die kerk. Vir bemagtiging om 'n bydrae te lewer aan die missionêre aard van die kerk moet dit meetbare handelinge wees wat deel uitmaak van 'n hele proses wat gerig is op bemagtiging in die kerk. In die onsekerheid wat kerkleiers ervaar is hulle dikwels op soek na stap-vir-stap flattervrye planne. "This mindset represents our succumbing to the

temptation to walk by sight and not by faith. It signifies our dependance on our own ability to produce answers and fix things" (Gibbs en Coffey 2001: 229). In die kerk is daar meestal nie een enkelvoudige model wat die nodige impak sal maak en die verandering teweeg sal bring waarvoor daargesoek word nie (Gibbs en Coffey 2001: 131). Bemagtiging is dus 'n proses waardeur die hele kerk naderkom daaraan om getrou te wees aan die missionêre roeping om die evangelie in die wêreld uit te dra en van mense dissipels te maak (Matt 28:18 – 20). Die eerste aspek wat dus geraak behoort te word deur die veranderinge wat bemagtiging teweeg kan bring is die gehalte van die dissipelskap van alle gelowiges.

### 8.5.1 Bemagtiging en die gehalte van dissipelskap

Indien bemagtiging daarop gerig is om lidmate te begelei om 'n christelike leefstyl te handhaaf wat van hulle in die openbare lewe mense met groot invloed tot herstel van die wêreld sal maak, moet gelowiges toegerus en ondersteun word dit te kan doen. "Through discipleship people will develop a sound Biblical understanding of what witness really means" (Hancke 2005: 152). Die opdrag van Jesus om dissipels te maak was 'n opdrag aan die kerk om mense toe te rus volgens die "apprenticeship method" (Gibbs en Coffey 2001: 60) om self uit te reik na die wêreld. Deur die uitreik na die wêreld leer die gelowige nie net vaardighede aan om die evangelie oor te dra nie maar word hy of sy self gevorm en verander deur die boodskap (Gibbs en Coffey 2001: 223). "Through sound discipleship programs believers will be equipped for service in God's Kingdom" (Hancke 2005: 231). Deur dissipels te wees leef die gelowige daagliks 'n lewe herskep deur Jesus. "Discipleship simply means the imitation of Christ (1 Thess. 1:6) … A disciple is one who embodies te message he or she proclaims" (Gibbs en Coffey 2001: 223). Dit is egter net diegene wat self dissipels is wat ander kan begelei om dissipels te wees. "Undiscipled church members present one of the greatest challenges facing the church, not only in the West but around the world" (Gibbs en Coffey 2001: 223). 'n Te swaar klem op die oomblik van bekering sonder die nodige nasorg en inlei in die lewenslange proses van dissipelskap verlam die getuienis van die bekeerde. "Discipleship means to teach, equip, mentor and model how to be a follower of Jesus. It has to do with living a life controlled by the Spirit of God; empowered by Him and stepping out into the world, crossing borders, to be a transformational agent in his kingdom" (Hancke 2005: 231). Wat nodig is is meer as net vermanings en aanmoediging. Daar is 'n groot behoefte aan geestelike vorming deur bemagtiging deur die Gees en deur die kerk. "Through discipleship Christians should be assisted

to understand that it is God, through his Spirit , who equips and gives the competence to witness" (Hancke 2005: 152).

Die toerusting van gelowiges en die verbetering van die gehalte van dissipelskap van lidmate is nie net die taak en verantwoordelikheid van die leraar of die besondere ampte alleen nie. Die geloofs- en verbondsgemeenskap neem hiervoor medeverantwoordelikheid. "In order to respond to so many pastoral demands, leaders must establish relational networks to provide the support everyone needs, so that 80% of the pastoral needs are met by small groups" (Gibbs en Coffey 2001: 73). Kleingroepleiers word toegerus om grotendeels die versorging van groeplede en die groei in die gehalte van dissipelskap te verbeter. Slegs daardie uitdagings wat die groepleiers en geloofsgemeenskap self nie kan hanteer nie word na die leraar of besondere ampte verwys.

**Gevolgtrekking 8.11:**

Praktiese meetbare aksies van 'n gemeente om die gehalte van dissipelskap van christene te verbeter is bemagtigend.

### 8.5.2 Toerusting as 'n bemagtigende handeling

Dit is die Gees wat gelowiges toerus en die bekwaamheid gee om te kan getuig (Hancke 2005: 152). Die kerk kan egter op praktiese en meetbare wyses betrokke wees by die toerusting van lidmate. Hierdie betrokkenheid is bemagtigend. Bemagtiging en toerusting is nie wisselterme nie. Laasgenoemde is slegs een aspek van eersgenoemde. Bemagtiging kan egter nie sonder toerusting geskied nie. "Where there is an absence of training, usually there is a lack of effective evangelistic outreach" (Gibbs en Coffey 2001: 197). Die probleem met opleiding en toerusting wat die gelowige moet help om met 'n vergrote invloedsfeer in die wêreld te leef is dat dit dikwels in 'n te dogmatiese wyse aangebied word wat nie die nood van die postmoderne mens volledig aanspreek nie. Gemeentes wat erns maak met die toerusting van lidmate met die oog op 'n uitreik met die evangelie in die wêreld bied dikwels 'n kursus aan waarmee lidmate moet uitreik. Die probleem hiermee is "increasingly we are finding that one particular approach is not appropriate for many individuals who are open to God. People do not want to be processed in a propagande machine; each person wants to be treated as an individual who is listened to, as a unique person whose opinion is respected and whose knowledge is weighed fairly" (Gibbs en Coffey 2001: 198).

Die toerusting wat gelowiges ontvang om na ’n postmoderne wêreld uit te reik moet dus nie te ingewikkeld wees nie, nie veronderstel dat die hoorder reeds baie fasette van die evangelie ken nie en nie dogmaties konfronterend wees nie. Wat nodig is is ’n narratiewe benadering waar beide die verteller en hoorder deel uitmaak van die vertelling. Hierdie toerusting is bemagtigend in die gelowige se getuienis in die wêreld want: "… not only do have the story – the gospel itself – but we also offer an alternative community, a narratable world in which meaning can be discovered and lived out. That narratable world is the church" (Gibbs en Coffey 2001: 199).

**Gevolgtrekking 8.12:**

Toerusting maak ’n belangrike deel uit van bemagtiging. Die toerusting wat gelowiges moet bemagtig moet gerig wees op die oorvertel van die evangelie op so ’n wyse dat dit die postmoderne mens aanspreek.

### 8.5.3 Die rol van spiritualiteit in bemagtiging

In die uitreik na die wêreld moet gelowiges leer om afhanklik te wees van die Heilige Gees "… not only in terms of when and to whom we should speak, but also in regard to what we say" (Gibbs en Coffey 2001: 199). Indien daar nie vir die werk van die Heilige Gees ruimte gegee word in die lewe van en die uitreik deur die gelowige nie, kan daar nie sprake wees van betekenisvolle getuienis van die evangelie nie (Hancke 2005: 153). "If modern day believers are more hesitant to witness than their brothers and sisters in the early centuries of Christianity, it is not because the Holy Spirit has changed – it is because the witnesses have changed" (Hancke 2005: 153). Formalisme en ’n rigiede spiritualiteit lê die persoonlike en korporatiewe getuienis van gelowiges aan bande en bemagtigende handelinge deur die kerk moet hieraan ’n verskil probeer maak. Sonder die werk deur die Heilige Gees sal diegene wat verlore is in hulle sonde nie ’n behoefte aan die evangelie hê nie Die ontmagtigende invloed op die postmoderne getuienis van die kerk wat die fokus op menslike werk en persoonlikhede ten koste van die werk van die Gees het word deur Gibbs en Coffey (2001: 123) as volg beskryf: "As we move from modernity to postmodernity, the church must focus on saints, not celebrities. Poets and prophets must replace the pulpiteers. The spiritual superficiality that has characterized so much church leadership in recent decades has resulted in spiritually shallow churches. Congregational members seldom rise above the level of their leaders" (Gibbs en Coffey 2001: 123). Ten opsigte van spiritualiteit en die bemagtiging van gelowiges sal gelowiges weer die waarde van

gereëlde stiltetyd en selfs die praktyk daarvan geleer moet word. Voordat hulle breedvoerig uitwei oor verskillende vorme van stiltetyd sê Gibbs en Coffey: "… the growing recognition of the nominality within our ranks and the disturbing amount of evidence of spiritual superficiality has led many to re-examine other traditions" (Gibbs en Coffey 2001: 131).

**Gevolgtrekking 8.13:**

Bemagtigende werk in die kerk stel meer vertroue in die werk van die Heilige Gees as in die werk van mense en leer gelowiges opnuut die waarde van persoonlike stiltetye saam met die Here.

### 8.5.4 Eredienste en die bemagtigende waarde daarvan

"The goal of the worship experience is not to bring about an altered state of consciousness as a way for the devotees to detach themselves from the mundane experiences of life. It is not an escapist activity but an empowering one – the whole of life is infused with a sense of God's presence" (Gibbs en Coffey 2001: 128). Eredienste en aanbiddingsgeleenthede moet gelowiges help om 'n gesindheidsverandering te ondergaan. "Through such a change in attitude and understanding, blievers would become more than 'Sunday Christians or pew warmers'. The club mentality will have to be replaced by a new witnessing lifestyle imbedded in a Biblical understanding of what it means to be God's missionary people" (Hancke 2005: 154). Die fokus van eredienste is nie die behoeftes van mense nie maar die eer van God self. Deur die prediking moet die prediker die hoorder in verbintenis bring met 'n boodskap wat nêrens elders te vinde is nie. Die prediker moet steeds die beste moontlike eksegetiese metodes toepas maar die lewering van die boodskap moet op so 'n wyse geskied dat dit aansluit by die leefwêreld van die hoorders en die hoorders laat deel in die "Christian story" (Gibbs en Coffey 2001: 178) op 'n manier wat vars en relevant is. Vanuit hierdie erediens word die gelowiges gestuur om uitnodigend in die wêreld in te gaan en ander medemense in te nooi in die verhaal van God met die mens (Gibbs en Coffey 2001: 180).

In die eredienste moet geleentheid geskep word vir gelowiges om te getuig van hulle bediening buite die erediens sodat hulle nie net self ondersteun kan word nie maar die nodige aanmoediging kan gee vir daardie gelowiges wat self nog nie getuies met 'n eie bediening is nie. "… the shared experiences will create enthusiasm and a greater willingness and boldness to

reach out to unbelievers" (Hancke 2005: 155). Eredienste moet geleenthede wees waar die boodskap van hoop en liefde in die gemeente geïnkarneer word.

**Gevolgtrekking 8.13:**

Die eredienste van 'n gemeente is bemagtigend wanneer dit gelowiges hulle plek in die *Missio Dei* laat beleef deur lofprysing, aanbidding, prediking en getuienis.

### 8.5.5 Bemagtiging deur middel van die verandering van persepsies

"It is possipible that a change in perceptions can result in a change in attitude – understanding the ultimate reason for being God's transformational agents in the world" (Hancke 2005: 154). Die veranderde gesindhede waarna Hancke verwys sal volgens hom lei lei tot die betrokkenheid van alle gelowiges by die uitdra van die evangelie, dus die *Missio Dei.* Die verandering van persepsies begin egter nie by die gelowige alleen nie maar in die groter kerkstruktuur. "In order to release its people for their God-assigned tasks, the large, successful church must be prepared to dismantle a great number of its centralized meetings and activities that depend upon proffessional clergy aided by an army of volunteers" (Gibbs en Coffey 2001: 32). Die postmoderne mens gaan nie rondom 'n versterkte kerkstruktuur verenig in die koninkryk van God nie maar eerder luister na die stemme van individue wat hulle betrokkenheid by die evangelie nie net oorvertel nie maar inderdaad uitleef. In verdere aanhalings sê Gibbs en Coffey (2001: 90) "the pyramidical structures inherited from the past need to be replaced by a much more democratized structure with a high degree of decentralization and empowerment in the present cultural context." Indien bemagtiging die persepsies van gelowiges wil raak moet dit alreeds by die leiers en die gesagstrukture van die kerk begin. Die kerk wat globale sendingwerk ernstig opneem is "a church that decentralizes decision-making and is prepared to empower people in ministry" (Gibbs en Coffey 2001: 227). Die gesindhede wat moet verander is nie net dié van die lidmate wat moet besef dat hulle 'n taak en 'n roeping het om betrokke te raak by die *Missio Dei* nie, maar ook die leiers van die kerk wat dit moet insien en lidmate moet toelaat en bemagtig om hierdie roeping uit te voer.

Die gesindhede en persepsies van die kerk moet so ingrypend geheroriënteer word dat die omgekeer word – die binnekant na buite sodat die buitekant na binne kan kom (Gibbs en Coffey 2001: 228). "… the church will have to be the church in the world – gathering for worship in

order to go out in mission. Its programmes must be geared to equip and support the people of God in strategic locations where the Lord has already placed them to serve as his representatives" (Gibbs en Coffey 2001: 228). Bemagtiging is gerig op hierdie gesindheidsverandering deur selfs die "kerktaal" wat so dikwels eerder ontmagtig as wat dit insluit en bemagtig te verander (Gibbs en Coffey 2001: 182, 198, 200).

"Church leaders are prone to disempower the people of God in two areas. They may disempower them in the church through the exercise of restrictive controls that exclude the laity from ministry and from taking initiative. With even more devastating consequences, the may fail to recognize the calling of laypersons in the world as their primary area of ministry" (Gibbs en Coffey 2001: 89). Dit is egter nie net kerkleiers wat aan hierdie ontmagtiende gedagtes 'n verkeerde inhoud gee nie. Lidmate is dikwels self skuldig aan die gedagte dat dit slegs besoldigde, spesiaal geroeptes is wat 'n diens te lewer het in die uitdra van die evangelie (Hancke 2005: 156). "A change is necessary and it will have to begin with leaders who understand the demands that Jesus himself makes. In large measure, our understanding of Jesus' words on leadership determines whether we become a community of servant-leaders or a community where people exploit leadership. The 21$^{st}$ century leaders should be those who understand the magnitude of the whole gospel and begin teaching, training, and accompanying their flock to become effective witnesses. Today's leaders should take note of Paul's description of the leadership role in terms of teaching, training people and accompanying the whole congregation in both personal and corporate growth (Eph 4)" (Hancke 2005: 232). In die verandering van persepsies en gesindhede van die leiers van die kerk lê alreeds 'n baie groot mate die sukses van bemagtiging opgesluit soos reeds gesien in die bestudering van bemagtiging in die bestuurswetenskappe.

**Gevolgtrekking 8.14:**

Bemagtiging gaan oor die verandering van persepsies en gesindhede van beide lidmate en kerkleiers. Veranderings van persepsies van en oor laasgenoemde is deurslaggewend vir die sukses van bemagtiging.

## 8.6 Samevatting

Postmodernisme se verwerping van algemeen geldende waarhede en die gepaardgaande soeke na individuele waarhede skep vir die kerk geleenthede waarin die bemagtiging van die amp van die gelowige die invloedsfeer van die gelowige in die wêreld kan vergroot. Met die kernwoord "mag" is "bemagtiging" egter 'n gelade term om in die kerk op 'n naïewe wyse aan te wend. In die kerk se benutting van die term "bemagtiging" moet daar wegbeweeg word van mag of gesag en moet daar eerder gefokus word op die einddoel van die proses as die vergroting van die vermoeë tot diens en die invloedsfeer van die gelowige in die wêreld. Alle mag behoort aan God as die Skepper van die wêreld. Hierdie mag wend Hy in die konteks van die verbond aan met die oog op die herstel van alle in sonde gevalle mense. Daar is geen gesag buiten die gesag van God nie. Hy dra aspekte van hierdie gesag aan gelowiges en die geloofsgemeenskap oor deur Jesus se nalatenskap van 'n lewende geloofsgemeenskap, sy tradisie van lering en die voortgesette werk van sy Heilige Gees. Hierdie drieledige nalatenskap van Jesus dra gesag oor in die konteks van:

- die Bybel;
- die kerk en sy tradisies;
- menslike rede en
- menslike ervaring.

Om deel te hê aan die mag wat aan God behoort buite hierdie struktuur is destruktief vir die mens. Mag wat van God af kom word deur die gelowige geïnternaliseer deur die ontvangs van genade en geloof. Indien dit nie langs hierdie weg geïnternaliseer is nie sal dit misbruik word en lei dit nie tot gevoelens van "behoort" nie maar eerder tot 'n belewenis van vervreemding en ontmagtiging. Bemagtiging gaan in die eerste instansie oor die eer van God deur die verhoging van die verbintenis en dissipelskap van gelowiges in so 'n mate dat hulle die waarheid van die evangelie daagliks in hulle lewens sal uitleef en vertel. Die oogmerke van bemagtiging lê op twee vlakke:

- Op **individuele vlak** is dit gerig op die gevoel van behoort ("sense of belonging") van die gelowige;
- Op **korporatiewe vlak** is dit daarop gerig om gelowiges as die liggaam van Christus in staat te stel om nie net getuies van die evangelie te wees nie maar om 'n nuwe gemeenskap te wees te midde van die gebrokenheid van die wêreld.

Die oogmerke van korporatiewe bemagtiging as aktiwiteit van die kerk is om die geloofgemeenskap te begelei tot:

- ’n missionêre begrip van die Bybelse openbaring;
- ’n pastoraal-profetiese teenwoordigheid in die wêreld;
- ’n uitleef van ’n eie sowel as ekumeniese roeping;
- ’n besef van kerkwees in sy bymekaarwees en in sy verspreidwees as sout, lig en suurdeeg in die wêreld.

Bemagtiging is om lidmate te begelei om ’n christelike leefstyl te handhaaf wat van hulle in die openbare lewe mense met groot invloed tot herstel van die wêreld sal maak. Met die oog hierop moet die kerk fokus op ’n aanbiddingstyl, Bybelstudie en geestelike toerusting wat bemagtig deurdat dit korrigeer, inlig, inspireer en die bedieninge van gelowiges ondersteun. Bemagtiging bestaan uit praktiese meetbare aksies van ’n gemeente om die gehalte van dissipelskap van christene te verbeter. Hierdie askies sluit onder meer in:

- die toerusting van gelowiges wat gerig is op die oorvertel van die evangelie op so ’n wyse dat dit die postmoderne mens aanspreek;
- om gelowiges opnuut die waarde van persoonlike stiltetye saam met die Here te leer en om gelowiges te leer om meer vertroue in die werk van die Heilige Gees as in die werk van mense te stel;
- eredienste wat gelowiges hulle plek in die *Missio Dei* laat beleef deur lofprysing, aanbidding, prediking en getuienis;
- die verandering van persepsies en gesindhede van beide lidmate en kerkleiers. Veranderings van persepsies van en oor laasgenoemde is deurslaggewend vir die sukses van bemagtiging.

# *Hoofstuk 9*

## *Oorsig en Gevolgtrekkings*

Die veronderstelling wat nagevors is, is dat die benutting van die nie-teologiese term "bemagtiging" tot nut kan wees in die verbetering van die betrokkenheid by die sendingroeping van die kerk van diegene wat nie in 'n besondere amp dien nie. Die soeke na nuwe maniere vir die verhoging van lidmate se betrokkenheid by die kerk se uitreik-aksie na die wêreld word genoodsaak deur die veranderende konteks waarin die kerk homself bevind in die derde millenium na Christus.

Die kerk moet in hierdie tyd die boodskap van hoop van die evangelie aan die wêreld bring veral aangesien post-modernisme nie die leemte kan vul wat deur modernisme gelaat is nie. Beter betrokkenheid deur lidmate word genoodsaak deur die wêreld se verwerping van die normatiewe waarde van die Bybelse boodskap. Lidmate is beter geposisioneer om met die evangelie in die wêreld op 'n holistiese wyse betrokke te kan wees as individue of as groepe van gelowiges. "Bemagtiging" verwys in hierdie konteks na die omvattende taak van die kerk waarmee lidmate in staat gestel word om word om evangeliste te wees en omvat meer as net toerusting.

In 'n poging om vas te stel waartoe gelowiges bemagtig moet word is daar in die eerste instansie, in **hoofstuk twee**, stilgestaan by die missionêre konteks waarbinne die kerk homself tans bevind. Daar is veral gekonsentreer op 'n gereformeerde siening van wat "sending" is. In die bemagtiging van gelowiges moet dit wat vroeër vir die kerk sentraal was steeds in die sentrum staan. Die opdrag en belofte van Matt 28:18 – 20 en Hand 1:8, in die lig van die opstanding van Jesus en toegepas op elke gelowige, vorm daarom steeds die grond van die sendingtaak van die kerk en die bemagtiging van gelowiges. "Sending" dui steeds op die werk wat deur die Drie-enige God geïnisieër is en gebeur daar waar grense, sigbaar en onsigbaar, tussen die evangelie en die wêreld, oorgesteek word. Die oogmerk van "sending" is die holistiese aanbod van hoop en bevryding wat daar in Jesus Christus is. In die lig van gereformeerdes se bydrae tot die teologie van sending is dit in **hoofstuk drie** gedefiniëer as "daardie multi-dimensionele aktiwiteite van die hele kerk van Christus, waarmee die kerk, op grond van die Missio Dei, die grense na die wêreld op so 'n wyse oorsteek dat God se eskatologiese hoop en verlossing in Jesus Christus alleen, vandag reeds realiseer vir diegene wat onder die gevolge van sonde ly."

In die **vierde en vyfde hoofstukke** van die studie is daar stilgestaan by die kerkregtelike implikasies van die beter benutting van die amp van die gelowige.  Die definieëring van die ampte moet altyd geskied in die lig van die *Missio Dei* wat in die wêreld hoop en bevryding bring deur besondere en algemene gawes.  In die verskeidenheid van gawes wat deur God gegee is, is daar ’n eenheid wat die liggaam van Christus dien.  Die hoeveelheid ampte is daarom nie so sentraal as wat die herkoms, opdrag en teologiese begronding van elke amp is nie.  Wat sentraal aan die amp staan is die toerusting van gelowiges met die oog op beide groei na binne en na buite.  Dit is die taak van die amp om die gemeente as deel van die een, heilige, algemene, apsotoliese kerk in staat te stel om sy doel en funksie in die *Missio Dei* te bereik deur dade van *koinonia, kerygma, diakonia* en *martyria*.  Hierdie werk geskied nie net deur die ampsdraers alleen nie maar deur die hele kerk, tot verheerliking van die Hoof van die kerk.  Daar is ’n sterk wisselwerking tussen die amp en die gemeenskap van gelowiges wat, indien dit verbreek word, sou lei tot ’n verarming van beide en sou dit beteken dat die plaaslike gemeente nie aan sy doel en funksie beantwoord nie.  Alhoewel die terme “amp” en “amp van die gelowige” nie in die Bybel gebruik word nie en alhoewel die gevaar bestaan dat dit verkeerd gebruik of verstaan kan word, is daar genoeg ondersteuning ten gunste van die term.  Wanneer dit wel gebruik word moet die Bybelse inhoud daarvan omskryf word.  Die besondere en algemene ampte is, sonder die oorheersing van die een oor die ander, in wisselwerking met mekaar sodat beide deur die beskikking van die Gees aangewend kan word in die uitbreiding van die koninkryk van God en die opbou van die liggaam van Christus.  Die inhoud en taak van die amp van die gelowige rus daarop dat elke gelowige geroep is om sy of haar eie verlossing prakties uit te leef met die gawes wat die Heilige Gees aan hom of haar gegee het.

Rondom die amp van die gelowige is daar tot die gevolgtrekking gekom dat:

- Die eerste waarde daarvan lê in die vermoeë van die gelowige om as individu die wêreld met die evangelie te kan binnedring;
- Die tweede winspunt is dat die uitleef van die algemene amp deur die hele kerk nuwe lewe bring in die plaaslike gemeente.

In die vraag na die moontlike benutting van die term “bemagtiging” vanuit die algemene wetenskappe blyk dit dat die term óf goed omskryf moet word voordat dit in die kerk gebruik word óf selfs heeltemal vervang moet word met ander terminologie.  In die omskrywing van wat “bemagtiging” is kan die teoloog die resultate van die natuur- of algemene wetenskappe

bestudeer en benut. In die **sesde hoofstuk** is reeds vasgestel dat die benutting van algemene wetenskappe ’n wyse is waarop die missioloog die boodskap van die Bybel kan kontekstualiseer in sy eie tyd, en ’n manier is om in gesprek met die wêreld ’n boodskap van hoop te kan bring. Deur die missiologie word die konteks waarbine die teologie gepraktiseer word so ondersoek dat dit behulpsaam is in die kontekstualisering van die bevindings van teologie. Die missioloog is daarom voortdurend in gesprek met die wêreld waarbinne die boodskap van hoop gebring moet word. ’n Belangrike bevinding van hierdie studie is dat die benutting van algemene wetenskappe tegelykertyd sending en kontekstualisering van die boodskap van hoop is.

In ’n soeke na ’n algemene definisie van wat “bemagtiging” kan beteken is in die **sewende hoofstuk** bevind dat bemagtiging daardie handelinge of prosesse is wat ’n individu bevry van ’n onderdrukkende kultuur of struktuur en wat die individu met sy of haar waardes en norme so laat deel word van ’n nuwe gemeenskap dat die individu beleef dat hy of sy behoort en nie in die nuwe gemeenskap oorheers word nie maar self deel het aan die prosesse van die gemeenskap. Vir bemagtiging om suksesvol te wees moet daar dus vasgestel word:

- wat die spesifieke situasie is wat aanleiding gee tot die behoefte aan bemagtiging of wat aanleiding gee tot ’n belewenis van gevoelens van nie-behoort nie;
- hoe die gesagstruktuur lyk of wat die persepsies is rondom die gesagstruktuur waarbinne bemagtiging moet plaasvind;
- wie die gesagsvolle persone is in die waargeneemde gesagstruktuur, sodat bemagtiging by hierdie persone kan begin

Bemagtiging geskied deur strukturele verandering waardeur gesindhede, opinies en persepsies verander en is daarom ’n langtermyn proses en nie ’n vinnige oplossing vir uitdagings wat aan enige struktuur gestel word nie. Toerusting en opleiding is ’n belangrike onderdeel van bemagtiging en is bemagtigend maar is nie gelykstaande aan bemagtiging nie. Hoe meer die invloedsfeer van die objek van bemagtiging vergroot hoe meer verhoog die objek se betrokkenheid, houding, ingesteldheid en vebintenis aan die struktuur waarbinne bemagtiging geskied. Bemagtiging word meestal bestuur deur diegene in die struktuur met mag en dit beklemtoon juis die onderdanigheid van die objek van bemagtiging. Pogings tot bemagtiging lei dan tot verdere gevoelens van magteloosheid. Die interaksie tussen subjek en objek van bemagtiging moet geskied met die in agneming van die waardes en norme van die gemeenskap of struktuur waarbinne dit geskied. Suksesvolle bemagtiging lei daartoe dat die objek van bemagtiging ’n meer gewaardeerde rol kan vervul in die spesifieke gemeenskap of struktuur.

Daar is gevind dat …

- die term "bemagtiging" vir gebruikers van die term verskillende – soms uiteenlopende – betekenisse het wat óf positiewe óf negatiewe konotasies het. Hierdie bevinding moet vir die kerk 'n waarskuwing wees om die term nie lukraak aan te wend nie;
- ware bemagtiging nie die verskuiwing van 'n konstante hoeveelheid van mag in 'n gemeenskap of struktuur is nie maar wel die skep van meer mag en energie is;
- bemagtiging 'n proses is van deelname en delegasie waarin delegasie lei tot 'n verbetering in die werker se werksprestasie aangesien hy of sy ervaar dat hy of sy in beheer is;
- die redes waarom bestuur by bemagtiging betrokke is duidelik uitgespel moet word sodat dit nie lei tot suspisies by die objek van bemagtiging nie;
- die verspreiding van inligting in die strukture waarbinne bemagtiging plaasvind baie belangrik is;
- die mikro en makro konteks van die objek van bemagtiging in berekening gebring moet word en dat dit, saam met ander faktore soos ondersteuning, die beskikbaarheid van hulpbronne en kontekstuele bestuurstelsels, 'n baie belangrike rol speel;
- bemagtiging die betrokkenheid en betekenisvolle deelname van alle rolspelers insluit;
- menslike hulpbronne, vaardighede en die verbetering van toegang tot die aktiwiteite van die struktuur waarbinne bemagtiging plaasvind vir suksesvolle bemagtiging noodsaaklik is;
- 'n hoë vlak van vertroue tussen die betrokke partye, egtheid, kreatiwiteit en eenvoud noodsaaklike waardes is vir die konstruktiewe verandering van strukture en bemagtiging;
- 'n behoorlike omskrywing van die rolle van alle betrokke partye en 'n proses van mentorskap meewerk tot die meetbaarheid van die bemagtigingsproses;
- die fokus op die belange van die individu binne die konteks van die kollektiewe belange van die struktuur tot suksesvolle bemagtiging kan lei indien 'n sterk kern van waardes, te midde van die veranderings wat deur bemagtiging teweeggebring word, onveranderd bly.

In **hoofstuk agt** is daar gelet op die geleenthede wat die kerk tans tot sy beskikking het in die uitdra van die evangelie deur die bemagtiging van gelowiges. Postmodernisme se verwerping van algemeen geldende waarhede en die gepaardgaande soeke na individuele waarhede skep vir die kerk geleenthede waarin die bemagtiging van die gelowige laasgenoemde se invloedsfeer in die wêreld kan vergroot. "Bemagtiging" is egter 'n gelade term om in die kerk op 'n naïewe wyse aan te wend. In die benutting van die term "bemagtiging" moet daar wegbeweeg word van

mag of gesag en moet daar gefokus word op die einddoel van die proses as die vergroting van die vermoeë tot diens en die invloedsfeer van die gelowige in die wêreld. Alle mag behoort immers aan God, die Skepper van die wêreld. Daar is geen gesag buiten die gesag van God nie. Hy dra aspekte van hierdie gesag aan gelowiges en die geloofsgemeenskap oor deur Jesus se nalatenskap van 'n lewende geloofsgemeenskap, sy tradisie van lering en die voortgesette werk van sy Heilige Gees. Om deel te hê aan die mag wat aan God behoort buite hierdie struktuur is destruktief vir die mens. Mag wat van God af kom word deur die gelowige geïnternaliseer deur die ontvangs van genade en geloof. Indien dit nie langs hierdie weg geïnternaliseer is nie sal dit misbruik word en lei dit nie tot gevoelens van "behoort" nie maar eerder tot 'n belewenis van vervreemding en ontmagtiging. Bemagtiging gaan in die kerk in die eerste instansie oor die eer van God deur die verhoging van die verbintenis en dissipelskap van gelowiges in so 'n mate dat hulle die waarheid van die evangelie daagliks in hulle lewens sal uitleef en vertel.

Die studie het bevind dat die oogmerke van bemagtiging op twee vlakke lê:

- Op individuele vlak is dit gerig op die gevoel van behoort ("sense of belonging") van die gelowige;
- Op korporatiewe vlak is dit daarop gerig om gelowiges as die liggaam van Christus in staat te stel om 'n nuwe gemeenskap te wees te midde van die gebrokenheid van die wêreld. Die geloofgemeenskap word deur middel van bemagtiging begelei tot:
  - 'n missionêre begrip van die Bybelse openbaring;
  - 'n pastoraal-profetiese teenwoordigheid in die wêreld;
  - 'n uitleef van 'n eie sowel as ekumeniese roeping;
  - 'n besef van kerkwees in sy bymekaarwees en in sy verspreidwees as sout, lig en suurdeeg in die wêreld.

Bemagtiging is om lidmate te begelei om 'n christelike leefstyl te handhaaf wat van hulle in die openbare lewe mense met groot invloed tot herstel van die wêreld sal maak. Met die oog hierop moet die kerk fokus op 'n aanbiddingstyl, Bybelstudie en geestelike toerusting wat bemagtig deurdat dit korrigeer, inlig, inspireer en die bedieninge van gelowiges ondersteun. Bemagtiging bestaan uit praktiese, meetbare aksies van 'n gemeente om die gehalte van dissipelskap van christene te verbeter.

Die presiese inhoud van meetbare en praktiese programme wat die kerk kan benut in sy poging om lidmate wat nie in die een of ander besondere amp staan nie te bemagtig, mag die onderwerp van ’n verdere studie wees.

**Slotsom:**

Die omgewing waarin die kerk bestaan het wel verander na die demokratiese verkiesing in Suid Afrika in 1994. Postmodernisme het die globale wêreld verander. Die opdrag van Jesus in Matt 28:17 – 20 aan sy dissipels staan steeds vas. Hoe die kerk hierdie opdrag in die huidige tydsgees gaan oordra sal afhang van hoe die kerk op die uitdagings van die dag antwoord. Die kerk sal baie meer moet doen om lidmate wat daagliks op die frontlinies is van die kerk se uitreik na die wêreld te ondersteun in die verskillende bedieninge waarin hulle betrokke is. Die rol van die besondere ampte hierin is van groot belang. Laasgenoemde sal deur meetbare handelinge aan gelowiges ’n “gevoel van behoort” (“sense of belonging”) ten opsigte van die kerk se roeping in die *Missio Dei* moet gee. Deur die bemagtiging van die amp van die gelowige word elke gelowige betrek by die hele kerk van Christus se multi-dimensionele aktiwiteite, waarmee die hele kerk, op grond van die *Missio Dei*, die grense na die wêreld op so ’n wyse oorsteek dat God se eskatologiese hoop en verlossing in Jesus Christus alleen, vandag reeds realiseer vir diegene wat onder die gevolge van sonde ly.

Om die hele kerk te bemagtig tot betrokkenheid by hierdie sending is dit nodig dat daar, met omsigtigheid, gelet word op die inhoude wat gegee word aan die term “bemagtiging” en moet daar in die bemagtiging van die amp van gelowige gelet word op alle aspekte van kerkwees. Die bemagtiging van die amp van gelowige, maak een faset uit van die kerk se omvattende antwoord op die uitdagings wat die inleiding tot die derde millenium na Christus aan die kerk stel.

# *Sleutelterme*


- Amp;
- Amp van die gelowige;
- Sending;
- Sendingwetenskap;
- Mag of gesag;
- Bemagtig of Bemagtiging;
- Globalisasie;
- Modernisme;
- Post-modernisme;
- Gereformeerd.


# *Keywords*


- Church office;
- Office of the Believer;
- Mission;
- Missiology;
- Power or authority;
- Empower or empowerment;
- Globalisation;
- Modernism;
- Postmodernism;
- Reformed.

# ***Bibliografie:***

Balshaw, T & Goldberg, J. 2005. **Cracking Broad-Based Black Economic Empowerment.** Human en Rousseau: Kaapstad.

Barth, K. 1963. **Evangelical Theology: An Introduction.** Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids.

Bavinck, H. 1977. **Our Reasonable Faith: A Survey of Christian Doctrine**. Baker Book House: Grand Rapids.

Bavinck, JH. 1960. **An Introduction to the Science of Missions**. The Presbyterian and Reformed Publishing Company: Phillipsburg.

Berkhof, H. 1979. **Christelijk Geloof**. Vierde hersiene druk, Nijkerk: Callenbach.

Betz, U. 1980. **Christian Witness to Nominal Christians among Protestants**. Lausanne Committee for World Evangelization: Wheaton.

Bornkamm, G. 1975. **Paul**. Hodder and Stoughton: London.

Bosch, DJ. 1979. **Heil vir die Wêreld**. NG Kerkboekhandel: Pretoria.

1991. **Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission.** Orbis Books: New York.

Botha, J & Naudé, P. 1998. **Op pad met Belhar: Goeie Nuus vir Gister, Vandag en Môre.** JL van Schaik: Pretoria.

Brown, RE. 1982. **The Epistles of John.** Geoffrey Chapmann: London.

Bruce, FF. 1953. **The Acts of the Apostles.** Inter Varsity Press: Leicester.

1984. **The Epistles to the Colossians, to Philemon and to the Ephesians.** Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids.

Brueggemann, W. 1997. **Theology of the Old Testament. Testimony, Dispute, Advocacy.** Fortress Press: Minneapolis.

Calvyn, J. 1991. **Institusie van die Christelike Godsdiens:** Calvyn Jubileum Boekefonds: Potchefstroom.

Childs, BS. 1974. **Exodus.** SCM Press: London.

Cloete, GD & Smit, DJ. 1984. **'n Oomblik van Waarheid.** Tafelberg Uitgewers Bpk: Kaapstad.

Descartes, R. 1912. **A Discourse on Method.** JM Dent and Sons Ltd.: London.

De Jong, OJ. 1980. **Geschiedenis der Kerk.** Callenbach: Nijkerk.

De Klerk, JJ. 1971. **Die Onderlinge Vermaning in Pastorale Perspektief.** Proefskrif vir die Graad Doktor in die Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch: Stellenbosch.

Dunn, JDG. 1988. **Romans 9 – 16.** Word Biblical Commentary, Word Books: Waco.

Du Rand, JA. 1983. **Beleef julle Sekerheid – 'n Verkenning van die Briewe van Johannes.** NG Kerkboekhandel: Pretoria.

Duvenhage, B. 1983. **The Light of the Scriptures in the Sciences: Does it make a difference.** Potchefstroom Studies in Christian Scholarship: Potchefstroom.

Einstein, A. 1950. **Out of my later Years.** Thames and Hudson: London.

Fensham, FC. 1984. **Exodus.** Uitgeverij GF Callenbach: Nijkerk.

Fitzmyer, JA. 1993. **Romans.** The Anchor Bible, Doubleday: New York.

Fowler, S. 1991. **A Christian Voice among Students and Scholars.** Potchefstroom University for Higher Education: Potchefstroom.

Gibbs, E & Coffey, I. 2001. **Church Next: Quantum changes in Christian Ministry**. Inter Varsity Press: Leicester.

Goppelt, L. 1982. **Theology of the New Testament, Volume II.** Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids.

Greyling, JE. 1984. **Die Amp van die Gelowige.** Proefskrif vir die Graad Magister Artium aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat: Bloemfontein.

Guthrie, D. 1970. **New Testament Introduction.** Inter-Varsity Press, Downers Grove: Illinois.

1981. **New Testament Theology.** Inter Varsity Press: Leicester.

Goumaz, L. 1964. **Het Ambt bij Calvijn.** T. Wever: Franeker.

Haenchen, E. 1971. **The Acts of the Apostles.** Basil Blackwell Publisher Ltd.: Oxford.

Heron, AIC. 1980. **A Century of Protestant Theology.** Lutterworth Press: Cambridge.

Heyns, JA & Jonker, WD. 1974. **Op Weg met die Teologie.** NG Kerkboekhandel: Pretoria.

Hooykaas, R. 1972. **Religion and the Rise of Modern Science.** Scottish Academic Press: Edinburgh.

Janse van Rensburg, J. 2000. **The Paradigm Shift: An Introduction to Postmodern Thought and its Implications for Theology.** Van Schaik: Pretoria.

Käsemann, E. 1980. **Commentary on Romans.** SCM Press Ltd.: London.

Kuhn, TS. 1996. **The Structure of Scientific Revolutions.** Third Ed., University of Chicago Press: Chicago.

Kleynhans, EPJ. 1984. **Gereformeede Kerkreg 2.** NG Kerkboekhandel: Pretoria.

Kraemer, H. 1938. **The Christian Message in a Non-Christian World.** Kregel Publications: Grand Rapids.

1960. **Het Vergeten Ambt in de Kerk.** Boekencentrum: N.V. 'S-Gravenhage.

Kriel, JR. 1988. **Removing Medicine's Cartesian Mask: The Problem of Humanising medical Education.** Instituut vir Reformatoriese Studies: Potchefstroom.

Kritzinger, JJ. 1979. **'n Missionêre Bediening – op weg na Strukture vir 'n Jong Kerk.** NG Kerkboekhandel: Kaapstad.

Kritzinger, JJ (red). 2002. **No Quick Fixes: Challenges to Mission in a Changing South Africa.** ISWEN: Pretoria.

Kromminga, CG. 1964. **The Communication of the Gospel through Neighbouring: A Study of the Basis and Practise of Lay Witnessing through Neighborly Relationships.** Wever: Franeker.

Ladd, GE. 1974. **A Theology of the New Testament.** Lutterworth Press: London.

Lekkerkerker, AFN. 1971. **Oorsprong en Funktie van het Ambt.** Boekencentrum: N.V. 'S-Gravenhage.

Lewis, JA, Lewis, MD, Daniels, JA & D'Andrea, MJ. 2003. **Community Counseling: Empowerment Strategies for a Diverse Society.** Brooks/Cole: Pasific Grove.

Lincoln, AT. 1990. **Ephesians.** Word Biblical Commentary, Word Books: Waco.

Melkote, SR & Steeves, HL. 2001. **Communication for Development in the Third World: Theory and Practise for Empowerment (2nd ed.).** Sage Publications: New Delhi.

Meyer, JGM. 1991. **Sielkundige Bemagtiging van Laerskoolleerkragte, Leerlinge en hul ouers.** Ongepubliseerde D.Phil-verhandeling, UOVS: Bloemfontein.

Michaels, JR. 1988. **I Peter.** Word Biblical Commentary, Word Books: Waco.

Neill, S. 1964. **A History of Christian Missions.** Penguin Books: Middlesex.

Nichols, A, ed. 1989. **The Whole Gospel for the Whole World: Story of Lausanne II Congress on World Evangelization, Manilla 1989.** LCWE and Regal Books: Charlotte.

O'Brien, PT. 1982. **Colossians, Philemon.** Word Biblical Commentary, Word Books: Waco.

Ons Glo …: 1982. **Die Drie Formuliere van Eenheid en Ekumeniese Belydenisse.** NG Kerk-Uitgewers: Kaapstad.

Page, PN. 1993. **All God's People are Ministers: Equipping Church Members for Ministry.** Augsburg: Minneapolis.

Pienaar, RJ. 1990. **Die Missionêre Perspektief in die *oikodome* begrip by Paulus.** Skripsie vir die Graad Magister Theologiae aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat: Bloemfontein.

Pieterse, HJ. 2001. **Prediking in die Konteks van Armoede.** Universiteit van Suid Afrika: Pretoria.

Ridderbos, HR. 1975. **Paul. An Outline of His Theology.** Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids: Michigan.

Roberts, JH. 1963. **Die Opbou van die Kerk volgens die Efese-Brief.** VRB: Groningen.

Rossouw, PJ. 1988. **Gereformeerde Ampsbediening.** NG Kerkboekhandel: Pretoria.

1984. **Praerogativa Singularis Amp in die Kontemporêre Gereformeerde Pastoraat.** Proefskrif vir die Graad Doctor Theologiae aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat: Bloemfontein.

Selwyn, EG. 1981. **The First Epistle of St. Peter.** Baker Bookhouse: Grand Rapids.

Schelkle, KH. 1976. **Die Petrusbriefe Der Judasbrief.** Herder: Freiburg.

Schlier, H. 1977. **Der Römerbrief.** Herder: Freiburg.

Schweizer, E. 1979. **Church Order in the New Testament.** SCM Press Ltd: London.

1984. **The Good News according to Matthew.** SPCK: London.

Smalley, SS. 1984. **1, 2, 3 John.** Word Biblical Commentary, Word Books: Waco.

Suid Afrika 2004. **Broad-Based Black Economic Epowerment Act 53 of 2003.** Juta & Co: Pretoria.

Van der Linde. 1962. **Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel.** Proefskrif vir die graad Theologiae Doctor, PU vir CHO: Potchefstroom.

Van Engen, C. 1991. **God's Missionary People: Rethinking the Purpose of the Local Church.** Baker Bookhouse, Grand Rapids.

1996. **Mission on the Way: Issues in Mission Theology.** Baker Bookhouse, Grand Rapids.

Van Huyssteen, JW. 1998. **Duet or Dual: Theology and Science in a Postmodern World.** Trinity Press International: Harrisburg.

Van Ruler, AA. 1952. **Bijzonder en Algemeen Ambt.** G.F. Callenbach N.V.: Nijkerk.

Zimmerli, W. 1978. **Old Testament Theology in Outline.** T & T Clark Ltd: Edinburgh.

Ned Geref Kerk **Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2004.** Lux Verbi.BM, Wellington: 2005.


**Bydraes in 'n Boek:**


Barnard, AC. 1988. Amp en Erediens. *In:* Rossouw, PJ: **Gereformeerde Ampsbediening.** NG Kerkboekhandel: Pretoria, pp 257 – 271.

Botha, ME. 1987. Grondslae-Ondersoek: Die Blootlegging van die onderliggende Filosofiese Sisteem van Wetenskaplike Teorieë. *In:* **Paradigmas in die Wetenskappe.** Potchefstroomse Studies in Christelike Wetenskap: Potchefstroom, pp 6 – 20.

Brown, E. 1988. Amp en Belydenis. *In:* Rossouw, PJ: **Gereformeerde Ampsbediening.** NG Kerkboekhandel: Pretoria, pp 153 – 165

De Klerk, JJ. 1988. Inleiding. *In:* Rossouw, PJ: **Gereformeerde Ampsbediening.** NG Kerkboekhandel: Pretoria, pp 1 – 6.

Durand, JJF. 1984. ’n Belydenis – was dit werklik nodig? *In* Cloete, GD & Smit, DJ: **’n Oomblik van Waarheid.** Tafelberg Uitgewers Bpk: Kaapstad, pp 39 – 48.

Kleynhans, EPJ. 1988. Die Kerkregtelike Posisie van die Amp. *In:* Rossouw, PJ: **Gereformeerde Ampsbediening.** NG Kerkboekhandel: Pretoria, pp 166 – 176.

Robinson, PJ. 1984. Die Belhar Belydenis van 1982 in Sendingperspektief. *In* Cloete, GD & Smit, DJ: **’n Oomblik van Waarheid.** Tafelberg Uitgewers Bpk: Kaapstad, pp 49 – 59.

Rossouw, PJ. 1988. Aspekte van die Ampsbeskouing van Calvyn. *In:* Rossouw, PJ: **Gereformeerde Ampsbediening.** NG Kerkboekhandel: Pretoria, pp 128 – 149.

Smit, DJ. 1984. Wat beteken *status confessionis*? *In* Cloete, GD & Smit, DJ: **’n Oomblik van Waarheid.** Tafelberg Uitgewers Bpk: Kaapstad, pp 14 – 38.

Smit, JH. 1988. Kerk, Sending en Amp – ’n Organiese Eenheid. *In:* Rossouw, PJ: **Gereformeerde Ampsbediening.** NG Kerkboekhandel: Pretoria, pp 196 – 204.

Trimp, C. 1988. Ambt als Dienst? *In:* Rossouw, PJ: **Gereformeerde Ampsbediening.** NG Kerkboekhandel: Pretoria, pp 233 – 241.

Van der Walt, JJ. 1988. Amp en Eskatologie. *In:* Rossouw, PJ: **Gereformeerde Ampsbediening.** NG Kerkboekhandel: Pretoria, pp 217 – 229.

Versteeg, JP. 1988. Het Karakter van het Ambt volgens Efeziërs 4:7 – 16. *In:* Rossouw, PJ: **Gereformeerde Ampsbediening.** NG Kerkboekhandel: Pretoria, pp 49 – 74.


**Artikels:**


De Pater, WA. 1996. Het postmoderne nog eens uitgelegd, **Nederlands Theologisch Tijdschrift**, 50e Jaargang, 3e Aflewering, pp 177 – 202, Julie.

De Villiers, E. 1995. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die nuwe situasie in die samelewing, **Ned Geref Teologiese Tydskrif**, Deel XXXVI, No 4, pp 558 – 569, Desember.

Du Toit, AB. 1986. Kerk en Teologie: Twee wederkerig afhanklike groothede, **Ned Geref Teologiese Tydskrif**, Deel XXVII, No 4, pp 391 – 401, September.

Hendriks, J. 1997. Kerklike "megatrends": bedieningsimplikasies, **Ned Geref Teologiese Tydskrif**, Deel XXXVIII, No 1 & 2, pp 27 – 38, Maart en Junie.

1998. Makrogemeente-tendense – 1997, **Ned Geref Teologiese Tydskrif**, Deel XXXIX, No 1 & 2, pp 131 – 141, Maart en Junie.

Heyns, JA. 1989. Die sendinggerigtheid van die kerk, **Ned Geref Teologiese Tydskrif**, Deel XXX, no 4, pp 441 – 447, September.

Hoekema, AA. 1972. The Missionary Focus of the Canons of Dort, **Calvin Theological Journal**, Vol 7, pp 209 - 220 , April 1972 – November.

Klooster, FH. 1972. Missions – The Heidelberg Catechism and Calvin, **Calvin Theological Journal**, Vol 7, pp 181 - 208, April 1972 – November.

Kromminga, JH. 1972. The Shape of a New Confession, **Calvin Theological Journal**, Vol 7, pp 146 - 157, April 1972 – November.

Lincoln, ND, Travers, C, Ackers, P & Wilkinson, A. 2002. The Meaning of Empowerment: The Interdisciplinary Etimology of a New Management Concept, **International Journal of Management Reviews**, Vol 4, pp 271 – 290.

Mandefrot, K. 2003. Epowerment in the 'New Workplace': A Qualitative Study of Meaning and Experience, **Canadian Association for the Study of Adult Education – Online Proceedings 2003.**

Mazibuko, NE & Boshoff, C. 2003. Employee perceptions of share ownership schemes: An empirical study, **South African Journal of Business Management**, 34 (2), pp 31- 44.

McGavran, D. 1972. A Missionary Confession of Faith, **Calvin Theological Journal**, Vol 7, pp 133 - 145, April 1972 – November.

Recker, R. 1972. An analysis of the Belgic Confession as to its Mission Focus, **Calvin Theological Journal**, Vol 7, pp 158 - 180, April 1972 – November.

Reyneke, RP. 2004. Deelnemende aksienavorsing as metode van gemeenskapsbemagtiging, **Acta Academica**, Supplementum 1, pp 113 – 143.

Robbins, TL, Crino, MD, & Fredendall, LD. 2002. An Integrative Model of the Empowerment Process, **Human Resource Management Review**, Vol 12, Issue 3, pp 419 – 443, Autumn.

Smit, JH. 1989. Die Lausanne II Kongress oor Wêreldevangelisering in Manila, 11 – 20 Julie 1989, **Acta Theologica**, Jaargang 9, Vol 2, Desember.

1989. Rassionalisasie en raffinering rondom die sending en sendinwetenskap, **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Deel XXX, no 4, pp 550 – 557, September.

Van der Merwe, G. 1989. Die bydrae van prof J A (Lex) van Wyk op sending- en godsdienswetenskaplike gebied, **Ned Geref Teologiese Tydskrif**, Deel XXX, no 4, pp 456 – 467, September.

Van der Merwe, W. 1989. Die hedendaagse Westerse kultuur, **Ned Geref Teologiese Tydskrif**, Deel XXX, no 3, pp 324 – 332, Julie.

Wilson, HS. 2003. Globalization for Global Community: A Challenge for Ministerial Formation, **Currents in Theology and Mission**, Vol 30, nr 3, 173 – 179, Junie.

Wolfensberger, W. 2002. Social Role Valorization and, or Versus, “Empowerment”, **Mental Retardation**, vol 40, nr 3, pp 252 – 258, Junie.

Yang, G-S. 2005. Globalization and Christian Responses, **Theology Today**, Vol 62, pp 38 – 48.